# ’n Analise van die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in graad 12-Geskiedenishandboeke

deur

**Ivan Meyer**

Ingedien ter nakoming van die vereiste vir die graad

Magister Educationis in Geskiedenisopvoedkunde

aan die

Universiteit van Pretoria

Studieleiers: Professor Johan Wassermann en

Doktor Linette van der Merwe

Desember 2023



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ETIESE KLARING

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Make today matter
www.up.ac.za

**FACULTY OF EDUCATION**
Ethics Committee

**RESEARCH ETHICS COMMITTEE**

| | |
|---|---|
| **CLEARANCE CERTIFICATE** | CLEARANCE NUMBER: **EDU132/21** |
| **DEGREE AND PROJECT** | MEd<br>'n Analise van die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in Graad 12 geskiedenishandboeke |
| **INVESTIGATOR** | Mr Ivan Meyer |
| **DEPARTMENT** | Humanities Education |
| **APPROVAL TO COMMENCE STUDY** | 22 October 2021 |
| **DATE OF CLEARANCE CERTIFICATE** | 11 September 2023 |

**CHAIRPERSON OF ETHICS COMMITTEE:** Prof Funke Omidire

**CC** Mr Simon Jiane
Prof Johan Wassermann
Dr. L. van der Merwe

This Ethics Clearance Certificate should be read in conjunction with the Integrated Declaration Form (D08) which specifies details regarding:

- Compliance with approved research protocol,
- No significant changes,
- Informed consent/assent,
- Adverse experience or undue risk,
- Registered title, and
- Data storage requirements.

Fakuiteit Opvoedkunde
Lefapha la Thuto



© University of Pretoria

# VERKLARING

Ek, Ivan Meyer, 15170625, verklaar dat hierdie MEd-verhandeling, **’n Analise van die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in graad 12-Geskiedenishandboeke** my eie, oorspronklike werk is en nog nie voorheen, gedeeltelik of in die geheel, voorgelê is vir die toekenning van enige graad nie. Elke betekenisvolle bydrae tot en aanhaling in die verhandeling, uit die werk of werke van ander persone, word erken met die nodige bronverwysings soos vereis deur die Universiteit van Pretoria.

# DECLARATION

I, Ivan Meyer, 15170625, state that this MEd dissertation, **’n Analise van die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in graad 12-Geskiedenishandboeke** is my own original work and has never been submitted for any other qualification. Where other people's work has been used (either from a printed source, internet, or any other source), this has been properly acknowledged and referenced in accordance with the requirements of the University of Pretoria.



© University of Pretoria

# STUDIELEIERVERKLARING

As die kandidaat se studieleier, stem ek in tot die indiening van hierdie proefskrif.



Geteken: Prof. JM Wassermann (studieleier)



© University of Pretoria

# ERKENNINGS

Die erekode van Hoërskool Florida was ’n verklaring gewees waarin ek eerstens en boweal, verklaar het dat ek God sal eer wat my talente aan my toevertrou het. Daarom begin ek hierdie verklaring deur God te eer wat my geseën het met die talente om hierdie uitdagende verhandeling te skryf en wat my die geleenthede gegun het om tot hier te kom.

Ek bedank graag almal wat ’n deel gehad het in my opvoeding, vanaf my laerskoolonderwysers tot my bekwame en geduldige studieleiers, prof. Wassermann en dr. Van der Merwe. Prof. Wassermann, baie dankie vir al prof. se hulp, ondersteuning en vriendelikheid wat prof. vir my getoon het vanaf die eerste keer wat ek in prof. se lesings was. En aan dr. Van der Merwe wat my in JLZ voorgestel het aan akademiese woordeskat en Afrikaanse fonetiek geleer het in my eerstejaar. Baie dankie vir al die taalnasorg en voorstelle wat u gemaak het, sowel as u vriendelikheid gedurende een van die moeilikste fases van my lewe.

Aan my gesin wat my altyd ondersteun het in alles wat ek gedoen het, en vir my ouers, wil ek dankie sê vir al die opofferings wat hulle vir en my broer gemaak het oor die jare. Dit was nie altyd maklik nie, maar hulle het seker gemaak dat ons alles het wat ons in die lewe sou nodig hê. Dankie dat julle my geleer het om selfstandig te wees en hard te werk aan alles waarmee ek besig is sodat ek kan trots wees op dit waaraan my naam gekoppel word.

Laastens wil ek die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bedank vir die ruim studiebeurs wat aan my toegeken is en wat die befondsing van hierdie verhandeling moontlik gemaak het.



© University of Pretoria

# ABSTRAK

Die Slag van Cuito Cuanavale tussen 1987 en 1989 was die grootste konvensionele veldslag in Afrika sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Die veldslag is egter kontroversieel weens die historiese agtergrond van die Koue Oorlog en die Angolese Burgeroorlog waarin dit afgespeel het. Die breër historiese konteks waarin die Slag van Cuito Cuanavale plaasgevind het, is vandag nog ’n kontroversiële tydperk wat sorg vir komplekse diskoerse binne ons samelewing wat oorgedra word na die klaskamer se programmatiese kurrikulum in die vorm van handboeke. Die doel van hierdie studie is om ’n analise aan te bied van die perspektiewe wat bestaan rondom die Slag van Cuito Cuanavale wat in ons nasionale voorgeskrewe Geskiedenishandboeke vir graad 12 voorkom. Die konseptuele raamwerk vorm die basis van die studie en word geformuleer deur ’n driebeenbenadering: eerstens, die idee van kontroversiële onderwerpe, tweedens, die konsep van herkontekstualisering van kennis wat oorgedra word van die akademie tot die handboek en derdens, die stiltes wat teenwoordig is ná die proses van herkontekstualisering plaasgevind het. Die breër metodologiese benadering wat gebruik is om die data te analiseer, is kritiese diskoersanalise. Kritiese diskoersanalise is ’n kwalitatiewe navorsingsmetode wat die doel het om geskrewe, gesproke en visuele kommunikasie te ondersoek binne die konteks waarin die uittering plaas(ge)vind het. Die studie maak staat op bestaande tekste in die vorm van nasionale voorgeskrewe en goedgekeurde Geskiedenishandboeke wat in Afrikaans uitgegee is. Die basis waarop die data geselekteer is, is gedoen deur die lys van goedgekeurde en voorgeskrewe handboeke na te slaan en die Afrikaanse Geskiedenishandboeke vir graad 12 te kies. Die bevindings van die studie wys dat daar bepaalde diskoerse gevoer word op die voorgrond en agtergrond van elke handboek, wat aanleiding gee tot die stiltes wat in die betrokke handboeke heers. Die fokus van die diskoerse wissel tussen een van dekolonialisasie of die Koue Oorlog in die konteks van die Angolese Burgeroorlog. Die studie gaan ’n bydra maak tot die breë verstaan van Geskiedenishandboeke in die Suid-Afrikaanse konteks en hoe dit groot of ikoniese veldslae hanteer. Daar word ook ’n bydra gemaak tot die beperkte kennis wat bestaan rondom die Grensoorlog-tydperk en die kontroversiële Slag van Cuito Cuanavale.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# TAALVERSORGERVERKLARING

1 Desember 2023

Vir wie dit mag aangaan

Hiermee bevestig ek dat ek Ivan Meyer se MEd-verhandeling, **’n Analise van die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in graad 12-Geskiedenishandboeke**, geredigeer het.



Chrisna Nel

Tel: 083 460 6017

E-pos: chrisna7@gmail.com



© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE

1.1 Inleiding 1

1.2 Agtergrond en konteks 5

1.3 Rasionaal en motivering 20

1.4 Fokus en doel 24

1.5 Navorsingsvrae 25

1.6 Konsepverklaring 25

1.6.1 Die Grensoorlog 25

1.6.2 Veldslag 26

1.6.3 Perspektiewe 28

1.6.4 Handboek 28

1.7 Oorsig van teoretiese raamwerk 29

1.8 Oorsig van die navorsingsontwerp en metodologie 30

1.9 Oorsig van studie 31

1.10 Slot 32

HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE-OORSIG

2.1 Inleiding 33

2.2 Historiografiese narratiewe in Suid-Afrikaanse geskiedenis 35

2.3 Die Grensoorlog as konflik binne die Koue Oorlog? 41

2.4 Bestaande literatuur rondom die Slag van Cuito Cuanavale 43

2.5 Die gebruik en doel van handboeke 46

2.5.1 Die handboek as ’n genre 48

2.6 ‘The last stand’ – Ikoniese veldslae en konflik in Geskiedenishandboeke 50



© University of Pretoria

2.6.1 Die voorstelling van oorlog en konflik in Geskiedenishandboeke 53

2.6.2 Tydsverloop en belangrikheid as faktor in die onthou en oordra van konflik 57

2.7 Konseptuele raamwerk vir die studie 59

2.8 Slot 64

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

3.1 Inleiding 66

3.2 Navorsingsbenadering 66

3.2.1 Navorsingsparadigma 68

3.2.2 Kennis en realiteit: Ontologiese en epistemologiese aannames 71

3.3 Navorsingsmetodologie 72

3.3.1 Metodologie 73

3.3.1.1 Diskoersanalise 74

3.3.1.2 Kritiese diskoersanalise 77

3.4 Datastel 84

3.5 Geloofwaardigheid 85

3.6 Etiese kwessies 87

3.7 Slot 88

HOOFSTUK 4: KRITIESE ANALISE

4.1 Inleiding 89

4.1 Analise van die Blou Boek 90

4.1.1 Historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond geplaas 90

4.1.1.1 Portugal en Antonio Salazar (bl. 127) 90

4.1.1.2 Nasionalistiese bewegings in Angola 93

4.1.1.2.1 Die MPLA (BL. 128) 93

4.1.1.2.2 FNLA (bl. 128) 97



© University of Pretoria

4.1.1.2.3 UNITA (bl. 128) 100

4.1.1.3 Die invloed van buitelandse moondhede 104

4.1.1.3.1 Kuba (bl. 137) en die USSR (bl. 135) 104

4.1.1.3.2 Die VSA (bl. 135) 106

4.1.1.3.3 Republiek van Suid-Afrika (bl. 137) 108

4.1.1.4 Gebeure rondom die Slag van Cuito Cuanavale op die voorgrond (bl. 141) 109

4.1.1.5 Samevatting van die historiese rolspelers, figure en gebeure op die voorgrond 112

4.1.2 Die perspektiewe op die agtergrond in die Blou Boek 115

4.1.2.1 UNITA 116

4.1.2.2 Die Republiek van Suid-Afrika 117

4.1.2.3 Samevatting van die perspektiewe op die agtergrond geplaas in die Blou Boek 117

4.1.3 Stiltes in die Blou Boek-narratief 119

4.1.3.1 Samevatting van stiltes in die Blou Boek-narratief 121

4.1.4 Samevattende argument 122

4.2 Analise van die Wit Boek 123

4.2.1 Historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond geplaas 123

4.2.1.1 Nasionalistiese bewegings in Angola 124

4.2.1.1.1 Jonas Savimbi en Agostinho Neto (bl. 124) 124

4.2.1.2 Invloed van buitelandse moondhede 127

4.2.1.3 Breër perspektiewe op die voorgrond 136

4.2.1.4 Die Slag van Cuito Cuanavale op die voorgrond (bl. 129) 138

4.2.1.5 Samevatting van historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond 140

4.2.2 Die agtergrond in die Wit Boek-narratief 141



© University of Pretoria

4.2.2.1 Die einde van kolonialisme in Angola 142
4.2.2.2 Nasionalistiese bewegings binne Angola 143
4.2.2.3 Samevatting van die agtergrond in die Wit Boek-narratief 144
4.2.3 Stiltes in die Wit Boek 146
4.2.3.1 Samevatting van die stiltes in die Wit Boek-narratief 150
4.2.4 Samevattende slot oor die Wit Boek 151
4.3 Analise van die Grys Boek 152
4.3.1 Historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond 152
4.3.1.1 Uitbreiding van die Koue Oorlog 153
4.3.1.2 Invloed van buitelandse moondhede 154
4.3.1.3 Nasionalistiese bewegings van Angola 164
4.3.1.3.1 Die MPLA (bl. 105) en UNITA (bl. 105) 164
4.3.1.4 Die Slag van Cuito Cuanavale op die voorgrond (bl. 112) 167
4.3.2 Samevatting van die historiese rolspelers en figure op die voorgrond 172
4.3.3 Die agtergrond in die Grys Boek-narratief 175
4.3.4 Stiltes 177
4.3.5 Samevattende slot oor die Grys Boek 180
4.4 Slot 181
HOOFSTUK 5: BESPREKING EN SLOT
5.1 Inleiding 182
5.2 Oorsig van die studie 182
5.3 Perspektiewe tot diskoerse: Bespreking van die analise van die perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale 186
5.3.1 Diskoerse op die voorgrond 186
5.3.1.1 Diskoerse sterk op die voorgrond 187



© University of Pretoria

5.3.1.2 Diskoerse swak op die voorgrond 192
5.3.2 Diskoerse op die agtergrond 194
5.3.3 Geïdentifiseerde stiltes 197
5.3.4 Kontroversie en multiperspektiwiteit 201
5.4 Bevindings van analise 203
5.4 Persoonlike en professionele refleksie 204
5.7 Slot 206
BRONNELYS 208



© University of Pretoria

# LYS VAN FIGURE


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 2.1 | Anti-diensplig-plakkaat | 42 |
| Figuur 2.2 | Konseptuele raamwerk | 60 |
| Figuur 2.3 | Proses van herkontekstualisering | 61 |
| Figuur 4.1 | Uitbeelding van Portugese en FNLA-soldate (Blou Boek bl. 130) | 99 |
| Figuur 4.2 | Uitbeelding van UNITA-kindersoldate (Blou Boek bl. 139) | 103 |
| Figuur 4.3 | Leiers van die bevrydingsbewegings in Angola (Wit Boek bl. 124) | 125 |
| Figuur 4.4 | Uitbeelding van Agostinho Neto en Fidel Castro (Wit Boek bl. 127) | 125 |
| Figuur 4.5 | Uitbeelding van Kubaanse soldate in Angola (Wit Boek bl. 125) | 135 |


## LYS VAN KAARTE


| | | |
|---|---|---|
| Kaart 1.1 | Kaart van Angola | 14 |


## LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 1.1 | Oorsig van Navorsingsmetodologie en ontwerp | 30 |
| Tabel 3.1 | ’n Proses vir die analise van graad 12-Geskiedenishandboeke | 82 |
| Tabel 3.2 | Gekose graad 12-Geskiedenishandboeke | 85 |
| Tabel 4.1 | Uiteensetting van bevrydingsbewegings in Angola (Wit Boek bl. 124) | 143 |


## LYS VAN ADDENDUMS


| | | |
|---|---|---|
| Addendum A | Turnitin-verslag | 224 |
| Addendum B | Lys van visuele bronne | 225 |




© University of Pretoria

## LYS VAN AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| ANC | – | African National Congress |
| FAPLA | – | Forças Armadas Populares de Libertação (Gewapende vleuel van die MPLA) |
| FNLA | – | Front for the Liberation of Angola |
| KABV | – | Kurrikulum en assesseringsbeleidsverklaring |
| MK | – | Umkhonto we Sizwe |
| MPLA | – | Popular Movement for the Liberation of Angola |
| NP | – | Nasionale Party |
| PAC | – | Pan African Congress |
| SAKP | – | Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party |
| SALM | – | Suid-Afrikaanse Lugmag |
| SAW | – | Suid-Afrikaanse Weermag |
| SWA | – | Suidwes-Afrika |
| SWAPO | – | South West Africa People’s Organisation |
| UDF | – | United Democratic Front |
| UNITA | – | National Union for Total Independence for Angola |
| USSR | – | Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke – word ook na verwys as Rusland of slegs Sowjetunie |
| VN | – | Verenigde Nasies |
| VSA | – | Verenigde State van Amerika – word ook na verwys as Amerika of slegs Verenigde State |
| CIA | – | Central Intelligence Agency |
| SANW | – | Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag |



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING TOT DIE STUDIE

## 1.1 Inleiding

Hierdie studie trek 'n baie fyn lyn tussen 'n historiese en 'n opvoedkundige studie. Dié studie is gebore vanuit 'n historiese perspektief wat sterk verbind word tot die opvoedkunde en wil veral ondersoek instel na die historiese perspektiewe wat in Geskiedenishandboeke verskyn. Daarom is die fokus in Hoofstuk 1 om die leser 'n holistiese oorsig te bied van die agtergrond en konteks tot die historiese tyd en politieke agtergrond waarin die studie gesentraliseer is.

Tussen 1986 en 1989 het die Afrika-kontinent die grootste konvensionele oorlog sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog (Labuschagne, 2009) ervaar. Cuito Cuanavale is 'n klein dorpie in die Angolese binneland en word beskou as een van die hoogtepunte van die Suid-Afrikaanse Grensoorlog (Scholtz, 2020). Die Grensoorlog of die 'operasionele area', soos daar op daardie stadium na verwys is (Baines, 2014), was nie 'n aanhoudende oorlog wat konstant gewoed het tussen 1975 en 1989 nie. Die Grensoorlog was eerder 'n los term wat in Suid-Afrika gebruik is om verskeie oorgrensoperasies te klassifiseer. Die invloed van die gebeure wat tussen 1986 en 1989 daar plaasgevind het, het verreikende gevolge vir die Afrikaner en ander wit Suid-Afrikaners, vir die swart bevolking van Suid-Afrika, asook die inwoners van Angola en Namibië (voorheen SWA) gehad. Die gevolge van die uiteindelike politieke onderhandeling vir vrede in Angola het indirek 'n rol gespeel om die onderhandelingsproses tussen die apartheid[1] Suid-Afrikaanse regering, die Kubaanse regering, die Movimento Popular de Libertação de Angola (MPLA) en South West Africa People's Organisation (SWAPO) te inisieer. Dit sou uiteindelik die African National Congress (ANC) in 'n beter posisie plaas in Suid-Afrika, wat die begin van die einde van apartheid meegebring het (Velthuizen, 2009). Agter die skerms, en op die oorlogsveld, was die Kubaanse invloed duidelik sigbaar. Die invloed wat die Kubane op Afrika gehad het as 'n anti-imperialistiese en kapitalistiese bevrydingsmag was vir die Westerse

[1] Apartheid was 'n stelsel wat deur die wit minderheidsregering van Suid-Afrika gebruik Is om die bevolking van Suid-Afrika te skei gebaseer op ras en herkoms van elke persoon (Giliomee, 2012).



© University of Pretoria

moondhede én die Suid-Afrikaanse regering ’n bedreiging (Scholtz, 2020). Alhoewel baie twis bestaan oor die werklike impak en doel van Kubaanse betrokkenheid in Angola, asook elders in Afrika, was die Kubane ’n beduidende bedreiging vir Suid-Afrika se apartheidsregering en speel ook ’n rol in die diskoers van postapartheid Suid-Afrika. Hierdie onderwerp rondom die Kubaanse invloed, apartheidsera-oorloë en die bevrydingsbeweging binne en buite Suid-Afrika gedurende die vorige eeu is, en sal vir nog ’n geruime tyd, kontroversieel wees omdat verskillende perspektiewe bestaan.

29 jaar na die einde van apartheid en nadat die ANC aan bewind gekom het van ’n nuwe demokratiese bestel in 1994, is die invloed van die Koue Oorlog,[2] waarvan die oorloë (Angolese Burgeroorlog en Suid-Afrikaanse en Kubaanse betrokkenheid) in Angola deel was, en Koue Oorlog-politiek steeds deel van ons nasionale diskoers en die belastingbetaler se realiteit. Die oorblyfsels van die Koue Oorlog-era (Strauss, 2022) is vandag weereens in die nasionale gesprek weens voortdurende oorlog in die Oekraïne wat in Februarie 2022 uitgebreek het (dit wil voorkom of die USSR haar gebied wil uitbrei na die Ooste van die Oekraïne), omstrede Kubaanse spesialiste, kundigheid en bewerings van grootskaalse korrupsie binne ons regering en militêre instellings (Prince, 2022). Deel van hierdie Koue Oorlog-gevolge is dat die deursnee wit Suid-Afrikaner in die 1980’s gewonder het wat die Kubane in Angola doen, en vandag wonder die algemene Suid-Afrikaner nog steeds wat die rol van die Kubane, en toenemend die Russe ook, in ons landsake is. In Suid-Afrika word die regering van Kuba gereeld geloof vir hul dade en aksies in die verlede, sowel as die manier waarop hulle vandag hul land regeer (Prince, 2022). Dit is uit die perspektief van hierdie spesiale verhouding wat ek ’n kontemporêre konteks vir die studie gaan skep.

Die amptelike opposisie in die Suid-Afrikaanse nasionale vergadering, die Demokratiese Alliansie (DA), het oor die laaste paar jaar skriftelike vrae aan verskillende regeringsministers gerig om vas te stel hoeveel Kubaanse ‘spesialiste’ in

[2] Die Koue Oorlog se oorsprong ontstaan vanuit twee belangrike gebeure in die twintigste eeu. Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het veroorsaak dat Europa en ander dele van die wêreld verwoes is as gevolg van die oorlog. Europese ekonomieë was verwoes en die ideologiese stryd tussen kapitalisme en kommunisme het gevorm. Die stryd tussen die Ooste en die Weste vir invloed oor die Derde Wêreld, of te wel die ontwikkelende wêreld, het gelei tot konflik onder die burgers van die betrokke lande wat of kapitalisme of kommunisme gesteun het (Leffler & Westad, 2010).



© University of Pretoria

hul onderskeie departemente werk en hoeveel daardie ‘spesialiste’ die belastingbetaler kos (Mazzone, 2021). Dit is duidelik uit hierdie vrae, en die reaksie daarop, dat die regering tot vandag toe R1,4 miljard aan die dienste van Kubaanse spesialiste bestee het in die departemente van Basiese Onderwys, Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie, Openbare Werke, Gesondheid en Verdediging. Die *Rapport* berig egter dat hierdie bedrag eintlik R1,6 miljard beloop (Lange, 2021). Die grootste deel van hierdie bedrag is glo bestee aan motorwerktuigkundiges vir die Departement van Verdediging (Walt, 2021). Hierdie departement se ooreenkomste met die Kubane hou moontlik verband met die verbintenis wat die Kubane het met die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale. Daar kan ook in onlangse nuusgebeure gesien word hoe die beleide van Fidel Castro, die voormalige leier van Kuba en voorsitter van die Kubaanse Kommunistiese Party, en sy opvolgers direk in die strate van Kuba bevraagteken word (Trotta, 2021). Die uitvloeisel van die Koue Oorlog en die politiek van die tyd is duidelik in ons verlede en ons huidige omstandighede.

Hierdie onlangse gebeure laat my die motief en doel van die Kubane in Suid-Afrika bevraagteken en daardie agterdog ontstaan vanuit die perspektief oor die Grensoorlog-gebeure van die 1980’s. Sonder om aantygings te maak, is dit asof hierdie geld wat bestee word, gesien word as ‘oorlogskuld’ aan die Kubaanse regering vir bystand wat gebied is aan die ANC gedurende die vryheidstryd. Die invloed wat Kuba oor Suid-Afrika uitoefen, is nog nie ten volle duidelik nie, maar die algemene indruk wat geskep word, is dat die Kubane hier is om te help omdat, vermoedelik, ons nie onsself kan help nie (Maqhina, 2021). Verder ontstaan die vrae of ander lande wat Kuba bygestaan het in hul eie bevrydingstryde ook Kubaanse ‘skuld’ het? Die spesiale verhouding tussen die Suid-Afrikaanse/ANC-regering en die kommunistiese Kubaanse regering is nie uniek nie, maar dit wil voorkom asof die rol van Kuba in Suid-Afrika nie ten volle begryp word deur die burgers van Suid-Afrika nie, en dat die aksies van opposisiepartye en die burgerlikesamelewing-bewegings hierdie rol en invloed van Kuba al meer begin bevraagteken.



© University of Pretoria

Meer onlangs het daar weer van die wêreld se Koue Oorlog-nalatenskap na vore gekom in die internasionale diskoers met die Russiese aanval van die Oekraïne en die Suid-Afrikaanse regering se reaksie daarop (van der Westhuizen, 2023). Te midde van internasionale boikotte en teenstand van die Russiese president, Wladimir Poetin, en sy regering is die amptelike posisie van Suid-Afrika om vredevolle oplossing vir die krisis te vind, maar sonder kritiek of internasionale solidariteit met die mense en regering van ’n onafhanklike en soewereine Oekraïne. Die konflik in die Oekraïne het ou wonde van die Koue Oorlog en die politiek van die Koue Oorlog heropen. Nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die Weste (Chisholm & Fig, 2022).

Die studie as ’n meestersgraad in Geskiedenisonderrig gaan ook poog om ’n beeld te skets van ons kontemporêre samelewing en ons onlangse historiese agtergrond soos dit verband hou met die Grensoorlog binne die konteks van die Koue Oorlog en meer spesifiek die Slag van Cuito Cuanavale. Die verhaal van die Slag van Cuito Cuanavale is een wat verdeel, maar dit is ook ’n gebeurtenis waaraan vele van ons gemeenskappe deelgeneem het. Gesprekke rondom die gebeurtenis het die potensiaal om genesing en versoening te bring tussen al die rolspelers, mits almal eerlik en regverdig is teenoor mekaar. Ons verlede is ’n verdeelde een waar weinig middelgrond gevind kan word wanneer daaroor gepraat word. In hierdie hoofstuk word die konteks rondom die Slag van Cuito Cuanavale geskets, asook die breër Suid-Afrikaanse konteks waarbinne die gebeure afgespeel het. Verder word besin oor die doel en fokus van hierdie studie, wat aansluit by hoekom ek die studie aangepak het en presies wat ek gaan ondersoek. In Hoofstuk 2 word ’n oorsig gegee van die bestaande literatuur (handboeke) rondom oorlognarratiewe, die rol en posisie van die handboek en hoe die handboek groot veldslae soos Cuito Cuanavale hanteer. In die daaropvolgende hoofstukke word gefokus op die teoretiese raamwerk, die filosofiese benadering tot die studie soos die benadering, paradigma en kwessies rondom ontologie en epistemologie, sowel as die metodologie wat die studie gaan gebruik om die analise te doen. Die studie sal dan afsluit met ’n deeglike analise en bespreking oor die handboekinhoud.

Die Slag van Cuito Cuanavale vorm ’n onderafdeling in die kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir graad 12-Geskiedenis onder die oorhoofse



© University of Pretoria

onderwerp van “Onafhanklike Afrika”. Die tema van “Onafhanklike Afrika” beskryf die bevrydingsbewegings van onderskeidelik drie Afrika-lande waarvan Angola as ’n gevallestudie bestudeer word. Die onderafdeling wat handel oor Angola skets breedvoerig die Angolese Burgeroorlog en die betrokkenheid van die SAW en dit dien as ’n vertrekpunt om die nalatenskap van die Grensoorlog in die moderne Suid-Afrikaanse konteks te bestudeer. Hierdie Geskiedenisonderrigstudie kyk na die programmatiese kurrikulum (oftewel handboeke) soos wat dit in die KABV uiteengesit is, sowel as een van die invloedrykste dokumente wat ons kennis en perspektief van die verlede in vandag se konteks beïnvloed, die graad 12-Geskiedenishandboek.

### 1.2 Agtergrond en konteks

Die Slag van Cuito Cuanavale het afgespeel teen ’n breër politiese en kulturele agtergrond in Suid-Afrika, asook in die res van die wêreld, in die 1970’s en 1980’s. Dit is belangrik om die gebeure van die Grensoorlog en veral Cuito Cuanavale in die konteks van die laat twintigste eeu se politiek te plaas. Na die Tweede Wêreldoorlog het groot veranderings plaasgevind in die magsbelans in die wêreld, en nuwe nasionalistiese bewegings is in die ou moondhede soos Brittanje en Frankryk se kolonies in die lewe geroep. Die Koue Oorlog het gesorg vir internasionale spanning tussen tradisionele Westerse tradisies in Wes-Europa en Noord-Amerika, en kapitalisme teenoor die nuwe kommunistiese en sosialistiese bewegings wat baie gewild in die USSR, Oos-Europa, Sjina, dele van Afrika en ander lande in Suidoos-Asië geword het. Hierdie konflik tussen ideologieë het gelei tot spanning tussen die twee supermoondhede, die Verenigde State van Amerika (VSA/Amerika) en die Sowjetunie (USSR/Rusland), wat probeer het om invloed en mag in die sogenaamde Derde Wêreld, of soos daar vandag na verwys word, die globale-Suide[3] te wen. Hierdie invloed wat beide die moondhede nagestreef het, het gelei tot ’n reeks ‘warm’ gevolmagtigde oorloë wat namens die VSA en die USSR (Weste en Oosblok) geveg is. Afrika het veral daardie invloed ervaar as gevolg

[3] Die globale-Suide word gesien as die lande wat voorheen bekend gestaan het as die Derde Wêreld wat nog nie volgens Westerse standaarde ontwikkel het nie (Dados & Connell, 2012). Dit word ook beskou as die deel van die wêreld van opkomende lande wat dikwels nog die ondersteuning nodig het van die “Noorde” oftewel die ontwikkelde lande (Levander & Mignolo, 2011).



© University of Pretoria

van die nuwe Afrika- nasionalistiese bewegings en nuwe republieke wat gevorm het nadat hulle onafhanklikheid verkry het van Brittanje, Frankryk en, veral binne hierdie konteks, Portugal (Senekal, 2014).

Apartheid Suid-Afrika het nie die effekte van die dreigende spanning tussen die Ooste en die Weste vrygespring nie, weens die USSR se beleid om bevrydingsbewegings te steun as deel van die anti-imperialistiese stryd, sowel as die kompetisie vir invloed tussen die VSA en die USSR (Shubin, 2008). Die ANC het al teen 1960 via die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) finansiële steun vanaf die USSR ontvang wat die spanning tussen die Nasionale Party (NP) en die ANC verhoog het (Shubin, 2008). Groot spanning tussen die sosialistiese geallieerde ANC en die NP is maar net een voorbeeld van die spanning wat deur die Koue Oorlog geheers het. Nuwe denke rondom swart bevryding, die dreigement van kernoorlog en die totale val van die Weste aan die hand van die kommuniste, was ’n bron van kommer vir die burgers van wit apartheid Suid-Afrika. Die spanning is verder deur NP-propaganda in die 1948-verkiesing versterk en gevestig. (Visser, 2004a; Visser, 2007). Wat Suid-Afrika op daardie stadium uniek gemaak het, was die binnelandse politiek tussen die Afrikaner en die Engelssprekende wit Suid-Afrikaner, asook vrees van verandering, vervreemding en die verlies van die bevoorregting waaraan wit mense vir dekades gewoond was. Vrees in die Unie van Suid-Afrika het ’n politieke element aangeneem wat gebruik is om die kieser te motiveer om vir die NP te stem, sowel as om in 1960 ten gunste van die republiekwording te stem. Die slagspreuk “Ons Republiek nou om Suid-Afrika blank te hou!”, wat deur die NP gebruik is om die wit bevolking te motiveer om vir republiekwording te stem, is ’n duidelike aanduiding dat die binnelandse politiek nie net oor kwessies soos Afrikaans en Engels gegaan het nie, maar ook oor die behoud en bestaan van die wit posisie in Afrika (Du Bruyn & Wessels, 2008:3). Verder is die binnelandse politiek nie net gekonfronteer met die Britse regering wat nie steun aan die wit minderheidsregering wou gee en die gepaardgaande isolasie en identiteitskrisis wat monargiste (grootliks Engelssprekende wit Suid-Afrikaners) beleef het nie (Lambert, 2009), maar ook die dreigende realiteit van swart meerderheidsbeheer in Suid-Afrika (Lambert, 2009). Hierdie afdeling gaan spesifiek kyk na die breër agtergrond waarin die



© University of Pretoria

Grensoorlog afgespeel het, en die rol van die vryheidsbewegings in Suid-Afrika en SWA (SWA).

Om verder konteks aan te bied wat die agtergrond van die studie gaan versterk, moet daar veral gekyk word na die tydperk tussen 1960 en 1989. Die swart bevolking is deur die regering deur middel van apartheid uitgesluit van die funksies van die staat en kon nie aktief aan die samelewing deelneem nie. Die politieke bewegings onder veral die swart bevolking, soos die ANC en die SAKP, wou vryheid en dekolonisasie aan veral die swart mense van die land bring. Hierdie bewegings was ’n groot bedreiging vir die NP-regering juis omdat die swart bevolking die meerderheid van Suid-Afrika uitgemaak het. Die bewegings is toe gebrandmerk as kommunistiese bewegings wat tot die geboorte van nie net die ‘rooi gevaar’ (’n slagspreuk gebruik om te verwys na die moontlike gevare van die sosialiste en kommuniste) gelei het nie, maar toenemend ook na die ‘swart gevaar’, wat verwys het na swart meerderheid wat ’n bedreiging vir die wit bevolking van Suid-Afrika ingehou het (Visser, 2004a). Dit is gebruik om vrees te kweek, wat die wit bevolking meer vatbaar gemaak het vir die beleide van die NP. Hierdie vrees vir kommunisme is ook verder benadruk deur die susterkerke in Suid-Afrika (o.a. die Nederduits-Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika) wat kommunisme, as gevolg van die geskiedenis daarvan in die USSR ten opsigte van godsdiens, beskou het as ’n vyand van die kerk en Christene (Visser, 2004a). Kommunistiese ideologie is gesien as die vyand van Christene en weens die ondersteuning van swart Suid-Afrikaners vir sosialistiese ideologieë en vakbonde het die kerke ’n rol gespeel om die vrees van die ‘rooi gevaar’/‘swart gevaar’ aan te hits.

Toe die Britse eerste minister Harold MacMillan in 1960 die parlement in die Unie van Suid-Afrika kom toespreek het, het die wit bevolking toenemend begin besef dat die onafhanklikwording van die res van Afrika hulle posisie sou beïnvloed, en dat die vorige koloniale heersers nie ’n wit minderheidsregering sou steun nie (Giliomee, 2012). Dit is vanuit dié perspektief wat Suid-Afrika homself in ’n unieke posisie in Afrika en die wêreld sou vind wat in kontras is met die posisie van Rhodesië (nou Zimbabwe). Rhodesië se posisie is uniek as gevolg van die grootte van die setlaarspopulasie en die



© University of Pretoria

basis waarop die populasie van wit setlaars gereeld verander het, sowel as die manier waarop onafhanklikheid aan hulle toegestaan is (Mlambo, 1998). In kontras met die Unie van Suid-Afrika, het Rhodesië nie erkenning van onafhanklikheid vanaf die Britse parlement ontvang nie, maar is eerder deur ’n konstitusionele konferensie toegelaat om in 1979 onafhanklike verkiesings te hou. Rhodesië se minderheidsregering is daarom geforseer om vroeër te begin met ’n oorgang na meerderheidsbeheer (Watts, 2021).

Gedurende die regeringstydperk van die NP in Suid-Afrika na 1948, was daar verskeie nuwe rasgeoriënteerde beleide wat die landskap van die land stelselmatig en radikaal beïnvloed het. Die beleide bekend as apartheid, was ’n ideologiese en wetlike proses van geforseerde segregasie wat gebaseer was op ras (Du Bruyn & Wessels, 2008). Dit het, en in sekere opsigte vandag nog, miljoene swart Suid-Afrikaners se lewens besonder negatief beïnvloed. Dit is egter nie die enigste invloede wat die NP-regering gehad het op sy land se burgers nie, en alhoewel dit nie vergelyk kan word met die pyn wat ons medelandsburgers ervaar het nie, het die NP ook wit Suid-Afrikaners se lewens beïnvloed en vrees het ‘n beduidende rol daarin gespeel (Venter, 2009). Die vrees is aangevuur deur die gebeure in ander Afrika-lande waar onafhanklikheid vanaf Brittanje, Frankryk en Portugal verkry is en dit is gebruik as ’n voorbeeld vir wat dalk sal gebeur as die land ‘oorgeneem’ word. Wat hierdie vrees sou vererger, is die manier waarop die vrees vir oorname beskou is. Die oorname van Suid-Afrika sou geskoei gewees het op wat geglo is as ’n kommunistiese oorname waar die regering uitsluitlik swart en antikapitalisties sou wees. Dit het die posisie van die wit bevolking bedreig, en die idees wat sentraal nodig vir apartheid was, sou versterk en die NP ’n verdere mandaat gee. Hierdie vrese het volstaan tot die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994 (Senekal, 2014).

Die vrese wat wit-Suid Afrika oorheers het, is as gevolg van twee faktore. Eerstens, die groot skeiding tussen die Afrikaner en die Engelssprekende Suid-Afrikaner tot in die vroeë 1970’s, en tweedens, die sogenaamde ‘swart gevaar’, wat verwys na die meerderheid bevolking in Suid-Afrika, en ‘rooi gevaar’, wat verwys na die kommunistiese dreigement wat in die psige van wit Suid-Afrikaners geheers het. Hierdie vrese van die politieke en ekonomiese skeiding van Brittanje af het nie lank geduur nie.



© University of Pretoria

Dit is vinnig vervang deur gebeure in ander nuut onafhanklike Afrika-lande en is gebruik as die dominante vrees om die land te regeer. Ander vrese was die dreigende Afrika-nasionalisme wat in die vorm van die Swartbewussynsbeweging ontstaan het, asook die ANC en Pan African Congress (PAC) wat toenemend radikaal en militaristies geword het. Die struggle teen apartheid het veral in die 1960's 'n draai geneem met die ontstaan van uMkhonto we Sizwe (MK) in Desember 1961, wat die begin van die gewapende stryd was (Shubin, 2008). Die kwessie van taal en kulture van die nuwe republiek (1961) het vinnig irrelevant geword en meer Engelse kiesers het eerder die "swart gevaar" begin vrees (Du Bruyn & Wessels, 2008). Die vrees rondom dit wat voorgehou is as die dreigende swart populasie in Suid-Afrika en ander dele van die kontinent, het die idee verder bevestig dat die vryheidstryde wat regoor Afrika plaasvind, Suid-Afrika ook sal inhaal en die samelewing wat in daardie tyd gebou is, sal afbreek en verwoes. Hierdie vrese het verreikende gevolge vir die samelewing gehad en is grootliks aangehits deur gebeure wat op daardie stadium in Rhodesië plaasgevind het. Rhodesië het sy onafhanklikheid in 1965 verklaar, 'n paar dae na Suid-Afrika, wat in 1961 onafhanklikheid vanaf Brittanje verkry het deur middel van 'n eensydige referendum om 'n Republiek te word (Strauss, 2022). Dit is nie deur die swart bevolking in Rhodesië aanvaar nie en die regering van eerste minister Ian Smith is nie deur die Britse owerhede erken nie. Dit het gelei tot 'n verdere probleem vir die Suid-Afrikaanse regering wat probeer guns wen het by die internasionale gemeenskap en by die res van Afrika. Die term 'Bosoorlog' kan in die situasie ook na die oorlog verwys wat Smith se regering gevoer het teen die vryheidsbewegings in wat vandag Zimbabwe is. In die konflik is polisie- en weermaglede van Suid-Afrika gestuur om Rhodesië by te staan, maar op die einde is die steun onttrek ten gunste van pogings om guns by die res van die wêreld te kry (Giliomee, 2012). Die vrees dat die wit posisie op die kontinent van Afrika bedreig sal word, is deur die begin van nasionale diensplig verder beklemtoon. Die NP sou veg om sy posisie te behou en in daardie pogings die lewens van talle jong, veral wit, mans en gesinne regoor die land beïnvloed.

'n Groot faktor wat die lewens van alle Suid-Afrikaners beïnvloed het, was die NP-regering se amper obsessiewe pogings om die grens tussen Angola en SWA te verdedig teen 'n "kommunistiese gevaar" (Ross, 2008:174-176; Visser, 2004a: 88) en



© University of Pretoria

sodoende om die belange van die wit bevolking, soos deur die NP gesien, van Suid-Afrika te bevorder.

Die vraag moet gevra word: Hoekom was die grens tussen Angola en SWA so belangrik vir die NP-regering? Die antwoord op die vraag het te make met die manier waarop Suid-Afrika beheer oor die gebied verkry het. Die Wêreldbond het Suid-Afrika administrasiereg gegee om die voormalige Duitse kolonie Duitswes-Afrika te regeer (Giliomee, 2012). Hierdie reg is verkry nadat die Unie van Suid-Afrika se weermag namens Brittanje die gebied in die Eerste Wêreldoorlog in 1915 verower het en in 1920 as mandaatskap aan Suid-Afrika gegee is om te regeer (Victor, William *et al.*, 2012). Die Eerste Wêreldoorlog was ’n verwoestende oorlog tussen 1914 en 1918 wat hoofsaaklik deur Europese moondhede en koloniale besetters geveg is. Jare se twis en stryd tussen die NP-regering en die prominente SWAPO het ontstaan oor die ambisie wat die Suid-Afrikaanse regering gehad het om SWA by Suid-Afrika in te lyf, waarskynlik om die kusgebied te verleng (ondanks Walvisbaai wat op daardie stadium ’n enklawe van Suid-Afrika was), en toegang tot minerale hulpbronne op die kus van SWA te verkry (Anderson, 2008). Hierdie ontevredenheid het onder die inheemse bevolking ontstaan weens Suid-Afrika se beheer in die gebied, wat vererger is met die implementering van streng segregasiewette gedurende die 1920’s en 1930’s en later apartheidsbeleide vanaf 1948 wat gelei het tot die ontstaan van die Suidwes-Afrikaanse onafhanklikheidsbeweging wat grootliks deur SWAPO gedryf is vanaf hul stigting in 1960 as ’n politieke en ’n paramilitêre beweging soortgelyk aan die ANC, wat nou verbonde was aan die soortgelyke vryheidsbeweging binne Suid-Afrika. SWA was vir lank ’n strategiese land vir Suid-Afrika en is beskou as ’n buffer tussen Suid-Afrika en die res van Afrika, sowel as ’n area wat ver genoeg is om die werklike grense van die destydse Republiek van Suid-Afrika te beskerm. Die buffersone, wat Rhodesië en die Portugese kolonies van Mosambiek en Angola ingesluit het, het gedien as ’n gebied waar die ANC se gewapende vleuel nie opgelei kon word nie en terselfdertyd om SWAPO onder beheer te hou omdat die beweging ’n strategiese bedreiging vir die NP-regering was (Scholtz, 2020). Dit het gelei tot oorgrenskonflikte aan die grens tussen SWA en Angola tussen 1975 en 1989, en binne Suid-Afrika waar swart Suid-Afrikaners in die townships, soos Soweto, begin opstaan het teen die regering en aktief



© University of Pretoria

deelgeneem het aan die struggle van die ANC en ander politieke groepe soos die PAC en die United Democratic Front (UDF).

Om die doelwitte van verdediging en beskerming te bereik, is nasionale diensplig in werking gestel om die Republiek van Suid-Afrika te beskerm teen die dreigende 'rooi gevaar' (Warwick, 2019). Dit het daartoe gelei dat alle wit mans bo die ouderdom van 17 tussen 1952 en 1961 verplig was om aan te meld vir militêre diensplig wat grootliks opleiding behels het en wat drie maande geduur het, wat gepaardgegaan het met drie kampe wat elk sestig dae geduur het, waarna hulle vir vier jaar diens in die reserwemag gedoen het. Hierdie dienspligtiges is deur 'n loterysisteem vir diens opgeroep en het nie aktief in konflikte deelgeneem nie (Callister, 2007). Hierdie verpligting het tot 1967 geduur met die kampe wat verleng is na vyf kampe wat elk 90 dae geduur het. Teen 1972 is die nasionale diensplig verander na 'n algehele diensplig. Nie net 'n aantal seuns was opgeroep deur 'n lotery nie; dit was eerder die begin van universele diensplig in Suid-Afrika. Hierdie verpligting van die dienspligtiges is uitgebrei na een jaar se aktiewe diens in die weermag, waarna vir tien jaar in die reserwemag diens gedoen moes wees met vyf kampe wat elk 19 dae geduur het. Die NP-regering het teen 1982 meer van die dienspligtiges verwag; militêre diens is na twee jaar verleng, en die kampe is na 720 dae vermeerder wat jaarliks plaasgevind het. Hierdie streng maatreëls is eers in 1990 verslap na een jaar se diens met 360 dae se kampe en 'n verpligte 12 jaar in die reserwemag (Callister, 2007; du Plessis, van der Westhuizen *et al.*, 2012). Hierdie dienspligwetgewing is later ook aangepas met diensplig in die Suid-Afrikaanse Polisie voor dit afgelas is met die begin van 'n nuwe demokratiese era in Suid-Afrika na die 1994-verkiesing.

Die nasionale diensplig het die NP-regering die mag gegee om soldate te ontplooi op die grens tussen Angola en SWA, asook in die townships van Suid-Afrika, waar die nasionale noodtoestand gebruik is om die toenemend onstabiele politieke situasie in die laat 1970's en 1980's te beheer. Die nasionale noodtoestand wat in die 1960's en 1980's in plek gestel is om die veiligheidsdienste meer magte te gee, is effektief gebruik om beter beheer oor die groeiende swart burgerlike protes teen apartheid teen te staan. Die situasie op die Grens (operasionele gebied tussen Angola en Suidwes) was nie 'n



© University of Pretoria

eenvoudige een nie. Omdat SWAPO na onafhanklikheid van Namibië gestreef het, het hulle ’n militêre beweging geword wat die NP-regering beveg het op dieselfde manier as bevrydingsbewegings in Suid-Afrika (Scholtz, 2020). Buiten dat die veiligheidsmagte binne Suid-Afrika moes werk om die bevrydingsbewegings te onderdruk, was daar ook magte in Suidwes wat die NP-regering teengestaan het.

Die polisie in SWA moes SWAPO teenstaan en was aanvanklik suksesvol om die SWAPO-magte te beheer. Dit het daartoe gelei dat oorgrensoperasies vir die volgende twee dekades in Angola plaasgevind het om SWAPO uit SWA te hou (Scholtz, 2020). Die insurgensieveldtog van SWAPO het in 1967 begin en kon grootliks deur die bystand van die Portugese koloniale regering in Angola onder beheer gehou word omdat SWAPO, ’n verbanne organisasie, op daardie stadium Suidwes deur Angola geïnfiltreer het. As gevolg van die onttrekking van die Portugese koloniale owerheid het die ondersteuning wat die NP-regering geniet het drasties verander en vir groter probleme vir die NP-regering in Pretoria gesorg (Giliomee, 2012). Sonder die hulp van die Portugese owerheid in Angola het dit toenemend moeilik geword vir die polisie en die SAW in SWA om SWAPO- en ANC-basisse uit die Caprivistrook te hou (Labuschagne, 2009).

Teen 1974 het Angola en Mosambiek onafhanklikheid vanaf Portugal verkry nadat die Portugese leier en diktator Marcelo Caetano (wat aan bewind gekom het nadat Antonio Salazar in 1968 afgedank is) deur ’n militêre staatsgreep omvergewerp is. Voordat Angola en Mosambiek onafhanklikheid verkry het, het ’n bevrydingsoorloë sedert die 1960’s gewoed, wat gesorg het vir groot kommer en nuwe vrese vir die Suid-Afrikaanse regering (Gleijeses, 2002b). Hierdie het ook plaasgevind binne die konteks van die onafhanklikwording van talle Afrika-state in die tydperk. Die uitvloeisel was ’n nuwe regering in Angola, sowel as in ander Afrika-lande, wat nie goedgesind was teenoor die regering van Suid-Afrika nie, weens hul rasgebaseerde beleid van apartheid (Oosthuizen, 2017; Watts, 2021). Na onafhanklikheid het ’n burgeroorlog uitgebreek tussen drie verskillende faksies: die MPLA, wat die erkende party deur die Sowjetblok-lande was, die FNLA (Frente Nacional de Libertação de Angola) en UNITA (União Nacional para a Independência Total de Angola). Die MPLA het groot steun van die



© University of Pretoria

Sowjetblok geniet, asook vanaf Kuba wat hulle finansieel en militêr ondersteun het (Oosthuizen, 2017; Scholtz, 2020). Die FNLA het aanvanklik steun vanaf die Weste en veral van die VSA geniet totdat UNITA die beter opsie vir die Weste geword het, vanweë Suid-Afrika wat in die burgeroorlog betrokke geraak het. Die VSA se buitelandse beleid was geskaad as gevolg van hul rampspoedige oorlog in Viëtnam, wat daartoe gelei het dat alle finansiële steun vir 'n tyd lank gestaak was. Geheime steun het daarna eerder na UNITA gegaan weens die Suid-Afrikaanse steun vir die beweging (Labuschagne, 2009). UNITA het vinnig 'n bondgenoot van die SAW en die NP-regering geword en het die SAW gesteun om SWAPO-magte in die suide van Angola te beveg. Dit het beide SWAPO en die ANC verhoed om hul gewapende stryd vanaf die Caprivistrook en Angola te kon loods. Die burgeroorlog in Angola moet in die konteks van die Koue Oorlog gesien word, waar geveg is oor die invloed wat die VSA of die USSR, Oos en Wes, in daardie land sou geniet.

Teen die agtergrond van interne struwelinge binne die regering van die NP oor die toekoms van Suid-Afrika en veral wit Suid-Afrika se posisie in die res van Afrika, en die toenemende geweld en spanning in Suid-Afrika weens die aanhoudende stryd teen apartheid, het die NP-regering ook die dreigement van Kuba en die sosialistiese rewolusie wat die Kubane in Afrika geplant het, in die gesig gestaar. Die eerste, grootskaalse konvensionele operasie wat deur die SAW uitgevoer is, naamlik Operasie Savannah in 1975, het slegs misluk omrede die invloed en betrokkenheid van die Kubane in Angola (Labuschagne, 2009). Suid-Afrika sou nie slegs teen bevrydingsmagte binne en buite sy grense veg nie, maar ook teen 'n land wat befonds is deur die USSR en wat toegang het tot meer moderne wapentuig wat in die USSR gebruik is, soos die MiG-29-vegvliegtuie waarteen die SAW nie kon kompeteer nie. Die Kubaanse hulp wat aan die bevrydingsmagte van Namibië en Suid-Afrika in Angola en binne Suid-Afrika verleen is, het gelei tot die konfrontasie wat die Koue Oorlog vir Suid-Afrika 'warm' gemaak het. Suid-Afrika en UNITA het tussen 1975 en 1987 nou saamgewerk in die suide van Angola; dit het tot die klimatiese veldslag van Cuito Cuanavale gelei.



© University of Pretoria

Die Angolese weermag FAPLA (Forças Armadas Populares de Libertação) het in samewerking met Sowjetoffisiere ’n offensief beplan om UNITA se sogenaamde ‘hoofstad’, Jamba, aan te val. Die opmars is reeds voor 1987 beplan en in werking gebring voordat die Suid-Afrikaanse regering in 1987 verdere oorgrensoperasies van stapel gestuur het. Volgens intelligensie van die SAW is daar vir ’n offensief met die naam “Salute October” beplan (Gleijeses, 2013b; Scholtz, 2020; Warwick, 2019).




*Kaart 1.1: Kaart van Angola*[4]

Jamba was beskou as die militêre hoofkwartier en ‘hoofstad’ (Scholtz, 2020:22) van Jonas Savimbi se UNITA-magte. Die aanval wat deur FAPLA op die strategies belangrike dorp Mavinga geloods is, is beskou as ’n reuse- dreigement vir die SAW. Met Mavinga onder FAPLA-beheer sou hulle toegang hê tot ’n vliegveld wat tot die voordeel van die Angolese magte sou strek (Scholtz, 2020). Die doel van die FAPLA-offensief was om die belangrike dorpe Mavinga en die ‘hoofstad’ Jamba aan te val omdat Mavinga strategies belangrik vir beide UNITA en die SAW was. Die dorp was strategies belangrik omdat die Angolese lugmag se radar nie die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) se basis in Rundu, Suidwes, bereik het nie. Daarom sou dit in die

[4] Velthuizen, A. 2009. The significance of the battle for Cuito Cuanavale: long-term foresight of the current strategic landscape *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, 37(2):107-103.



© University of Pretoria

belang van FAPLA wees om Mavinga oor te neem om verder offensiewe teen UNITA en die SAW te loods, sowel as om SAW- en SALM-teikens in Namibië aan te val (Scholtz, 2020). Volgens 'n Sowjet-raadgewer, lt.genl. Pjotr Goesef, was die doel van die offensief: "om UNITA se hoofkwartier in te neem en die grens met Namibië te bereik" (Scholtz, 2020:22). Verder sou die SAW die beheer oor die streek verloor en SWAPO sou die Caprivistrook en Kavangoland ook kon infiltreer, wat tot meer troepe op die SWA-grens sou lei (Gleijeses, 2002b; Labuschagne, 2009). Sonder Jamba as die basis van UNITA en UNITA in beheer van Mavinga sou dit rampspoedig gewees het vir die NP-regering. Dit is juis die situasie wat die NP-regering onder leiding van BJ Vorster wou verhoed toe hulle in 1974 en 1975 met Jonas Savimbi samesprekings gehad het. In die samesprekings het Savimbi sy lojaliteit aan Suid-Afrika en 'n antikommunistiese blok in Suider-Afrika betoon. Savimbi het op dié geleenthede aan die regering belowe dat hy alles in sy mag sal doen om te keer dat SWAPO SWA se grense oorsteek (Gleijeses, 2002b:276). Daarom was dit belangrik vir die SAW om Jonas Savimbi se hoofkwartier te verdedig, vanwaar 'n reeks gevegte plaasgevind het wat gelei het tot die klimaks van die konflik rondom die dorp Cuito Cuanavale. Die gevegte wat veral van belang is, was die gevegte by die Lomba-rivier op 3 Oktober 1987 (Operasie Modulêr), twee gevegte aan die Chambinga-rivier op 9 en 11 November 1987 (Operasie Hooper) en die drie SAW-aanvalle op die Tumpo-gebied op 25 Februarie, 1 Maart en 23 Maart 1988 (Operasie Packer) (Beck, 2018; Oosthuizen, 2017; Scholtz, 2020).

Die probleem met die offensief vir die Suid-Afrikaanse regering en weermag was dat daar nie ooreenstemming was oor hoe om die offensief te hanteer nie. Volgens Leopold Scholtz blyk dit uit amptelike dokumente in die argiewe van die SAW dat daar nie konsensus was nie, en dat die besluit oor hoe om die FAPLA-offensief te hanteer, nie 'n maklike of vinnige besluit was nie (Scholtz, 2020). Die probleme wat die weermag se leierskap ervaar het, was politieke belange van die regering sowel as internasionale druk en die persepsie van die SAW. Dit is juis as gevolg hiervan dat die beplanningsproses soms gesien was as chaoties en nie deurslaggewend nie, wat toekomstige offensiewe sou beperk of moontlik sou uitskakel (Beck, 2018).



© University of Pretoria

Beide kol. Piet Muller en genl.maj. Willie Meyer van die SAW het voorstelle gemaak wat die inval en oorname van Cuito Cuanavale en/of Menongue sou insluit. Die opsies is deur genl. Kat Liebenberg, die hoofbevelvoerder van die Leër, verwerp as gevolg van Suid-Afrika se beperkte kapasiteit aan soldate, sowel as politieke persepsies. Dit is belangrik om hier ook in ag te neem dat alhoewel die Suid-Afrikaanse regering 'n goedgesinde regering in Angola wou hê, dit weens die internasionale druk wat hulle reeds ervaar het, nie kon lyk asof die SAW direk betrokke in die burgeroorlog was nie. Die Suid-Afrikaanse regering het dus altyd gepoog om slegs beperkte bystand aan UNITA te bied en dit laat voorkom asof UNITA die leiding neem in operasies waar die SAW in werklikheid ingegryp het om Suid-Afrikaanse belange in die streek te verdedig (Baines, 2014; Gleijeses, 2013b; Scholtz, 2020).

Die offisiere wat die teenoffensief (Operasie Modulêr) beplan het, het van die begin af 'n reeks probleme ervaar wat die beplanning moeilik gemaak het en het gevolglik vier opsies gehad wat die doelwitte van die SAW uitgestippel het (Beck, 2018). Van die nadele wat die SAW in die gesig gestaar het, was ongunstige lugkondisies (gebrek aan vliegtuie en FAPLA-lugafweerwapens) en 'n gebrek aan genoeg soldate vir die SAW. Wat die beplanning vir Operasie Modulêr ook moeilik gemaak het, was die leierskap se huiwering om vliegtuie en ander toerusting soos tenks te verloor omdat daardie soort toerusting nie maklik vervang kon word nie. Veral die SALM se deelname was slegs onder streng omstandighede (Beck, 2018).

Ongeag hierdie probleme wat deur die leierskap ervaar is, is die voorstel om Cuito Cuanavale oor te neem namens UNITA deur sommiges beskou as 'n manier om die Kubaanse teenwoordigheid in Angola finaal op te los. Dit is egter beskou as 'n operasie met hoë risiko's wat "langtermyn implikasies kan inhou" (Scholtz, 2020:26). Vier opsies is op die tafel geplaas om die FAPLA-offensief stop te sit. Die opsies het ingesluit: (1) dat kleinskaalse geheime SAW-hulp aan UNITA verskaf kon word; (2) dat beperkte konvensionele hulp in die vorm van 61 Gemeganiseerde Bataljongroep, 32 Bataljon en SALM-grondaanvalle aangebied kan word; (3) dat indien FAPLA Mavinga inneem, dit



© University of Pretoria

die dorp onhoudbaar sou maak en (4) dat ’n konvensionele aanval op Cuito Cuanavale met gelyktydige lugaanvalle op Menongue en selfs Lubango geloods sou word om die vyand se lugmag te neutraliseer. Die derde en vierde opsie sou waarskynlik gelyk gebeur het en gelei het tot “Groot Oorlog” wat swaar verliese sou inhou (Beck, 2018; Scholtz, 2020). Die belangrikste aspek van die beplanningsproses was dat daar “nie ’n vinger” (Scholtz, 2020:29) na die SAW gewys kon word nie, dus sou daar slegs geheime bystand gelewer word. As deel van die opsies op die tafel, is voorgestel dat Mavinga verloor kan word en dan kan verdere operasies van daar af geloods word, maar daardie plan is later laat vaar en die instruksie is duidelik gemaak dat Mavinga nie mag val nie (Scholtz, 2020).

Die FAPLA-offensief het op 14 Augustus 1987 begin met die FAPLA se drie brigades wat die Lomba-rivier sou oorgaan en Mavinga aanval. Alle geheime operasies en hulp wat deur die SAW gebied is, was nie genoeg om die FAPLA-vordering te stop nie, maar slegs te vertraag. Teen einde Augustus 1987 het die FAPLA-offensief steeds voortbeweeg. Drie van die FAPLA-brigades (59, 16 en 21) het beplan om oor die noordelike oewer van die Lomba-rivier te gaan, terwyl ’n ander brigade (47) rondom die oorsprong van die Mavinga-rivier gegaan het (Scholtz, 2020). Die opdrag was dat 32 Bataljon en 61 Gemeganiseerde Bataljongroep slegs gebruik kan word as Mavinga in ernstige gevaar van oorname is. Daarom is daar eers op 26 Augustus 1987 ’n bevel uitgereik dat beplan moet word en “optredes loods om te verhoed dat die huidige FAPLA-offensief teen Mavinga slaag” (Scholtz, 2020:33). Op 28 Augustus 1987 het die SAW-hoofkwartier in Pretoria toestemming verleen dat 61 Gemeganiseerde Bataljongroep saam met 101 Bataljon en die SALM die FAPLA-magte mag aanval (Scholtz, 2020).

Operasie Modulêr het in twee fases plaasgevind as gevolg van die opsies wat ter tafel gelê is. Die oorhoofse doel wat deur die operasie bereik moes word, was om die “... 1987 FAPLA-offensief in die sesde militêre streek te stop” (Beck, 2018:42). Die opsies vir die offensief is uiteengesit in ’n dokument: “OPS Modular Beplanning: SAW deelname aan operasies ter ondersteuning van UNITA in die Sesde Militêre Streek”



© University of Pretoria

(Beck, 2018:41). Operasie Modulêr sou verskeie operasies aan die Lomba-rivier bevat waarin die 16de en 42ste brigades van FAPLA veral onder die SAW deurgeloop het (Scholtz, 2020). 42 Brigade het nie na Operasie Modulêr meer bestaan nie, en die 16de Brigade was in die visier van PW Botha (president van Suid-Afrika gedurende die 1980's) en die SAW. Gevegte aan die Lomba-rivier het in September begin en op 3 Oktober 1987 geëindig. Fase twee het plaasgevind van 9-11 November 1987 en het rondom die Chambinga-rivier plaasgevind.

Teen die einde van Operasie Modulêr is daar 'n nuwe operasie in die Tumpo-streek geloods, Operasie Hooper, wat die doel gehad het om die oorblywende FAPLA brigades te vernietig of oor die Cuito rivier te verdryf. Verder moes daar tydens Operasie Hooper versterkings aangebring word by die Cuito rivier waarna die beheer daarvan oorgelaat sou word aan die UNITA-magte (Oosthuizen, 2017). Die SAW het met Operasie Packer vir 'n derde keer gepoog om die FAPLA- en Kubaanse brigades oor die Cuito-rivier in die Tumpo-streek te verdryf. Die operasie was ook die laaste SAW-poging om die strategiese doelwitte te bereik wat gedurende operasies Modulêr en Hooper uiteengesit is (Velthuizen, 2009).

Operasie Packer is in Maart 1988, na die tweede onsuksesvolle aanval op dieselfde streek vroeg in Maart 1987 bekend as Operasie Hooper, beplan. Die moreel van die SAW was laag vanweë die twee onsuksesvolle pogings om die Tumpo-streek te verower en die FAPLA-magte noord van die Cuito-rivier te dryf (Oosthuizen, 2017). Die strategie was baie dieselfde as die vorige mislukte poging om vanaf dieselfde rigting 'n aanval op die FAPLA-magte te loods waar die SAW reeds voertuie en soldate in Operasie Hooper verloor het (Oosthuizen, 2017). Die soortgelyke aanvalsplan is deur die operasionele bestuur goedgekeur, alhoewel daar bedenkinge was om vanuit dieselfde rigting met dieselfde strategie die streek aan te val, maar die plan is deur genl. Liebenberg goedgekeur (Oosthuizen, 2017).Weens die aard van die landskap en die manier waarop die Angolese magte versterkings aangebring het, was die aanval op 20 Maart 1988 ook onsuksesvol gewees (Oosthuizen, 2017). Die SAW kon weer nie daarin slaag om die Angolese magte tot op die noordelike oewer te dryf nie en kon ook nie daarin slaag om die posisie van die Angolese magte te verander nie.



© University of Pretoria

Die indruk wat geskep word, is dat Cuito Cuanavale direk aangeval is, maar die realiteit is dat die SAW nooit daarin kon slaag om oor die twee brûe van die Cuito- en Lomba-rivier te kon gaan nie. Die SAW het nie lugoormag geniet nie omdat die Kubane nuwer MiG-29-vegvliegtuie gebruik het. Die SAW het kort-kort gebuk gegaan onder logistieke probleme wat die aanval verder gekniehalter het. Die Slag van Cuito Cuanavale is daarom ’n wanindruk, aangesien die gevegte net buite die dorp op die oewers van die Lomba- en die Cuito-rivier plaasgevind het.

Die Slag van Cuito Cuanavale is tot vandag toe ’n kontroversiële militêre operasie wat die SAW uitgevoer het en daar word steeds gevra hoekom die SAW daar was, wat hulle bereik het en wat die koste daarvan vir wit Suid-Afrika was. Die oorvertellings en die gebeure van 1987 tot 1989, sowel as die beskrywing wat in die graad 12-Geskiedenishandboeke gegee word, het ’n beduidende impak op ons samelewing vandag en vorm die basis van hierdie studie. Vanuit die gebeure op die moerasse net buitekant Cuito Cuanavale is die lot van die ou bedeling van die NP in Suid-Afrika bepaal, en kan mens die vraag vra of die SAW by Cuito Cuanavale gewen of verloor het. Van hierdie punt af het die SAW slegs in die streek gebly om die indruk te skep dat daar wel nog ’n volmag teenwoordig was, maar die duur oorlog het reeds tot ’n einde gekom en die onderhandelinge om onafhanklikheid aan Namibië toe te staan, het begin. Die einde van die SAW se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog, wat nog tot 2002 geduur het, het ook gelei tot die pad na demokrasie in Suid-Afrika en Namibië.

Die konflik in Angola was meer realisties en duurder as wat die wit bevolking van Suid-Afrika bereid was om te betaal, en as gevolg van die militêre mislukking en aanhoudende druk wat die bevrydingsmagte binne en buite Suid-Afrika op die NP-regering geplaas het, het dit uiteindelik gelei tot ’n politieke oplossing rondom die onderhandelingstafel in New York wat bekend gestaan het as die New York Accords (Gleijeses, 2013b). Hierdie onderhandelinge aan die einde van die Grensoorlog het gesorg vir die beëindiging van ’n halfeeu se rassespanning en onderdrukking in Suid-Afrika en Namibië.

Met die breë konteks rondom die interne politiek binne Suid-Afrika, die ontstaan van diensplig en die Grensoorlog as ’n Koue Oorlog-konflik, moet daar ook besin word oor



© University of Pretoria

die oorsprong van die uiteindelike Slag van Cuito Cuanavale en die skermutselinge wat net buite die invloedryke dorp plaasgevind het, wat in 1987 begin het met die Angolese weermag se beplande offensief teen UNITA. In die volgende afdeling word meer konteks gebied oor die gebeure wat gelei het tot die Slag van Cuito Cuanavale en die uiteindelike slag.

Hierdie afdeling het ’n saaklike agtergrond en konteks gebied tot die Koue Oorlog-konflik in Afrika, die Angolese Burgeroorlog en die Slag van Cuito Cuanavale, en die gebeure wat daar rondom plaasgevind het. In die volgende afdeling bespreek ek my persoonlike, konseptuele, akademiese en professionele doel van hierdie studie. Dit is nodig om daar myself nie net binne die konteks van kontemporêre Suid-Afrika te plaas nie, maar ook myself binne my eie en kulturele herkoms te plaas. As ’n Afrikaner wat na 1994 gebore is en ook ’n Geskiedenisonderwyser, is ek in ’n unieke posisie wanneer dit kom by die ‘goeie ou dae’ soos aan my vertel, en die toekoms en voortbestaan van my eie erfenis in die moderne Suid-Afrika, waar ek gekonfronteer word met dit wat van die KABV verwag word, en die houding van die leerders wat voor my sit, wat min belangstelling toon in ’n oorlog waarin hulle geen aandeel gehad het nie.

### 1.3 Rasionaal en motivering

Hierdie studie is ’n akademiese ondersoek wat handel oor graad 12-Geskiedenishandboeke se interpretasie en die ontleding van die Slag van Cuito Cuanavale. Hierdie afdeling handel oor waarom die studie aangepak is en wat my rasionaal en motivering is om spesifiek die onderwerp na te vors. Die afdeling kan opgedeel word in twee dele, naamlik wat ek professioneel en persoonlik hieruit gaan baat, en die moontlike konseptuele en akademiese bydraes wat die studie kan lewer.

Die historiese oorsig in die vorige afdeling skets ’n beeld van politieke geweld, sosiale ongelykheid, die verandering van ’n baie konserwatiewe samelewing wat deur ras en geloof bepaal is, en oorlog. Hierdie historiese agtergrond is in baie opsigte vandag nog ’n kontemporêre kwessie. Die samelewing soos wat wit Suid-Afrika dit geken het, het verander en die gevolge van jare se diensplig en opoffering van die Afrikaner en wit jeuggenerasies daarvoor is nog nie genees nie. Die emosies en gevoelens wat mense



© University of Pretoria

vandag voel, hetsy hulle wit of swart is, is nog rou en kom na vore in die klas in gesprekke rondom onder andere grond, kolonialisme en apartheid oor die algemeen. Vanuit hierdie rou emosies ontstaan daardie werklikheid waarmee my familie, soos honderde duisende ander, gedurende die 1980's en 1990's ook gekonfronteer was, met soortgelyke ervarings regoor wit Suid-Afrika. Dit word verder vir my gekontekstualiseer met films soos *Kanarie* (Olwagen, 2018), wat die ervaring van jong mans vertel wat hul diensplig in die SAW moes voltooi, maar wat nie as 'normaal' geag was nie. Die wit bevolking is gekonfronteer met die nasionale diensplig en die seer en/of trots om jou seun se lewe aan die weermag of polisiediens toe te vertrou. Dit is vir my onmoontlik om dit vandag te begryp, maar dit was die gang van die lewe vir enige wit seun en sy familie as hy 18 geword het. Die persoonlike ervarings van daardie tyd is nog vir my relevant in die stories oor familielede se ervarings, sowel as vriende se ouers wat daarvan deel was. Toe ek op skool was (nege jaar gelede), het gesprekke oor die Grensoorlog plaasgevind onder vriende en in die klaskamer. My ervaring was egter dat daar nooit daaroor gepraat is as deel van die amptelike Geskiedeniskurrikulum nie, en ons het min daarvan geweet. Die aard van die onderrigplan het veroorsaak dat onderwysers net onderrig vir die eksamen gee, en as gevolg daarvan word temas uitgesluit omdat dit nie nodig is om daardie temas in die eksamen te beantwoord nie. As gevolg van 'n oorvol kurrikulum moet onderwysers so 'n keuse maak en is dit een wat ek self moes maak. Vanuit die jaarlikse verslag oor die eksamenuitslae wat met opvoeders gedeel word, kon ek agterkom dat die tema van "Onafhanklike Afrika" (KABV, 2011) 'n onpopulêre eksamenvraag is en daar word nie goed in dié vrae presteer nie. Net soos destyds vind hierdie gesprekke egter vandag steeds plaas rondom die etenstafel, by gedenkmure by ons kerke en begraafplase, en by openbare monumente soos Freedom Park en die Voortrekkermonument, as deel van wat nou die nie-amptelike geskiedenis is.

Die besef dat dit my lot sou kon wees om 'n jong gay Afrikaner op die Grens (deel van die Grensoorlog) te wees, is 'n realiteit waarmee ek gereeld gekonfronteer word as die ouer geslagte van hul ervarings aan die Grens praat. Almal is bewus daarvan dat die tye drasties verander het en dit sorg vir interessante gesprekke oor die ervarings wat ons as sogenaamde 'born-free's' nie ervaar het nie. As 'n Afrikaner wat in 2014 my



© University of Pretoria

oproepinstruksies sou ontvang het, sou ek baie moontlik weermag toe gegaan het om my nasionale diensplig te voltooi. Die jeug van wit Suid-Afrika is misbruik en die politieke elite het nooit deelgeneem aan die oorlog of diensplig ervaar nie (du Plessis *et al.*, 2012:146), en ons samelewing is geneig om hulle, die jeug, wat opofferings gemaak het vir ’n doel waaraan hulle geen voordeel sou geniet het nie, te vergeet. Die rol wat die dienspligtige gespeel het, was belangrik vir die apartheidsregering en het gesorg vir hartseer en pyn onder die mense van Namibië, Angola en die townships regoor Suid-Afrika. Dit is egter die persoonlike ervarings wat met my oor die jare gedeel is, wat dit vir my duidelik maak dat die Grensoorlog nie altyd populêr was nie. Die ervarings van my ouers en dié van die generasies voor hulle wat ook deel was van die Grensoorlog, het my na die onderwerp gelei, en die verskillende perspektiewe wat bestaan rondom nie net die Slag van Cuito Cuanavale nie, maar die Grensoorlog as ’n geheel, vorm deel van my persoonlike kennis van die konflik en is deel van my herkoms.

Dit sluit verder ook aan by my ontwikkeling as ’n professionele onderwyser en beginnernavorser. Ek het nie self die ervaring om soos Gary Baines (2014) daar te kon wees nie. Ek was nie self deel van die konflik nie en het nooit opleiding daarvoor ontvang nie (en volgens my pa kan mens dit in ons generasie raaksien), maar die ervarings van ander so naby aan die tydperk self, plaas my in ’n goeie posisie om werklik ’n kenner oor die onderwerp te word. Die studie gee my nuwe insigte oor die delikate posisie waarin ek myself professioneel bevind as iemand wat nie daar was nie, maar wat die onderwerp moet aanbied aan die hand van die KABV en die handboeke, en waar ek ook blootgestel word aan oorvertellings van die konflik. Ek het ’n geleentheid om in my beroep te vorder as ’n deskundige in Geskiedenis as skoolvak en ’n moontlike beroep in tersiêre instellings. ’n Gevorderde akademiese kwalifikasie gee my ’n beter kans om eerder gekies te word om ’n pos te vul, as beginner- of nuwe onderwysers. Die studie gee my ’n kans om na gebeure te kyk wat ek nie gegun was om op skool te bestudeer nie. Soos baie Geskiedenisonderwysers in Suid-Afrika het my eie onderwyser gekies om nie sekere temas, wat deel is van die kurrikulum, te bestudeer nie. Die besluit om onderwerpe soos “Onafhanklike Afrika” in die onderrigplan uit te sluit, word daagliks deur onderwysers gemaak en op daardie manier is ek nie blootgestel aan die onderwerp van die Slag van Cuito Cuanavale nie. Hierdie



© University of Pretoria

praktyk bestaan vir hoofsaaklik twee redes. Eerstens word onderwysers deur distriksamptenare aangeraai om net die inhoud te dek waaroor die leerders eksamen gaan skryf en tweedens (my agtergrond in ’n Afrikaanse hoërskool), het die onderwerp van “Onafhanklike Afrika” vir die onderwyser na te veel moeite gelyk en dalk ook te kontroversieel, en dan het die onderwyser vir ons ’n keuse gegee oor watter onderwerp ons wil eksamen skryf. Die klas het na aanleiding van die onderwyser se mening ‘gekies’ om nie die onderwerp te behandel nie. Dit is moeilik om motiewe vir die betrokke onderwyser se keuses voor te stel, maar daar kan aangeneem word dat die onderwerp nie juis as belangrik geag was nie. Vanaf 2023 is daardie verantwoordelikheid om die onderwerp aan te bied, op my skouers geplaas. My konteks het baie verander vanaf ek op skool was, en die leerders wat voor my sit, is van ’n nuwe generasie swart Suid-Afrikaners wat die relevansie van geskiedenis gereeld bevraagteken, spesifiek onderwerpe soos die Grensoorlog. Dit gaan my ook ’n kans gee om die posisie waarin honderde wit Suid-Afrikaners hulself bevind het, te bestudeer en vas te stel wat die plek is van die nie-amptelike geskiedenis wat in huise, dorpe en kerke oorvertel word. Die professionele en persoonlike oorwegings oor hoekom ek die studie wil aanpak, sluit bymekaar aan en beïnvloed mekaar. My professionele ontwikkeling en groei kan nie apart van my persoonlike oorwegings en groei gesien word nie. Wat ek met die studie wil bereik, sal my professionele beroepslewe en my persoonlike lewe beïnvloed en vorm.

Die veld van handboekanalise is nie ’n nuwe studierigting nie (Bentrovato, 2017; Bentrovato & Rath, 2018; Bentrovato & Wassermann, 2018). Die bydrae wat ek kan lewer tot die studierigting, is uniek in dié opsig dat dit grootliks handel oor ’n onlangse kontemporêre kwessie in Suid-Afrika. Handboekanalises oor die algemeen handel oor dit wat uitgelaat is, of ‘stiltes’, en om politiese agendas aan te voer of te bewys (Issitt, 2004). Die handboekanalise oor die Slag van Cuito Cuanavale raak aan verskeie aspekte van opvoedkunde, taalkunde en geskiedenis, wat breedvoerige bydraes tot verskeie akademiese velde kan lewer. As ’n vakkundige wil ek graag in staat wees om die kennis wat ek in die studie opgedoen het, op ’n praktiese wyse in die klaskamer en die akademiese wêreld te deel. Dit is daardeur dat ek ’n bydrae kan lewer om die leemtes te vul in die bestaande navorsing oor handboekinterpretasies wat kontekstueel



© University of Pretoria

handel oor die Grensoorlog en die Slag van Cuito Cuanavale, sowel as konflik oor die algemeen. Uit ’n akademiese perspektief is die relevansie van my studie hier ter sprake. As ’n vakkundige, is die doel en die relevansie van enige studie om ’n bydrae te maak tot kennis. Dit is my doel om te bewys dat handboekanalises waardevol is en dat die kennis opgedoen soortgelyke stiltes en leemtes in die kurrikulum kan opspoor en analiseer.

Die studie is nie net ’n ondersoek van die Geskiedenishandboek se hantering van die Slag van Cuito Cuanavale en die narratiewe wat in die samelewing daaroor heers nie, maar ook ’n persoonlike ondersoek van my eie verlede en kennissisteme, asook ’n manier om myself professioneel te bevorder deur ’n akademiese bydrae te lewer.

**1.4 Fokus en doel**

Hierdie studie fokus op die analisering van Suid-Afrikaanse graad 12-Geskiedenishandboeke wat handel oor die onderwerp van “Angola: ’n gevallestudie” (KABV, 2011:27) en spesifiek die Slag van Cuito Cuanavale as deel van die Grensoorlog, en die perspektiewe wat in die programmatiese kurrikulum as amptelike Geskiedenis daaroor bestaan.

Die doel van hierdie studie is om ’n analise van die perspektiewe wat bestaan rondom die Slag van Cuito Cuanavale wat in ons nasionale voorgeskrewe Geskiedenishandboeke vir graad 12 voorkom, aan te bied. Daarom gaan ek poog om die verskillende perspektiewe oor die sogenaamde Slag van Cuito Cuanavale wat in die handboeke verskyn, te ontleed en te probeer vasstel watter perspektief/we in die Geskiedenishandboek as amptelik voorkom en hoe dit spreek tot ander perspektiewe. As gevolg hiervan moet die groter gebeurtenis en die breër konteks in Suid-Afrika en SWA, vandag Namibië, ondersoek word om die verskillende perspektiewe daarvan te ontleed om te sien op watter wyse die leerder daardeur beïnvloed word. Verder moet daar nie gekyk word na die literatuur oor net die Slag van Cuito Cuanavale nie, maar na ander aspekte ook soos hoe ikoniese veldslae en veldslae oor die algemeen in geskiedenishandboeke behandel word. Die konseptuele beginsels van die studie ontstaan hieruit en gee leiding aan die keuse van soort analise wat gedoen moet word.



© University of Pretoria

Die doel en fokus soos hierbo uiteengesit, gaan leiding gee om die spesifieke navorsingsvrae op te stel.

### 1.5 Navorsingsvrae

Die navorsingsvrae ontstaan vanuit die titel, fokus en doel van hierdie studie, en vorm die basis van wat ondersoek word. Anders as ’n hipotesestelling wat bewys moet word, word die navorsingsvrae gebruik om ’n deeglike argument te vorm en te behou. Die titel staan sentraal saam met die doel en die fokus van die studie om duidelike en relevante navorsingsvrae te formuleer:

> ’n Analise van die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in graad 12-Geskiedenishandboeke

Die navorsingsvrae is soos volg geformuleer:

Watter perspektiewe rondom die Slag van Cuito Cuanavale is teenwoordig in graad 12-Geskiedenishandboeke?

Waarom bestaan die perspektiewe rondom die Slag van Cuito Cuanavale in graad 12-Geskiedenishandboeke?

Watter stiltes rakende die verskillende perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale is teenwoordig in graad 12-Geskiedenishandboeke?

### 1.6 Konsepverklaring

Sekere konsepte in hierdie studie moet verklaar word om die betekenis en gebruik daarvan duidelik vir die leser te maak. Verder is ’n goed gedefinieerde konsep of begrip nodig om die fenomeen wat bestudeer/bespreek word, beter te verklaar. Deur die konsepte te verklaar, word ook ’n meer kontemporêre konteks en verstaan van die begrip geskep, wat die studie sal help in die ontwikkeling van die konseptuele raamwerk (Beard, 2000).

#### 1.6.1 Die Grensoorlog

Die konflikte op die grens van die destydse SWA en Angola, wat deel vorm van die later stadiums van die Koue Oorlog, is vandag nog ’n delikate en problematiese era in dié sin



© University of Pretoria

dat daar nie enige konsensus is oor die benaming van die konflik nie. Ek kies om die term ‘Grensoorlog’ te gebruik, juis omdat dit my agtergrond en verstaan van die konflik weerspieël. Die gevaar om ’n ander term soos die ‘Bosoorlog’ te gebruik, is dat dit ’n ander idee na vore bring. Daar moet ’n skeidingslyn wees tussen die konflikte aan die grens van die destydse SWA en Angola en die konflik op die grens met Rhodesië (nou Zimbabwe), wat grootliks ook teeninsurgensie-veldtogte was. Hierdie konflikte het in die bosse van Namibië (veral in die Caprivistrook) en Rhodesië (vandag Zimbabwe) plaasgevind. Dit is waar dat die ‘Bos’ ook na Angola kan verwys, maar die idee van die ‘grens’ wat ver van die Afrikaner se huis is, gee meer perspektief oor die ligging van die konflik. Die studie is in baie aspekte ’n persoonlike verteenwoordiging van my identiteit, my kultuur en hoe ek sin maak van die gebeure wat my en my familie gevorm het. Die inleiding van Baines se boek *South Africa’s ‘Border War’* (2014) hanteer die baie delikate kwessie met insig en empatie vir almal wat deelneem aan die gesprek. Dit is ook moontlik om te praat van die ‘Bosoorlog’ of die ‘Angolese oorlog’ (Baines, 2014), maar totdat ’n meerderheid van skrywers ’n konsensus bereik het (vergelyk met Tweede Anglo-Boereoorlog/Suid-Afrikaanse oorlog), gaan daar altyd verskillende verwysings wees vir die konflik. Verder is daar ook die ‘ander’ kant; Namibië se vryheidsbeweging beskou die oorlog as ’n rewolusie en die benoeming van die oorlog sal iets soortgelyk aan die ‘struggle’ wees, byvoorbeeld nasionale bevrydingsoorlog. Dit is belangrik om die perspektief van hierdie geskiedenis in gedagte te hou. Die sosiale lens waardeur jy na die konflik kyk, sal jou benaming en opinie daarvan inlig.

### 1.6.2 Veldslag

Die begrip ‘veldslag’ se definisie het nie regdeur die geskiedenis dieselfde gebly nie, omdat oorlog konstant verander soos wat nuwe tegnologie ontwikkel (Megret, 2011). Die Engelse woord *battle* verwys na ’n fisiese konflik en kan dan ook na die plek verwys waar daardie fisiese konflik binne ’n bepaalde tyd en konteks plaasvind. Daardie konflik kan enige plek plaasvind wat vir die doel vir die bepaalde konflik ‘gekies’ of ooreengekom is, dus is die plek waar die veldslag plaasvind ook ’n regskwessie, en ’n plek waar groot respek en aansien daarvoor gegee word (Megret, 2011).



© University of Pretoria

’n Veldslag vind ook nie in isolasie plaas nie en vorm deel van ’n operasie en breër ’n veldtog wat uiteindelik deel vorm van ’n groter gebeurtenis, naamlik ’n oorlog. Oorloë is regdeur die geskiedenis gesien as ’n manier vir soewereine lande om kragte te meet (Megret, 2011). In die moderne era is die definisie van ’n veldslag meer kompleks wanneer daar gekyk word na die aard van ’n konflik wat min onder konvensionele omstandighede plaasvind. In daardie opsig kan mens wonder wat dan beskou word as ‘konvensioneel’ en daardie definisie kan ook verander soos wat die tegnologie en denke van die tyd verander, oorweeg byvoorbeeld die oorlog teen terreur. Weens die aard en omvang van die oorlog teen terreur,  het dit nie noodwendig ’n vaste ruimte wat beskou kan word as die klassieke slagveld, soos aanvanklik deur Megret (2011) beskryf nie.

’n Veldslag (op see, land of in die lug) sal altyd ’n komponent van ’n oorlog wees. Oorloë is gekompliseerde en soms polities ingewikkelde gebeure, maar vanuit ’n militêre historiese perspektief, word die oorlog in ’n breër konteks beskou waar die slag die hoofdoel en fokus van die ondersoek is. In die konteks van die Grensoorlog, kan die slagveld beskou word as die ruimte of plek waar konflik ervaar is. Cuito Cuanavale word gewoonlik goed omskryf en vind plaas binne die bepaalde konteks van ’n konvensionele ruimte, indien daar vanaf die SAW se posisie gekyk word. Die teendeel is dat dié wat teen die SAW geveg het, nie noodwendig binne die bepaalde konteks van konvensionele oorlog gewerk het nie, maar eerder, in die geval van SWAPO, in die konteks van informele guerrilla-tipe oorlog geveg het. Die veldslag van die MPLA en die SAW is anders as die veldslag van die guerrillasoldaat. Die Slag van Cuito Cuanavale, soos hierbo bespreek, is ook ’n geval van ’n ruimte wat nie noodwendig akkuraat beskryf word nie. Die veldslag het grootliks in die gebiede suid van die dorp plaasgevind. Die slagveld is dus nie net die fisiese dorp van Cuito Cuanavale nie, maar die ruimte rondom die dorp vorm ook deel daarvan.

In sy totaliteit gesien, is veldslae georganiseerd, ongeag of al die partye ingestem het op die ruimte of nie. In die studie is die veldslag sentraal omdat dit ’n fisiese ruimte is waar konflik plaasgevind het en die dryfkrag is agter die mees ikoniese gebeurtenisse in ons geskiedenis. Dit het ’n impak op nie net die generasie wat daaraan deelgeneem het nie, maar ook op die latere generasies wat daardeur beïnvloed word.



© University of Pretoria

### 1.6.3 Perspektiewe

Perspektiewe in die konteks van die studie moet binne die bepaalde paradigma waarop die studie steun, gesien word. Interpretivisme word in Hoofstuk 3 breedvoerig bespreek, maar die beginsels daarvan is reeds relevant. Interpretivisme steun op die beginsel dat die realiteit subjektief is en dat die realiteit vir elke persoon anders is, en dat dit ’n konstruksie van die waarheid is (Wahyuni, 2012). Perspektiewe beskryf die verskillende maniere waarop realiteit ervaar kan word en dat daar verskillende of multiperspektiewe bestaan. Die konsep van multiperspektiwiteit ontstaan vanuit die verskillende perspektiewe wat rondom die gebeurtenis bestaan en wat almal anders ervaar. Dit is ook ’n sleutelkonsep vir skoolgeskiedenis. Daarom word daar in die analise van die Slag van Cuito Cuanavale juis gekyk na die verskillende perspektiewe wat deur graad 12-Geskiedenishandboeke weergegee word.

### 1.6.4 Handboek

Apple en Christian-Smith (2017) verklaar dat ’n handboek nie slegs gesien moet word as ’n dokument wat feite en inligting oordra nie. Die handboek se doel en plek binne die samelewing is groter as net ’n bron van kennis. ’n Handboek is eerder ’n dokument wat gesien moet word binne die lig van belange binne die samelewing. Omdat daar ’n kommersiële, politiese, ideologiese en opvoedkundige waarde daaraan geheg is, en deur mense met werklike belange geskryf word, dien die handboek (in die geval die Geskiedenishandboek) eerder as ’n manier om bepaalde verhale en idees, aan leerders, onderwysers en die samelewing oor te dra. Dit speel ook ’n beduidende rol in die manier waarop die samelewing en die kultuur van die samelewing beïnvloed en gevorm word.

Wat belangrik is vir hierdie studie, is dat die leser moet verstaan dat die handboek altyd binne die konteks van bogenoemde perspektief gesien moet word. Sonder om die mag en invloed van die handboek te verstaan, kan die impak van die studie nie werklik verstaan word nie. In die studie gaan daar ook telkens na ‘die handboek’ verwys word. Wanneer daar na die handboek verwys word, moet dit ook in die lig van die geselekteerde graad 12-Geskiedenishandboeke gesien word. Die twee terme,



© University of Pretoria

handboek en Geskiedenishandboek, het dieselfde betekenis, tensy anders vermeld word.

Die handboek is ’n integrale deel van die Suid-Afrikaanse kurrikulum en skoolstelsel, en vorm deel van die amptelike of programmatiese kurrikulum wat deur die nasionale departement van onderwys bepaal word. Onderwysers regoor die land steun op die bron in die klaskamer wat in die meerderheid van gevalle, die enigste beskikbare bron van inligting en kennis tot hul beskikking is. Vanuit die voorgeskrewe handboek word die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen vir graad 12 opgestel. Leerders moet blootstelling kry aan die spesifieke konsepte en terminologie wat in die handboeke gebruik word, daarom ek maak ek ook staat op die handboek in my klaskamer.

**1.7 Oorsig van teoretiese raamwerk**

Toe ek met die studie begin en die onderwerp gekies het, het ek begin deur myself te vra wat ek wil ondersoek. Die antwoord op daardie vraag het my in die rigting gestuur van die onderwerp en die spesifieke fokus en doel van die studie (Merriam & Tisdell, 2015). Die oorhoofse idee waarop die studie gebou word, is die idee dat daar kontroversiële onderwerpe in skoolgeskiedenis is waarmee die leerder en die onderwyser gekonfronteer word. In sulke situasies bring die leerder (kennis van hul ouers, ander familielede en die gemeenskap) en die onderwyser hul eie kennis oor ’n sekere onderwerp na die tafel en dit het die potensiaal om botsings of konflik te veroorsaak. Hierdie studie gaan teoreties grootliks steun op die idee dat kontroversiële onderwerpe bestaan, dat dit nie oorgesien behoort te word nie en dat al die opvoedkundige rolspelers (ouers, leerders, onderwyser, kurrikulum, die publiek en handboekskrywers) verskillende perspektiewe na die tafel bring.

Die teoretiese raamwerk vorm die basis waarop die studie aangepak is. Hierdie teoretiese raamwerk word induktief saamgestel en geformuleer deur ’n driebeenbenadering, met ander woorde die studie word geanker deur drie sleutelkonsepte te gebruik wat saam ’n algehele teoretiese benadering vorm.

Die eerste deel van die teoretiese raamwerk is die idee van kontroversiële onderwerpe. Sekere onderwerpe in die Geskiedenishandboek kan moontlik lei tot spanning weens



© University of Pretoria

die agtergrond en ervaring van leerders. Sommige van die inhoud wat in die Geskiedenishandboek verskyn, kan deel vorm van leerders se herkoms en agtergrond. Dit is hierdie begrip wat die res van die navorsingsproses fasiliteer (Pace, 2019). Die tweede begrip wat hierdie teoretiese raamwerk vorm, is die konsep van herkontekstualisering. Dit is ’n deurlopende proses waar kennis geproduseer en gesif word om inhoud vir handboeke saam te stel. Dit is eers wanneer herkontekstualisering ondersoek word dat ons kan sien hoe die inhoud gereduseer en geformuleer word om ’n eindproduk in die handboek voor te stel (Bertram, 2016). Die derde deel van die teoretiese raamwerk is die idee van stiltes (Huckin, 2002) wat teenwoordig is ná die proses van herkontekstualisering plaasgevind het. Stiltes in die konteks van die studie beteken teoreties dat daar stiltes oor spesifieke temas of onderwerpe teenwoordig is in die teks wat in handboeke verskyn. Die inhoud, soos dit in die graad 12-handboeke verskyn, is gereduseer vanuit ’n kennisraamwerk van die outeur en samesteller van die handboek én ’n narratief wat deur die publikasiemaatskappy geskep word.

Die idee van stiltes as ’n konseptuele raamwerk word breedvoerig in Hoofstuk 2 as deel van die literatuurstudie-oorsig bespreek. Die literatuur wat in Hoofstuk 2 gekies is, vorm die fondasie vir die teoretiese benadering.

In Hoofstuk 3 word bespreek hoe die drie sleutelidees gebruik word om ’n teoretiese raamwerk vir hierdie handboekanalise te bou.

### 1.8 Oorsig van die navorsingsontwerp en metodologie

In Tabel 1.1 word die navorsingsontwerp en metodologie opgesom. Die verskillende aspekte van die ontwerp en metodologie van die studie word deeglik in Hoofstuk 3 bespreek en uiteengesit.

*Tabel 1.1 Oorsig van die navorsingsontwerp en metodologie*

| **Navorsingsontwerp** |
| --- |
| Paradigma: Interpretivisme |
| Benadering: Kwalitatief |
| Ontologiese aannames: Relativisties |
| Epistemologiese aannames: Subjektief |



© University of Pretoria

| **Navorsingsmetodologie** |
| --- |
| Analise: Diskoersanalise |
| Metodes: Kritiese diskoersanalise |
| Steekproef: Doelgerigte steekproefneming |

Die navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie is die uiteindelike basis waarop die analise van die studie aangepak word. Dit verskaf konseptuele en filosofiese begronding vir die studie wat uiteindelik leiding gee tot die kies en toepassing van die soort analise wat gebruik behoort te word in die studie. Hierdie Geskiedenishandboekanalise word gedoen met die idee dat verskillende perspektiewe bestaan en dat daar bepaalde perspektiewe is wat in die handboek verskyn of weggelaat word (stiltes). Om daardie stiltes te identifiseer, moet gesteun word op ’n veelsydige analisemetode. Nie net die stiltes in die teks moet raakgesien word nie, maar ook die stiltes wat deel vorm van die teks, soos voorstellings, keuses van bronne en foto’s.

Die navorsingsontwerp en metodologie is kernelemente van enige studie wat deur middel van die paradigma en benadering leiding gee tot die keuse van die geskikte analisemetode wat in die studie gebruik gaan word.

## 1.9 Oorsig van studie

Hoofstuk 1 van hierdie handboekanalise oor die Slag van Cuito Cuanavale soos dit verskyn in graad 12-Geskiedenishandboeke is om die leser voor te stel aan die studie en om ’n deeglike agtergrond te skets oor die onderwerp van die studie. Verder dien Hoofstuk 1 as ’n oorsig van die res van die studie en as die inleidingshoofstuk van die handboekanalise.

In Hoofstuk 2 word ’n deeglike literatuurstudie-oorsig aangebied waar gekyk word na die literatuur wat handel oor historiografiese perspektiewe in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, die Koue Oorlog in verband met die Grensoorlog, die bestaande literatuur oor die Slag van Cuito Cuanavale, handboeke en die handboek as ’n genre, en hoe handboeke in die res van die wêreld konflik hanteer en aanbied. Hoofstuk 2



© University of Pretoria

bevat ook ’n bespreking oor die konseptuele raamwerk wat in hierdie studie gebruik word.

Hoofstuk 3 van hierdie dissertasie handel oor die navorsingsontwerp en die navorsingsmetodologie. Hierdie hoofstuk dien as beide die teoretiese grondslag en die praktiese wyse waarop die handboekanalise aangepak en aangebied word. Die hoofstuk bied ook ’n praktiese riglyn wat gebruik is om die analise van die drie gekose handboeke aan te pak. Hoofstuk 3 vloei logies in Hoofstuk 4, die analisehoofstuk, waarin die analise van die drie handboeke op drie vlakke, naamlik die voorgrond, agtergrond en die stiltes van die inhoud in die handboeke aangebied word. Die finale hoofstuk van hierdie studie, Hoofstuk 5, bevat die bespreking van die analise wat in Hoofstuk 4 aangebied word en ook die slotargument en bevindings van die dissertasie.

**1.10 Slot**

Hoofstuk 1 van die studie bied ’n uitleg van die oorsprong en doel van die studie wat gegrond word in my eie persoonlike, professionele en akademiese ervarings. Die studie bied ’n deeglike agtergrond aan wat die sleutel is tot die verstaan van die geskiedkundige gebeurtenis van die Slag van Cuito Cuanavale en die relevante konteks wat rondom die veldslag plaasgevind het. Die Slag van Cuito Cuanavale behoort nie in ’n vakuum beskou te word nie; die breë konteks moet ook beskou word omdat dit die betrokke veldslag verhelder en aanleiding gee tot die uiteindelike analise van die gekose graad 12-Geskiedenishandboeke. Die konteks wat hierdie hoofstuk aanbied, is nodig vir analisedoeleindes waar die kennisraamwerk voorgestel word om die stiltes wat in die gekose Geskiedenishandboeke voorkom, te identifiseer. Verder bied Hoofstuk 1 ’n uitleg vir die res van die studie aan wat dien as ’n riglyn om die fokus en doel van die studie aan die leser voor te stel.

In Hoofstuk 2 word die gesprek rondom konflik en erfenis deur middel van bestaande literatuur voortgesit en word aan die leser gedemonstreer hoe ander lande konflik in hul eie Geskiedenishandboeke hanteer.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2
# LITERATUURSTUDIE-OORSIG

## 2.1 Inleiding

Die literatuurstudie-oorsig se doel is om ’n oorsig te bied van die navorsing wat in ’n spesifieke akademiese veld plaasgevind het. Die oorsig behoort nie net bibliografiese inhoud te hê nie; daar moet krities gekyk word na die navorsing om die gapings en leemtes te vind waar jou eie navorsing kan inpas (Rewhorn, 2018:94). Om ’n breedvoerige en kritiese oorsig te bied oor die Grensoorlog, en spesifiek die Slag van Cuito Cuanavale, moet daar nie net gefokus word op die akademiese navorsing nie, maar ook op die sogenaamde “grys literatuur” (Rewhorn, 2018:144). Die uitdagings in die skryf van die literatuurstudie-oorsig was dat die onderwerp nie alreeds goed of deeglik nagevors is nie. Dit het dit moeilik gemaak om gebruik te maak van bronne wat gesag het soos joernaalartikels, verhandelinge en tesisse. Daarom sluit die oorsig, buiten vir akademiese werke, ook koerantberigte en meningsartikels in wat ’n blik verskaf oor die heersende perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale.

Hierdie studie se uitleg lê gesentreer binne twee gespesialiseerde vakdissiplines, naamlik geskiedenis en historiese opvoedkunde. My studie vind sy ontstaan daar waar die twee vakdissiplines met mekaar kruis. In ’n poging om die lyn van interseksie/kruising tussen geskiedenis en opvoedkunde te loop, moet die literatuurstudie-oorsig daarin slaag om ’n blik op beide vakke te bied, soos dit verband hou met die onderwerp. Die klem is egter op historiese opvoedkunde en daarom word daar nie net op historiese bronne[5] gefokus nie, maar ook op ander bronne wat opvoedkundig in natuur is, naamlik Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat vir die klaskamer ontwikkel is in die vorm van Geskiedenishandboeke. Om dié redes word hierdie hoofstuk in drie afdelings verdeel. Deel een fokus op die geskiedkundige aspek van die studie. Die fokus word geplaas op Suid-Afrikaanse historiografiese perspektiewe. Verder gaan gekyk word na literatuur wat oor die Grensoorlog gepubliseer is, veral met betrekking tot die Slag van Cuito Cuanavale. Die

[5] ’n Volledige historiese bespreking van die Grensoorlog is in Hoofstuk 1 uiteengelê.



© University of Pretoria

laaste deel van hierdie afdeling fokus op die Koue Oorlog en die Koue Oorlog-politiek van die vorige eeu. Die kernvraag hier is of die Grensoorlog-konflikte binne die Koue Oorlog geplaas kan word en of daardie konflikte as aparte politiese en ideologiese konflikte beskou moet word. Die skakel tussen die eerste en die tweede afdeling van die hoofstuk fokus op die KABV se Geskiedeniskurrikulum en die Koue Oorlog.

Die tweede afdeling van die oorsig fokus op die opvoedkundige aspekte van die studie en veral op die konsep van die handboek, die Geskiedenishandboek, en die doel en gebruik (as ’n politieke, ekonomiese en opvoedkundige dokument) daarvan. Hierdie politieke en opvoedkundige dokument gaan op ’n bepaalde wyse te werk om groot of ‘ikoniese’ veldslae te bespreek. Daar moet dus gekyk word hoe ikoniese veldslae in handboeke as die programmatiese kurrikulum hanteer word. Die finale element van die literatuuroorsig is ’n bespreking van vorige Geskiedenishandboek-analises.

Die inleiding behoort nie net ’n roetekaart te skep van die hoofstuk nie, maar moet ook die leser help om te verstaan wat bedoel word met ’n literatuuroorsig en hoekom ek die literatuuroorsig aanbied. Al die literatuur wat ek gekies het om in die studie in te sluit, is gevorm deur artikels en boeke wat my ten opsigte van my studie geïnspireer het (Harris, 2020:140). Idees soos herkontekstualisering, stiltes en die breër onderwerp van die Grensoorlog (veral die Slag van Cuito Cuanavale) is deur die literatuur geïnspireer. My idees en denke in die navorsing is my eie, maar kan nie bestaan sonder die gesprek wat reeds plaasgevind het nie (Harris, 2020:13). Om ’n oorsig van die literatuur aan te bied, gee ek die leser ’n ander insig tot my studie wat nie in Hoofstuk 1 van die studie plaasgevind het nie. Die insig wat ek hier bied, is een van inspirasie wat ek van die kundiges rondom die onderwerp gekry het, sowel as my interpretasie binne die onderwerp. Deur die literatuur aan te bied op die manier wat ek dit hier gaan doen, word ’n beeld geskep van my verstaan rondom die onderwerp en hoekom ek die studie metodologies volgens ’n bepaalde manier gevorm het (Hoofstuk 3). Hoofstuk 2 dien derhalwe as ’n uitbreiding van die werk wat in Hoofstuk 1 gedek is.



© University of Pretoria

## 2.2 Historiografiese narratiewe in Suid-Afrikaanse geskiedenis

Bepaalde historiografiese perspektiewe heers in Suid-Afrikaanse akademiese kringe. Die bepaalde perspektiewe van hoe geskiedenis(bronne) geïnterpreteer word, vorm die basis waarop geskiedenis vertel word en hoe daardie geskiedenis beoordeel moet word. Die verlede word deur verskillende lense geïnterpreteer en beskryf, en die bepaalde lens het ’n groot impak op hoe die verlede gesien word en daardie narratief van die verlede saamgestel word (Rigney, 2013). Volgens Lorenz (2008), word moderne geskiedskrywing geag as ’n metodologiese dissipline wat op soek is na die ‘waarheid’, waar alle mites wat in die geskiedenis bestaan, uitgesoek behoort te wees en vervang te word (Lorenz, 2008:36). Hierdie sogenaamde historiese waarheid word bepaal deur ’n spesifieke lens waardeur die geskiedkundige na die verlede kyk, hetsy dit vanuit die Franse Annales-skool, vorm van historiografie wat in Frankryk ontstaan het, of omgewingsgerigte historiografie kom (Rigney, 2013). Historiografie het dus te doen met die manier waarop geskiedkundiges na die waarheid soek om die verlede te verwoord. Hierdie soeke na die waarheid word verder gekontamineer/verwerk en op ’n bepaalde wyse deur historici aangebied. Die professionele geskiedkundige het, volgens Lorenz (2008), oorspronklik ontstaan vanuit die nood om ’n nasionale identiteit te vorm. Die nasionale identiteit van die burgers in die nasiestaat is aangevul en leiding gegee deur die aansporing van die geskiedkundige om ’n nasionale narratief te skets wat geskoei was op die waarheid van die ontstaan van die nasie (Lorenz, 2008). Maar daar is ook ander vertrekpunte buiten die nasionalistiese beskouing, soos die liberale en revisionistiese beskouing (Partner & Foot, 2013). Daarom argumenteer ek dat historiografie te doen het met die perspektief waardeur die geskiedkundige met al hulle vooropgestelde idees en wêreldbeskouings na die verlede kyk. As die geskiedkundige oor die verlede skryf, kan daardie geskiedkundige se perspektiewe oor dit wat geskryf word, bepaal word deur die doel van die geskiedskrywing, die doel van die boodskap wat oorgedra word en die bronne waarop staatgemaak is. Hierdie perspektiewe word ook verder bepaal deur hoe mense in die samelewing funksioneer. Verskillende groepe ervaar en sien die wêreld deur ’n reeks faktore wat hulle persepsie van die wêreld en die verlede bepaal. In terme van die studie byvoorbeeld kan die gebeure by die dorp van Cuito Cuanavale op verskillende maniere beskou word en die uitkoms daarvan



© University of Pretoria

uiteenlopend geïnterpreteer word afhangende van wie na die gebeurtenis kyk. Daarom word daar verwys na ‘verskillende waarhede’, oftewel mites, in die geskiedenis (Lorenz, 2008:39).

Verder moet historiografie ook binne die konteks van letterkunde gesien word. Geskiedenis moet beskou word as ’n vertelling van die verlede deur die persoon wat dit oorvertel. Die basis waarop geskiedenis geskryf word, is deur die verlede se verhale of voorwerpe te bestudeer en dan die interpretasie op ’n narratiewe manier aan te bied (Fulda, 2014; Rigney, 2013). Die beskouing van geskiedenis as ’n bron van fiksie – nie dat die feite fiktief is nie – skep die idee dat die verlede oorvertel word soos ’n verhaal of ’n storie en dat die geskiedskrywer se eie ideologie daardeur weerspieël word (Curthoys & Docker, 2013; Fulda, 2014). Fulda (2014) verduidelik dat die temas wat in die letterkunde voorkom, ook in die geskiedenisverhale voorkom. Voorbeelde soos humor, geregtigheid en satire staan sentraal in die skryf van die geskiedenis aan die hand van die mense se ervaring daarvan. Die manier waarop die storie oorvertel word, en die agenda daaragter, skep betekenis en vorm die verhaal van die verlede (Fulda, 2014).

Historiografie word beïnvloed deur ’n reeks faktore, soos die omgewing, tyd en doel van die geskiedskrywer. Die argument wat voorgestel word, is dat die verlede of die vertelling van die verlede beïnvloed word deur die samelewing en dat geskiedenis se subjektiwiteit gesien moet word binne die bepaalde doel van die teks wat geproduseer word. Eers wanneer die agenda, perspektief of selfs paradigma geïdentifiseer word, kan die feite van die verlede geskei word van die narratief wat geskets word. Net soos fiksie is daar elemente van mite en feite, en daarom moet die geskiedenis geskei word van die narratief sodat die stiltes in die narratief geïdentifiseer kan word (Huckin, 2002). Dit is daarom juis belangrik om die historiografiese perspektiewe in die Suid-Afrikaanse konteks te bespreek sodat die narratiewe wat in graad 12-Geskiedenishandboeke in Suid-Afrika heers, geïdentifiseer kan word.

Na aanleiding van Visser (2004b), maak ek afleidings dat daar twee historiografiese motiverings bestaan vir hoekom geskiedkundiges geskiedenistekste saamstel. Hierdie motiverings kan soos volg voorgestel word: (1) geskiedenis wat geskryf word vanuit ’n



© University of Pretoria

bepaalde historiese tyd en era; en (2) geskiedenis wat geskryf word om ’n bepaalde politiese agenda of beweging voor te stel. Die twee oorhoofse motiverings sluit bymekaar aan en deel eienskappe met mekaar. ’n Bepaalde gebeurtenis kan deur beide motiverings voorgestel word, maar hoe daardie gebeurtenis voorgestel gaan word, word bepaal deur die lens waardeur die skrywer kyk. Wat die twee motiverings wel uniek maak, is die doel wat historiese navorsers van elke afsonderlike motivering/lens/uitgangshoek gehad het. In die geval van lense wat binne ’n bepaalde historiese tydperk oor daardie tydperk geskryf word, is die doel om ’n tipe kroniek te skryf wat heldedade van die koninkryk of die setlaars probeer beskryf, byvoorbeeld tekste wat vroeër geproduseer is vanuit die Britse imperialistiese skool en die setlaars of koloniale skool (Dladla, 2018; Visser, 2004b). Die geskiedenisse van die Britse Ryk en die Kaapkolonie is voorbeelde van die heldedade van figure soos Cecil John Rhodes (Britse imperialis en eerste minister van die Kaapkolonie tussen 1890 en 1896) en die lede van die Afrikanerbond wat as politieke party in die Kaap ontstaan het (Giliomee, 2012). Die historiografiese skool wat gesentreer het rondom Britse imperialisme en setlaarsgeskiedenis het nie net ’n politieke doel gehad nie, maar het geskiedenis vanuit ’n bepaalde perspektief geskryf. Die doel van hierdie verhale as geherkontekstualiseerde akademiese geskiedenis, was om die geskiedenis van die koninkryk of die kolonie te skryf. Derhalwe is min tot geen aandag gegee aan ander gebeurtenisse of perspektiewe wat in daardie periode plaasgevind het nie (Visser, 2004b). Verder is daar politieke motiverings vir die skryf van die geskiedenis, veral wanneer dit kom by Afrikaner-nasionalistiese geskiedenis. Die twee oorhoofse motiverings vir die saamstel van geskiedenistekste in Suid-Afrika, soos eerder beskryf, kan nie gesien word as uitsluitlik nie. Omdat ons almal beïnvloed word deur ons erfenis en politieke oortuigings, kan dit wat ons skep, insluitende Geskiedenishandboeke, nie daarvan losgemaak word nie. Die feit dat geskiedenis nie losgemaak kan word van politieke oortuigings nie, word ook deur Dladla (2018) beklemtoon. Dié redenasie word verder uitgebrei dat die geskiedkundige polities optree ter wille van die gemeenskap waaraan hy behoort (Dladla, 2018). Die vraag is daarom deurlopend wat die doel was vir die skep van ’n teks en hoe dit bydra tot die gesprek wat in die openbaar, in die geval van die studie van Geskiedenishandboeke, plaasvind.



© University of Pretoria

Suid-Afrika het 'n komplekse geskiedkundige agtergrond juis as gevolg van die diversiteit van denke en agtergronde wat in ons samelewing teenwoordig is. Dit kom duidelik na vore wanneer daar byvoorbeeld gekyk word na die uiteenlopende perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale. Die verskille tussen Kasrils (2013), Scholtz (2018) en selfs Gleijeses (2002a); Gleijeses (2013b) illustreer die idee. Al drie die skrywers kyk na die verlede op verskillende maniere. Scholtz bestudeer die konflik vanuit die SAW en meer kontemporêre Afrikaner-denkskole, terwyl Kasrils en Gleijeses vanuit die Kubaanse en Angolese perspektief daarna kyk. Derhalwe is daar ook uiteenlopende historiografiese verskille. Kasrils skryf die artikel oor die Slag van Cuito Cuanavale vanuit 'n duidelike sosialistiese perspektief, waar Gleijeses vanuit 'n akademiese perspektief skryf. Dit is dus duidelik dat historiografiese perspektiewe bepaal word deur die beskouing van die wêreld en die verlede soos hierbo beskryf, en dieselfde kan van skoolhandboeke gesê word.

Die historiografiese perspektiewe in Suid-Afrika het die laaste eeu voortdurend verander soos wat die plaaslike en internasionale politieke denke verander het. In terme van die era waarin ons onsself nou bevind, is dit krities om te bepaal wat die huidige motivering is vir die saamstel van geskiedenistekste, soos akademiese geskiedenis en skoolhandboeke. Hierop word uitgebrei deur Dladla (2018), wat voorstel dat die stelsel waarop Suid-Afrikaanse geskiedskrywing geskoei is, een is wat ontstaan het vanuit die onderdrukking van die inheemse bevolking. Dit beïnvloed ons denke in postapartheid-Suid-Afrika, veral wanneer 'n nuwe generasie van geskiedskrywers aan die gesprek begin deelneem. Die twee teenoorgestelde kante van die oudpolitieke spektrum is steeds deel van die geskiedkundige diskoers, maar die bewegings binne Suid-Afrika is om te fokus op Westerse denkskole wat beskryf kan word as liberale idees (sommige verwys daarna as die 'woke'-idees), Afrika-denkskole van dekolonialisasie (Dladla, 2018; Lamola, 2018) en toenemend erfenisgeskiedenis (Mugovhani & Seda, 2018). Suid-Afrika se multikulturele agtergrond maak dat ons gesamentlike verlede uit menigte perspektiewe en uitgangshoeke bestudeer en geskryf gaan word. Visser (2004b) maak die stelling dat Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n tipe normaliteit gaan beleef in die post-



© University of Pretoria

1994-era van historiografie. In 2004 het Visser al voorgestel dat die geskiedenis van gender en homoseksualiteit, sowel as MIV/Vigs belangrike onderwerpe gaan wees.[6] Verder het hy ook alreeds die nuwe era van geskiedskrywing beskryf as iets wat kan fokus op sosiale geskiedenis, liberale Afrikanisme en ook ANC-gedrewe ideologiese perspektiewe (Visser, 2004b).

Aansluitende by bogenoemde is daar bewegings in Suid-Afrika wat aktief besig is om die geskiedenis van die inheemse mense van Suid-Afrika, sowel as Afrika in die geheel, los te maak van die koloniale verlede. Dit gaan soms gepaard met die dekolonialisasie van die kurrikulum, hetsy op basiese onderwysvlak of op die hoëronderwysvlak. Radikale denke, soos dié van Dladla (2018), maak dit duidelik dat die geskiedskrywing van Afrika-geskiedenis en die ander tradisies, soos die liberale, radikale en Engelse tradisies van geskiedskrywing, daarop uit is om die inheemse bevolking ter wille van hul eie gemeenskap na die kantlyn te skuif. Hy stel voor dat die idee van Suid-Afrika en die Konstitusie van die Republiek moet verval en dat geskiedenis vanaf die Azania-perspektief ’n nuwe ‘Suid-Afrika’ moet vorm (in naam, identiteit en oorvertelling van die verlede) (Dladla, 2018).

Die vraag is egter: Waar pas my studie en die historiese tekste waarop ek my navorsing baseer, in? Hierdie vraag is ’n moeilike een om te beantwoord, want ek word gekonfronteer met ’n wye spektrum van tradisies en lense binne die geskiedenisgemeenskap. ’n Tema soos die Grensoorlog is een wat moeilik geposisioneer word in die ou én die nuwe bedeling. Met betrekking tot Afrikaner-nasionalistiese geskiedskrywing van die ou bedeling, was daar hewige fokus op die skep van geskiedenis wat die Afrikaner waarsku teen die rooi gevaar en om die Afrikaner se verlede as ’n uitverkorene volk te beklemtoon (Visser, 2007), asook ’n geskiedenis wat fokus op die vooruitgang van die ‘volk’ en die preservering van Calvinistiese Afrikanerdenke en -tradisies (Visser, 2007). Verder word dit wat as historiese waarheid deu Afrikaners geag word, geklassifiseer as mite binne die nuwe bedeling, waar die klem op die oorgang van apartheid na demokrasie lê, sowel as

[6] Sien Du Pisani, K. 2012. Shifting sexual morality? Changing views on homosexuality in Afrikaner society during the 1960s. *Historia*, 57(2):182-221.



© University of Pretoria

nasiebougeskiedenis wat sy oorsprong in die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) vind (Stolten, 2007; Unterhalter, 2007). In meer kontemporêre historiografie pas die verhaal van die “onderdrukker” se “onregverdige oorloë van kolonisasie” (Dladla, 2018:415) nie in die konteks van die Suid-Afrikaanse diskoers nie. Selfs vanuit erfenisgeskiedenis (Visser, 2004b) word die dade van die vorige bedeling sterk teengestaan, wat in die verlede en selfs vandag nog ’n bron van pyn is vir baie mense in die land, en die monumente van die Grensoorlog en die Afrikaner word geag as ’n simbool van die verlede wat verby is.

Die nie-amptelike narratiewe van die Grensoorlog bevind hom nog grootliks binne die Afrikaner-tradisies van die skryf van geskiedenis. Dit kan gesien word op YouTube waar die ervarings van soldate gedeel word (Scheepers, 2013) en deur ’n dokumentêre reeks, *Grensoorlog*, wat op kykNET uitgesaai is (De Jager, 2011). Hierteenoor is die werk deur Baines (2014) grootliks binne die tradisie van die liberale en hersiene skool van geskiedenis geskryf. Leopold Scholtz se werk probeer ’n gebalanseerde vertolking gee, maar hy skryf vir en uit ’n bepaalde gemeenskap wat sy opinies en metodes beïnvloed. My eie werk word deur die lense bepaal waaruit Scholtz (2020), Geldenhuys (2011) en Steenkamp (1990) skryf. Die enigste verskil tussen ons is die huidige posisie van my generasie. Alhoewel die manier waarop ons die verlede sien, bepaal word deur skrywers van ouds, word ons idees en sienings aangepas om binne die nuwe Suid-Afrikaanse konteks te pas (die enigste Suid-Afrika wat ek ken).

Binne die konteks van hierdie studie is dit moeilik om die historiografiese perspektiewe in duidelike kategorieë te plaas. Aan die een kant is daar gepubliseerde akademiese werke wat sinvolle bydraes maak tot die studie wat hieronder bespreek word. Aan die ander kant, is daar bronne waarvan die enigste bydraes wat gemaak word, is om agendas en ideologiese uitgangshoeke te identifiseer. Die doel van die skrywers, in elk van die voorbeelde wat in die volgende afdeling bespreek word, is om ’n bydrae te maak tot die kennis van minderhede se geskiedenis (of dit nou is met die doel van nasiebou of om die verlede te herkontekstualiseer), die strugglegeskiedenis weer te beklemtoon (om die relevansie van die verlede in die kieser se gedagtes te hou) of om die ou politieke debat van die Koue Oorlog voort te sit (kapitalisme teen kommunisme).



© University of Pretoria

In die konteks van my studie is ’n breë verstaan hiervan nodig, want dit het ’n invloed op die graad 12- Geskiedenishandboeke wat ek analiseer.

### 2.3 Die Grensoorlog as konflik binne die Koue Oorlog?

Die Grensoorlog word in die studie binne die konteks van die uitgebreide Koue Oorlog beskou. Die uitbreiding van die Koue Oorlog na die sogenaamde Derde Wêreld is ’n kernkonsep in die studie en vorm die invalshoek van die graad 12-Geskiedenishandboeke om die konflik te bestudeer. Dié afdeling gaan kyk na die Grensoorlog binne die konteks waarin dit plaasgevind het (die agtergrond soos uiteengesit in Hoofstuk 1) om vas te stel waar dit inpas, hetsy binne die Koue Oorlog of as deel van Suid-Afrika se struggle-/anti-apartheidgeskiedenis. Dit is weereens belangrik vir die konteks van die handboeke wat ek gaan analiseer.

Die Koue Oorlog was ’n wedywering tussen die twee heersende politieke en ekonomiese ideologieë van die tyd, naamlik kommunisme en kapitalisme. Dit het ontstaan vanuit die Tweede Wêreldoorlog om ’n nuwe wêreldorde van dominante politieke en ekonomiese sfere van invloed te skep (Marc, 2012). Die kompeterende ideologieë het die wêreld verdeel tussen drie groeperings, die Weste (die VSA as leier), die Oosblok (gelei deur die USSR) en die sogenaamde Derde Wêreld-lande (Tomlinson, 2003). Die kompeterende ideologieë het daarop uitgegaan om die Derde Wêreld te oortuig van hul onderskeie ideologieë. Afrika het die grootste deel uitgemaak van die Derde Wêreld, vanweë die ontstaan van nuwe onafhanklike Afrika-lande na onafhanklikheid vanaf die 1950’s. Die lande het onafhanklikheid verkry deur een van twee maniere, naamlik vreedsame onafhanklikheid vanaf die koloniale heersers of deur ’n onafhanklikhiedsoorlog te voer teen die koloniale heersers. Dikwels het die vreedsame onafhanklikheidsproses ook oorgegaan na burgeroorloë tussen kompeterende leiers en politieke figure.[7] Dit is binne hierdie konflikte wat die ideologieë gekompeteer het vir invloed en toegang tot Afrika se hulpbronne, wat voorheen slegs

[7] Verskeie Afrika-lande, onder andere die Kongo en Angola, het hewige konflikte ervaar wat langtermyngevolge vir die inheemse bevolking van daardie land gehad het. Sien Hoofstuk 1 vir agtergrond tot die Angolese Burgeroorlog.



© University of Pretoria

beskikbaar was vir die koloniale heersers. Die vraag is egter of die konflikte wat Suider-Afrika ervaar het, deel is van die breër Koue Oorlog-stryd wat in die wêreld van die tweede helfte van die 20ste eeu gewoed het.

Die invloed wat die Koue Oorlog op die politiek van die vorige eeu gehad het, kan nie geïgnoreer word nie. Russiese betrokkenheid in Afrika is moontlik niks meer as blote ontginning van natuurlike hulpbronne nie. Olie in die Cabinda-streek, sowel as in Somalië, is moontlik die hoofdryfkrag van Russiese betrokkenheid in Afrika (Eidelberg, 2015). Teen die einde van die 1970's was die USSR besig om 'n verandering in leierskap en politieke bestuur te ervaar. Die invloed van 'n veranderende globaliserende wêreld het die USSR se ekonomiese vooruitsigte verswak. Die USSR se ekonomiese infrastruktuur was nie geskik vir die soort uitbreiding vir oliedominansie nie, en die Afrikaner-nasionalistiese strewes in Angola en Namibië het gesorg vir 'n lang uitgerekte konflik wat beskryf kan word as 'n streeksoorlog met Koue Oorlog-eienskappe (Eidelberg, 2015). Daarteenoor was die VSA ook betrokke in die Koue Oorlog-konflik om hul eie invloed te bevorder.




*Figuur 2.1 Anti-diensplig-plakkaat*

Bogenoemde word netjies geïllustreer in 'n artikel van Gary Baines (2003). Hy gebruik 'n illustrasie van *End Conscription Campaign* ('n anti-dienspligorganisasie) as inspirasie vir die artikel (Figuur 2.1). Wat hierdie figuur bereik, is om die idee van die VSA se mislukkings in Viëtnam met dié van Suid-Afrika se eie pogings in Angola te beskryf. Die



© University of Pretoria

herinneringe wat die figuur behoort te herroep, is dié van foute en tragedie wat in Viëtnam plaasgevind het. Idees rondom vergelyking en kontras tussen die twee konflikte (Viëtnam en Angola) kom sterk na vore in Baines (2003). ’n Historiese sleutelbegrip is die vergelyking tussen historiese gebeure om die ooreenkomste en verskille te identifiseer en te analiseer. Wat die plakkaat bydra tot die debat, is die vergelyking van die ooreenkomste en verskille van ’n Koue Oorlog-konflik wat soms as ‘warm’ beskryf kan word. Figuur 2.1 slaag daarin om die Koue Oorlog in ’n ander deel van die wêreld deel te maak van die konflikte in Suider-Afrika.

**2.4 Bestaande literatuur rondom die Slag van Cuito Cuanavale**

Na aanleiding van die literatuur wat hierbo beoordeel is, moet die Slag van Cuito Cuanavale in ’n bepaalde lig en konteks geplaas word om die gebeure en die analise daarvan te kan beoordeel. Deur te kyk na bepaalde literatuur wat reeds rondom die Slag van Cuito Cuanavale bestaan, word daar ook gekyk na die bepaalde lense wat die skrywers (ondersoekers van die onderwerp) gebruik het om hul weergawe van die gebeure weer te gee. In daardie proses word die oorsig tematies volgens die verskillende perspektiewe uiteengesit. Om dit te doen, wil ek op twee tipes literatuur fokus, naamlik geskiedkundige historiografie wat bestaan uit boeke en joernaalartikels wat geskryf is deur akademici, en dan ook koerantberigte en -artikels wat deur verskeie joernaliste geskryf is. Ten opsigte van die literatuurstudie-oorsig word koerante en tydskrifte as ‘grys literatuur’ beskryf. Grys literatuur is literatuur wat bestaan rondom dit wat bestudeer en saamgestel word, en nie direk deur akademiese eweknieë beoordeel word nie. Artikels wat op webtuistes en in koerante verskyn, is voorbeelde hiervan (Rothstein & Hopewell, 2009:122). Sulke bronne word ook in hierdie studie gebruik om ’n meer gebalanseerde en deeglike beskouing oor die Grensoorlog in moderne Suid-Afrika aan te bied. Daar is ’n beperkte aantal akademiese erkende bronne wat spesifiek oor die Slag van Cuito Cuanavale en die Grensoorlog handel omdat die meerderheid van primêre Suid-Afrikaanse bronne nog nie gedeklassifiseer is nie sowel as Kubaanse primêre bronne wat nie toeganklik is nie. Die gebruik van grys literatuur kan daarom bydra tot die betroubaarheid van die studie (Rothstein & Hopewell, 2009). Grys literatuur kan help om lig te werp op die gesprekke wat plaasgevind het in die openbaar,



© University of Pretoria

hetsy deur artikels in daaglikse en weeklikse koerante, of selfs die Parlement van Suid-Afrika se tydskrif.

Voordat daar spesifiek na die twee tipes literatuur gekyk kan word, moet ek die keuse van tekstipes bespreek. Die doel van hierdie deel van die literatuuroorsig, was om bronne en skrywers te raadpleeg wat as erkende bydraers tot die veld beskou word. Binne die konteks van die Grensoorlog is daar in die laaste 20 jaar heelwat hieroor gepubliseer, in die vorm van boeke geskryf deur soldate en hoërangoffisiere wat aktief in die Grensoorlog deelgeneem het. Die veterane van die Grensoorlog vertel toenemend van hul ervarings in die weermag en op die slagveld; voorbeelde hiervan kan gesien word in die boeke *Weermagstories: dienspligtiges verbreek die stilte* (Schoeman, 2015) en *Across the border: surviving the secret war in Angola* (McFarlane, 2022). Heelwat tekste is ook deur politieke leiers en joernaliste geskryf wat ’n aandeel in die verhaal het. Koerantberigte en -artikels wat deur joernaliste en politici geskryf is, is nie noodwendig die immergroen outeurs van die onderwerp nie, maar hulle maak steeds ’n bydrae tot die onderwerp wat nie uitgeskakel kan word nie (Rothstein & Hopewell, 2009). Daar is telkens artikels en uittreksels van hierdie outeurs in die graad 12-Geskiedenis-eindeksamens en in die handboeke.

Die drie dominante narratiewe wat geskets word rondom die Slag van Cuito Cuanavale is uiteenlopend. Die eerste narratief wat geskep is na die Slag van Cuito Cuanavale, wat ek as die hoofstroomnarratief klassifiseer, is die narratief wat deur Gleijeses (2013b) beskryf word. Gleijeses (2013b) se oorhoofse narratief sentreer rondom die idee dat die apartheidsregering se oorlog en ambisies in Angola ’n totale mislukking was. Hierdie siening word verder ondersteun deur Kasrils (2013) se narratief in die sosialistiese vaktydskrif *Monthly Review: An Independent Socialist Magazine* en dit is om die idee van totale mislukking te beklemtoon. Die tweede narratief wat geskep is, beskou die oorlog as ’n totale oorwinning. Die argument vir hierdie narratief, is dat die SAW daarin geslaag het om die FAPLA-offensief suksesvol teen te staan. Hierdie narratief word meestal deur voormalige soldate en oudgeneraals weergegee, soos in Geldenhuys (2011), of as deel van die grys literatuur (Scholtz, 2008; van Heerden, 2008). Die 20-jaar-herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale wat in 2008 deur die



© University of Pretoria

ANC-regering aangekondig is, het baie reaksie onder oud-SAW-lede en politici ontlok. Die reaksie het in verskeie koerante uitgekom: “Viering van Cuito-Sege belaglik” (du Toit, 2008) en “Dit gaan oor meer as net Cuito Cuanavale” (van der Walt, 2008) (*Beeld*); “Keer dat die ANC die geskiedenis kaap” (Scholtz, 2008) (*Burger*); “Groot propaganda leuen” (van Heerden, 2008) (*Rapport*); “Truth is always the first casualty” (Seery, 2008) (*Saturday Star*) en bietjie vroeër “Cuito Cuanavale revisited” (Gleijeses, 2007) (*Mail & Guardian*). Hierdie artikels bied die menings van die mense wat daar was, asook dié van joernaliste en akademici. Die derde en laaste narratief wat geskep is, val meer binne die akademiese bestudering van geskiedenis. Alhoewel Gleijeses (2013b) ook in die kategorie pas, val sy narratief in ’n ander kategorie. Die narratief wat hier geskep word, is een waar daar nie ’n volslae ‘wenner’ is nie, en dat die gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale die bepaler was in die narratief rondom wie die oorlog gewen het. Skrywers wat hier ingesluit word, sluit in Scholtz (2020), Baines (2014) en Hill (2021).

Die perspektief van akademiese geskiedskrywers is divers. Vir die doel van die oorsig fokus ek grotendeels op die skrywe van Scholtz (2020) en Gleijeses (2013b). Die twee skrywers se standpunte is oor die jare gevorm deur navorsing gebaseer op primêre bronne en is derhalwe in my opinie meer betroubaar. Leopold Scholtz se boek, *Die SAW en Cuito Cuanavale: ’n taktiese en strategiese analise* (2020), bied ’n deeglike insig in die besluitneming van die opperbevel van die SAW en die stand van sake op die grond tydens die veldslag. Die boek steun op primêre bronne om ’n ‘gebalanseerde’ oorsig oor die gevegte buite die Angolese dorp van Cuito Cuanavale te bied. Alhoewel Scholtz grotendeels steun op onlangse vrygestelde SAW-dokumente van die tydperk, kyk hy ook na die skrywe van Russiese raadgewers soos Igor Zjdarkin, wie se dagboek gebruik is in Shubin en Tokarev (2011) se boek *Bush War: the road to Cuito Cuanavale: Soviet soldiers’ accounts of the Angolan war*. Scholtz kyk ook na die boeke en onderhoude van generaals soos Roland de Vries, Jannie Geldenhuys, Kat Liebenberg en Willie Meyer, en ander bevelvoerders, en gebruik hul kennis en geheue om die verhaal te vertel. Hy maak ook staat op skrywers soos Piero Gleijeses (2013b) (wat die verhaal van die Kubane en Angolese magte in detail bespreek) en Fred Bridgland (2020). Hy is ook die skrywer van talle joernaalartikels oor die tydperk (Scholtz, 2010; Scholtz, 2012; Scholtz, 2017; Scholtz, 2018) en veral oor die “Slag van Cuito



© University of Pretoria

Cuanavale”. In die artikel *Suid-Afrika se strategiese posisie en die “Slag van Cuito Cuanavale”* (2012) bespreek hy deeglik die posisie waarin die SAW homself in 1987 en 1988 by die Tumpo Driehoek bevind het.

Piero Gleijeses word gesien as ’n bekwame akademikus (Scholtz, 2011:123) wat breedvoerig skryf oor die Koue Oorlog-tydperk, veral met die fokus op Suid-Amerika en Westerse kapitalistiese invloed. In 2013 publiseer hy *Visions of freedom: Havana, Washington, Pretoria, and the struggle for Southern Africa, 1976-1991.* Dié boek volg op verskeie joernaal- en koerantartikels (Gleijeses, 2002b; Gleijeses, 2007) wat hy geskryf het oor die Slag van Cuito Cuanavale. Hy is ook een van die min Westerse akademici wat toegelaat is om Castro se argiewe oor die tydperk na te vors en verkry ’n unieke blik op die stand van sake in Kuba en sy verhoudinge met die USSR. *Visions of freedom* (Gleijeses, 2013) gee die siening vanaf die sogenaamde anderkant en bevat perspektiewe van Fidel Castro en dié wat aktief teen die SAW geveg het, en is die Angolese en Kubaanse perspektief oor die oorlog en die Slag van Cuito Cuanavale. Wat opvallend is oor Gleijeses se boek, is die gedetailleerde beskrywing van hoe die Kubane die stand van die oorlog beskou het en hoe die gebeure in die groter prentjie van die Koue Oorlog verloop het. Hy slaag daarin om die Slag van Cuito Cuanavale binne die groter konteks te plaas. Beide Gleijeses en Scholtz gee ’n akademiese perspektief wat vandag min gesien word. Hul weergawes en narratiewe is verskillend, en hulle is steeds tot ’n groot mate nie die “belangrikste” skrywers oor die onderwerp nie. Alhoewel Gleijeses se narratief meer “amptelik” is, word sy werk, en Scholtz s’n, soms oorskadu deur die boeke en narratiewe van die politici en ander wat ’n belang in die gebeurtenis gehad het. mense wat dit eerstehands ervaar het. Voorbeelde in dié verband is Kasrils (2013), deVries (2017) en Steenkamp (1990).

**2.5 Die gebruik en doel van handboeke**

Volgens wat in die die KABV-Geskiedenis (2011) uiteengesit is en geherkontekstualiseer is vir graad 12-Geskiedenis moet die Koue Oorlog en die Slag van Cuito Cuanavale binne daardie riglyn bestudeer word. Op sy beurt word die KABV-Geskiedenisdokument geïnterpreteer en gebruik om handboeke te skep wat deur die



© University of Pretoria

Departement van Basiese Onderwys goedgekeur moet word vir gebruik in skole. Voorafgenoemde is die konteks van die literatuurbeoordeling oor die handboeke wat hierna volg.

Die Suid-Afrikaanse samelewing – post-1994 – is ’n komplekse samelewing wat gereeld met die verlede worstel om sin te probeer maak van hoe om as ’n samelewing te funksioneer. Dit is binne hierdie komplekse samelewingstruktuur en vanuit die oogpunt van ’n postkonflik-samelewing wat die graad 12-Geskiedenishandboeke, gekies vir die studie, bestudeer word (Bentrovato, 2017). Die handboek in ’n breë sin is ’n klaskamerhulpmiddel wat gebruik word vir leer- en onderrigdoeleindes. Die handboek het ’n politieke en kommersiële waarde (Apple & Christian-Smith, 2017), wat in sommige gevalle deur die regering gestandaardiseer word en in ander gevalle onafhanklik bepaal word. Hierdie afdeling gaan fokus op die breër verstaan van handboeke en die rol daarvan. Verder word dit uitgebrei om na die handboek binne die bepaalde konteks van geskiedenis te kyk. Die Geskiedenishandboek dien ’n spesifieke ideologiese doel in bepaalde samelewings en kontekste. As sodanig is die Geskiedenishandboek menige kere ’n weerspieëling van die samelewing se verlede en die pad waarop die samelewing polities en ideologies is.

Handboeke is ’n manier waarop onderwysers, in die geval van skoolstelsels wat nie streng deur beleid beheer word nie, ’n kurrikulum kan skep en volg. Die handboek dien dan in dié opsig as die kurrikulum. In Amerikaanse skole verskil die onderwysstelsel van deelstaat tot deelstaat, maar dit is nie die geval in Suid-Afrika nie. Die belangrikheid van die handboek in die VSA word deur Pearcy (2019) beklemtoon. In die studie gebruik die outeur tien verskillende handboeke wat regoor die VSA gebruik word om ’n analise te doen oor hoe ’n enkele gebeurtenis voorgestel word en wat bevind word. Die uiteinde van die studie is dat daardie gebeurtenis se interpretasie verskil afhangende van die soort handboek wat gebruik word en waar daardie handboek in die VSA gepubliseer is. Dit is ’n direkte teenstelling van hoe ek in Suid-Afrika te werk moet gaan om ’n analise oor die Slag van Cuito Cuanavale aan te bied. Die KABV sit die vereistes uiteen, soos vroeër verduidelik, van die inhoud wat in die handboeke moet wees (KABV, 2011). Deur die twee soorte stelsels te vergelyk, kan gesien word dat daar in die Suid-Afrikaanse én



© University of Pretoria

Amerikaanse stelsel baie klem op die handboek geplaas word as die spreekbuis van kennis en inligting. Die spreekbuis (die handboek) dra egter by tot die twis in die samelewing oor onder andere die gekose inhoud (nl. dit wat ingesluit en dit wat uitgesluit is), die bewoording van die inhoud wat bydra tot ideologie en hoe die inhoud nasionale identiteit bevorder (Bentrovato & Rath, 2018; Vacharoglou, 2018). Vacharoglou (2018) meld dat die Geskiedeniskurrikulum in alle lande vir ’n spesifieke politieke en ideologiese doel geskep en gebruik word. Die kurrikulum dra by tot die dominante ideologiese perspektiewe in die betrokke land en vorm die basis waarop die nasionale identiteit deur geskiedenis in die klaskamer gevorm en geskep word. Dit is hieruit waar Bentrovato en Rath (2018) praat van die “geheue-oorloë”, wat plaasvind wanneer die handboek geskep word. Die Geskiedenishandboek is die lens waardeur dominante narratiewe en ideologieë gesien word. Dit is in die Geskiedenishandboek waar daar gesien kan word hoe die verlede geïnterpreteer en bestudeer moet word deur middel van, in die meeste lande, gesentraliseerde uitkomstes (Vacharoglou, 2018) of wat in Engels genoem word: “government-authorised outcomes” (Bentrovato & Rath, 2018:138). In lande soos Suid-Afrika waar uitkomste gesentraliseer is, word handboeke vir onderwysers en leerders volgens die riglyne van die regering of ministerie geskep en goedgekeur (Siebörger, 2015).

Dus word die onderwerp van die Slag van Cuito Cuanavale, en dit wat bespreek moet word, deur ’n nasionale beleid bepaal. Soos wat ’n handboek in die VSA mag en gesag het uit die perspektief van die skrywer, het die handboek in Suid-Afrika mag en gesag uit die perspektief van die beleid. Handboeke word nie gekies deur te kyk na hoe kontroversieel die handboek is ten opsigte van die nasionale debat nie (Pearcy, 2019), maar eerder word al die beskikbare Afrikaanse Geskiedenishandboeke wat op die nasionale register verskyn, gebruik om die amptelike narratief te vind wat in die handboek is en wat deur beleid bepaal is.

### 2.5.1 Die handboek as ’n genre

Die Geskiedenishandboek moet beskou word as ’n genre waarin die oordra van die geskiedkundige verlede binne ’n bepaalde wyse verskyn. Die handboek word beskou as ’n genre van sy eie en het die doel om pedagogiese en inhoudskennis oor te dra aan



© University of Pretoria

leerders wat aan die gespesialiseerde vakdissipline voorgestel word. Klerides (2010) verduidelik dat daar drie genres is waarin Geskiedenishandboeke geskryf kan word, naamlik die tradisionele geskiedenis, nuwe geskiedenis en ’n hibriede geskiedenis.

Die tradisionele geskiedenisgenre is gebaseer op die beginsels van ’n outoritêre geskiedenis waarin die ‘waarheid’ of ‘historiese waarheid’ vervat word. Hierdie historiese waarheid, in die vorm van ’n geheuegeskiedenis, word bereik deur stellings te maak wat nie deur enige bronne gekwalifiseer word nie. Hierdie stellings skep die idee dat dit wat gesê word die enigste waarheid is en dat dit so aanvaar word (Klerides, 2010). Hierdie genre van Geskiedenishandboeke is veral byvoorbeeld in Suid-Afrika pre-1994 gebruik, toe geskiedenis beskou is as ’n magtige hulpmiddel wat kan bydra tot burgerlike opvoeding en die skep van ’n nasionale identiteit waar die verhaal van die volk/nasie oorvertel word (Klerides, 2010).

Die nuwe geskiedenisgenre fokus daarop om ’n multiperspektiewelike blik op die verlede te plaas waar daar nie klem geplaas word op die narratief en die stellings wat gemaak word rondom die historiese waarheid nie, maar waar dit eerder daarop fokus om die leerder te leer van verskillende sienings en perspektiewe oor die verlede, deur middel van die gebruik van historiese bronne wat bydra tot multiperspektiwiteit (Klerides, 2010). In dié genre word stellings meestal gekwalifiseer met bronne wat die inligting staaf en wat die leerder die geleentheid bied om met historiese bronne te werk, wat bydra tot die ontwikkeling van historiese prosesse en waar dit die leerder konfronteer met multiperspektiwiteit.

Die derde genre waarvan Klerides (2010) melding maak, is ’n soort hibriede genre waar samestellers die ‘ou’ manier en die ‘nuwe’ manier kombineer. Hierdie genre kan stellings bevat wat voorkom as ‘feit’ of ‘waarheid’ sonder dat dit gekwalifiseer word deur ’n bron. Daarmee saam kan dieselfde teks in die hibriede vorm ook staatmaak op bronne om stellings te kwalifiseer. Deur die kwalifisering van stellings met die gebruik van eksterne bronne, kan die samestellers van die handboek hulle distansieer van die veroordeling of perspektief wat deur die narratief gevoer word met betrekking tot die bestudeerde gebeurtenis Klerides (2010). Dit wil sê dat die bronne gebruik kan word om



© University of Pretoria

te wys dat dit nie die handboek is wat daardie kontroversiële uitlatings maak nie, maar eerder dat die bronne, wat as outoritêr beskou word, hierdie mening weergee.

Die beskrywing van die Geskiedenishandboek as ’n genre wat verhale van die verlede vertolk deur gebruik te maak van ’n mengsel van ou beskouings van geskiedenis, sowel as nuwe metodes in die oordra van nie net die historiese narratief nie, maar ook die historiese proses, wys daarop dat daar ’n reeks maniere is om die genre te manipuleer om ’n bepaalde boodskap of perspektief oor te dra.

## 2.6 ‘The last stand’ – Ikoniese veldslae en konflik in Geskiedenishandboeke

In baie aspekte kan die Slag van Cuito Cuanavale as ’n ‘last stand’ beskou word, net soos die Slag van die Alamo gedurende die onafhanklikheidsoorlog van Texas, ’n ikoniese veldslag soos die Slag van Waterloo gedurende die Napoleontiese oorlog, of selfs Suid-Afrika se Slag van Bloedrivier. Die idee van groot of ikoniese veldslae het in die verlede ’n beduidende rol in die oorvertelling van die verlede aan leerders gespeel. Groot veldslae is soms gesien as ’n bepalende faktor wat ons geskiedenis in ’n bepaalde rigting instuur. Dit is asof groot veldslae die rigting van menslike lewens en samelewings bepaal. Volgens Harari (2007), is groot veldslae in die verlede gebruik as die hoofbron van ons geskiedkundige oorvertellings. Nuwe idees en denke het egter daartoe gelei dat die rol van groot veldslae in geskiedenisoorvertelling verklein het. Derhalwe, wanneer daar uit ’n professionele geskiedkundige en akademiese perspektief gekyk word, is dit nie meer “mode” (Harari, 2007:252) om wêreldgebeure slegs toe te skryf aan oorloë en groot bepalende veldslae nie. Daar moet eerder gefokus word op politieke, sosiale en menslike aspekte van die gebeure wat rondom die veldslae en oorloë plaasgevind het. Die publikasies wat in afdeling 2.4 genoem word, het in sommige gevalle die doel om ’n teenfeitelike geskiedenis aan te bied (Harari, 2007).

Die Grensoorlog en veral die Slag van Cuito Cuanavale, vorm deel van die bestudering van ikoniese veldslaggeskiedenis. Hierdie tipe beskrywing van geskiedkundige gebeure is veral populêr onder die publiek en politici, juis omdat dit dikwels stories vertel van heldedade of ’n skeiding maak tussen wenners en verloorders (Harari, 2007). In die artikel *“The concept of ‘decisive battle’ in world history”* gebruik Harari (2007) die



© University of Pretoria

voorbeeld van ’n sogenaamde deurslaggewende veldslag van die Eerste Kruistog (1096-1099) om te illustreer hoe ons vandag groot veldslae sien. Die manier waarop die Slag van Cuito Cuanavale gesien en ervaar word, kan op die meeste aspekte met dié voorbeeld vergelyk word. Wanneer daar gekyk word na die literatuur wat rondom die Grensoorlog verskyn het, is dit oor die algemeen militêre geskiedenis, maar dit is uit die perspektief (in die meeste gevalle) van enkele veldslae en soldate wat daar was. Voorbeelde hiervan is *Die SAW in die Grensoorlog* deur Leopold Scholtz (2013), *Ons was daar: wenners van die oorlog om Suider-Afrika* deur generaal Jannie Geldenhuys (2011), *Cuito Cuanavale 12 months of war that transformed a continent* deur Fred Bridgland (2020), *Weermagstories: dienspligtiges verbreek die stilte* deur Roelf Schoeman (2015), *Recce: Kleinspan-operasies agter vyandelike linies* deur Koos Stadler (2015) en vele meer. Hierdie publikasies bied in sommige aspekte slegs ’n blik op die oorlog uit die perspektief van een soldaat of van ’n bataljon, veggroep, weermag-geskiedkundiges en joernaliste (soos Willem Steenkamp (1990) se *Suid-Afrika se grensoorlog: 1966-1989*) en voormalige generaals. Hierdie publikasies vertel die verhaal van gewone mense en poog om in sommige gevalle die sogenaamde ‘waarheid’ te vertel of die ‘mites’ reg te stel.

Om hierdie konsep verder uit te brei, word daar gekyk na hoe ikoniese veldslae – en breër – en oorloë deur handboeke hanteer word. Ikoniese veldslae gebeur nie binne isolasie nie en vorm altyd deel van die vier vlakke van oorlogsvoering waar ’n veldslag deel vorm van ’n operasie en breër ’n veldtog wat ten einde deel vorm van ’n groter konflik of oorlog. Wat veldslae egter ikonies maak, is die impak wat die spesifieke veldslag op die gang van die oorlog gehad het. In handboekanalises wat handel oor geskiedenisonderwerpe waar veldslae bestudeer word, vorm dit deel van ’n groter konflik, soos byvoorbeeld *America in World War II: an analysis of history textbooks from England, Japan, Sweden, and the United States* (2005) en *“We are not enemies”: an analysis of textbook depictions of Fort Sumter and the beginning of the Civil War* (2019). Die twee voorbeelde is ’n bestudering van twee groot historiese oorlogmomente, onderskeidelik die Tweede Wêreldoorlog en die Amerikaanse Burgeroorlog. Soos wat kernoomblikke, byvoorbeeld die aanval by Fort Sumter of die aanval op Pearl Harbour, die Slag van die Bulge of die Slag van Midway, deel is van ’n groter historiese moment,



© University of Pretoria

is die Slag van Cuito Cuanavale ook deel van ’n groter gebeurtenis, die Grensoorlog. Daarom behandel die handboeke in die studies soos bo genoem die veldslae nie in isolasie nie, maar as deel van die gebeurtenis waarin dit plaasvind.

’n Ikoniese veldslag soos die Slag van Cuito Cuanavale moet ook binne die nuwe Suid-Afrikaanse konteks beskou word. Gedurende die vorige eeu was Suid-Afrika polities ’n totale ander plek as wat ons vandag die land sien. Die oorgang van apartheid na die nuwe demokratiese bedeling in Suid-Afrika het ook verandering in historiese lense na vore gebring. Die manier hoe graad 12-leerders in 2022 na die Grensoorlog gekyk het, is baie anders as hoe leerders daarna sou kyk in die jare tussen 1994 en 2000. Op dieselfde wyse het die Russiese samelewing ook deur daardie veranderinge gegaan, alhoewel dit meer skielik en meer chaoties was, en moes leerders (en die samelewing) aanpas by die nuwe manier van hoe hulle die wêreld sien (Zajda & Zajda, 2003).

Die indiepte-bestudering van ikoniese veldslae – of enige veldslae – is ’n onderwerp wat nie breedvoerig in Geskiedenishandboeke of Geskiedenishandboekanalise bespreek word nie, bloot omdat daar nie genoeg ruimte is nie. Militêre geskiedenis is egter ’n baie belangrike deel van Geskiedenis op skool. Ikoniese veldslae het regdeur die geskiedenis plaasgevind, wat gedien het as deurslaggewende gebeurtenisse en beskou word as oomblikke in geskiedenis wat verandering gebring het. Voorbeelde hiervan is byvoorbeeld Waterloo, Die Somme, Stalingrad, Slag van die Bulge, Bloedrivier en die Slag van Cuito Cuanavale. Hoe hierdie veldslae in Geskiedenishandboeke bestudeer word, het ’n direkte impak op hoe die uitkoms van ’n oorlog beskou word. Vergelyk byvoorbeeld die Tweede Wêreldoorlog-veldslae. Handboeke sal tipies gebruik maak van die Slag van die Bulge en Stalingrad om die oorwinning van die Geallieerde magte bo-oor Nazi-Duitsland te illustreer. In ’n omvattende publikasie oor Geskiedenishandboeke en oorloë, *Textbooks and war: Historical and multinational perspectives* (2018), sit verskeie hoofstukke, sowel as diverse outeurs van regoor die wêreld, uiteen wat die rol, doel en impak van oorlog binne die Geskiedenishandboek is. Die nalatenskap van konflik word in elke land, en veral bevolkingsgroepe en kulture, op verskillende wyses onthou en aan die volgende geslag oorgedra. Hierdie aanname word gemaak aan die hand van die uiteenlopende wyse waarop konflik in



© University of Pretoria

Geskiedenishandboeke vir skole in verskeie lande voorgestel word. *Textbooks and war* (2018) bied ’n goeie en uiteenlopende perspektief op die wyse waarop verskillende lande konflik in hul verlede aan die nuwe generasie oordra.

Dit is egter nodig om die tekortkominge van die bron voor te lê voor daar na die bron gekyk kan word as ’n gesaghebbende bron vir die studie. *Textbooks and war* (2018) is grootliks beperk tot die perspektiewe van die sogenaamde Globale Noorde. Die term Globale Noorde is die teenoorgestelde van die Globale Suide wat gekenmerk word as die sogenaamde Derdewêreldse lande. Die Globale Suide word gesien as arm, korrupte en ellendige lande wat nog nie volgens Westerse standaarde ontwikkel het nie (Dados & Connell, 2012). Skoolkurrikulums vanuit Spanje, Kanada, die VSA, China, Japan, België en Afrika (’n enkele vergelykende studie tussen voormalige koloniale heersers en huidige Afrika-lande) vorm die grondslag van die versameling. Die versameling is nie perfek nie en geen samestelling van studies sal ooit aan almal se voorskrifte voldoen nie. Die versameling is egter steeds waardevol vir die gebruik van hierdie studie juis omdat dit, ongeag die tekortkominge van verteenwoordiging, steeds uiteenlopende perspektiewe bied wat van waarde is vir die studie.

Hierdie afdeling bied die grondslag vir die konseptuele raamwerk wat die studie se fondasie is. Vanuit die bespreking wat gaan volg, juis oor die verteenwoordiging van konflik in Geskiedenishandboeke, gaan idees rondom multiperspektiwiteit, herkontekstualisering en stiltes uitstaan. Elemente wat uitgestaan het en hier bespreek gaan word, is onder andere die verloop van tyd en samelewings in oorgang, wie die kurrikulum en uitkomstes daarvan bepaal, en stiltes en leemtes in die oordrag van konflik in die handboek.

### 2.6.1 Die voorstelling van oorlog en konflik in Geskiedenishandboeke

Soos reeds genoem, is Geskiedenishandboeke belangrik, want dit vorm die beeld van die verlede en die konsepte van “vriend” en “vyand” (Vera & Fuchs, 2018:vii) wat binne ’n samelewing heers. Hierdie konsepte en idees is wat ’n land se leiers en ikoniese figure laat vorm aanneem. Dit is binne hierdie verstaan van die rol van die Geskiedenishandboek dat die belangrikheid van die rol wat opvoedkundige media in die



© University of Pretoria

vertolking van geskiedenis oor oorloë speel, verstaan moet word. Oorlog speel ’n belangrike rol binne nasionale geskiedenis. Oorloë kan samelewings verenig (huidige konflikte soos dié wat tans in die Oekraïne afspeel, is ’n uitstekende voorbeeld hiervan) of lei tot verdeeldheid (burgeroorloë). Die bestudering van hierdie oorloë en veral die deurslaggewende veldslae kan in sekere gevalle gebruik word vir patriotiese en nasieboudoeleindes (Bai, 2018; Caroli, 2018; Fine-Meyer, 2018; van Wiele, 2018; Vera, 2018), of dit kan lei tot groot verdeeldheid onder die verloorders (Delgado & Lorenzo, 2018).

Een van die groot konsepte wat in die literatuur uitstaan, is dat alhoewel die Geskiedenishandboek ’n spesifieke en bepaalde beeld van konflik beklemtoon, die inhoud en die narratief in die Geskiedenishandboek nooit staties is nie. Die inhoud in terme van die belangrikheid van gebeure en hoe daardie gebeure aan die leerders oorgedra word, verander soos wat die samelewing, politieke denke en mag verander. Vera (2018:94) maak dit duidelik dat “geskiedenishandboeke gaan oor die skryf en herskryf van die verlede” soos politieke kontekste verander. Daardeur word bedoel dat die verteenwoordiging van die verlede nooit staties is nie, en dat ons verstaan van gebeure in die verlede dikwels anders sal wees. Hierdie mening word herhaaldelik in die boek weerspieël deur die menigte analises van Geskiedenishandboeke van verskillende tydperke.

Vanuit die begin van hierdie studie, was die konsep om ’n enkele veldslag binne die konteks van ’n breër konflik as deel van die tema van “Onafhanklike Afrika” in die graad 12-Geskiedenishandboek te bestudeer; dit wat deur die inhoudskonteks deur die KABV-geskiedenis (KABV, 2011) geskep word. Dit het egter duidelik geword dat die bestaande literatuur twee probleme gebied het: aan die een kant was die beskikbaarheid van akademiese bronne rondom die Grensoorlog sowel as die Slag van Cuito Cuanavale baie skaars;[8] aan die ander kant het literatuur oor oorloë dit duidelik gemaak dat oorlog in Geskiedenishandboeke as ’n enkele gebeurtenis bestudeer word en dat enkele veldslae slegs genoem word (Bai, 2018; Bentrovato & Rath, 2018; Caroli,

[8] Sien agtergrond en konteks in Hoofstuk 1 asook Hoofstuk 2.



© University of Pretoria

2018; Fine-Meyer, 2018; Vacharoglou, 2018; Vera, 2018). Die fokus van die genoemde studies was om die impak van bestudeerde ikoniese oorloë eerder as deurslaggewende veldslae te bespreek.

As gevolg van die herdenkings van honderd jaar vandat die Eerste Wêreldoorlog plaasgevind het, was die fokus van die meeste skrywers in *Textbooks and war* (Vera & Fuchs, 2018) gevestig op die impak en nalatenskap van die oorlog op die onderskeie gemeenskappe, naamlik Kanada (Fine-Meyer, 2018), Griekeland (Gleijeses, 2013a) en Afrika-lande in verhouding met voormalige koloniale heersers (Bentrovato & Rath, 2018). Wat hier duidelik geword het, was onderskeie lande se gebruik van die geskiedenis om 'n nasionale verhaal oor oorlog te vertel. Die Eerste Wêreldoorlog speel vir baie Westerse en gekolonialiseerde lande 'n belangrike rol binne die nasionale geskiedenisnarratief. Ek maak dié aanname aan die hand van die rol wat die Eerste Wêreldoorlog gespeel het in die vorming van nasiestate, en die totstandkoming en vorming van die Wêreldbond en die Verenigde Nasies. Die narratiewe van spesifieke lande se deelname aan die oorlog het bygedra tot die verstaan van hul nasies en die plek van hul nasie in die wêreld (Fine-Meyer, 2018). Die Eerste Wêreldoorlog in Kanada word bestudeer deur te kyk na die redes vir die oorlog. Daar word ook spesifiek gekyk na aspekte van die oorlog, soos toestande in die loopgrawe en heldedade van die soldate op die front, die tuisfront, die rol van vroue en hoe die oorlog gelei het tot meer onafhanklikheid vir Kanada en ander Britse koloniale lande (Fine-Meyer, 2018). Vanuit Fine-Meyer (2018) se studie, word dit duidelik dat die veldslae wat wel bestudeer word (Die Somme, Die Slag van Vimy-Rif, Ypres en veral die Slag van Passchendaele), gebruik word as 'n klein deel van die inhoud om 'n breër beeld te skets van die Eerste Wêreldoorlog oor die algemeen. Die doel van die bestudering van die Eerste Wêreldoorlog is dan eerder om 'n politiese en patriotiese agenda by die Kanadese jeug, waar Kanadese betrokke was, te bevorder (Fine-Meyer, 2018). Die manier waarop die Eerste Wêreldoorlog bestudeer word in Kanada is anders as wat die Grensoorlog in Suid-Afrika bestudeer word. Die Grensoorlog word nie in 'n geheel bestudeer nie; sekere elemente van die oorlog word eerder gedek, soos die 'ikoniese' Slag van Cuito Cuanavale. Op dieselfde wyse word daar in die studie gekyk na 'n spesifieke veldslag



© University of Pretoria

binne die konteks van die Grensoorlog en alles wat daarmee gepaardgaan, wat in kontras is met Fine-Meyer se studie wat fokus op die Eerste Wêreldoorlog as ’n geheel.

Die Eerste Wêreldoorlog, as ’n voorbeeld uit die literatuur, word ook gebruik om die komplekse politieke identiteit van die Griekse staat te verduidelik. Vacharoglou (2018) se studie het gehandel oor die rol wat handboeke in die Griekse samelewing vervul en die manier waarop historiese narratiewe gebruik word om ’n Griekse identiteit te vorm. Dit word egter duidelik vanuit die studie dat Griekeland die Eerste Wêreldoorlog bestudeer om sin te maak van hul eie komplekse politieke identiteit en om die volgende geslag ’n patriotiese en nasionale perspektief te leer. Dit wil voorkom asof die onderwerpe wat oor die Eerste Wêreldoorlog bestudeer word, handel oor breër temas, soos die verloop van die oorlog en veral die rol van Griekeland binne die Eerste Wêreldoorlog in terme van die verdeeldheid onder Grieke oor of hulle moes deelneem of nie, en die doel en nut van die nuutgeskepte Griekse koningshuis (Vacharoglou, 2018). Die doel weereens is om die Griekse staat te posisioneer deur die Eerste Wêreldoorlog as ’n gebeurtenis te bestudeer. Wat na vore kom, is dat lande wat veral beheer oor die kurrikulum het in terme van beleid, bepaal wat nodig is om te weet – die sogenaamde “geheueoorlog” wat gevoer word (Vacharoglou, 2018:138) en daardie narratief word aan die jeug oorgedra. Die metode van ’n historiese narratief skep, word ook in ons eie kurrikulum duidelik wanneer daar gefokus word op enkele momente, soos die Slag van Cuito Cuanavale, in plaas van die Grensoorlog en die betrokkenheid van die SAW in beide Angola en die destydse Suidwes-Afrika as ’n geheel (meer hieroor in Hoofstuk 4).

Die Eerste Wêreldoorlog is ook gebruik om ’n vergelykende studie te doen oor die manier waarop koloniserende moondhede die Eerste Wêreldoorlog onthou en bestudeer, in vergelyking met hoe daardie moondhede se voormalige kolonies die oorlog onthou en bestudeer. Bentrovato en Rath (2018) se studie het die verskil in perspektief oor die oorlog duidelik gemaak. Die beginsels van die afsonderlike Geskiedeniskurrikulums in verskeie Afrika-lande, sowel as hul voormalige koloniale heersers, was dat die breër konteks rondom die oorlog bestudeer is. Wat werklik interessant was, was dat die algemene indruk in Afrika was om die rol van Afrikane,



© University of Pretoria

sowel as die redes vir hul betrokkenheid, te bestudeer. Afrika-lande hanteer die Eerste Wêreldoorlog deur ’n duidelike skeidslyn te trek teenoor wie se oorlog dit was en wie slegs betrokke was. Wat egter weer duidelik na vore gekom het, was dat die fokus oor oorlog nie juis op spesifieke veldslae gelê het nie, maar eerder op invloede en faktore. Bentrovato en Rath (2018) meld egter dat Sosiale Wetenskap-kurrikulum vir Geskiedenis in Suid-Afrika twee gebeurtenisse afsonderlik bestudeer, naamlik Delvillebos en die sinking van die *SS Mendi*. Verder vind daar nie in die studie analises of besprekings plaas oor die manier waarop daardie spesifieke veldslae bewoord en oorgedra word nie.

Dit is duidelik uit die bespreking rondom slegs die Eerste Wêreldoorlog as gevallestudie dat die fokus van navorsers op die doel en impak van die invloedryke konflik was. Die outeurs poog om die doel vir die bestudering van sommige onderwerpe te motiveer as ’n voorbeeld van nasiebougeskiedenis en om patriotisme vir die nasie te bevorder. Binne dié konteks is dit waar hierdie studie uniek is.

### 2.6.2 Tydsverloop en belangrikheid as faktor in die onthou en oordra van konflik

Soos wat tyd verloop, verander die denke van die samelewing van een geslag na ’n ander. Wat vandag in ons konteks baie belangrik geag word, kan moontlik vir die volgende geslag minder belangrik wees. ’n Historiese kernkonsep soos belangrikheid van die onderwerp speel ’n beduidende rol daarin wat wel bestudeer word. Die fenomeen word baie duidelik raakgesien in vergelykende handboekstudies wat kyk na verandering in handboeke oor ’n lang tydperk in ’n bepaalde land of konteks.

Soos wat tyd verloop, word die belangrikheid van sekere gebeurtenisse bevraagteken. ’n Vergelykende studie deur Vera (2018), waar gekyk word na die nalatenskap van die Amerikaanse-Mexikaanse oorlog (1846-1848), en die belangrikheid daarvan, het getoon dat die belangrikheid van die onderwerp oor die jare afgeneem het. ’n Belangrike aspek wat in die studie gemeld word, is dié van die historiese afstand tussen die gebeurtenis en die skrywer. Die gebeure of politieke invloed en narratief het verander soos wat die samelewing verander het. Die manier hoe die konflik onthou word, het tot ’n groot mate



© University of Pretoria

te doen met die ideologiese posisie binne die huidige en toekomstige samelewing waar ’n groot deel van die VSA se bevolking tans van Mexikaanse herkoms is.

Die konsep van tydsverloop kan op ’n ideologiese basis soos volg opgesom word: “Geskiedenishandboeke gaan oor die skryf en herskryf van die verlede” (Vera, 2018:94). Handboeke en veral Geskiedenishandboeke word nie sonder enige standvastige riglyn geskryf nie. In die geval van Suid-Afrika, word die riglyne duidelik deur ’n beleid van die Departement van Basiese Onderwys aan uitgewers aangedui en word dit toegepas in die skryfproses.

Politiek en ideologie speel dus ’n beduidende rol in die samestelling van handboeke. Handboeke op ’n spesifieke tydstip in ’n samelewing gee die leser ’n duidelike blik op die manier hoe daardie samelewing gedink het en wat hulle as belangrik geag het. Die aspek word beklemtoon wanneer kontroversiële kwessies in die handboek bespreek word. Kontroversiële onderwerpe lei dikwels daartoe dat eensydige interpretasies op die basis van ideologie gemaak en aangebied word (Delgado & Lorenzo, 2018). As gevolg hiervan kan duidelik gesien word dat daar ’n sterk element van mag in handboeke teenwoordig is. Die verskillende invloede van mag, ideologie, beleid en akademiese historiografie lei tot die komplekse proses om die gebeure te verwerk na handboekinhoud toe. Daarom “[poog] skoolhandboeke ... om ’n kombinasie van simbole, narratiewe en historiese perspektiewe oor te dra om sekere politieke doelwitte en nasionale identiteit te skep of geldig te maak” (Delgado & Lorenzo, 2018:235).

Die uiteindelike doelwit van die selektering van inhoud en die skryf van Geskiedenishandboeke is dus nie ’n voorbeeld van die meganiese denke van die regering nie, maar weerspieël wat die samelewing as belangrik ag binne die historiese tyd en konteks (Delgado & Lorenzo, 2018). Herkontekstualisering, die afwenteling van inhoud vanaf die akademiese beskouing daarvan na die Geskiedenishandboek wat in die klaskamer gebruik word, kan nie plaasvind as al die invloede van die hele samelewing nie in ag geneem word nie. Alhoewel daar oor die meeste onderwerpe duidelike en bestaande akademiese bronne bestaan, kan alles nie in ’n kurrikulum ingesluit word nie. Daarom moet die invloed van belangrikheid (tydsverloop as faktor),



© University of Pretoria

ideologie en die invloed van die samelewing en akademiese historiografie in ag geneem word wanneer die Geskiedenishandboek aanmekaar gesit word. Ander faktore soos die kommersiële waarde van handboeke speel ook ’n rol, maar dis die beleid deur nasionale onderwysdepartemente en die invloed van die publiek wat akademiese kennis toelaat om verwerk en gereduseer te word tot die eindproduk wat pedagogies van aard is.

## 2.7 Konseptuele raamwerk vir die studie

Toe ek met die studie begin het en die onderwerp gekies het, het ek begin deur myself te vra wat ek wil ondersoek. Die antwoord op daardie vraag het my in die rigting gestuur van die onderwerp, die Slag van Cuito Cuanavale, en die spesifieke doel van die studie (Merriam & Tisdell, 2015). Die oorhoofse idee waarop die studie gebou word, is die idee dat daar kontroversiële onderwerpe in geskiedenis, en alle skoolvakke, is waarmee die leerder en die onderwyser gekonfronteer word. In daardie situasies bring die leerder (hulle kry hul kennis van hul ouers en ander familielede) en die onderwyser hul eie kennis oor ’n sekere onderwerp na die tafel, en dit veroorsaak botsings of konflik. Hierdie studie gaan grootliks steun op die idee dat kontroversiële onderwerpe soos die Grensoorlog en die Slag van Cuito Cuanavale as deel daarvan, bestaan, dat kontroversiële onderwerpe nie oorgesien behoort te wees nie en dat die rolspelers (ouers, leerders, onderwysers, akademici en handboekskrywers) verskillende perspektiewe na die tafel bring. In dié afdeling word bespreek hoe twee sleutelidees gebruik word om ’n konseptuele raamwerk te bou vir die graad 12-handboekanalise oor Cuito Cuanavale.

Die konseptuele raamwerk vorm die basis waarop die studie aangepak gaan word. Die konseptuele raamwerk is induktief deur myself saamgestel en word geformuleer deur ’n driebeenbenadering. Omdat die studie nie gebruik maak van ’n hipotese of vooropgestelde teorieë wat bewys moet word nie, word die studie geanker deur gebruik te maak van drie sleutelkonsepte wat saam ’n algehele teoretiese benadering vorm.



© University of Pretoria




*Figuur 2.2 Konseptuele raamwerk*

Die eerste been van die konsepsuele raamwerk is die idee van kontroversiële onderwerpe. Dit is hierdie begrip wat die res van die proses fasiliteer. Kontroversiële onderwerpe of kwessies is nie nuut vir die mensdom nie. So lank as wat daar teenstrydighede bestaan oor sekere onderwerpe sal dit kontroversieel wees. Kontroversiële kwessies is daardie onderwerpe wat mense en samelewings verdeel, veral in onderwerpe van geskiedenis waar daar teenstrydige of emosioneel gelaaide ervarings en oorvertellings is (Pace, 2019). Hoe ons na kontroversie kyk, is belangrik in die multiperspektiewiese klaskamer, waar almal se ervarings en dit wat onthou word, anders is as dit wat deur die onderwyser of selfs die handboek voorgehou word. Dit is belangrik om te ondersoek hoe die kennis gereduseer word en wat op die einde van die dag die handboek haal, sodat die beginsels van multiperspektiwiteit in die diverse klaskamer behou kan word.

Die tweede begrip vir hierdie konseptuele raamwerk, is die konsep van herkontekstualisering. Dit is eers met die ondersoek van herkontekstualisering dat ons kan sien hoe die inhoud gereduseer en geformuleer word om ’n eindproduk in die handboek voor te stel. Hierdie inligting wat saamgestel en later gepubliseer word, vorm die basis van die kennis wat deur handboekskrywers gebruik word. Herkontekstualisering kan dan verder beskryf word as ’n proses van reduksie. Die inligting wat geskep word, reduseer akademiese geskiedenis totdat net die belangrike of nodige kennis oor is. Nadat die proses ondersoek is en vasgestel is wat oorgebly het, kan ons begin met die analisering van die handboek waar die begrip rondom stiltes relevant is om daardie perspektiewe te ontbloot. Soos wat ons beweeg van die breër



© University of Pretoria

onderwerp van die Grensoorlog na beleid, na geskiedenishandboek, vind ’n proses plaas wat as herkontekstualisering bekendstaan. Die konsep word deur Lilliedahl (2015) en Bertram (2016) bespreek. Volgens Bertram (2016), is die beginsel gegrond op die pedagogiese toestel wat herkontekstualiseringbeginsels voorstel, waar die kennis soos ’n spiraal tot by die handboek filtreer. Sy verwys daarna as kennis wat oorgedra word na die kurrikulum en dan weer oorgedra word na die opvoedkundige kennis. Sy verduidelik ook dat die proses van herkontekstualisering een is waar inligting op grond van die verstaan en doel van skoolgeskiedenis gekies word om die kurrikulum op te stel. Daar is nie altyd 'n direkte verband tussen die inhoud wat gekies is en dit wat wyd beskikbaar is nie, juis omdat daar ’n doel is vir die keuses wat gemaak is – opvoedkundig, polities of ideologies. Die proses wat dan plaasvind, is nie een waar daar net direk uit die Geskiedenis-vakdissipline ’n onderwerp en tema gekies word nie, maar eerder waar daar besin word oor dit wat bestudeer moet word, hoekom dit bestudeer moet word en wat daarvan bestudeer moet word. (Sien die diagram hieronder.)




*Figuur 2.3 Proses van herkontekstualisering*

Lilliedahl (2015) verduidelik die begrip van oordra van kennis en hoe hierdie transaksie plaasvind vanaf die onderwyser na die leerder, deur middel van die handboek wat bepaal word deur beleidskrywers. Lilliedahl (2015) noem dat daar twee vrae is wat



© University of Pretoria

sentraal is tot die oordrag van kennis: (1) Watter kennis is die waardevolste? en (2) Hoe moet kennis georganiseer word vir leer om plaas te vind? Hierdie vrae het duidelik te doen met wat deur die handboekuitgewers en die skrywers as belangrik geag word om te bestudeer en hoe dit georganiseer moet word om tematies voorgestel te word vir onderrig. Hoe ’n mens te werk gaan om hierdie inhoud te kies en organiseer, is gebaseer op jou uitgangshoek en die lens waardeur jy die kurrikulum sien. Op die ou end moet daar na “objektiewe kennis” (Lilliedahl, 2015:46), eerder as kennis gebaseer op die teoretiese en politieke lens waardeur die organiseerder kyk, nagestreef word. ’n Belangrike aspek in die ondersoek van herkontekstualisering is om die akademiese kennis of bronne te vind wat gebruik is om die handboek saam te stel. Hierdie kan aangepak word deur te kyk na literatuur wat reeds geskep is oor die onderwerp (soos gedoen in die eerste deel van die hoofstuk) en dan ’n korpus saam te stel van daardie inhoud. Die korpus wat die kennisraamwerk word, word dan gebruik as die breër inhoud wat gereduseer gaan word.

Die derde deel van die konseptuele raamwerk is stiltes (Huckin, 2002), wat teenwoordig is ná die proses van herkontekstualisering plaasgevind het. Die historiese kennis soos dit in die handboek verskyn, is gereduseer vanuit ’n kennisraamwerk wat deur die uitgewers van die handboeke saamgestel is. Saam met die kennis in die handboek, is daar ook ’n narratief wat deur die skrywers en uitgewers geskep word. Die verhaal van die gebeurtenis/se wat in die handboek beskryf word, is nie die oorspronklike produk van navorsing (akademiese geskiedenis) nie, maar eerder dit wat gekies is om ingesluit te word in samehang met die beleid; in die geval van hierdie studie, die KABV-Geskiedenis. Die konsep of idee van stiltes vorm dus deel van hierdie teoretiese raamwerk om te probeer bepaal, al dan nie, wat uitgelaat is, en dan daardie stilte te klassifiseer om ’n begrip te kry oor die narratief oor die Slag van Cuito Cuanavale wat in die handboek verskyn, teenoor die narratief wat buite die handboek verskyn.

Om kontroversiële kwessies in die Geskiedenishandboek, sowel as spanning tussen die amptelike en nie-amptelike kurrikulum te bespreek, moet ek die konsep van stiltes, wat daardie spanning veroorsaak, gebruik. Die konseptuele raamwerk van stiltes word dus as die bloudruk gebruik om die spanning rondom die Slag van Cuito Cuanavale te



© University of Pretoria

ontleed en te bespreek (Grant & Osanloo, 2014). Stiltes is die konsep wat deel vorm, in my geval, van die interpretivistiese paradigma. Stiltes word ook deur middel van die kritiese diskoersanalise-metode ondersoek. Hierdie begrippe vorm die ruggraat van die studie en gaan my lei om die vrae te beantwoord wat ek uiteengesit het.

Die idee van stiltes as ’n konseptuele raamwerk is nie ’n baie breedvoerige studieveld nie, maar is een van die teoretiese beginsels wat staatmaak op die kritiese diskoersanalise. Wanneer tekste geanaliseer word, word daar nie slegs gekyk na wat gesê word nie, maar ook wat nie gesê word nie (Huckin, 2002). Dit is soms wat nie gesê word nie wat die grootste boodskap oordra. Dit is dan die taak van die navorsers om dit wat nie gesê word nie, te soek en vas te stel hoekom dit nie genoem is nie. Om die sogenaamde stiltes op te spoor, is daar ’n taksonomie wat gevolg kan word om die soort stilte te klassifiseer. Die tipe stiltes wat bestaan, is losweg uiteengesit en is nie heeltemal volledig nie (Huckin, 2002). Huckin stel vyf hoofstiltes voor: spraakhandeling-stiltes, voorveronderstellende stiltes, diskrete stiltes, genregebaseerde stiltes en manipulerende stiltes. Manipulerende stiltes is die hoofstilte wat gebruik word om die analise te doen. Manipulerende stiltes word onderskei van die ander omdat dit die leser doelbewus mislei met die kennis wat die skrywer probeer oordra.

Die idee rondom die manipulerende stilte is dat daar ’n konteks vanuit bestaande kennis deur die skrywer en uitgewer geskep word. Sommige temas en onderwerpe word aangespreek en ander word  vir ’n spesifieke doel uitgelaat (Huckin, 2002). Die doel van die Kritiese Diskoersanalise-navorsers is om die stiltes op te spoor en dan vas te stel of dit manipulerend is of nie (Huckin, 2002). Die doel van hierdie navorsing is juis om vas te stel watter perspektiewe die diskoers in die Geskiedenishandboek bepaal. Dit kan slegs gedoen word deur ’n konteks te skep, dit wil sê ’n kennisraamwerk saamstel, wat bestaan uit al die moontlike perspektiewe binne die tyd en konteks van hierdie studie (sien Hoofstukke 1 en 2). Hierdie konteksstruktuur word dan saamgestel deur ’n korpus van alle moontlike tekste oor die hele onderwerp en temas wat daarmee saamhang, te versamel. Deur ’n proses van eliminasie kan ek dan sien wat genoem en wat nie genoem is nie, en dan kan daar beslis word of dit ’n beduidende impak op die diskoers in die Geskiedenishandboek gemaak het (Huckin, 2002).



© University of Pretoria

Die konseptuele raamwerk kan egter nie in isolasie gesien word as ’n metode wat op sy eie funksioneer nie. Die konsepte wat ek hierbo bespreek het, vorm saam ’n benadering wat uit drie dele bestaan en die doel het om die teks en die konteks van daardie teks te bestudeer en sodoende die narratiewe wat bestaan, raak te sien. Die drie konsepte vorm ’n algehele raamwerk waarop die studie se doel, fokus, data-insameling en analise gebaseer is (Merriam & Tisdell, 2015). Die konseptuele raamwerk is in sommige aspekte ook ’n weerspieëling van my aannames oor die realiteit, hoe ek die realiteit en wêreld ervaar, sowel as die manier waarop ek sien dat kennis gebou en verkry word. Sonder daardie insigte kan die konseptuele raamwerk nie funksioneer nie.

**2.8 Slot**

In hierdie hoofstuk het ek gepoog om die leser ’n volledige uiteensetting te bied van die bestaande literatuur rondom kontemporêre historiografie soos dit verband hou met die Grensoorlog en die Slag van Cuito Cuanavale, die rol wat die handboek speel in die klaskamer, ikoniese veldslae, sowel as hoe handboeke die onderwerp van ikoniese veldslae hanteer, en hoe verskillende lande konflik in hul Geskiedeniskurrikulum bestudeer. Moderne historiografie wys vir ons dat die klem nie lê op die verlede as een nasionale triomfantlike geskiedenisnarratief nie, maar dat daar klem gelê word op verskillende aspekte vanuit die verlede, gebaseer op die sienings en perspektiewe van die huidige navorsers. Hierdie historiografiese perspektief lei dan na die doel en gehoor van die handboek, wat ons laat besef dat die handboek nie net ’n onskuldige rol in ons samelewing speel nie, maar dat enige handboek ’n rol van mag inneem en dikwels sentraal staan in die klaskamer.

Die rol en doel van die handboek, sowel as die dominante historiografiese perspektiewe, gee dan vir ons die kans om die herkontekstualisering van akademiese geskiedenis te volg tot by die handboek. In die proses moet daar duidelik gekyk word na hoe veldslae in moderne historiografie hanteer word. Hoe veldslae deur historici benader word, gee vir ons ’n idee van hoe veldslae dan in die handboek behoort te verskyn. Wat die literatuur dan vir ons wys, is dat enkele veldslae nie ’n besprekingspunt in die beleid of die handboek is nie. Talle voorbeelde (Bentrovato &



© University of Pretoria

Rath, 2018; Delgado & Lorenzo, 2018; Fine-Meyer, 2018; Vacharoglou, 2018; van Wiele, 2018; Vera, 2018) het gewys dat die internasionale tendens is dat groot historiese konflikte gebruik word om nasionale geskiedenis te vertolk. Die doel om konflik te gebruik, is nie om spesifieke veldslae te bestudeer nie, maar eerder om die betrokke land se belange, hetsy ideologiesgedrewe of nie, aan die volgende geslag oor te dra. Wat die studies ook getoon het, was dat die konsep van die verloop van tyd en belangrikheid van ’n onderwerp ’n groot rol speel in die manier hoe die inhoud verwoord is en hoe dit uiteindelik gebruik word.

Vanuit die bespreking rondom die Geskiedenishandboek en die selektering van inhoud daarvan, het die konseptuele raamwerk gevloei wat gebruik maak van ’n driebeenbenadering wat die studie konseptueel onderhou. Die beeld van ’n driebeenpot kan gebruik word om die benadering visueel voor te stel, waar die inhoud van die studie opgehou word deur die drie bene, naamlik kontroversiële onderwerpe, herkontekstualisering en stiltes. Deur gebruik te maak van die benadering om die konseptuele raamwerk te beskryf, vloei die benadering en metodes om ’n duidelike handboekanalise te doen.

Hierdie hoofstuk het in baie opsigte breedvoerige agtergrondinligting aan die leser verskaf om te verduidelik waarheen die studie op pad is. Die literatuur wat gekies is vir die studie se fondasie, het leiding gegee om die navorsingsmetodologie en benadering te ontwikkel. In Hoofstuk 3 gaan breedvoerig bespreek word hoe en deur watter metodes die geselekteerde handboeke geanaliseer gaan word.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3
# NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

## 3.1 Inleiding

Hoofstuk 3 van die studie fokus op die ontwerp van die studie wat beïnvloed hoe die studie saamgestel is ten opsigte van die keuse van benadering, paradigma, navorsingsmetodologie, navorsingsmetode(s) en kwessies rondom geloofwaardigheid. Die beginpunt om die studie te ontwerp en uiteindelik uit te voer, was om ’n navorsingsbenadering te kies wat die bestudering van die historiese gebeurtenis, die Slag van Cuito Cuanavale, die beste beskryf. Vanuit die navorsingsbenadering moes daar ook ’n geskikte paradigma gekies word, wat nie net pas by die benadering waarop daar besluit is nie, maar wat ook pas by hoe ek kennis en realiteit ervaar as ’n navorser en opvoeder. Om die gekose paradigma toe te pas, gaan ek ook verduidelik hoe die paradigma en die benadering wat ek gebruik, verklaar kan word deur die ontologiese en epistemologiese aannames wat ek maak, te beskryf. Die metodologie van die studie, diskoersanalise en kritiese diskoersanalise, beskryf die teoretiese aspek van data-analise. Die metodologie is nie net die manier waarop ek die data geanaliseer het nie, maar ook die praktiese metodes wat gebruik word. Dus, vanuit die metodologie vloei die metode(s) waarop die analise aangepak word. Verder word in die hoofstuk die datakeuse, data-analise en hoe die geloofwaardigheid van die studie bepaal is, bespreek.

## 3.2 Navorsingsbenadering

’n Navorsingsbenadering is ’n kritiese deel van die studie wat beskryf kan word as die uiteindelike “plan om navorsing te doen” (Creswell & Creswell, 2018:4). Hierdie plan of uitleg berus op drie aspekte wat deur die navorser bepaal word. Dié drie aspekte word deur Creswell en Creswell (2018) uiteengesit as die filosofiese wêreldbeskouing van die navorser, ’n geskikte benadering wat pas by die navorsers se wêreldbeskouing, en spesifieke metodes en prosedures wat gebruik gaan word in die navorsing. Die drie aspekte maak dit duidelik dat die beginpunt vir enige navorsingsprojek nie by die spesifieke benadering of paradigma lê nie, maar eerder by die navorsers se ervarings,



© University of Pretoria

wêreldbeskouing en die gebeurtenis – in hierdie geval die Slag van Cuito Cuanavale – wat ondersoek word.

Die ontwerp van die navorsing word beïnvloed deur die manier waarop die onderwerp, in die geval van hierdie studie die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale, in graad 12-Geskiedenishandboeke bestudeer gaan word. Die keuse van benadering gaan aanleiding gee tot die uiteindelike metodologie en metode(s) wat die gevolgtrekkings en geloofwaardigheid van die navorsing bepaal. Om die geskikte keuse vir my navorsing te maak, moes daar gekyk word na die fokus en doel van my studie. Dit het weer bepaal watter data-insamelingsmetodes ek kon gebruik, die basis waarop ek die data gaan analiseer en die aannames wat ek maak rondom die realiteit van die wêreld, kennis en menslike ervarings. Dit is gedoen om ’n geloofwaardige analise aan te bied waar gefundeerde gevolgtrekkings gemaak kon word. Dit lei dan na die vraag oor die natuur van my data. Wanneer daar in ag geneem word dat dít wat ek bestudeer uit geskrewe tekste (graad 12-Geskiedenishandboeke) bestaan, dan besef mens dat die benadering wat hier geneem moet word, nie aansluit by die tradisie van meetbare en telbare empiriese data nie. Dit sluit dan die positivistiese paradigma en die kwantitatiewe benadering uit. Dit was dus nodig vir die doeleindes van hierdie studie om ’n teksgebaseerde benadering te volg, wat afwyk van die kwantitatiewe benadering wat staatmaak op waarneembare eksperimente en die insameling van data vir statistiese analise wat die gevolgtrekking(s) bewys.

Weens die aard van die data en die gebeurtenis – die Slag van Cuito Cuanavale – wat ek bestudeer het, het my studie berus op die beginsels van die kwalitatiewe benadering tot navorsing. Kwalitatiewe navorsing is ’n benadering wat gerig is op ’n gedetailleerde beskrywing van ’n fenomeen wat ondersoek word. Die benadering is gebaseer op ’n beskrywing van die (gebeurtenis) wat bestudeer word (Merriam & Tisdell, 2015; Nieuwenhuis, 2017b; Thanh & Thanh, 2015). Die manier hoe die studie aangepak word, die data-insamelingsmetodes en analise daarvan word deur die beginsels van ’n kwalitatiewe benadering bepaal. Volgens Merriam en Tisdell (2015), fokus ’n kwalitatiewe benadering op betekenis en verstaan, dit wil sê hoe die navorsers sin maak uit hul eie epistemologiese en ontologiese aannames. Verder kan die aannames



© University of Pretoria

wat rondom epistemologie en ontologie gemaak word, nie geskei word van die filosofiese perspektiewe wat sentraal staan in die kwalitatiewe benadering nie (Creswell & Creswell, 2018). Hierdie filosofiese perspektief en die induktiewe aard van die kwalitatiewe benadering gee my die vryheid om my eie teoretiese raamwerk te bou, wat gebaseer is op my eie ervarings en verstaan van dit wat bestudeer word (Merriam & Tisdell, 2015).

Verder is ’n kwalitatiewe benadering ’n proses van interpretasie en vraagstelling binne ’n bepaalde paradigma wat as ’n lens dien vir die keuse van teoretiese raamwerk, analisemetodes en interpretasie van die data. Die induktiewe aard van kwalitatiewe navorsing en die proses van data-insameling en analise word gebruik om teorieë en konsepte te “bou” (Merriam & Tisdell, 2015:17). Anders as in die kwantitatiewe benaderings waar hipoteses of teorieë getoets word, het ek ’n konseptuele raamwerk geskep wat gedien het as ’n lens waardeur ek die data van my eie realiteit, sowel as die realiteit van die samestellers van die teks, kon analiseer (Creswell & Creswell, 2018).

’n Handboekanalise, soos my studie, maak gebruik van ’n natuurlike en interpretiewe benadering tot ondersoek. Dit wil sê, soos voorheen gemeld, dat dit wat ek bestudeer, nie meetbaar of telbaar is nie, maar belangriker, dat ek ook nie iets probeer bewys as ’n definitiewe of vaste gevolgtrekking nie. Die benadering verleen my die vryheid om keuses te maak rondom die insluiting van ’n wye verskeidenheid van bronne (gesaghebbend sowel as grys literatuur) en om binne my eie raamwerk van interpretasie aan die hand van bestaande literatuur, gevolgtrekkings te maak wat deur my eie raamwerk en metodes bepaal word.

### 3.2.1 Navorsingsparadigma

’n Sleutelaspek van die studie was om te vra hoe ek sin maak van die wêreld rondom my. Van vroeg af is die idee van objektiwiteit en subjektiwiteit aan my voorgestel in die Geskiedenisklaskamer, waar ek geleer het dat die manier waarop mense die wêreld beskou, nie eenvormig is nie, en dat daar verskillende maniere is om na dieselfde stel ‘feite’ te kyk. In Hoofstuk 1 het ek breedvoerig my eie ervarings en kulturele aspekte bespreek wat my eie subjektiwiteit openbaar. Dit was nodig om dit te doen sodat die studie paradigmaties belyn kon word soos ek nou gaan verduidelik. Deur my rasionaal



© University of Pretoria

en motivering breedvoerig in hoofstuk een te bespreek, beskryf ek hoe en hoekom ek die realiteit van die wêreld op ’n sekere manier beskou. Nadat daar verduidelik is dat realiteit vir elke persoon anders is oftewel dat realiteit gekonstrueer word, moes ek vir myself vra of die gebeure en die ‘feite’ rondom die Slag van Cuito Cuanavale deur almal aanvaar word as dieselfde. In die oorspronklike ondersoekfase het dit vinnig duidelik geword dat ek myself binne ’n storm van opinies en multiperspektiewe bevind het in die diskoerse rondom nie net die Slag van Cuito Cuanavale nie, maar ook die Grensoorlog as ’n historiese gebeurtenis. Deur die literatuur rondom die Grensoorlog te lees, en veral die kontroversiële Slag van Cuito Cuanavale, het ek weer besef dat daar verskillende sienswyses vir dieselfde gebeurtenis is. Die verhaal word vertel vanuit verskillende perspektiewe, hetsy van politieke leiers, veterane, joernaliste of akademici. Verskillende standpunte, opinies en idees word gevorm, gebaseer op hul eie subjektiewe ervarings en interpretasies van ons verdeelde verlede.

Die benadering tot die studie is derhalwe vasgestel volgens die aard en die doel van die studie as ’n tekstuele handboekanalise. ’n Kwalitatiewe benadering tot die ondersoek van die gebeurtenis waarop die soeklig val en die perspektiewe rondom die gebeurtenis, verwag nie dat ek die menslike eienskappe van die gebeurtenis ignoreer nie (van der Walt, 2020). Ek moet ingestel wees op die moontlikheid van verskillende maniere waarop die wêreld beskou word en ek moet besef dat my beskouing van die wêreld, realiteit en kennis nie die enigste moontlike beskouing is nie. Volgens Denzin en Lincoln (2018), maak die kwalitatiewe navorser gebruik van interpretatiewe beginsels om ’n beter begrip te verkry van dit wat bestudeer word. Om sin te maak van die uiteenlopende menings en sienswyses van die subjektiewe waarheid rondom die Slag van Cuito Cuanavale, moet daar ’n vertrekpunt wees waarop ek die verlede gaan beskou en interpreteer. Dit is hier waar die nut van ’n paradigmatiese posisionering na vore kom. Sonder ’n interpretiewe filosofiese fondasie om die gebeure van die Slag van Cuito Cuanavale te interpreteer, sal daar nie noodwendig verskillende perspektiewe toegelaat word nie (in vergelyking met ’n positivistiese benadering). Verder meld Durdella (2019) dat die navorsingsparadigma as die fondasie vir akademiese ondersoek funksioneer en dat dit bestaan uit ’n stel aannames oor realiteit wat deur ander navorsers aanvaar word (Given, 2008). Daarom word daar in die studie gebruik gemaak



© University of Pretoria

van die interpretivistiese paradigma wat hom daartoe verleen om die menslike ervarings te verstaan as ’n konstruksie. Sonder om empatie te hê vir die deelnemers van die gebeurtenis kan daar nie werklik verstaan word hoekom daar uiteenlopende perspektiewe van een enkele historiese gebeurtenis is nie (Yanow, 2013).

Die interpretivistiese paradigma het die doel om uit die subjektiewe wêreld sin te maak van gebeure (Kivunja & Kuyini, 2017). Volgens Kivunja en Kuyini (2017), is die klem van interpretivisme grootliks op individuele belewenisse en hoe dit geïnterpreteer word. Hierdie paradigmatiese benadering word bepaal deur wat ek ag as kennis en hoe kennis gegenereer en opgedoen word (epistemologie) en dit wat ek as die waarheid of realiteit van die wêreld (ontologie) ag (Merriam & Tisdell, 2015). Die aannames wat ek maak in verband met wat ek ag as kennis, en verder as ‘ware’ kennis, vorm die fondasie waaruit die studie en my eie realiteit gebou word. van der Walt (2020) verduidelik dat duidelike interpretivistiese idees bestaan rondom die beskouing van ‘waarheid’ of ‘feite’. Die eerste groep glo dat daar nie definitiewe feite bestaan nie omdat alle kennis reeds ’n produk van interpretasie is. Die inligting en kennis wat bestaan, word dan herhaaldelik herevalueer en geïnterpreteer (van der Walt, 2020). Die konsep wat soos deur van der Walt (2020) uiteengesit is, berus op die idee dat almal die wêreld se realiteit anders beskou en dat daar ’n reeks faktore is wat die interpretasie van die individu bepaal en beïnvloed. van der Walt (2020) verduidelik verder dat interpretiviste glo dat daar geen definitiewe feite bestaan nie, maar dat dit slegs bestaan omdat daar ’n konsensus is onder sekere mense oor die bewys van die feite. Dus, in die gesprek rondom die verskillende perspektiewe wat bestaan rondom die Slag van Cuito Cuanavale, is daar nie konsensus rondom die ‘feite’ van die konflik nie, en dit was dus vir my belangrik om binne my teoretiese raamwerk te bly tydens die analise.

Ter samevatting, kan interpretivisme beskryf word as ’n paradigma wat die teenoorgestelde is van positivisme. Die idee is dat die realiteit nie meetbaar, waarneembaar of ooit dieselfde is of kan wees nie. Dit is dan uit dié perspektief dat interpretivisme gebruik word as nie net ’n paradigma vir my navorsing nie, maar ook as my siening van die lewe oor die algemeen. Daar is aspekte van ons samelewing wat



© University of Pretoria

wel gemeet kan word, maar daardie aspekte handel slegs oor daardie gebeure wat nie te make het met interpretasie of individuele ervarings nie (Merriam & Tisdell, 2015).

Soos daar reeds in die afdeling gemeld is, is die waarde van die interpretivistiese paradigma om sin te maak van uiteenlopende menslike ervarings. Menslike ervarings en die perspektiewe wat hulle na die algemene gesprek rondom geskiedkundige gebeure bring, vorm die subjektiewe data wat deur middel van geleefde ervaring geïnterpreteer moet word (Yanow, 2013). Kritiek van die interpretivistiese paradigma is dat daar te veel klem op die navorsers se subjektiewe waarheid geplaas word om sin te maak van die data (Yanow, 2013). Wat die paradigma my wel toegelaat het om te doen in die studie is om my eie vooropgestelde vooroordeel bloot te stel sodat die analise wat ek gaan aanbied op ’n deursigtige en eerlike wyse aangebied kan word met my vooroordeel wat reeds bespreek is. Interpretivisme het my toegelaat om die verlede te beskou deur my eie ervaring, sowel as deur die ervaring van soveel ander mense wat dit op ’n ander manier beleef het. Vanuit hierdie moet daar sin gemaak word van my eie aannames rondom epistemologie en ontologie.

### 3.2.2 Kennis en realiteit: Ontologiese en epistemologiese aannames

Hierdie studie het vanaf die konseptualisering daarvan ’n kwalitatiewe benadering aangeneem soos wat vroeër in die hoofstuk uiteengesit is. Soos ook voorheen bespreek, gebaseer op die paradigmatiese benadering van die studie, word daar grootliks gesteun op die interpretiewe beginsels van kwalitatiewe navorsing wat vanuit die staanspoor aanneem dat alle kwalitatiewe navorsing interpretivisties is (Denzin & Lincoln, 2018). Die wyse waarop die wêreld verstaan word en kennis geproduseer word, beïnvloed die basis waarop die uiteindelike analise aangepak gaan word deur middel van die metodologie (Denzin & Lincoln, 2018). Gebaseer op bogenoemde het ek sekere ontologiese en epistemologiese aannames gemaak.

Ontologie kan beskryf word as die manier waarop realiteit en die wêreld verstaan word (Dieronitou, 2014). Wat daarmee bedoel word, vir my as ’n kwalitatiewe navorser, is dat daar bepaalde wyses bestaan waarop die realiteit beskou kan word. Dit is ’n nodige aspek in die vorm en skep van ’n navorsingsbenadering en metodologie. Dit is hier waar die navorsers se idees, kultuur en ander sosiale merkers na vore kom, en ook die



© University of Pretoria

aspekte is wat my eie kennis en verstaan rondom realiteit bepaal (Denzin & Lincoln, 2018). Die studie se paradigma bepaal dat daar verskillende realiteite is en dat die 'waarheid' of 'feite' slegs bepaal word deur die ervaring(s) van die individu. Daarom word daar gesteun op die beginsels van 'n relativistiese ontologie wat aanvaar dat realiteit nie een enkele perspektief is nie, maar dat daar verskillende interpretasies en sieninge oor die wêreld is (Dieronitou, 2014). Die interaksie tussen die navorser en dit wat nagevors word (in die geval van hierdie studie, graad 12-Geskiedenishandboeke), lei tot 'n interaksie waar daardie verskillende realiteite verken kon word (Kivunja & Kuyini, 2017). Die posisie wat dan ingeneem word, is een waar kennis nie 'gevind' word nie, maar eerder gevorm en gebou word. Vervolgens is realiteit nie een enkele perspektief nie, maar waar daar meer as een waarheid is, gebaseer vanuit die perspektief van die persoon wat daardie realiteit beleef (Merriam & Tisdell, 2015).

Epistemologies aanvaar ek dat spesifieke kennis en verstaan van die verlede oop vir interpretasie is, en dat daar konflik bestaan tussen hoe spesifieke mense en spesifieke groepe die verlede sien en ervaar (Sefotho & duPlessis, 2018:23). 'n Subjektiewe epistemologie aanvaar dat afleidings gemaak gaan word, gebaseer op verskillende ervarings. Persoonlike sieninge oor die fenomeen en die studie is die manier hoe kennis gekonstrueer word en die basis vorm van die analise (Kivunja & Kuyini, 2017). In terme van my epistemologiese aanname is daar nie een enkele posisie of oogpunt waaruit 'n mens 'n saak kan sien nie (Kivunja & Kuyini, 2017:34; Sefotho & duPlessis, 2018:20-22). Wanneer daar gekyk word na Geskiedenishandboeke is daar nie een aanvaarbare siening nie. Die leser of gebruiker vorm sy of haar eie siening van die gebeurtenis en gee die kennis aan leerders so oor. Ten slotte, as dit wat die waarheid is 'n subjektiewe konstruksie is, dan is die waarheid of die siening van die verlede ook 'n konstruksie wat bepaal word deur die diskoerse in 'n samelewing.

### 3.3 Navorsingsmetodologie

In hierdie hoofstuk word op twee belangrike dinge gefokus. Die eerste belangrike aspek is om die navorsingsontwerp te beskryf, soos hierbo gedoen. Die navorsingsontwerp dien as die teoretiese 'plan' wat gebruik word om die praktiese aard van die studie – die navorsingsmetodologie – te dryf. In bogenoemde afdeling is die paradigma



© University of Pretoria

(interpretivisme) en die benadering (kwalitatief) bespreek. Kollektief vloei die ontologiese en epistemologiese aannames wat ek gemaak het vanuit die paradigma en benadering. Die tweede aspek waarop die hoofstuk fokus, is om die teoretiese ‘plan’ te neem en dit op ’n praktiese wyse uit te voer. Hierdie studie, ’n analise van die Slag van Cuito Cuanavale, soos vervat in graad 12-Geskiedenishandboeke, gaan beide die teks sowel as die visuele bronne analiseer. In dié verband moet daar gekyk word na die teks in die konteks van die diskoerse wat in die samelewing plaasvind, sowel as die diskoerse wat die handboeke gebruik. Met ander woorde dit wat deur die handboek visueel en tekstueel gekommunikeer word, sowel as dit wat daardeur bedoel word (Huckin, 2002).

Die metodologie van enige studie vorm die ‘plan’ of manier waarop die data versamel en geanaliseer gaan word. Dit kan beskryf word as die proses met spesifieke metodes waarop ek ondersoek instel om uiteindelik die doel van die studie te vervul en om gevolgtrekkings voor te stel vir die navorsingsvrae (Scotland, 2012). Die metodologie van die navorsing spruit ook uit vanaf die spesifieke vakdissipline (in hierdie geval vanaf die opvoedkunde en geskiedenis), sowel as die konseptuele raamwerk van die studie (stiltes, multiperspektiwiteit en herkontekstualisering) (Denzin & Lincoln, 2018).

### 3.3.1 Metodologie

Die metodologie van hierdie studie berus op die beginsels van teksanalise binne die kwalitatiewe benadering. Die metodologie wat ek gevolg het, was diskoersanalise en meer spesifiek kritiese diskoersanalise, waar gefokus is op die teks en die visuele bronne in die graad 12-Geskiedenishandboeke. In die ontwerp van die metodologie het dit duidelik geword dat ek op metodes wat te doen het met die analisering van die teks sou moes steun. Verder het ek ook besef dat ek nie die navorsingsvrae gaan beantwoord deur net die teks te analiseer nie, en dat daar ’n navorsingsmetode gesoek moet word wat ook die diskoerse (wat hier verwys na ’n kommunikatiewe gebeurtenis, oftewel, ’n gesprek, waar taal en taalkonstruksies gebruik word om ’n bepaalde boodskap aan leerders oor te dra deur middel van teksgebaseerde kommunikasie wat deur die handboek plaasvind (van Dijk, 2011)) wat in die teks voorkom, kan analiseer. Enige teks is ’n gesprek tussen die leser en die samesteller daarvan. In my studie vind



© University of Pretoria

die gesprek in die handboek plaas, maar daardie gesprek bevat steeds die vooropgesteld idees en ervarings van beide die leser en samesteller. Die diskoers wat hier plaasvind, kan nie slegs deur ’n eenvoudige analise van die teks plaasvind nie. Pragmatiek, diskoersanalise en teksanalise is analisemetodes wat in taalkunde gebruik word om die gesproke taal en kommunikasie te ontleed en te analiseer. Hierdie afdelings van taalkunde kyk spesifiek na die uiting op drie vlakke, naamlik die letterlike semantiese betekenis van die uiting, die spreker se bedoeling met die woorde en die geslaagde reaksie van die uiting by die hoorder of leser (van Niekerk & Olivier, 2014). Hierdie beginsels vorm ’n deel van die kommunikatiewe beginsels wat onder pragmatiek val. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die fokus nie op die kommunikatiewe beginsels van gesproke taal fokus nie, maar eerder op die geskrewe aspek van die taal. Diskoersanalise is dus die metode van linguistiese analise van geskrewe tekste en die bepaalde bedoeling daarvan binne die konteks (kontemporêre Suid-Afrika) waarin dit geskryf is en die historiese aksie waarin dit plaasgevind het (Otto, 2014). Die geskikte metodologie om die teks te analiseer om die betekenis daarvan wat gesê word en nie gesê word, nie te vind, is kritiese diskoersanalise. Kritiese diskoersanalise is ’n metodologie waar spesifiek gekyk word na nie net wat gesê word nie, maar ook wat bedoel word. Om dit te doen, moet die teks op alle aspekte geanaliseer word, naamlik die gebruik van emotiewe taal, woordkeuses, die tipe bronne wat gebruik word (soos foto’s en grafieke), sowel as die konteks wat rondom die teks geskep word. Hieropvolgend bespreek ek hoe ek die beginsels van diskoersanalise en kritiese diskoersanalise verstaan, sowel as hoe ek te werk gegaan het om die teoretiese beginsels van kritiese diskoersanalise toe te pas as ’n metodologie in die analisering van die gekose graad 12-Geskiedenishandboeke.

**3.3.1.1 Diskoersanalise**

In die samelewing maak ons daagliks gebruik van kommunikasie om sin te maak van die lewe. Alle vorme van kommunikasie, hetsy verbale, nie-verbale, teks-, oudio- of oudiovisuele kommunikasie kan geanaliseer word om die bedoelde betekenis van die boodskap te verstaan of te ontbloot (van Dijk, 2011). Ons almal neem daagliks aan die analiseproses deel. Ons neem die kommunikasie binne ’n konteks en probeer dan sin



© University of Pretoria

maak van wat gesê of geskryf is aan die hand van kennis wat ons het van die samelewing waarin die kommunikasie plaasgevind het (van Dijk, 2010:14).

Bogenoemde beginsels van kommunikasie is die fondasie van enige analise wat met diskoers te doen het. Diskoersanalise as ’n kwalitatiewe analisemetode het oorsprong gevind in die werk van Foucault waar hy diskoers gesien het as ’n manier om stellings te analiseer (Fairclough, 1992). Fairclough (1992) maak dit egter duidelik dat stellings nie die enigste vorm van kommunikasie in die diskoersproses is nie. Daarom word daar in diskoersanalise gebruik gemaak van diskoersteorie sowel as teksanalise (Otto, 2014). Verder is die algemene interpretasie van diskoersanalise dat die woorde, teks of semiotiese vorme van kommunikasie belangrik is.

Om te werk na ’n verstaan of idee van wat kritiese diskoersanalise is, moet daar eers verstaan word dat kritiese diskoersanalise onder die sambreel van diskoersanalise val. Soos reeds verduidelik, is diskoersanalise ’n metode om te kyk na die betekenis van kommunikatiewe uitlatings. Diskoersanalise, en veral kritiese diskoersanalise, het te doen met die bestudering van die mag wat woorde en simbole het deur te kyk na wie daardie woorde of simbole gebruik. Diskoers is verder ’n abstrakte beginsel wat woorde, teks of ander kommunikatiewe beginsels as ’n element van die sosiale samelewing insluit (Fairclough, 2003). Diskoersanalise het ’n tweede element wat die navorsingsmetodologie vorm, naamlik teksanalise. Fairclough (1992) se grootste kritiek teen die basiese diskoersanalise is dat dit nie die teks en die uitlatings wat in die teks gemaak word, in ag neem nie. Tekste dien as ’n belangrike kommunikatiewe metode in die samelewing en kom in verskillende vorme voor soos onderhoude, verslae, handboeke en artikels (Fairclough, 1992; van Dijk, 2010). Elke teksvorm word in ’n bepaalde genre (in die studie, handboeke) bestudeer en dit vorm die konteks waarin die teks gesien moet word. Wat ook belangrik is om in ag te neem van enige teksanalise, is dat daar nie ’n “objektiewe analise van teks kan plaasvind nie” (Fairclough, 2003:14). Teksanalise is daarom selektief en die navorsers maak gebruik van ’n reeks subjektiewe ervarings van die samelewing om die bedoelde kommunikasie te interpreteer en analiseer. Verder moet daar verstaan word dat die betekenis van woorde verander na aanleiding van wie die woord(e) gebruik of uiter (Fairclough, 1992).



© University of Pretoria

Woorde en taalgebruik in my studie van graad 12-Geskiedenishandboeke, is daarom ideologies en die betekenis word gevorm wanneer daar gekyk word na die magsposisie van die taalgebruiker –die ontvanger (lesers van die handboek) én die sender (almal wat betrokke is by die saamstel van die handboek, van uitgewers tot die komitee wat dit goedkeur).

Die fokus van diskoersanalise is dus om te kyk na die ideologiese magsverhouding wat in die samelewing teenwoordig is en hoe die samelewing daardie ideologiese magsposisie hanteer. Diskoersanalise het egter nie net met die ontbloting van duidelike magsposisies te doen nie, maar ook hoe die magsverhouding die diskoerspraktyk in die samelewing of instansies verander (Fairclough, 1992). Omdat die samelewing deur mag, ideologie en politiek verander en beïnvloed word, is dit nodig om te verstaan dat taal gewoonlik polities van aard is (Gee, 2011). Daarom sê mense nie wat hulle dink nie, maar hul denke eerder bepaal deur die politiese aard en struktuur van die samelewing of instansie waarin die individu of objek hulself bevind (Fairclough, 1992).

Dit is verder nodig om uit te wys dat tekste deur twee belangrike begrippe beïnvloed word, naamlik intertekstualiteit en konteks (Gee, 2011). <u>Intertekstualiteit</u> verwys na die feit dat tekste wat in die verlede geproduseer is, gebruik word om nuwe tekste en kennis te genereer. Daarom dra tekste van die verlede by tot die ontstaan of skep van nuwe tekste (Fairclough, 1992). Intertekstualiteit staan egter nie los van 'n magsisteem nie. Tekste wat in die verlede geproduseer is wat op 'ou' denke of konsepte gebaseer is, wat intussen dalk verander het en nie meer geskik is vir die huidige samelewing nie, gaan uit die aard van die saak nie in nuwe tekste gebruik word nie. Daar moet verstaan word dat ou idees soms oud geklassifiseer word as gevolg van 'n veranderende of veranderde samelewing waar die prioriteite en politiese denke reeds verander het. Sodra 'n kwessie in die samelewing op 'n spesifieke wyse nie meer aandag geniet nie, is daardie kwessie nie meer relevant nie en dus 'oud' (Gee, 2011). Die tweede aspek is wat van Dijk (2010) <u>konteks</u> noem. As tekste van die verlede gebruik word om nuwe tekste te produseer, is daar 'n element van konteks wat nodig is om te verstaan wat gesê/geskryf is. Omdat diskoers polities en ideologies van aard is, is mag en die magsverhouding of magsmisbruik slegs verstaanbaar wanneer die sosiale omgewing



© University of Pretoria

van die teks verstaan word, daarom het “konteks te doen met die sosiale omgewing van teks en praat” (van Dijk, 2010:118). Verder bepaal die konteks dat ’n spesifieke sosiale taal gebruik word waar die konteks vir die gesprek nodig is om die spesifieke jargon, formele of informele taalgebruik te verstaan.

Diskoersanalise en kritiese diskoersanalise word deur verskillende outeurs op uiteenlopende maniere verduidelik en hul invalshoek is nie altyd dieselfde nie (sien byvoorbeeld (Huckin, 1997; Locke, 2004a; Stephanie, 2013). Die oorhoofse idee wat wel regdeur duidelik bly, is dat diskoers as ’n sambreelterm gebruik word om alle soorte en vorme van kommunikasie te dek, en dat tekste se analise net so belangrik is as gesproke woorde. Dit is ook duidelik dat konteks en idees van die verlede ons verstaan rondom diskoers vandag beïnvloed en bepaal omdat diskoers nie staties is nie, en dat die woorde van mense wat in ’n magsposisie is. die samelewing kan verander.

### 3.3.1.2 Kritiese diskoersanalise

Diskoersanalise is ’n gespesialiseerde veld van die kwalitatiewe benadering tot data-interpretasie en analise. In die vorige afdeling het ek kernaspekte van diskoersanalise bespreek en verduidelik soos van toepassing op my studie, en genoem dat my studie gebruik gaan maak van kritiese diskoersanalise. Die verskil tussen diskoersanalise en kritiese diskoersanalise hou verband met die benadering tot teksanalise en die doel waarvoor die teks geanaliseer word. Dus word daar beweeg van ’n beskrywende benadering van teksanalise, wat verband hou met die betekenis van die uiting, na ’n beskrywende benadering, waar die betekenis sowel as die konteks van die uiting geanaliseer word.

Daar is volgens Gee (2011) twee soorte diskoersanalitiese benaderings wat navorsers kan gebruik: ’n beskrywende benadering en ’n kritiese benadering. Die beskrywende benadering tot diskoersanalise het die doel om te kyk na die manier waarop taal gebruik word en die inhoud van die taal. Die beskrywende benadering beskryf hoe taal werk (in kommunikatiewe uitings) en hoe dit verstaan moet word (binne die konteks van die uiting). ’n Kritiese benadering tot diskoersanalise kyk steeds na die taal en die taal binne die konteks van die uiting, maar omdat taal polities ervaar word, moet die analise



© University of Pretoria

die betekenis in gesprek bring met die sosiale gesprek rondom dit wat gesê of geskryf is.

Die breër metodologiese benadering wat gebruik gaan word om die graad 12-Geskiedenishandboeke in die studie te analiseer, is dan kritiese diskoersanalise. Kritiese diskoersanalise word beskryf as die studie van taal in ‘elke dag’-situasies of kontekste (Johnstone, 2018). Kritiese diskoersanalise kan dan beskryf word as “’n [n]oue studie van taal- en taalgebruik as bewys van aspekte van die samelewing en sosiale lewe” (Stephanie, 2013:7). Dus is kritiese diskoersanalise gefokus op taal, hoe dit gebruik word, wat dit kommunikeer en die blik wat dit vir ons op die samelewing kan gee. Kritiese diskoersanalise laat toe dat daar gekyk kan word na die agtergrondkonteks, die tipe taal wat gebruik word, vir wie die teks bedoel is, hoe die nasionale diskoers die teks beïnvloed en hoe herkontekstualisering van geskiedkundige bronne die teks beïnvloed (Nieuwenhuis, 2017a). Kritiese diskoersanalise erken dat tekste nie in isolasie van die breë samelewingskonteks geproduseer en gelees word nie, maar dat daar in ag geneem moet word dat alle kontekstuele faktore bydra tot die produksie en interpretasie van ’n teks (Huckin, 1997). Dus is kritiese diskoersanalise kontekssensitief en maak staat op samelewingsfaktore soos kultuur, politiek en sosiale faktore wat kan bydra tot die verstaan van ’n teks. Daarmee saam word die interpretasie van ’n teks nie net deur bogenoemde elemente gekonstrueer nie, maar word die samestelling en interpretasie van ’n teks ook deur die dominante magte in ’n samelewing bepaal, waar realiteit geskep kan word om die siening van daardie dominante kragte in die samelewing te ondersteun. Dus maak kritiese diskoersanalise staat op die beginsels van konstruktivisme oftewel interpretivisme, wat daarop dui dat realiteit relatief en gekonstrueer is. Om dié rede word kritiese diskoersanalise gebruik in die analise van geskrewe tekste (navorsingsmetode), wat polities of kultureel van belang is vir ’n samelewing (Huckin, 1997), soos die geval van hierdie studie: graad 12-Geskiedenishandboeke. Kritiese diskoersanalise is ’n metode van analise wat die doel het om te ondersoek wat die taalgebruik bedoel, dit wat gesê word en hoe dit moontlik die leser se verstaan oor die saak kan beïnvloed in die konteks van mag en invloed – dus is dit sosiopolities van aard (Locke, 2004b). Wat kritiese diskoersanalise krities maak, is die volgende drie aspekte, soos deur Locke (2004b) uiteengesit: Eerstens



© University of Pretoria

word alle denke fundamenteel deur magsverhoudings bemiddel wat sosiaal en histories geleë is; tweedens kan feite nooit van waardes geïsoleer word nie of van ideologiese standpunte verwyder word nie; en derdens is taal sentraal tot die skepping van subjektiwiteit. Om dié redes word kritiese diskoersanalise as 'n metode in die studie gebruik. Om die teks te analiseer met bogenoemde in gedagte, word 'n proses gevolg om die inhoud wat op die voorgrond geplaas word, te analiseer en om die inhoud wat op die agtergrond geplaas word, te ontbloot. Deur hierdie proses te volg, kan die uitlatings in die teks ook beskou word as aspekte wat op die agtergrond geplaas word en dan geklassifiseer word as stiltes.

Die proses wat gevolg moet word om tekste te analiseer, word deur Huckin (1997) verduidelik. Hy stel dit dat die analiseproses van tekste in twee fases plaasvind, naamlik die nie-kritiese leesfase en die kritiese leesfase. Tekste moet eerstens gelees word op 'n onkritiese manier soos wat die bedoelde lesers (in hierdie geval 'n graad 12-leerder) die teks sou gelees het (Huckin, 1997). Dit laat jou toe om aspekte van 'n teks op te let wat die oorspronklik bedoelde leser nie sou mislei nie. Tweedens moet die teks dan op 'n kritiese wyse gelees word waar die volgende aspekte in gedagte geneem word (Huckin, 1997):

1. Die genre van die teks: Die soort genre kan homself daartoe verleen om sekere elemente weg te steek of uit te laat. Tekssamestellers weet hoe om die genre te manipuleer om belangrike aspekte te versteek.
2. Die manier waarop die genre aangebied, of die "framing", word of die perspektief wat die samesteller aanneem in die teks: Die teks kan op sekere maniere aangebied word wat 'n spesifieke perspektief voorstel soos byvoorbeeld deur die gebruik van visuele tekste.
3. Die voorgrond en agtergrond van die teks kan bepalend wees in die manier waarop die leser gemanipuleer word: <u>Voorgrond:</u> Sekere aspekte word beklemtoon deur daardie inligting tekstuele prominensie te gee. Dit kan bereik word deur plasing van die inhoud of deur slegs sekere aspekte van die inhoud op die agtergrond te plaas. <u>Agtergrond:</u> Inligting wat op die agtergrond verskyn, word op twee maniere bereik: Eerstens deur dit fisies op die agtergrond van die



© University of Pretoria

teks te plaas, d.w.s. laaste plaas of na die inligting wat die samesteller wil hê jy moet weet, of tweedens deur uitlating, wat Huckin (1997) beskryf as die toppunt om inligting op die agtergrond te plaas.

Voordat die teks geanaliseer kan word vir die voorgrond, agtergrond en stiltes wat daarin bestaan, moet eers gekyk word na wat in die teks gebeur. Omdat die fokus in die studie op die diskoerse rondom die Slag van Cuito Cuanavale fokus, moes ek kyk na die stellings wat gemaak is rondom die historiese gebeurtenis in die handboeke. Die vorm van die stellings (m.a.w. die manier waarop die stelling saamgestel is; sintakties) en die funksie van die taalgebeurtenis (wat die outeur sintakties wil laat uitstaan) was belangrik. Die tweede taak wat ek moes aanpak, was om die stellings rondom die perspektiewe in die handboek om die Slag van Cuito Cuanavale binne konteks te plaas. Hierdie konteks is nie net ’n historiese een nie, maar het te doen met die sosiale taal wat gebruik word en die intertekstualiteit van die teks soos vroeër verduidelik. Die derde taak was om die uiting binne ’n bepaalde historiese konteks te plaas, en meer spesifiek binne die politieke debat rondom die nalatenskap van Suid-Afrika se verdeelde verlede, sowel as die Grensoorlog.

In my analitiese pogings om die stappe soos hierbo uiteengesit te voltooi, moes ek myself sewe vrae oor die data vra: (1) Wat is die belangrikheid van die uiting of hoe maak die taalgebruik die uiting belangrik?; (2) Watter aktiwiteit is die taalgebruik besig om voor te stel (d.w.s. die konteks waarin daar geskryf word; formele taal of informele taal)?; (3) Watter identiteit word deur die taal geskep van beide die skrywer en die mense of situasie waaroor daar geskryf word?; (4) Wat is die aard van die verhouding in die kommunikasieproses (wanneer handboek tekste bestudeer word, is die identiteit een van opvoeder teenoor leerder)?; (5) Watter aspek van sosiale norms en waardes word deur die taal gekommunikeer?; (6) Watter verbindings word deur die taalgebruik tussen konsepte gevorm of gebreek?’; en (7) Hoe oorbrug die teks spesifieke taal of jargon wat nie deur almal verstaan word nie? (Gee, 2011:17-20). Deur hierdie vrae te vra oor die teks in verband met die drie take wat moet plaasvind, kan daar dan verder gekyk word na die spesifieke aspekte van die studie wat beantwoord moet word.



© University of Pretoria

Om ’n kennissisteem of skema soos bo genoem te ontwerp, moet daar na die volgende aspekte gekyk word: (a) wat in die handboek verskyn (uitingtipe en betekenis sowel as die konteks), (b) die doel van die teks (sosiale praktyk), (c) waar staan die kennis ten opsigte van die bestaande kennis oor die onderwerp en (d) wat is deur die ‘sif’ (sien figuur 2.3) van die outeur gevang en wat het agtergebly. Deur dit vas te stel, sal ek ’n goeie idee hê van wat die skrywers en samestellers van die handboeke se kennisskema was, alhoewel dit nie moontlik sal wees om ooit presies te weet nie. Dan word die proses van kritiese diskoersanalise gevolg om die linguistiese bedoelings in die teks te ontleed. As voorbeeld hiervan, vergelyk byvoorbeeld die opskrifte van twee verskillende Geskiedenishandboeke oor die Slag van Cuito Cuanavale. In *Viva Geskiedenis Graad 12* is dit

1. “Die belangrikheid van die slag van Cuito Cuanavale 1987 en 1988”

teenoor ’n meer uitgebreide verduideliking en proses in *Verken Geskiedenis Graad 12*

2. “8.1 Opercao Saludando Octubre (“Operasie Groet die Oktober”), 1987” en “8.2 Die Slag van Cuito Cuanavale, 1988”

Reeds deur net na die onderskeie opskrifte vir dieselfde onderwerp te kyk, kan ons sien wat in die handboek verskyn, ons kan reeds afleidings maak oor die bedoeling van die opskrifte (wat dit probeer kommunikeer), watter kennis gekies is uit die breër historiese literatuur wat oor die onderwerp bestaan, en wat in die ‘sif’ agterbly het of dit wat deurgeval het. Die bedoelde betekenis is hier duidelik, en van hierdie punt af kan kritiese diskoersanalise gebruik word om die afsonderlike leksikale items te ontleed, bv. die gebruik van ’n hoofletter ‘s’ in die benaming van die gebeurtenis Slag van Cuito Cuanavale. Deur dit te doen, word die teks geanaliseer om vas te stel wat op die voorgrond is, wat die stiltes is (dit wat op die agtergrond geplaas word daardeur uit te laat) en verder die klassifikasie daarvan vas te stel. Hierdie metodologiese skuiwe is ’n tweeledige proses, eerstens waar ek vasstel wat in die teks is en tweedens wat nie in die teks is nie, om sodoende ’n afleiding te kan maak oor die perspektiewe wat in die betrokke handboek verskyn deur te kyk na die soort stilte wat daar heers.



© University of Pretoria

Kritiese diskoersanalise word dus gebruik om manipulerende stiltes te identifiseer en te analiseer deur sleutelvrae te vra oor die teks wat bestudeer word. Daardie sleutelvrae wat gevra word, moet drie kritiese dinge beantwoord: Is die teks opsetlik misleidend? Het die skrywer sekere inligting op die agtergrond geplaas deur dit opsetlik uit te laat? Word die skrywer daardeur bevoordeel? Die tekste wat dan geanaliseer word, is hoofsaaklik die Geskiedenishandboek, maar ook ander tekste om die konteksstruktuur te skets. Die tekste buite die handboek is deurslaggewend omdat dit die inligting bevat wat nie die handboek gehaal het nie. Daarsonder kan die stiltes nie ontdek word nie.

As stiltes gedefinieer word as inligting of inhoud wat op die agtergrond geplaas word deur die uitlating van sekere inligting wat betrekking het tot die inhoud wat bestudeer word, moet dít wat op die voorgrond en agtergrond geplaas en uiteengesit word, in gedagte gehou word om manipulerende stiltes te identifiseer. Met die bogenoemde in gedagte gaan die volgende afdeling besin oor die praktiese wyse waarop die analise aangepak is. Met die verstaan van die doel van kritiese diskoersanalise is die volgende stappe ontwikkel om die analise te dryf en word prakties in Tabel 3.1 uiteengesit:

*Tabel 3.1 'n Proses vir die analise van graad 12-Geskiedenishandboeke*

| | |
|---|---|
| Fase 1 | **Lees en identifiseer:**<br>Elke handboek word apart behandel. Elke handboek bevat 'n unieke narratief en uitgangspunt wat die perspektief wat voorgehou word, bepaal (bv. kolonisasie, Koue Oorlog-gevolge of bevryding vanaf kolonisasie) en wat geanaliseer moet word. Verder word die werklike handboekname verander vir etiese redes en word geassosieer met die kleur van die omslag:<br>Die wit boek<br>Die blou boek<br>Die grys boek<br><br>Die teks word vir die eerste keer in die fase aandagtig deurgelees om 'n algemene gevoel oor die styl, taalgebruik en narratief te kry. |
| Fase 2 | **Aanvanklike analise:**<br>Die aanvanklike analise vind plaas nadat daar 'n idee verkry is oor hoe die eenheid uiteengesit is. Dit is ook in hierdie fase waar die teks gelees word sonder om krities daarna te kyk, waarna daar na spesifieke verwysings gesoek word in die teks soos hieronder uiteengesit.<br><u>Identifisering van alle rolspelers deur middel van verwysing:</u><br>▪ VSA/Amerika/Verenigde State – enige politici en burokrate wat genoem word; aksies en besluite i.v.m. die VSA.<br>▪ USSR/Sowjetunie/Rusland/Rooi leër – enige politici en burokrate wat |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | genoem word; aksies en besluite i.v.m. die USSR.<br>▪ Suid-Afrika/SAW (met verwysing na die apartheidstaat) – enige politici en burokrate wat genoem word; aksies en besluite i.v.m. Suid-Afrika.<br>▪ Sjina/China/Sino – enige politici en burokrate wat genoem word; aksies en besluite i.v.m. Sjina.<br>▪ Kuba – enige politici en burokrate wat genoem word; aksies en besluite i.v.m. Kuba.<br>▪ UNITA – enige verwysing na soldate, vegters of kultuurgroep verbonde aan die bevrydingsmag/nasionalistiese mag, leiers en ondersteuners.<br>▪ MPLA – enige verwysing na soldate (FAPLA), vegters of kultuurgroep verbonde aan die bevrydingsmag/nasionalistiese mag, leiers en ondersteuners.<br>▪ FNLA – enige verwysing na soldate, vegters of kultuurgroep verbonde aan die bevrydingsmag/nasionalistiese mag, leiers en ondersteuners. |
| Fase 3 | **Klassifisering van die historiese rolspelers:**<br>Die handboek plaas sekere gebeure of persone óf op die voorgrond deur gereeld daarna te verwys óf in gevalle waar die inhoud se belangrikheid toegeken word deur die ruimte wat dit kry in die eenheid<br>▪ Klassifiseer rolspelers/figure (bv. VSA of UNITA) as voorgrond- of agtergrond- figure (baseer besluit op frekwensie van verwysings en fisiese spasie in die eenheid wat gebruik word).<br>▪ Visuele bronne help in die proses om figure/rolspelers te klassifiseer.<br>    ▪ Wat word gewys?<br>    ▪ Wie/wat word betrek deur die gebruik daarvan?<br>    ▪ Dra dit by tot die narratief? |
| Fase 4 | **Identifisering van teenwoordige perspektiewe – voorgrond en agtergrond:**<br>Diskoers is die gesprek wat nie net in die handboekkonteks plaasvind nie, maar ook die gesprek wat in die breër samelewing plaasvind. Daardie diskoers(e) is ook in die handboek teenwoordig in die vorm van bronne (gekose bronne wat in die boek geplaas word) en visuele bronne (gekose foto's, spotprente en ander visuele voorstellings van die verlede) wat die handboeknarratief vorm, en lei dan tot die perspektief(we) wat in die teks op die voorgrond geplaas word.<br>• Identifiseer die perspektiewe wat teenwoordig is aan die hand van:<br>    ▪ frekwensie van verwysings;<br>    ▪ taalgebruik van die teks (uitdrukkings en woorde wat gebruik word);<br>    ▪ narratiewe wat deur die gesaghebbende bronne in die teks gevorm word; en<br>    ▪ besin oor wat die teks kommunikeer; visueel of slegs in die teks. |
| Fase 5 | **Finale analise met stiltes in gedagte:**<br>Die finale analise vind plaas deur die teoretiese raamwerk se model van stiltes te implementeer deur te kyk na wat op die agtergrond geplaas word (slegs verwysings na rolspelers of gebeure of totale uitlatings).<br>• Aan die hand van wat geïdentifiseer is, wat is die stiltes wat voorkom?<br>• Klassifiseer die stiltes volgens spraakhandeling-stiltes, voorveronderstellende stiltes, diskrete stiltes, genre-gebaseerde stiltes en manipulerende stiltes. Manipulerende stiltes is die hoofstilte wat ondersoek word. |

Ten slotte bestaan daar nie 'n duidelike of aanvaarbare metode binne die metodologie en metodes wat in my studie aangeneem is vir die analise van Geskiedenishandboeke



© University of Pretoria

nie. Ander metodes soos dié van (Morgan & Henning, 2013) sluit aan by ’n ander ontwerp en doel wat nie in my studie ter sprake is nie. Diskoersanalise as metodologie en kritiese diskoersanalise as die metode het, soos hierbo uiteengesit, my gelei om ’n praktiese model te ontwerp. Dit het my toegelaat om deur middel van kritiese teksanalise die inhoud van die onderwerp wat handel oor die Slag van Cuito Cuanavale te identifiseer en uit te lig wat op die voorgrond is, wat op die agtergrond is en die stiltes wat die perspektiewe in die gekose graad 12-Geskiedenishandboeke ontbloot het.

### 3.4 Datastel

Omdat die studie fokus op graad 12-Geskiedenishandboeke is die datastel geselekteer deur gebruik te maak van ’n doelgerigte steekproefneming. Die data is nie geselekteer op die basis van die sneeubalmetode of geriefmetode nie, maar eerder ’n metode waar daar gekyk is na wat tipies in die klaskamer gebruik word. Die volgende oorweging was of Engelse handboeke ook ingesluit moet word; daar is daarteen besluit omdat die navorsingsmetodologie fokus op ’n linguistiese aspek wat sou veroorsaak dat die analise in beide Afrikaans en Engels aangepak en aangebied moes word.

Soos per die steekproefneming is drie verskillende handboeke, wat in Afrikaans gepubliseer is aan die hand van die nasionale kurrikulum in Suid-Afrika, naamlik die KABV-Geskiedenis gekies. Weens die aard van hoe handboeke in Suid-Afrika toegelaat word vir gebruik in die klaskamer is besluit om net drie Afrikaanse Geskiedenishandboeke te analiseer. Die Onderwysdepartement volg ’n keuringsproses waar handboeke wat volgens die aanvaarde riglyne van die KABV vir Geskiedenis saamgestel is, voor ’n paneel verskyn wat die finale besluit neem om die handboek goed te keur vir gebruik in die klaskamer (Siebörger, 2015). Daar is dus besluit om net drie handboeke te analiseer omdat die inhoud wat daarin verskyn, herhalend kan voorkom. Die drie handboeke wat gekies is, het diverse skrywers van verskillende agtergronde en word deur verskillende maatskappye gepubliseer. Die handboekkeuse is gemaak deur te kyk na die goedgekeurde handboekkatalogus wat deur die Departement van Basiese Onderwys in 2013 gepubliseer is (DBE, 2013). Al die gekose handboeke was op die lys.



© University of Pretoria

Met die fokus van die studie in gedagte, naamlik die analise van die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale, gaan die gekose handboeke nie in totaliteit geanaliseer word nie. Daar gaan net gefokus word op die afdeling waar die Slag van Cuito Cuanavale ter sprake is, en word die afdeling in elke afsonderlike handboek wat te doen het met die gevallestudie oor "Onafhanklike Angola" (waar die Slag van Cuito Cuanavale ter sprake is) geanaliseer. Dit word in Tabel 3.2 uiteengesit.

*Tabel 3.2 Gekose graad 12-Geskiedenishandboeke*

| Outeurs | Datum van publikasie | Titel van publikasie | Plek van publikasie | Publi-seerder | Fokus in handboek |
|---|---|---|---|---|---|
| Bottaro, J.<br>Visser, P.<br>Worden, N. | 2013 | *Op soek na Geskiedenis Graad 12* Voorgestel as die 'grys boek' | Kaapstad | Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. | Eenheid 2.4: "Afrika in die Koue Oorlog: Wat was die impak van die interne en eksterne faktore op Afrika gedurende hierdie tyd?" (bl. 100-111) |
| Angier, K.L.<br>Horner, E.A.<br>Maraschin, J.L.<br>Hobbs, J.<br>Mhlaba, N.<br>Mowatt, R.L. | 2017 | *Viva Geskiedenis Graad 12 Leerderboek* Voorgestel as die 'wit boek' | Johannesburg | Vivlia Publisher | Eenheid 4: "Afrika gedurende die Koue Oorlog: USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika" (bl. 122-131) |
| Fernandez, M.<br>Mcmahon, P.Pienaar,S.Seleti, Y.<br>Wills, L.<br>Jacobs, M. | 2013 | *Verken Geskiedenis Graad 12* Voorgestel as die 'blou boek' | Kaapstad | Maskew Miller Longman | Hoofstuk 8: "Wat was die impak van die interne en eksterne op Afrika gedurende daardie tydstip?" (bl. 123-142) |

### 3.5 Geloofwaardigheid

Om die geloofwaardigheid van hierdie studie te bepaal, was op sigself 'n interpretiewe saak. Wat namens my as geloofwaardig en geldige navorsing en bevindinge kan voorkom, is nie noodwendig vir iemand van 'n ander oortuiging genoeg om geloofwaardigheid te bewys nie. Die navorser se realiteit teenoor die 'werklike' realiteit, of die realiteit van die leser, is nie dieselfde nie en die ervarings kan nie vergelyk word nie. Kwalitatiewe navorsing is gebaseer op die aanname dat realiteit bepaal word deur die persoon wat dit beleef. Daarmee saam stem die paradigma van interpretivisme



© University of Pretoria

ooreen en maak die bevindinge van die studie al meer oop vir interpretasie. Realiteit en die belewenis van gebeure is nie vir almal dieselfde nie en daarom kan die gebeurtenis wat ondersoek word, nie objektief observeer en gemeet word nie (Merriam & Tisdell, 2015).

Om die geloofwaardigheid te bewys, het ek die volgende strategieë geïmplementeer om vrae rondom my eie subjektiwiteit en selfs die subjektiwiteit van die data, uit die weg te probeer ruim. Hierdie strategieë het berus op die volgende faktore, naamlik om my eie posisie duidelik te maak binne die navorsing, literatuur by die korpus in te sluit wat nie net vanuit my eie perspektief gekies is nie, en om die data wat gebruik is en konkrete navorsingsmetodologie van diskoersanalise en kritiese diskoersanalise. Verder het my stem as die navorser en my insigte vanuit my realiteit en verstaan van die wêreld ook die studie beïnvloed. Dit is moontlik vir my om begrip en insig van ’n ander posisie te hê, maar my eie posisie sal op een of ander manier deurskyn. Die literatuur wat ek gekies het, probeer ’n breë politieke spektrum weerspieël en sluit nie net oud-SAW-lede se interpretasies en geskiedenisse in nie. Die geloofwaardigheid word verder versterk deur ’n korpus van die volledige konteks te versamel om die gapings in die amptelike weergawe uit te wys. Deur dit te doen, kan die leser self sien wat genoem en nie genoem is nie. Daar is egter op die terrein van opsetlikheid en voordeel ’n punt om te maak, naamlik dat ek (die samesteller) en die uitgewer beskuldig kan word van manipulasie met geen tasbare bewyse nie, maar om na die belange van die samestellers so wel as hulle vlak van kennis op die terrein te verwys, kan daar grootliks bewys word dat manipulasie voorkom (Huckin, 2002). Dit is ook belangrik vir my om hier te meld dat die aard van die meeste bestaande literatuur, hetsy dit geskik is vir die metodologieafdeling of die literatuuroorsig, hoofsaaklik in Engels verskyn het. Met dit in gedagte moes alle terminologie en ‘vreemde’ woorde vertaal word om die studie geloofwaardigheid te gee as ’n Afrikaanse meestersverhandeling.

Die data is vir my die belangrikste deel van die geloofwaardigheidsaspek. Die data wat ek gekies het, is met ’n doel gekies, maar dit is ook die beskikbare, gepubliseerde en goedgekeurde handboeke, soos bepaal deur die Onderwysdepartement (Sieborger, 2015). Daar is vyf KABV- goedgekeurde Geskiedenishandboeke vir die graad 12-



© University of Pretoria

leerder wat gepubliseer is, waarvan drie gekies is. Die manier waarop die data ingesamel word, is slegs deur gebruik te maak van die nasionale leer- en onderrigondersteuningsmateriaal- (LOOM-) katalogus. Die tweede aspek wat hier ook in ag geneem moet word, is dat die handboeke almal deel is van ’n lys van goedgekeurde handboeke vir die KABV en dat geen ander handboek, hetsy van die vorige kurrikulum of van ’n ander land af, in die studie gebruik is nie. Die klem is deurgaans op die KABV.

Die laaste aspek rondom geloofwaardigheid is die manier waarmee met die data (graad 12-Geskiedenishandboeke) gewerk is. Die studie is nie ’n gevallestudie nie, en daar is nie numeriese data wat geverifieer moet word en waarmee wiskundig korrek omgegaan moet word nie. Dit is ’n kontekstuele studie waar die data handboeke is wat deur middel van erkende analiseringsmetodes geanaliseer gaan word. Die gebruik van kritiese diskoersanalise is ’n diverse veld en word nie net in die analise van handboeke gebruik nie, maar enige plek waar daar ’n konteks rondom ’n kommunikatiewe uiting soos ’n gesprek of ’n teks bestaan wat ontleed en geanaliseer moet word. ’n Geloofwaardigheidsaspek wat in ag geneem moet word binne kritiese diskoersanalise, is die sogenaamde “raam-probleem” (Gee, 2011). Omdat kritiese diskoersanalise staat maak op die konteks van die diskoers wat plaasvind, kan die konteks wat deur die analis verskaf word, problematies wees as die konteks nie breedvoerig genoeg is nie. Die konteks wat ek skep, moet dus breed genoeg wees dat wanneer die konteks verder verbreed word, die aannames wat oor die stelling gemaak is, nie verander nie. Die studie skep ’n duidelik konteks vir dit wat geanaliseer gaan word. Verder gaan daar ook aandag gegee word om die konteks van die spesifieke diskoers wat geanaliseer word, te verskaf aan die hand van die konteks wat in Hoofstuk 1 verskaf is. Hierdie faktore het bygedra tot die geloofwaardigheid van my studie om die leser te oortuig dat ons in ’n multiperspektiewelike wêreld leef waar die realiteit van ervarings en interpretasies verskil.

### 3.6 Etiese kwessies

Die meestersverhandeling, soos hierbo uiteengesit, berus op reeds gepubliseerde en aanvaarde graad 12-Geskiedenishandboeke wat kommersieel beskikbaar is en op enige stadium deur ’n lid van die publiek gekoop kan word. Vervolgens is onderhoude



© University of Pretoria

nie gebruik wat die deelname van mense sou verg nie. Derhalwe het die meestersverhandeling voldoen aan die vereistes, soos deur die Universiteit van Pretoria uiteengesit, en is die studie etiese klaring verleen deur die Fakulteit van Opvoedkunde se etiekkomitee met verwysingsnommer EDU123/21.

### 3.7 Slot

Hierdie hoofstuk bied ’n logiese oorsig van die kritiese aspekte wat nodig is om ’n analise oor die perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale aan te bied. Die hoofstuk is georganiseer deur eerstens die navorsingsbenadering te beskryf waarop die konstruksie van kennis, waarheid en realiteit gebaseer is, en wat gelei het tot die paradigmatiese benadering van hierdie verhandeling, naamlik interpretivisme. Tweedens was die doel van die hoofstuk om ’n bespreking aan te bied oor die navorsingsmetodologie. Die metodologie wat gebruik is, naamlik diskoersanalise, het aanleiding gegee tot die metode wat geskik was om ’n analise oor die perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale aan te bied, en het ook die basis gevorm van die praktiese model wat ek gebruik het om die analise in die volgende hoofstuk te kon aanbied. Derdens is in die hoofstuk ’n uiteensetting gegee van die data (graad 12-Geskiedenishandboeke), sowel as ’n motivering vir die gebruik van die spesifieke Geskiedenishandboeke wat geanaliseer is. Daar is in ag geneem dat die data geselekteer moes word vanaf ’n aanvaarde en goedgekeurde lys van LOOM wat deur die Onderwysdepartement uitgereik is. Vervolgens moet daar ook in ag geneem word dat die data nie deelname van enige persone geverg het nie, en daarom is daar etiese klaring binne die riglyne van die Universiteit van Pretoria aan die verhandeling gegee. Ten slotte het die hoofstuk teoreties en prakties gewys hoe die data geanaliseer is. Dit word in Hoofstuk 4 aangebied.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4
# KRITIESE ANALISE

## 4.1 Inleiding

Hoofstuk 4 van hierdie verhandeling is daarop geskoei om die analise van die graad12-Geskiedenishandboeke aan te bied. Soos in Hoofstuk 3 uiteengesit, gaan hierdie hoofstuk sentreer rondom drie Geskiedenishandboeke wat beskikbaar is vir Afrikaanse graad 12-leerders, soos voorgeskryf en goedgekeur deur die Onderwysdepartement. Vervolgens is elke handboek verdeel in drie breë afdelings, naamlik die voorgrond, agtergrond en stiltes. Die voorgrondinhoud is bepaal deur te kyk na verwysings na rolspelers, historiese gebeure en historiese karakters. Verwysings wat gereeld na hierdie aspekte verwys het, is beskou as inhoud wat op die voorgrond geplaas word. Verder is daar besluit dat, indien daar geringe verwysings gemaak is na daardie rolspelers, historiese gebeure en historiese karakters, daardie inhoud beskou sal word as inhoud wat op die agtergrond geplaas is. Tekstuele stiltes is geïdentifiseer deur kritiese diskoersanalise te gebruik, waar die drie gekose Geskiedenishandboeke verdeel is deur elk van die handboeke apart te analiseer. Verder is die analitiese proses wat saamgestel is in Hoofstuk 3 gebruik om die perspektiewe, wat in die graad 12-Geskiedenishandboeke voorkom, te analiseer aan die hand van kritiese diskoersanalitiese-metodes. Laastens is die reeds geklassifiseerde inhoud wat op die voorgrond en die agtergrond geplaas is, vergelyk met die kennsiraamwerk wat in Hoofstuk 1 en 2 uiteengesit is. Deur hierdie vergelyking te maak met die inhoud en die kennisraamwerk, is bepaal watter inhoud uitgelaat is. Daardie inhoud wat uitgelaat is, is toe geklassifiseer as stiltes. Dié hoofstuk van die verhandeling word dan soos volg georganiseer en aangebied:

1. Perspektief(we) wat op die voorgrond geplaas word.
2. Perspektief(we) wat op die agtergrond geplaas word.
3. Stiltes wat in die Geskiedenishandboeke voorkom.



© University of Pretoria

### 4.1 Analise van die Blou Boek

Die bespreking wat volg oor die verskillende historiese rolspelers en gebeure vind plaas binne die konteks van Angola as ’n geopolitiese eenheid, derhalwe word daar nie daarna verwys as ’n entiteit op die voorgrond nie, maar word daar verwys na Angola as drie verskillende bevrydingsbewegings waar hulle meegeding het om mag in Angola te verkry. Vervolgens word daar ook verwys na buitelandse moondhede wat ’n rol gespeel het in die magstryd wat in Angola ontwikkel het aan die einde van die Portugese koloniale heerskappy.

#### 4.1.1 Historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond geplaas

Die beskrywende bespreking wat voorkom in die Blou Boek oor die Angolese Burgeroorlog, sowel as die antikoloniale gevegte, plaas sekere historiese gebeure en rolspelers op die voorgrond. Die bespreking in hierdie boek weef ’n narratief oor die betrokke persone en gebeure, en word voorgestel as ’n ‘amptelike’ narratief, wat bydra tot die algehele perspektief(we) en die finale bespreking oor die Slag van Cuito Cuanavale. Ter verheldering kan die ontstaan van die Slag van Cuito Cuanavale gevind word in die antikoloniale gevegte binne Angola, asook die rol van die Koue Oorlog se stryd tussen die kapitalistiese Weste en kommunistiese Oosblok. Sommige historiese rolspelers, soos Antonio Salazar,  en gebeure word in hierdie boek duidelik op die voorgrond geplaas en geniet prominente aandag in die narratief oor die Angolese Burgeroorlog ,sowel as die gevegte rondom die Lomba-rivier (Operasie Groet Oktober) en die dorp Cuito Cuanavale tussen 1987 en 1989.

##### 4.1.1.1 Portugal en Antonio Salazar (bl. 127)

Die Blou Boek maak ’n duidelike keuse om die koloniale invloed van Portugal in Angola op die voorgrond te plaas. Daar word 33 direkte verwysings na Portugal gemaak en die uitgewer het die keuse gemaak om drie bladsye aan die Portugese koloniale tydperk te wy (bl. 127–129). As ’n belangrike vertrekpunt in die bespreking van die konflikte in Angola (die antikoloniale konflik en die Angolese Burgeroorlog), word die rol van Portugal beklemtoon. Die eerste twee paragrawe (bl. 127) is grootliks narratief van aard.



© University of Pretoria

Die afdeling (eenheid 4, bl. 127) fokus op basiese agtergrondkennis oor Angola as ’n streek, maar ook op die rol wat Portugal, as ’n koloniale moondheid, gespeel het teen die einde van hul bewind in Angola en Mosambiek (1975). In die perspektief rondom die koloniale bewind van Portugal, fokus die Blou Boek op die sogenaamde “kontinentale nasionalismekoors” (bl. 127) wat verwys na die nasionalistiese bewegings wat in Afrika ontstaan het na die Eerste Wêreldoorlog en die Tweede Wêreldoorlog. Die gebruik van ’n emosionele belaaide term soos “nasionalismekoors” kan aanduidend wees van ’n antikoloniale perspektief of selfs die belangrikheid van pro-Afrika nasionalistiese bewegings wat bygedra het tot die uiteindelike dekolonisering van Afrika. Die konsep, nasionalisme, word beklemtoon in Eenheid 4 (bestaande uit drie bladsye) deur dit te beskryf as die “eise van selfbeskikking deur die Angolese-mense” (bl. 127). Daar word vier keer na die konsep nasionalisme verwys met betrekking tot die bevrydingsbewegings in Angola (MPLA, UNITA en FNLA). Dit is ’n effektiewe benadering om die hoofstuk mee te begin as daar in ag geneem word dat daar deurgaans in die kurrikulum na konsepte en gebeure verwys word waarop daar in die kurrikulum gebou word van vorige jare af. Dus word daar van die graad 12-leerder verwag om op reeds bestaande kennis oor Afrika-nasionalisme staat te maak wat ’n kernbegrip in die graad 11-kurrikulum vir Geskiedenis is.

Die ontstaan van die Angolese Burgeroorlog word in hierdie eenheid aan die Portugese regering toegeskryf. Daar word heelwat ruimte in die Blou Boek toegewy om te verduidelik wie Antonio Salazar was en wat sy rol in beide Angola en Portugal was. Salazar word beskryf as die Portugese Eerste Minister. Met die hulp van ’n bronverwysing, word daar verder beskryf wie Salazar was. Bron F (bl. 127) beskryf Salazar as ’n “diktator” wat die onafhanklikheid van Portugal se Afrikakolonies teengestaan het. Die beskrywing van die bron wat onderaan die bronuittreksel verskyn, beskryf Salazar as ’n “hardkoppige en moeilike man”. Salazar se historiese nalatenskap word verder deur die Blou Boek nie as rooskleurig aangebied nie. Byvoorbeeld, Bron F op bl. 127 verwys na ’n toespraak wat deur Salazar gelewer is waarin hy die keuse om die kolonies van Portugal in Afrika as deel van Portugal te hou, verdedig. Die bron word later gebruik om ’n kontras te bied vir argumente teen en vir koloniale uitbreiding deur gebruik te maak van ’n aktiwiteit op bladsy 129.



© University of Pretoria

Wat opvallend is van Bron F is die wyse waarop die beskrywing aangebied word:

> Nadat hy die land met ’n ystervuis sedert 1932 regeer het, het die Portugese diktator dr. Antonio Salazar, geen intensie gehad om van koers te verander nie [in die Portugese kolonies]. “Ons is reeds vir vierhonderd jaar in Afrika, wat heelwat meer is as ... [asof ons] gister hier aangekom het. Ons is daar teenwoordig met die beleid dat [ons outoriteit geleidelik meer effektief en beskermend word], wat nie dieselfde is as om mense aan hul lot oor te laat in die sogenaamde ‘winde van geskiedenis’ nie.”
>
> Bron F: Die Portugese het Angola vir 400 jaar regeer. Hulle is self regeer deur die diktator Antonio Salazar, ’n hardkoppige en moeilike man (bl.127).

Die bron word herstruktureer deur gebruik te maak van blokhakies wat kan aandui dat die inhoud vereenvoudig word vir die graad 12-leerder of dat dit vir vertalingdoeleindes so geskryf is. Die bron, wat ’n uittreksel van Salazar se direkte woorde is, is waarskynlik oorspronklik in Portugees saamgestel en daarna vertaal om in die oorspronklike bron uit die boek van Martin Meredith, met die titel *The State of Africa: a history of the continent since independence* te verskyn (in die Blou Boek verwys as Bron F), en word dan vertaal en aangepas vanuit Engels om in die Afrikaanse handboek te verskyn.

Salazar word verder op die voorgrond geplaas in Eenheid 4 deur nie net beskrywings van hom in ander bronne buite die handboek in te sluit nie, maar ook deur ’n foto van Salazar op die eerste bladsy (bl. 127) van die eenheid te plaas. Die rol wat Salazar speel, word duidelik vooropgestel in die perspektief oor hom. Hy is die diktator wat teen die winde van verandering in Afrika gestaan het en wat die “nasionalismekoors” (bl. 127) van die kontinent teengestaan het. Die perspektief rondom dié historiese figuur (Antonio Salazar), wat sinoniem is met die Portugal van die tyd, is een van verset teen verandering en as iemand wat in die pad gestaan het van die einde van kolonialisme in Afrika. Die narratief gaan voort om die rol van die nasionalistiese bewegings te verduidelik binne die konteks van die Portugese koloniale bewind. Die onttrekking van die Portugese koloniale moondheid laat ook ’n gaping vir die supermoondhede (VSA en USSR) om hul invloed oor Angola te vestig. Hierdie aspek van Angola se geskiedenis word verder in die hoofstuk breedvoerig uiteengesit.



© University of Pretoria

#### 4.1.1.2 Nasionalistiese bewegings in Angola

Die Blou Boek stel die leser ook voor aan die drie nasionalistiese bewegings (MPLA, UNITA en FNLA) wat deelgeneem het aan die aanvanklike bevrydingsoorlog en later die Angolese Burgeroorlog. Hierdie nasionalistiese bewegings wat op die voorgrond geplaas word, word vervolgens bespreek.

##### 4.1.1.2.1 Die MPLA (BL. 128)

Die eerste nasionalistiese beweging wat genoem word, is die MPLA van Agostinho Neto (bl. 128). Dit blyk dat die vooropplasing van die MPLA ’n politieke motivering mag hê weens die posisie van die MPLA as die regerende party in Angola. Die keuse om die MPLA eerste te plaas, mag ook kronologies van aard wees. Die MPLA het in 1956 ontstaan. Die ander twee hoofstroombewegings (UNITA en FNLA) is eers in 1962 en 1964 onderskeidelik gestig. Ongeag die rede om die MPLA eerste te plaas, kan daar aangevoer word dat die Blou Boek, in terme van perspektief, die MPLA as meer belangrik ag, weens die hoeveelheid verwysings wat na die MPLA gemaak word.

In die sestien bladsye van die hoofstuk word daar 73 keer direk en indirek na die MPLA verwys. Indirekte verwysings na die MPLA sluit in verwysings na die leier van die MPLA, Agostino Neto, die MPLA se gewapende vleuel (FAPLA) en die etniese groep wat die MPLA se ondersteuners was. Direkte of algemene verwysings na die MPLA word 43 keer gemaak. In dié verband speel visuele bronne ’n belangrike rol in die oordra van die perspektief. Visuele tekste het ’n beduidende impak op die basis waarop die narratief oor die MPLA oorgedra word. In die 16 bladsye wat bestudeer is, verskyn daar altesaam 23 visuele bronne (sien addendum B). Op bl. 128, byvoorbeeld, verskyn daar ’n foto van die MPLA-leier, Agostino Neto, net soos wat daar van die ander twee leiers (FNLA en UNITA) ook verskyn. Wat egter opvallend is, is dat die MPLA nie slegs in ’n visuele bron voorgestel word nie, maar dat daar in die res van die visuele bronne in Eenheid 4, vier ander visuele bronne is waarin die MPLA uitgebeeld word. In die reeks visuele bronne verskyn Neto vir ’n tweede keer op bl. 137 saam met Fidel Castro, die leier van Kuba.

Die MPLA word verder op subtiele wyses as die ‘sterkste’ en meer geskikte nasionalistiese beweging voorgestel. Die stigterslede van die MPLA word as “’n groep



© University of Pretoria

radikale swart intellektuele” (bl. 128) beskryf wat daarop dui dat die MPLA nie ’n beweging is wat sommer net oornag ontstaan het nie, maar dat dit ’n beweging is wat met doel en intensie deur denkers gevorm is. Hierdie word later gekontrasteer met die ontstaan van die ander nasionalistiese bewegings waar hul ontstaan gesentreer word rondom ’n leiersfiguur (in die geval van UNITA) of etniese groepe (soos in die geval van die FNLA).

Die eerste sin van die MPLA se beskrywing (bl. 128) word geskei deur die voegwoord ‘en’; die doel van voegwoorde is om twee onafhanklike sinne as een sin te skryf deur ’n woord by te sit wat die twee sinne aan mekaar verbind. Die sin voor die voegwoord fokus op die basis waarop die MPLA gestig is, in plaas daarvan dat dit beskryf wie die groep etnies verteenwoordig. Die perspektief is dus dat dit etniese grense oorskry het. Daarom word die feit dat MPLA deur swart radikale intellektuele gelei is, hier beklemtoon eerder as die etniese verteenwoordiging. Hierdie staan in direkte kontras met die beskrywing van die FNLA en UNITA, waar die etniese verteenwoordiging duidelik op die voorgrond geplaas word (bl. 128).

Anders as UNITA se aanvanklike beskrywing (bl. 128), word dit egter duidelik gemaak aan die leerder dat Neto van die MPLA ondersteuning geniet van die USSR en Kuba, weens die verhouding wat Agostino Neto met die twee lande gehad het. Hierdie is ’n belangrike aspek om te meld oor die MPLA omdat dit die leser van die handboek se aandag vestig op die Koue Oorlog en die implikasies daarvan. Die MPLA word dus, sonder om dit eksplisiet te noem, beskryf as ’n kommunistiese beweging in die stryd om onafhanklikheid in Angola. As sodanig is dit die teenstander van die VSA en die Weste.

Verder word die perspektief op die voorgrond geplaas dat die MPLA gesien is as die nasionalistiese beweging wat werklik onderdrukking vanaf die koloniale moondheid ervaar het. In dié verband lig die Blou Boek die leerder in dat die MPLA “gewelddadig” (bl. 128) onderdruk is deur die Portugese. Die MPLA staan daarom uit as die moontlike ‘voorkeur’ nasionalistiese beweging.

Eenheid 5 (bl. 130) van die hoofstuk in die Blou Boek beweeg aan om na die uitbreek van die Angolese Burgeroorlog te kyk. In dié eenheid word die omstandighede waarin al



© University of Pretoria

drie die nasionalistiese bewegings hulself vind, beskryf. Hier word die belangrikheid van die MPLA weer op die voorgrond geplaas:

> In April 1974, toe dit bekend geword het dat Angola in 1975 onafhanklik sou word, het beide die MPLA en die FNLA die reg geëis om die nuwe regering te vorm.
>
> Die MPLA het aangevoer dat hulle die steun het van die meeste mense wat in Luanda, die land se hoofstad, woon en dat Luanda sal dien as die MPLA se vesting. Die FNLA was militêr gesproke eintlik sterker as die MPLA en hulle het ook die meeste buitelandse hulp ontvang. Maar Roberto het die FNLA tot die noorde van Angola beperk op die grens met die Kongo.
>
> Jonas Savimbi se UNITA het toe bestaan uit 'n weermag van slegs 1000 guerrilla-vegters. Sy verbintenis met die Ovimbundu-mense, wat ’n derde van die Angolese bevolking was, het beteken UNITA potensieel baie magtig kon word (bl. 130).

Die bewoording van die tweede paragraaf in die bostaande uittreksel maak dit duidelik dat die MPLA in ’n beter posisie was as die ander twee bewegings (UNITA en FNLA). Eerstens word melding gemaak vanwaar die MPLA hulself gaan vestig, naamlik Luanda, die hoofstad van Angola. Die rede daarvoor, volgens die Blou Boek (bl. 130), is dat die MPLA se ondersteuningsbasis in Luanda is. Daar word egter gemeld dat die hoofstad van Angola, Luanda, die “algemene doelwit van die burgeroorlog geword” het (bl. 131). Tweedens word daar melding gemaak dat die MPLA se werklike mag nie vergelyk kan word met die mag van die FNLA nie. Die FNLA word beskryf as “militêr gesproke eintlik sterker as die MPLA” (bl. 130). Dit is slegs die ligging van die MPLA, in Luanda, wat bydra tot hulle mag. Die perspektief wat geskets word, is dat alhoewel die FNLA baie hulpbronne tot hul beskikking gehad het, kon hulle nie dieselfde impak gemaak het as die groepe wat deur die “meeste mense in Luanda” (bl. 130) ondersteun is nie. Verder word UNITA beskryf as ’n beweging wat “potensieel baie magtig kon word”; twee woorde te beskryf wat onduidelikheid of onderstelling voorstel soos “potensieel” en “kon”, dui dit daarop dat die MPLA se posisie weereens sterker was as UNITA s’n. Die MPLA word deur beskrywings van die ander groepe duidelik en effektief beskryf as die voorkeur nasionalistiese beweging en as die ‘sterker’ of die een wat meer invloed en mag in die streek gehad het ondanks steun wat aan die ander drie bewegings verleen is.



© University of Pretoria

Die MPLA se mag word verder beklemtoon met die verduideliking dat die MPLA teen Julie van 1975 "alle UNITA- en FNLA-groepe uit Luanda verdryf" (bl. 131) het. Die gevolg daarvan, volgens die Blou Boek, is dat die MPLA "effektief die regering in Luanda" (bl. 131) geword het. Die MPLA word verder op die voorgrond geplaas deur te beskryf tot watter mate hulle steun ontvang het vanaf die Oosblok, byvoorbeeld: "Die Kubane en die USSR het die MPLA gehelp en vir hulle Kubaanse militêre instrukteurs en Russiese wapens gestuur" (bl. 131). Buiten die steun van die USSR en die Kubane het die MPLA ook ’n spesiale status geniet in Afrika. Volgens die Blou Boek het ander "Afrika-leiers teen Savimbi en Roberto gedraai" (bl. 133). Die rede wat verskaf is vir die teenkanting van Savimbi en Roberto, het te make met die aard van Westerse ondersteuning vir UNITA en die FNLA, wat ondersteuning van apartheid Suid-Afrika ingesluit het. Die perspektief is dus dat hul alliansie met die Weste ’n alliansie met Suid-Afrika was wat onaanvaarbaar was.

Die Blou Boek maak ’n finale keuse wat die MPLA op die voorgrond van die narratief hou en daar word verduidelik hoe daar vorentoe na die MPLA verwys gaan word:

> Aangesien die MPLA Angola se regering was, het hulle gewapende magte (die *People’s Armed Forces for the Liberation of Angola,* of FAPLA) die amptelike Angolese Weermag geword. (bl. 133)

Hierdie is egter ’n regverdige keuse om te maak omdat die MPLA wel in beheer was van die hoofstad, Luanda, sowel as die feit dat die UNITA en FNLA pogings nie geslaag het om die MPLA uit die hoofstad te dryf nie.

Ongeag die rol wat die MPLA in die Angolese Burgeroorlog gespeel het, word hulle sukses toegeskryf aan die Kubaanse en Russiese steun wat hulle ontvang het in die vorm van wapens (soos vegvliegtuie) en Kubaanse soldate wat na beraming "50 000" (bl. 133) was. Die perspektief hier is dat die MPLA nie op sy eie die oorlog kon bedryf nie. Dus was die res van die Koue Oorlog-konflik wat in daardie streek plaasgevind het direk en indirek tussen die SAW en die Kubaanse leër. Die onderwerp soos uiteengesit in die Blou Boek, dek die betrokkenheid van ander lande binne Angola en plaas dan die MPLA op die voorgrond weens die betrokkenheid van spesifieke lande in die belang van Angola. Later word daar nie meer direk na die MPLA verwys nie, maar word daar



© University of Pretoria

eerder verwys na die "Angolese weermag" oftewel die *Peoples Armed Forces for the Liberation of Angola* (FAPLA) as sinonieme van mekaar.

Die perspektief rondom die MPLA wat in die handboeknarratief voorkom, het te make met die rol en die impak wat hulle gehad het in beide die onafhanklikheidsoorlog en die burgeroorlog in Angola. Die Blou Boek slaag daarin om die beeld te skets van 'n bevrydingsbeweging wat suksesvol was in die stryd om mag in Angola te verower en wat deur antikoloniale magte soos Kuba en die USSR ondersteun is om vryheid na die Angolese mense te bring. Die leierskap van die MPLA word beskryf as intellektueel van aard terwyl die ander groeperinge voorkom asof hulle op 'n etniese basis probeer mag verower in Angola wat teenstrydig is met die beginsels van Pan-Afrikanisme.

**4.1.1.2.2 FNLA (bl. 128)**

Die posisie van die FNLA in die Blou Boek is nie noodwendig duidelik op die voorgrond geplaas nie, maar daar word wel noemenswaardige verwysings gemaak na die FNLA deur verwysings na die nasionalistiese beweging, sowel as na die FNLA se leier, Holden Roberto. Volgens die Blou Boek, was die FNLA se ondersteuning aan die begin van die onafhanklikheidsoorlog groot met befondsing van twee buitelandse moondhede af. Die rol wat die FNLA gespeel het in die later stadiums van die Angolese Burgeroorlog, is volgens die perspektief in die Blou Boek nie noemenswaardig nie.

Tussen bladsy 127 en 138 word die FNLA 40 keer genoem. Uit daardie 40 verwysings na die FNLA, word 14 keer na Holden Roberto as leier van die FNLA verwys. Etniese ondersteuning blyk nie 'n baie groot rol in die beskrywing van die FNLA te speel nie, maar die etniese ondersteuning wat die FNLA geniet het vanaf die Bakongo-mense, word wel een keer genoem.

Die bespreking rondom die rol wat die FNLA gespeel het in die stryd om vryheid in Angola begin, soos die beskrywing oor die MPLA, met die stigtingsdatum en 'n verduideliking waar die inheemse ondersteuning vir die nasionalistiese beweging ontstaan het. Wat noemenswaardig van die beskrywing is, is die direkte verwysings na hulp wat nie van buite die Afrika-kontinent af kom nie. Die Blou Boek se uitleg, soos ander KABV-Geskiedenishandboeke vir graad 12 oor Onafhanklike Afrika, begin by die verstaan van die uitdagings vir demokrasie in Afrika. Verder word 'n vergelykende



© University of Pretoria

gevallestudie aangebied van die Kongo en Tanzanië wat verskillende roetes gevolg het, met steun van die buiteland sowel as die aard van die regeringstelsel in die betrokke lande. Die rol wat Mobutu Sese Seko (leier van die destydse Zaïre oftewel die Kongo) speel in die Kongo kom dan ook na vore in die laaste afdeling in die hoofstuk wat fokus op Angola se onafhanklikheid. Saam met die beskrywing van Roberto se FNLA word daar dan ook verduidelik hoe Roberto steun vanaf die Kongo verkry het vir hul eie stryd om mag in Angola.

> Roberto het bande gevorm met die Zaïrese President, Mobutu Sese Seko, wat ’n stoere antikommunis van daardie tyd was. Hy het van sy vrou geskei en met ’n vrou uit Mobutu se stat getrou. Dit het vir hom veilige basisse gebied in die aangrensende Zaïre, van waar hy strooptogte op Angola kon uitvoer (bl. 128)

Die oorgrens- etniese bande van Roberto word in die Blou Boek beklemtoon. As deel van die perspektief oor die FNLA, word daar genoem dat Roberto "’n revolusionêre" (bl. 128) regering in ballingskap gevorm het. Buiten die etniese bande wat beklemtoon word, word die FNLA se rol in Angola ook beklemtoon.

Deur middel van die bespreking rondom die FNLA, word inhoud op ’n dekonstruktiewe manier aan die leerder voorgestel. Die eerste verwysing na die FNLA in die Blou Boek is deur na hulle te verwys as "antikommunisties" (bl. 128). As deel van daardie beskrywing word verder genoem dat die FNLA nie net hulp van Mobutu in die Kongo verkry het nie, maar ook van die kommunistiese "Volksrepubliek van China" (bl. 128). Om die omskrywing van die Chinese hulp aan Angola verder te verduidelik, word daar op bladsy 137 van die Blou Boek melding gemaak oor die soort hulp en rede vir daardie hulp aan die FNLA. Later in die hoofstuk word verder na die rol van China gekyk. Op die voorgrond van die Chinese se betrokkenheid in Angola, word die rol wat Mobutu speel, weer genoem asook die verhouding tussen die Chinese en die USSR. Melding word gemaak dat die Chinese "200 militêre instrukteurs" aan die FNLA gestuur het deur middel van "Mobutu se Zaïre [...] waar die FNLA-troepe gestasioneer was" (bl. 137).

Ander aspekte wat die FNLA op die voorgrond plaas, is die gebruik van visuele bronne wat die FNLA se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog uitbeeld. Die Blou Boek maak gebruik van twee fotobronne, een om die FNLA se leier Holden Roberto te wys en



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die FNLA in aksie gedurende die Angolese Burgeroorlog. Ek wil egter stilstaan by een van die foto's (Figuur 4.1).




*Figuur 4.1 Uitbeelding van Portugese en FNLA-soldate (bl. 130)*

In Figuur 4.1 word FNLA-soldate sowel as Portugese huursoldate uitgebeeld. Daar word ook melding gemaak dat dit gedurende die dekolonisasie-konflik geneem is. Wat egter opvallend van die bron is, is die vier mans wat op die voorgrond van die foto verskyn. Met die oogopslag word daar opgelet dat die vier mans op die voorgrond voorkom as die Portugese huursoldate waarvan daar melding gemaak word. Wat egter nie hier gewys word nie, is die FNLA-soldate waarvan daar ook melding gemaak word. Dit is moontlik dat die man agter die vermeende huursoldate, wie se kop ons slegs sien, deel van die FNLA se soldate is, maar daardie man staan nie in 'n prominente posisie in die foto nie. Die moontlike rede hiervoor kan wees dat die keuse wat die boek gemaak het, is om die FNLA uit te beeld as 'n organisasie wat saam met die koloniale moondheid, en voormalige koloniale soldate werk, in plaas daarvan om teen die koloniale moondheid te veg. Daar word wel genoem dat die soldate in die foto huursoldate is, maar wanneer die bespreking verder gevolg word, word daar gesien dat die voorkeur in die perspektief gegee word aan ander ondersteuners van Afrika-onafhanklikheid, naamlik die USSR en Kuba:

> Toe dit bekend geraak het dat die Suid-Afrikaners saam met die FNLA en UNITA geveg het, het Afrika-leiers teen Savimbi en Roberto gedraai. Hulle het gemeen dis 'n skande dat swart Afrika-leiers met apartheid Suid-Afrika saamgewerk het. Die USSR en Kuba se hulp is beskou as 'n beter opsie en gevolglik is Kuba en die USSR gesien as ondersteuners van die enigste ware weerstandsbeweging in Afrika. (bl. 133)



© University of Pretoria

Die Russe en die Kubane word daarom beskou as die moondhede wat die onafhanklikheid van Afrika ondersteun, waar Chinese hulp en Portugese huursoldate moontlik ook beskou kan word as nie die regte soort hulp aan die onafhanklikheid van Afrika nie.

Die FNLA se bespreking in die Blou Boek eindig waar daar melding gemaak word van die rol wat die FNLA vorentoe in die Angolese Burgeroorlog gaan dien. Daar word gemeld dat "na November 1975 was die FNLA nie regtig ’n ernstige mag om mee rekening te hou nie" (bl. 133). Die FNLA se posisie in die Blou Boek word verminder net soos wat hul posisie in die Angolese Burgeroorlog verminder het. Daar word verder slegs na hulle verwys wanneer die betrokkenheid van buitelandse moondhede in Angola bespreek word.

Die FNLA het aan die begin van die konflikte in Angola in ’n prominente posisie gestaan en was geag as ’n groep wat die regering in Angola sou vorm. Teen die agtergrond van die Koue Oorlog se politiek en die samewerking met apartheid Suid-Afrika, word daar ’n perspektief voorgestel waar die nalatenskap van Roberto nie een van prominensie is nie.

**4.1.1.2.3 UNITA (bl. 128)**

UNITA word gesien as ’n belangrike rolspeler in die Angolese Burgeroorlog en is volgens die Blou Boek die MPLA se direkte teenstander. UNITA word beskryf as die beweging wat die land se grootste etniese groep verteenwoordig, naamlik die Ovimbundu-mense wat grootliks van die suide van Angola afkomstig is. Daar word byna ewe veel inligting verskaf oor UNITA as wat daar oor die MPLA verskaf word. Wat egter opvallend is van UNITA, is die basis waarop daar na die nasionalistiese beweging verwys word, sowel as die nalatenskap van Jonas Savimbi se UNITA.

In die Blou Boek word daar altesaam 70 keer na UNITA verwys. In die verwysings na UNITA word daar 77 keer direk na Savimbi (die leier en stigter van UNITA) verwys. Die verwysings na Savimbi is aansienlik meer as die verwysings na die leierskap van die FNLA en MPLA. Wat verder hiervan opvallend is, is dat op bladsy 130, 131 en 141 na UNITA verwys word as "Savimbi se UNITA". Die manier waarop daar na UNITA verwys word, word die indruk geskep dat UNITA slegs bestaan omdat Savimbi die leier van



© University of Pretoria

UNITA is. Die rol wat ander leiers in UNITA speel, word nie gemeld nie. Dieselfde kan gesê word van die ander twee nasionalistiese bewegings (FNLA en MPLA), maar daar word nooit na daardie bewegings verwys as ‘Roberto se FNLA’ of ‘Neto se MPLA’ nie. Dit blyk, perspektief gesproke, dat Savimbi ’n baie groter rol gespeel het in die konflikte in Angola as ander leiers.

Verder word twee keer verwys na die etniese bande van Savimbi se UNITA. Anders as vir die FNLA en MPLA, word die mag van UNITA direk gekoppel aan die ondersteuning van die etniese groep wat UNITA verteenwoordig. Die narratief wat die Blou Boek skets oor UNITA is dus ’n etniese narratief:

> Jonas Savimbi se UNITA het toe bestaan uit ’n weermag van slegs 1000 guerilla-vegters. Sy verbintenis met die Ovimbundu-mense, wat ’n derde van die Angolese bevolking was, het beteken UNITA potensieel baie magtig kon word. (bl. 130)

Die basis waarop die Blou Boek vir Savimbi beskryf, is nie op ’n multiperspektiewelike wyse nie (net een beskouing van Jonas Savimbi word aangebied). Savimbi word beskryf as ’n pro-Westerse leier, en melding word gemaak van Savimbi se vaardighede wat bydra tot die algehele indruk van Savimbi deur gebruik te maak van parateks op bladsy 129:

> Jonas Savimbi, leier van UNITA was vlot in sewe tale, insluitend vier Europese tale. Dit het ’n rol gespeel in sy vermoë om verteenwoordigers van verskeie regerings te oortuig dat sy saak geregverdig was. (bl. 129)

Savimbi se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog word deeglik deur die Blou Boek bespreek. Genoegsame visuele en geskrewe sekondêre bronne word gebruik om die rol van Savimbi uit te beeld. Die bronne, Bron K (bl. 133) en Bron R (bl. 138), wat gekies is om die taak te verrig, dui egter op bronne wat sy nalatenskap uitbeeld. Savimbi en Roberto word albei oor dieselfde kam geskeer en word voorgestel as nasionalistiese bewegings wat nie “ware weerstandsbewegings” (bl. 133) in Afrika is nie.

> Wat nie so maklik is om te vergewe nie, is die Reagan Leer, soms bekend as die Derdewêreldse Terugdraai. Terugdraai was die Amerikaanse einde van die gevolmagtigde oorlog wat bestaan het tussen die twee supermoondhede



© University of Pretoria

> vir mag en invloed in die ontwikkelende wêreld. Die beginsel was kinderagtig eenvoudig: my vyand se vyand is my vriend.
>
> Ons het Reagan wat Jonas Savimbi van die UNITA-organisasie in die Withuis verwelkom en praat oor sy moorde in Angola as "'n oorwinning wat die wêreld ophelder en groot simpatie en hulp wen van ander lande vir diegene wat om vryheid veg" Wat Savimbi eintlik gedoen het, was om die burgeroorlog te verleng, waarin die VN beraam ongeveer 300 000 kinders reeds direk of indirek gesterf het gedurende die jare van Reagan se bewind, en Angola was oortrek met landmyne.
>
> Aangepas uit: David Aaronovitch, "The terrible legacy of the Reagan years". *The Guardian*, 8 Junie 2004. Kopiereg Guardian News & Media Ltd. 2004. (bl. 133)

Savimbi is die enigste leier van die drie nasionalistiese bewegings waar daar breedvoerig oor sy nalatenskap in eksterne bronne bespreek word. Die volgende bron, van 'n Britse skrywer, maak dit duidelik hoe daar na Savimbi gekyk moet word – as iemand wat slegs die duur van die burgeroorlog in Angola verleng het. Verder word Savimbi se nalatenskap soos volg opgesom:

> Savimbi het geen beswaar daarteen gehad om betrokke te wees by apartheid Suid-Afrika nie: "As jy 'n drenkeling is in 'n rivier vol krokodille en jy het so pas vir die derde maal gesink, vra jy nie wie jou na die kant toe help nie totdat jy veilig op die rand is."
>
> Martin Meredith, *The State of Africa: a history of the continent since independence*, bl. 317 © 2003. Gereproduseer met toestemming van Simon & Schuster en die outeur. (bl. 138)

Deur die twee bogenoemde bronne te gebruik, word dit duidelik dat Savimbi se nalatenskap wel in die Blou Boek beklemtoon word. Die negatiewe beeld van Savimbi word verder versterk in die twee bladsye wat handel oor die impak wat die Angolese Burgeroorlog gehad het op die stabiliteit van die streek (ble. 139 en 140). Die perspektief wat gedryf word in Eenheid 7 van die hoofstuk is om uit te beeld hoe die burgeroorlog algemene Angolese burgers geraak het. Die Blou Boek maak die keuse om te fokus op hoe UNITA bygedra het tot die lot van die Angolese mense. In hierdie afdeling word 'n foto (Figuur 4.2) gebruik om die argument van die eenheid op te som oor die gebruik van kindersoldate gedurende die burgeroorlog. Die foto wys soldate wat beskryf word as kindersoldate. Figuur 4.2 en die gepaardgaande bron van die VN se



© University of Pretoria

*Human Rights Watch*-verslag oor die gebruik van kindersoldate gedurende Angolese Burgeroorlog maak dit duidelik dat UNITA skuldig is aan 'n ernstige oorlogsmisdaad.



Kindersoldate is deur albei kante gebruik gedurende die burgeroorlog. UNITA word daarvan beskuldig dat hulle meer skuldig is aan hierdie misdaad.

*Figuur 4.2 Uitbeelding van UNITA-kindersoldate (bl. 139)*

Soos reeds gemeld, word UNITA baie nou aan die persoonlikheid van Savimbi gekoppel en die argument kan dan gemaak word dat Savimbi direk skuldig is aan die oorlogsmisdaad.

Op dieselfde manier wat die Blou Boek na die nalatenskap van Savimbi verwys, word UNITA se bondgenote saam met Savimbi op die voorgrond geplaas. Soos die ander twee nasionalistiese bewegings het Savimbi se UNITA ook steun vanaf die buiteland gesoek. Die Blou Boek meld dat Savimbi aanvanklik vanaf die Chinese steun ontvang het (bl. 128). Daardie ondersteuning vir UNITA het later uitgebrei na steun vanaf die VSA wat via die VSA se bondgenoot (Zaïre) aan UNITA gestuur is. Die VSA se ondersteuning het deur middel van "Mobutu se hulp" plaasgevind waar "geheime militêre toerusting en befondsing regdeur 1975" (bl. 136) gestuur is. Die apartheidsregering in Suid-Afrika was ook een van Savimbi se bondgenote en het saam met die VSA ondersteuning aan Savimbi se UNITA gestuur.

Die perspektief in die Blou Boek oor Jonas Savimbi is bepaald negatief. Daar word gefokus op die nalatenskap wat Savimbi in Angola nagelaat het, wat beskryf kan word as 'n nalatenskap van gewelddadigheid en magsbeheptheid. Die skrywers van hierdie boek maak hul posisie duidelik in hoe Savimbi onthou moet word en die rol wat hy gespeel het in die destabilisering van Angola in sy eie stryd tot mag oor die land.



© University of Pretoria

### 4.1.1.3 Die invloed van buitelandse moondhede

“Vreemde” lande (soos die handboek daarna verwys, naamlik die VSA, USSR, China, Kuba en Suid-Afrika) word ook op die voorgrond geplaas en hul leiers het ’n beduidende rol gespeel in die Angolese Burgeroorlog. Daar is egter lande en leiers wat heelwat meer aandag en aansien geniet teenoor lande en leiers wie se rol in die konflik op die agtergrond geplaas word. Die invloed van die sogenaamde vreemde lande en hul leiersfigure gaan in die afdeling bespreek word. Ek gaan kyk na die impak wat die sogenaamde vreemde lande, wat op die voorgrond geplaas is, op die drie groot onafhanklikheidsbewegings in Angola gehad het, naamlik die FNLA, UNITA en die MPLA.

#### 4.1.1.3.1 Kuba (bl. 137) en die USSR (bl. 135)

Kuba en die USSR se rol in die Angolese Burgeroorlog as deel van die Koue Oorlog kom gereeld pertinent in die Blou Boek voor, hetsy deur te beskryf hoe duur die konflik was waartoe hulle bygedra het, of die aantal soldate wat die Kubane Angola toe gestuur het. Die Kubane word veral in die handboek op die voorgrond geplaas in die vorm van teks waar direk na hulle verwys word, maar ook met foto’s waar Kubaanse soldate en Fidel Castro uitgebeeld word.

In die Blou Boek word daar onderskeidelik 48 keer na Kuba en 49 keer na die USSR verwys. Verwysings na die USSR bestaan slegs uit algemene verwysings na Rusland wat nie spesifieke name van leiersfigure noem nie. Daar word wel een keer verwys na die “Rooileër” (bl. 134). Die verwysing kom voor in ’n sekondêre geskrewe bron wat aangehaal word as Bron L. Verder word algemene verwysings gemaak van Kuba, wat vier verwysings insluit na die Kubaanse leier Fidel Castro.

Die bespreking van die rol en impak van buitelandse steun aan die drie nasionalistiese bewegings in Angola begin reeds op bl. 128 van die Blou Boek. Die eerste verwysing na die Oosblok wat gemaak word, is wanneer die MPLA vir die eerste keer aan die leser voorgestel word, en word soos volg aan die leser bekend gemaak: “Hulle is gelei deur Agostinho Neto, wat sterk bande gesmee het met die USSR en Kuba” (bl. 128). Hierdie eerste verwysing is belangrik omdat daar dadelik verwys word na die Koue Oorlog-spanning wat vroeër in die kurrikulum bespreek word. Hierdie idee van Koue Oorlog-



© University of Pretoria

spanning word verder beklemtoon in die Blou Boek waar daar beskryf word dat die onafhanklikheidsoorlog (waarby die USSR en Kuba betrokke is) "veroorsaak dat Angola 'n Koue Oorlog-gebied word. Dit is omdat die MPLA aan die lewe gehou is deur die ondersteuning van die USSR ... (bl. 128).

Later word weer na die USSR verwys as 'n Europese moondheid wat "nooit 'n Afrika-kolonie in die 19de en 20ste eeue besit ..." het nie. Hierdie gegewe van die USSR word dan verder uitgebrei deur te noem dat "baie mense" geglo het dat die USSR 'n "natuurlike bondgenoot (...) van antikoloniale bewegings" (bl. 135) is.

Die Blou Boek maak die keuse om 'n perspektief rondom die USSR te skets wat die hulle in 'n prominente posisie plaas, wat dien as die voorkeur buitelandse bondgenoot vir sekere vryheidsbewegings in Afrika. Buiten die finansiële steun wat die USSR aan die Angolese (MPLA) gegee het in die vorm van "... wapens en toerusting van $3 miljard ..." (bl. 133) het die USSR ook Russiese offisiere "in hoë posisies" gestuur wat "die aanval [op Mavinga en Jamba] beplan [het] en Angolese soldate [is gelos om] die vegwerk [te] doen" (bl. 141). Die USSR dien dus, perspektief gesproke, as die redder in die verhaal van die Angolese Burgeroorlog. As voorkeurbondgenoot vir Afrika se weerstandsbewegings word die USSR op die voorgrond geplaas en sodoende word die USSR as die redders van Afrika uitgebeeld binne die konteks van kolonialisering in Afrika.

Wat opvallend van die Kubane se verteenwoordiging in die Blou Boek is, is dat daar in die hoofstuk 22 keer direk na die Kubane en hul leier Fidel Castro in die teks verwys word, sowel as vier keer in foto's wat deur die hoofstuk versprei is. Die foto's fokus hoofsaaklik op Kubaanse soldate en bevat een waar Fidel Castro uitgebeeld word (bl. 137). Die prominensie van die Kubane in die hoofstuk kan nie onderskat word nie.

Kuba word saam met die USSR deur die Blou Boek op die voorgrond geplaas as antikoloniale stryders. Kuba speel, volgens die handboek, 'n beduidende rol in die konflik en dit kan gesien word deur die rol wat Kuba gespeel het in Angolese Burgeroorlog. Volgens die perspektief wat die handboek aan Kuba gekoppel het, het Kuba hulself toegespits om te dien as die ideologiese en morele gesag wat Afrika bedien, eerder as om Afrika vir hulpbronne te gebruik wat in teenstelling is met die VSA



© University of Pretoria

en Suid-Afrika se betrokkenheid. In die lig van vorige besprekings oor die ander Afrika-leiers wat die USSR en Kuba beskou het as ware bondgenote van Afrika se weerstandsbewegings, kan daar verder gesien word dat ideologiese en morele ondersteuning die doel van Fidel Castro was. Die handboek beskryf Kuba se deelname aan die Angolese Burgeroorlog deur te verduidelik wat Castro se ideaal vir Afrika is:

> Kuba se leier, Fidel Castro, het aangekondig dat die sestigerjare ’n dekade van ’n “tweede rewolusie” sou wees, waartydens Kuba marxisme na onafhanklike Afrika sou bring.” [...] “Teen 1963 het soldate van die MPLA Kubaanse opleiding in guerilla-oorlogvoering ontvang. Gedurende die magstryd tussen die drie nasionalistiese bewegings, het Agostinho Neto op die Kubane staatgemaak vir militêre ondersteuning.” (bl. 137)

Dit is duidelik dat die Kubane, volgens die Blou Boek, die Koue Oorlog-politiek van die tyd gebruik het om sy mening te staaf dat Marxisme en Sosialisme die redder van die onderdrukte Afrika is. In die geval van die Angolese Burgeroorlog kan daar duidelik gesien word dat die handboek die perspektief steun, in die sin dat daar nie negatiewe teks of foto’s gebruik word om die Kubane uit te beeld nie.

**4.1.1.3.2 Die VSA (bl. 135)**

In die Blou Boek word die VSA se betrokkenheid op die voorgrond geplaas. Dit kan gesien word in die hoofstuk waar 68 keer verwys word na die VSA. Die verwysings na die VSA sluit in 20 verwysings na leiersfigure van die VSA soos Henry Kissinger (voormalige Amerikaanse staatsekretaris), Ronald Reagan (voormalige president van die VSA), en twee ander voormalige presidente, naamlik Gerald Ford en John Kennedy. Daar word ook twee keer melding gemaak van die VSA se intelligensiediens, die CIA. Die belangrikheid van die impak wat die VSA op die Angolese Burgeroorlog gehad het, kan gesien word in die hoeveelheid kere wat daar na die VSA verwys word. Daar word ook gebruik gemaak van visuele bronne in die vorm van foto’s waarop Henry Kissinger sowel as Ronald Reagan verskyn (bl. 136).

Die perspektief rondom die VSA wat op die voorgrond geplaas word, is die VSA se beleid van insluiting wat die bekamping van kommunisme as ’n buitelandse beleid beskryf. Die idee agter die beleid van insluiting word reeds in Hoofstuk 1 van die Blou Boek bespreek – in Onderwerp 1 (bl. 8) waar leerders aanvanklik kennis neem van die



© University of Pretoria

Koue Oorlog se ontstaan. Insluiting as 'n beleid van die VSA het direk gelei tot die betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. Volgens die Blou Boek het die VSA hulself nie "veel gesteur" (bl. 131) aan die konflik in Angola nie, maar die beleid van insluiting het die Amerikaners geforseer om betrokke te raak toe dit "duidelik geword het dat 'n Sowjet-ondersteunde groep die hoofstad beheer" (Fernandez, McMahon et al., 2013:131). Gevolglik het die VSA begin om antikommunistiese groepe finansieel te ondersteun, onder andere die "FNLA op 'n kleinskaal" (bl. 135). Amerikaanse betrokkenheid het gegroei en teen 1975 het die VSA deur middel van die CIA "$300 000 se geheime hulp aan die FNLA verskaf" (bl. 135).

Die Blou Boek neem die perspektief rondom insluiting verder deur die volgende te meld:

> Teen Julie 1975 was dit duidelik vir die Verenigde State dat die MPLA 'n sterk houvas op Angola gehad het. Henry Kissinger, die VSA se Minister van Buitelandse Sake en die hoof van Nasionale Sekuriteit, was angstig oor die toenemende betrokkenheid van die USSR en Kuba by die MPLA se aktiwiteite. Hy het besluit dat Amerika moes ingryp om te voorkom dat die Russe beheer oor Angola verkry en dit deel maak van die USSR se invloedsfeer. (bl. 136)

Die handboek maak dit duidelik dat die VSA se betrokkenheid aan die Angolese Burgeroorlog deel was van die stryd om die verspreiding van kommunisme te bekamp.

'n Ander perspektief wat ook deur die handboek op die voorgrond aangevoer word, is dat die VSA slegs belang gestel het in die natuurlike hulpbronne wat Angola vir hulle kan lewer. "... beide Mobutu en die VSA het belang gestel in Angola se olie en natuurlike gasreserwes" (bl. 136). Hierdie stelling word egter later in Bron O (bl. 137) uitgedaag waar 'n sekondêre bron die motiewe van Kissinger en die VSA uitspreek:

> [Kissinger] het volgehou dat as die Weste toegelaat het [dat die Sowjetunie beheer oor Angola verkry], dan sou die vertroue van pro-Westerse state soos Zambië en Zaïre geskud wees en die VSA se prestige sou weereens negatief beïnvloed word ... Hy het gesê, "Ek is nie besorg oor die olie of die basis nie, maar ek gee om oor die reaksie van Afrika wanneer hulle sien dat die Sowjetunie vergroot hul mag en ons doen niks nie. (bl. 137)

Die buitelandse beleid van insluiting vorm die kernperspektief oor die VSA in die hoofstuk, terwyl ander motiewe soos hulpbronverkryging ook genoem word. Die VSA se verbintenis met apartheid Suid-Afrika word ook egter beklemtoon in die Blou Boek



© University of Pretoria

(hierdie aspek word in die volgende afdeling bespreek) en die fokus is nie slegs op Savimbi nie, maar op die driehoek wat gevorm word tussen die VSA, Suid-Afrika en Savimbi se UNITA met die doel om kommunisme in Angola hok te slaan.

**4.1.1.3.3 Republiek van Suid-Afrika (bl. 137)**

Die bespreking oor Suid-Afrika se rol in die Angolese Burgeroorlog moet begin word deur die volgende duidelik te maak:

1. Wanneer daar na Suid-Afrika verwys word, moet onthou word na watter Suid-Afrika verwys word, naamlik die apartheidsregering van die Nasionale Party (NP) wat in Suid-Afrika geheers het tussen 1948 en 1994.

2. Die aksies en besluite wat deur die NP-regering geneem word, word in Pretoria uitgevoer deur die destydse SAW wat nie verwar moet word met die huidige Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag nie (SANW).

Die Blou Boek verwys 48 keer na Suid-Afrika, wat die posisie van Suid-Afrika op die voorgrond dwing. As deel van die 48 verwysings, word 14 keer na die SAW verwys, met ’n spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse lugmag. Die handboek maak dit ook duidelik watter Suid-Afrika hier ter sprake is deur vyf keer direk melding te maak van “apartheid” met betrekking tot die Suid-Afrikaanse regering. Die handboek maak ook gebruik van ’n sekondêre bron, Bron I (bl. 132), waar daar na die “Afrikaners” verwys word en sluit daardie verwysing by een van die aktiwiteite in (bl. 134).

Die perspektief wat sentraal staan in die bespreking rondom die betrokkenheid van Suid-Afrika in die Angolese Burgeroorlog, het te doen met die Suid-Afrikaanse regering se kommer oor die verspreiding van kommunisme en die sogenaamde “rooigevaar” wat geheers het in die perspektief van wit Suid-Afrika. Die Blou Boek maak vir die eerste keer melding daarvan wanneer verduidelik word hoekom Suid-Afrika in Angola betrokke geraak het (bl. 137). Die handboek verduidelik dat “die ondersteuning van die Kubane en die Russe aan die MPLA vir die apartheidsregering in Suid-Afrika ’n bron van kommer [was]” (bl. 137). Deur melding te maak van die Suid-Afrikaanse regering se vrees vir kommunisme, word Suid-Afrika se strategiese posisie op die voorgrond



© University of Pretoria

geplaas. Die handboek gaan verder om te verduidelik dat daar twee redes vir Suid-Afrika se kommer was:

> 1. Die Suid-Afrikaanse regering was vreesbevange dat lande wat prokommunisties was, veiligheid en militêre ondersteuning sou bied aan nasionalistiese bewegings binne Suid-Afrika [...]
>
> 2. Die regering was bekommerd dat [SWAPO] beskerm sou word deur prokommunistiese regering in Angola en dat hulle [...] Suid-Wes sou aanval. (bl. 137)

Net soos met die buitelandse beleid van insluiting van die VSA, het die Suid-Afrikaanse regering self probeer om die verspreiding van kommunisme naby sy eie grense te bekamp. Met dieselfde einddoel in gedagte het Suid-Afrika besluit om die Weste te wys dat "Suid-Afrika 'n belangrike antikommunistiese bondgenoot is wat die moeite werd is om te ondersteun" (bl. 138). Dit beklemtoon die dominante perspektief ten opsigte van Suid-Afrika se vrees vir kommunisme en pogings om vas te hou aan beide die wit minderheidsbewind in Suid-Afrika sowel as om grondgebied van Suid-Afrika, wat SWA ingesluit het, te verdedig.

Die strategiese posisie en die belange van die apartheidstaat word duidelik aan die leerders voorgegee. Die Suid-Afrikaanse perspektief rondom die Koue Oorlog-struwelinge en die sogenaamde Rooigevaar sowel as hul strategiese posisie om hul belange in SWA te beskerm, is duidelik op die voorgrond geplaas (bl. 137).

**4.1.1.4 Gebeure rondom die Slag van Cuito Cuanavale op die voorgrond (bl. 141)**

Kerngebeure wat aanleiding gegee het tot die Slag van Cuito Cuanavale word ook deeglik deur die Blou Boek bespreek, naamlik die Angolese Burgeroorlog, die Koue Oorlog en politiese struwelinge wat daarmee gepaardgaan, sowel as FAPLA (Angolese weermag) se opmars na Jamba om UNITA en Savimbi se houvas op die suide van Angola te verbreek. Al die gebeure is nodig om te verstaan wat die doel en impak van die SAW binne Angola was en om die verbintenis tussen Suid-Afrika, Angola en Kuba te verklaar.

In Hoofstuk 1 en 2 van hierdie verhandeling is 'n breedvoerige konteks verskaf met betrekking tot die Slag van Cuito Cuanavale en word daar verduidelik wat gelei het tot die uiteindelike Slag van Cuito Cuanavale. Wat die Blou Boek wel op die voorgrond



© University of Pretoria

plaas, is die Angolese offensief wat geloods is in 1987: “In die middel van 1987 het die Angolese weermag *Operaąão Saludando Octubre* van stapel gestuur om Savimbi se UNITA uit Mavinga en Jamba te dwing” (bl. 141). Hierdie aspek is belangrik om die konteks rondom die uiteindelike Slag van Cuito Cuanavale te verstaan. Op dieselfde wyse word daar ook melding gemaak van Suid-Afrika se reaksie op die offensief, waar die “SAW *Operasie Modulêr* van stapel gestuur” (bl. 141) het. Daar word hier ook verduidelik dat die Angolese weermag teen Oktober 1987 in swaar gevegte teen die SAW betrokke was, en waar die “Angolese weermag ernstige nederlae gely [het] en vinnig 190 kilometer noord na sy basis in Cuito Cuanavale teruggeval [het]” (bl. 141). Die konteks wat hier verskaf word, begin om die dominante perspektief te verduidelik deur spesifiek melding te maak van die strategiese dorp Cuito Cuanavale.

Die bespreking gaan dan voort om op ’n kronologiese wyse die uiteindelike Slag van Cuito Cuanavale te bespreek. Die bespreking oor die Slag van Cuito Cuanavale begin met ’n kwalifisering vir die rede oor hoekom die Kubane nog soldate na Angola ontplooi het.

> Vanaf Januarie 1988 was die Angolese weermag basies deur die SAW en UNITA beleër en vasgevang in Cuito Cuanavale. Uit vrees dat eers Cuito Cuanavale en dan Angola onder die beheer van pro-Westerse magte sou kom, het Fidel Castro Kubaanse hulp aan die Angolese gestuur. In Februarie was daar 55 000 Kubaanse soldate in Angola. (bl. 141)

Die vrees wat Fidel Castro gehad het vir die moontlike oorname deur die SAW van die dorp van Cuito Cuanavale, is gebaseer op die aanname dat dit die strategiese doelwit van die SAW was om Cuito Cuanavale te beset. Op daardie manier word daar ’n perspektief gevoer rondom die strategiese doelwitte van SAW.

Die Blou Boek se bespreking oor die Slag van Cuito Cuanavale word hervat op die volgende bladsy (bl. 142) en begin deur die militêre toerusting van die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) te vergelyk met die toerusting wat deur die USSR aan die Angolese weermag en die Kubane verskaf is. Die SALM se toerusting word hier beskryf as “ouderwets in vergelyking met die nuutste tegnologie van die USSR se lugmagtoerusting ...” (bl. 142). Daar word verder verduidelik dat “ouderwets[e]” tegnologie van die SALM die SAW “verplig [het] om afstandaanvalle uit te voer op Cuito



© University of Pretoria

Cuanavale in ’n poging om hul voordeel te behou” (bl. 142). Die woordeskat soos “ouderwets”, “verplig” en “poog”, skep die idee dat die SAW- en UNITA-magte, oftewel die “pro-Westerse” magte, hulpeloos was teen die weerstand wat gebied word deur gebruik te maak van Russiese wapens en tegnologie.

Verder word die idee van SAW-superioriteit uitgedaag in die teks deur ’n SAW-aanval op Cuito Cuanavale in Maart 1988 te beskryf as ’n “volslae mislukking” (bl. 142) wat die SAW “verplig [het] om terug te val.”

Die beskrywende perspektief wat aangebied word, is die algemene aanvaarde weergawe oor die Slag van Cuito Cuanavale waar dit die strategiese doel van die SAW was om die dorp van Cuito Cuanavale te beset (volgens die hoofstroom perspektief soos bespreek in Hoofstuk 2). Hierdie argument is noodsaaklik om die perspektief rondom wie die uiteindelike ‘wenners’ van die Slag van Cuito Cuanavale was, te voer. Die tweede argument wat nodig is om die perspektief te staaf, is om die oorwinning van die Angolese en Kubaanse bondgenote te koppel aan die onttrekking van die SAW vanuit Angola en SWA. Hierdie argument word wel deur die Blou Boek gemaak:

> In die middel van 1988 is daar besluit om Suidwes-Afrika Afrika se onafhanklikheid aan ’n vredesooreenkoms in Angola te koppel. In Desember van daardie jaar het Angola, Kuba, Suid-Afrika en die VSA ’n ooreenkoms onderteken, bekend as die *New York Accords*. Dit het bepaal dat Suid-Afrika sy magte uit Angola en Namibië sou onttrek; en dat Kuba op sy beurt sy troepe uit Angola sou onttrek. (bl. 142)

Die Blou Boek het vroeër in die hoofstuk (bl. 137, 138) Suid-Afrika se beweegrede uiteengesit vir hul betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. Deur die onafhanklikheid van Namibië te koppel aan die vredesooreenkoms, word ’n duidelike beeld geskets van Suid-Afrika wat moet terugval om nie ’n verlies te ly nie, maar ook grondgebied moet afstaan teen pro-kommunistiese magte. Hierdie argument word verder gebruik om te staaf dat deur die New York Accords (die vredesooreenkoms tussen die deelnemende partye van die Angolese Burgeroorlog) daar ’n weg gebaan is vir die begin van onderhandelinge in Suid-Afrika om apartheid te beëindig.



© University of Pretoria

#### 4.1.1.5 Samevatting van die historiese rolspelers, figure en gebeure op die voorgrond

Die inhoud wat op die voorgrond geplaas word, soos hierbo bespreek, maak dit duidelik dat die Blou Boek bepaalde dominante perspektiewe gevorm het met betrekking tot prominente rolspelers, gebeure en historiese karakters wat deelgeneem het aan die Angolese Burgeroorlog.

Die bevrydingsbewegings is in die Blou Boek eerste op die voorgrond geplaas en het perspektiewe gevorm rondom die wyse waarop Agostinho Neto en die MPLA beskou moet word as die belangriker of sterker beweging wat deelgeneem het aan die Angolese Burgeroorlog. Hierdie perspektief is nie net gevorm deur die gebruik van beskrywende woorde wat dit verklaar het nie, maar ook deur hul leiers as geleerde intellektuele te beskryf en hul steun nie te baseer op etniese verteenwoordiging nie. Die handboek het die MPLA meer gunstig beskryf teenoor die ander twee bewegings (FNLA en UNITA), en meer klem is op die MPLA geplaas deur die insluiting van meer visuele bronne wat dié beskouing versterk het. Verder is die nalatenskap van Jonas Savimbi as ’n bondgenoot van die Weste en veral apartheid Suid-Afrika onder die vergrootglas geplaas. UNITA se ondersteuning as ’n bevrydingsbeweging word anders uitgebeeld as dié van die MPLA. Die MPLA moet gesien word as belangriker weens hul ontstaan en die soort ondersteuning wat hulle geniet het. UNITA se ontstaan en ondersteuning word eerstens aan Jonas Savimbi en tweedens aan etniese ondersteuning gekoppel. Die handboek beklemtoon eerder Jonas Savimbi as ’n persoonlikheid eerder as wat daar klem geplaas word op die bevrydingsbeweging, UNITA. Deur die fokus te verskuif vanaf sy rol as ’n leier, wat deel vorm van UNITA, na Jonas Savimbi ás UNITA, word ’n perspektief gevorm waar UNITA se doelwitte sinoniem is met die doelwitte van Jonas Savimbi. Sy nalatenskap word ook deur die Blou Boek bespreek en ’n perspektief word gevorm wat Savimbi uitgewys het as ’n teenstander teen ware Afrika-onafhanklikheid. Daarvolgens is bespreek watter perspektiewe aan die FNLA gekoppel is. Die perspektief van etniese ondersteuning en ondersteuning van buite Angola is verder gevoer deur die FNLA uit te wys as ’n etniese beweging wat nou bande gehad het met die Kongolese mense eerder as die Angolese mense. ’n Perspektief rondom die



© University of Pretoria

belangrikheid van die FNLA is ook gevoer, waar die prominensie van die FNLA gekwyn het net soos wat hul prominensie in die burgeroorlog ook gekwyn het.

Dominante perspektiewe gevorm deur die Blou Boek, was nie net beperk tot die bevrydingsbewegings nie, maar ook oor die rol van buitelandse betrokkenheid, veral die VSA, USSR, Kuba en Suid-Afrika. Dominante perspektiewe oor die VSA sluit in die redes vir hul betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog, naamlik hulpbronverkryging, invloed oor Angola en bekamping van kommunisme (insluiting). Die bekamping van kommunisme, oftewel die VSA se buitelandse beleid van insluiting, word veral op die voorgrond geplaas deur die handboek, wat ’n perspektief gevoer het oor die VSA se motiewe in Angola wat as nie voordelig vir die Angolese mense beskryf word nie. Die perspektief wat oor die VSA gevorm word, is een waar die VSA, deur hul buitelandse beleide, toegang tot hulpbronne soos olie kon verkry, sowel as invloed oor die streek. Alhoewel die handboek ’n eksterne bron ingesluit het wat die VSA se motiewe verdedig het, word daar steeds ’n anti-Amerika-perspektief gevoer. Die anti-Amerikaanse perspektief kan verder uitgebrei word na ’n meer anti-Weste-perspektief in die konteks van kolonialisering en die onafhanklikheid van Afrika. Daarteenoor word ’n kontrasterende perspektief oor die rol en die motiewe van die USSR in die Angolese Burgeroorlog gevorm. Hierdie perspektief kom gunstiger voor ten opsigte van hulle motiewe. Die USSR word voorgehou as die voorkeurbondgenoot van Afrika-bevrydingsbewegings weens hul ideologie wat ’n einde wou bring aan kapitalistiese imperialisme. Daardie ideologie van die USSR het veroorsaak dat hulle nie deelgeneem het aan kolonialisme nie, en dat hulle kolonialisme aktief teengestaan het, wat ook beskou kan word as ’n vorm van invloedverkryging. Addisioneel word gesien dat die rol wat die USSR vervul het, nie ’n fisiese rol was nie, maar eerder een waar hulle deur middel van finansiële steun hul ideologieë bevorder het. Dus word ’n perspektief gevoer oor die VSA as ’n land wat deur middel van kapitalistiese gebaseerde ideologieë daarop uit is om Afrika na onafhanklikheid uit te buit, teenoor ’n perspektief wat gevoer word waar die USSR, deur middel van anti-imperialistiese ideologieë, beskou word as die redders van Afrika voor en na onafhanklikheid. Hierdie kontrasterende perspektiewe oor die VSA en die USSR word verder versterk wanneer die ander buitelandse invloed in ag geneem word.



© University of Pretoria

Kuba en Suid-Afrika, wat gedien as die gevolmagtigdes van die VSA en die USSR onderskeidelik, het albei deelgeneem aan die Angolese Burgeroorlog en die kontrasterende perspektief wat gevoer word oor die VSA en USSR word na die twee lande uitgebrei. Die dominante perspektief wat gekoppel word aan die motiewe en aktiewe deelname van Kuba aan die Angolese Burgeroorlog word direk gekoppel aan die USSR. Dieselfde perspektief geld dus vir Kuba as vir die USSR, waar Kuba beskou word as 'n land wat die aksies uitvoer, gebaseer op die ideologiese beginsels van die USSR, naamlik anti-imperialisme en kapitalisme. Die perspektief rondom die beskouing van beide Kuba en die USSR as die redders van 'n onafhanklike Afrika, word verder gevoer en uitgebrei deur Kuba uit te beeld as die fisiese mag wat kapitalistiese imperialisme teengestaan het deur Kubaanse lewens af te staan en die USSR die Kubaanse rol versterk het deur militêre toerusting, kennis en finansiële steun aan hulle te verskaf. Die Kubaanse en Russiese perspektief moet beskou word in die lig van die Koue Oorlog, waar gesien kan word dat die twee moondhede nie net saamwerk nie, maar mekaar aanvul. In die lig van die kontrasterende perspektiewe waar die Weste teenoor die Ooste staan, word die rol wat Suid-Afrika vervul het, grootliks vergelyk met die VSA. Soortgelyk aan die VSA se buitelandse beleid van insluiting, het Suid-Afrika, uit vrees van kommunisme, soortgelyke beleide in plek gestel wat die doel gehad het om die kommunistiese bedreiging van die tyd teen te staan. Verder word die motiewe van Suid-Afrika se betrokkenheid nie slegs gekoppel aan die rooi gevaar nie, maar daar word ook 'n perspektief gevoer waar Suid-Afrika beskou word as 'n staat wat wou vashou aan wit meerderheidsbeheer. Dus het Suid-Afrika, soos die VSA, nie edele motiewe gehad om deel te neem aan die Angolese Burgeroorlog nie, maar wou eerder hul eie belange probeer bevorder. Die perspektiewe wat hier saamgevat word, spreek tot die doel van buitelandse betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog sowel as om perspektiewe saam te vat oor die beskouing en uitbeelding van die drie bevrydingsbewegings, naamlik die FNLA, UNITA en die MPLA. Die eersgenoemde perspektiewe wat hier ter sprake is, kom saam om die verstaan van die Slag van Cuito Cuanavale te verklaar; anders gestel, is die perspektiewe wat bespreek word die bepalende faktor wat ons verstaan van die Slag van Cuito Cuanavale beïnvloed.



© University of Pretoria

Die Slag van Cuito Cuanavale is die klimatiese gebeurtenis van die Angolese Burgeroorlog wat eerstens die Koue Oorlog in Afrika ‘warm’ gemaak het en tweedens die gevolmagtigde oorlog afgesluit het. Die Blou Boek skep ’n narratief waarin die gebeurtenis verduidelik en uiteengesit word en daardeur word daar ’n dominante perspektief na die voorgrond gebring. Indien die Slag van Cuito Cuanavale beskou word vanuit die perspektief soos hierbo uiteengesit, word opgelet dat die dominante perspektief wat aangevoer word oor die Slag van Cuito Cuanavale die hoofstroomvertolking volg soos wat dit verklaar is in Hoofstuk 2 van hierdie verhandeling. Die dominante perspektief wat deur die Blou Boek aangevoer word, is dat dit die SAW se doel was om die dorp van Cuito Cuanavale te beset en ’n hernude poging aan te wend, waar UNITA beheer neem van Angola om ’n goedgesinde regering daar te stel. Hierdie perspektief word verder gebruik en uiteengesit om te wys dat die pogings van Suid-Afrika, die SAW en Savimbi se UNITA misluk het in daardie pogings, en dat hulle beskou moet word as die ‘verloorders’ van nie net die Angolese Burgeroorlog nie, maar ook die gevolmagtigde oorlog wat ’n klimaks bereik het by die Slag van Cuito Cuanavale.

Die dominante perspektiewe wat deur die Blou Boek gevorm en aangevoer word, word versterk deur die inhoud wat op die agtergrond geplaas word. Die volgende afdeling gaan daarop fokus om daardie inhoud wat op die agtergrond geplaas word, te analiseer om verdere perspektiewe te ontdek, wat leiding sal gee om nie net die stiltes te identifiseer nie, maar ook om daardie stiltes te interpreteer.

#### 4.1.2 Die perspektiewe op die agtergrond in die Blou Boek

Hierdie verhandeling se doel is om die stiltes te identifiseer wat in die teks voorkom. Om dit te bereik, is daar breedvoerig gekyk na wat deur die Blou Boek op die voorgrond geplaas word. Die volgende stap om die stiltes te identifiseer, is deur te kyk na dit wat die handboek besluit het om op die agtergrond te plaas. Die agtergrond kan verklaar word as die inhoud wat nie belangrik genoeg was om ingesluit te word in die finale narratief nie. Vervolgens verskyn daardie inhoud dikwels op die agtergrond deur geringe verwysings daarna te maak, eerder as om dit totaal uit te sluit (stiltes). Wat verder hier ook belangrik is, is dat die agtergrond nie noodwendig iets wil wegsteek nie,



© University of Pretoria

maar eerder dat daar nie genoeg ruimte daarvoor bestaan het nie of dat die plot nie daardeur bevorder word nie. Die teenstelling kan ook waar wees waar die inhoud wat op die agtergrond geplaas word, moontlik die perspektief van die betrokke handboek kan verander indien dit ten volle in die narratief ingesluit was. Die algemene proses wat gevolg word om die handboekanalise te dryf, was om die teks te analiseer aan die hand van die praktiese riglyn soos wat in Hoofstuk 3 uiteengesit word. Dit sluit die identifisering van verwysings na historiese rolspelers, gebeure en karakters in. Wanneer gereelde verwysings na ’n rolspeler, gebeurtenis of karakter gemaak word, is dit geklassifiseer as inhoud op die voorgrond. Hierdie afdeling wat handel oor die historiese gebeure, rolspelers en gebeurtenisse op die agtergrond, volg dieselfde proses waar deur die teks gegaan sal word vir inhoud wat geklassifiseer kan word as inhoud op die agtergrond. In hierdie afdeling word die agtergrondperspektiewe geïdentifiseer deur die handboek te analiseer vir daardie geringe verwysings wat aandui dat die inhoud op die agtergrond geplaas is.

**4.1.2.1 UNITA**

In die vorige afdeling is breedvoerig gewys hoe UNITA op die voorgrond geplaas word. Wat egter daar duidelik uitstaan, is dat die Blou Boek UNITA koppel aan die persoonlikheid van Savimbi. Vervolgens kan daar gesien word dat die rol van UNITA as ’n nasionalistiese beweging in die Angolese Burgeroorlog op die agtergrond geplaas word. Die handboek maak melding van die “UNITA magte” wat saam met die ander pro-Westerse magte, Suid-Afrika, Zaïre en die FNLA, “genoodsaak [was] om terug te val” gedurende die beginstadiums van die Angolese Burgeroorlog in November 1975. UNITA word later gereduseer tot op ’n punt waar daar nie meer melding van UNITA gemaak word nie. Die handboek sluit die deelname van UNITA aan die slag van Cuito Cuanavale uit deur te verwys na “Angolese weermag [FAPLA] en die SAW [wat] ’n nekslag toegedien is” (bl. 142). Hierdie beskrywing reduseer die rol van beide UNITA en Kuba deur nie na hulle te verwys nie, terwyl die rol van UNITA heeltemal uitgelaat word en selfs moontlik kan val onder stiltes in die narratief. Dit dra by tot ’n perspektief waar die SAW nie meer gesien word as ’n ondersteunende mag van UNITA nie, maar eerder as die hoofrolspeler wat teen slegs die Angolese weermag geveg het.



© University of Pretoria

#### 4.1.2.2 Die Republiek van Suid-Afrika

In die bespreking rondom Suid-Afrika se betrokkenheid by die konflikte in Angola word aspekte op die agtergrond geplaas wat te doen het met die interne struwelinge van die apartheidstaat teenoor dreigemente vir die oorlewing van die NP. Nasionalistiese bewegings binne Suid-Afrika en die kommer dat ’n “pro-kommunistiese regering in Angola” SWAPO sou baat, word hier op die agtergrond geplaas. Daar word nooit werklik verduidelik wat die rol en impak van SWAPO en die ANC se MK in die Suid-Afrikaanse regering se besluitnemingsproses gespeel het nie. Namibiese onafhanklikheid is nie die hoofdoel van die bespreking in die hoofstuk nie en daarom word daar nie baie aandag aan die betrokke aspek van die Angolese Burgeroorlog gegee nie. Hierdie aspek word duidelik tot ’n kleiner rol op die agtergrond geplaas deur nie ’n totale uitlating van apartheid Suid-Afrika se interne struwelinge nie, maar eerder deur ’n beperking te plaas op die inhoud wat ingesluit word. Deur hierdie perspektief te vorm, waar melding gemaak word van die rol van SWAPO en die onafhanklikheid van Namibië, word die aandag verskuif vanaf die Grensoorlog as die doel van bespreking na Angolese onafhanklikheid as die fokus.

#### 4.1.2.3 Samevatting van die perspektiewe op die agtergrond geplaas in die Blou Boek

Krities tot die bespreking van die inhoud wat deur die Blou Boek op die agtergrond geplaas word, is dat daar soms inhoud in die teks verskyn wat beskou kan word as iets om op die agtergrond te wees. Hierdie inhoud, soos verwysings na ander Afrika-leiers soos Mobutu Sese Seko en die betrokkenheid van ander Afrika-state soos Zambië en Tanzanië, is voorbeelde van inhoud wat nie die plot van die bespreking bevorder nie. Verwysings na hierdie inhoud is ook meer intertekstueel van aard omdat die Kongo (Zaïre) en Tanzanië vroeër in die hoofstuk bespreek word voordat die gevallestudie van Angolese onafhanklikheid aangebied word. Inhoud wat hierbo bespreek word, wat ek klassifiseer as die agtergrondinhoud, bevorder die plot van die narratief wat geskep word deur daardie inhoud te versteek (agtergrond) waardeur ’n perspektief gevorm en aangevoer word.



© University of Pretoria

UNITA as bevrydingsbeweging word op die agtergrond geplaas deur die beweging te koppel aan die persoonlikheid van Jonas Savimbi. Die perspektief word gevorm waar UNITA gesien word as ’n beweging wat nie kan funksioneer sonder Savimbi nie. Direkte verwysings na UNITA word wel gemaak, maar die manier hoe daardie verwysings aangebied word maak dit duidelik dat Savimbi ter sprake is en nie die beweging as sodanig nie. Die Blou Boek verminder dus die rol van UNITA as ’n deelnemer aan die Angolese Burgeroorlog. Wat verder duidelik word as gevolg daarvan, is dat die Angolese Burgeroorlog later beskryf word as ’n konflik wat plaasvind tussen die Angolese magte, wat spesifiek verwys na die MPLA, Kuba en Suid-Afrika.

Aspekte van Suid-Afrika se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog word op die agtergrond geplaas. Die aspekte wat hierbo bespreek word, naamlik verwysings na die ANC, SWAPO en die onafhanklikheid van Namibië, spreek tot die doel van Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. Deur slegs verwysings daarna te maak, word hierdie aspekte van Suid-Afrika se betrokkenheid tot die agtergrond verskuif. ’n Perspektief word gevorm dat indien die inhoud ingesluit word die aanbieding van Angola se onafhanklikheid se fokus verskuif sou word na die interne struwelinge van die apartheidstaat, wat sou aansluit met ’n aanbieding van die Grensoorlog en nie ’n aanbieding oor Angolese Onafhanklikheid nie.

Ten slotte kan daar gesien word dat die inhoud wat hier op die agtergrond geplaas word, nie noodwendig die plot van die narratief wat deur die Blou Boek geskep word, bevorder nie. Daarteenoor verskyn daar ook inhoud op die agtergrond waar UNITA gekoppel word aan die persoonlikheid van Jonas Savimbi ten koste van UNITA en die werklike rol wat die beweging in die Angolese Burgeroorlog verrig het. Deur die voorgrond- en agtergrondinhoud aan te bied en te bespreek, kan gesien word wat die dominante perspektiewe in dié handboek is en wat in totaliteit uitgelaat word. Die volgende afdeling bevat ’n uiteensetting van die stiltes wat in die handboek se narratief voorkom aan die hand van dit wat uitgewys is op die voorgrond- en agtergrondbesprekings.



© University of Pretoria

### 4.1.3 Stiltes in die Blou Boek-narratief

In Hoofstuk 2 van die studie het ek uiteengesit wat die konsep van stiltes is en hoe dit geklassifiseer kan word. Ek het ook melding gemaak dat die studie grootliks gaan staatmaak op die konsep van manipulerende stiltes, wat te doen het met die perspektief om dit wat nie deur die hoofstroom ondersteun word nie, te onderdruk. Stiltes, oftewel dit wat op die agtergrond geplaas word deur gebruik te maak van uitlating, kom voor in handboeke, opsetlik, na mate die perspektief wat die handboek gekies het om aan te bied.

Voordat stiltes bespreek kan word, moet bepaalde stiltes in die handboek geïdentifiseer word. Stiltes verwys na die kennis of gebeure wat glad nie in die handboek genoem word nie. Dit hou verband met gegewens wat op die agtergrond geplaas word, teenoor die gegewens wat op die voorgrond geplaas word. Deur die voorgrondgebeure te ondersoek, word die stiltes duidelik.

Die hooffokus van die studie is om te kyk na watter perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale deur die gekose handboeke na vore kom. Deur daardie perspektiewe te identifiseer wat op die voorgrond na vore kom, kan gesien word waaroor die handboek stil is, dit wil sê die inhoud wat die samestellers nie ingesluit het nie. As deel van die inhoud wat nie ingesluit word nie, is daar algemene aspekte wat genoem moet word, maar wat nie ’n beduidende rol in die bespreking aanneem nie. Daardie aspekte sluit onder andere die impak van diensplig op die wit Suid-Afrikaanse gemeenskap in. Diensplig en die impak wat dit gehad het op die jeug en die gesinne van wit Suid-Afrika, word in totaliteit uitgelaat en vorm nie deel van die bespreking nie.

Verder word Namibiese onafhanklikheidsbeweging, SWAPO en Namibiese onafhanklikheid ook nie in die Blou Boek bespreek nie. Sulke aspekte vorm nie noodwendig deel van die narratief nie omdat dit nie die fokus van die afdeling in beide die handboek of die KABV-Geskiedenis is nie.

Meer prominente stiltes wat in die handboek heers, het te doen met die hantering van die Slag van Cuito Cuanavale en debat rondom ‘wenners’ wat grootliks verband hou met die vertolking van die doelwitte van die SAW tussen 1987 en 1989. Die Blou Boek maak nie werklike uitsprake oor die ‘kant’ wat gekies word as ‘wenners’ nie, en daar



© University of Pretoria

word nie ’n eksterne bron verskaf wat diesulke uitsprake ondersteun nie. Wat die handboek wel doen, is om ’n perspektief te voer oor die SAW se doelwitte. Deur ’n perspektief te voer oor die SAW se doelwitte en voor te stel dat die SAW van die begin af die doel gehad om die strategiese dorp van Cuito Cuanavale te beset, word daar wel ’n uitspraak gemaak wat verband hou met die debat oor die sogenaamde wenners van die Slag van Cuito Cuanavale. Slegs die volgende word gemeld: “Teen April 1988 was dit duidelik dat die situasie by Cuito Cuanavale tussen die Angolese weermag en die SAW ’n nekslag toegedien is. Nie een van die kante in die Angola se Koue Oorlog kon enige vordering maak sonder grootskaalse verliese nie” (bl. 142).

Omdat hewige fokus geplaas word op die rol en die motiewe van Suid-Afrika en die SAW, is daar reeds uitgewys dat ’n stilte bestaan rakende die debat rondom die oorwinnaars by die Slag van Cuito Cuanavale. Hierdie stilte is egter nie die enigste stilte wat rondom Suid-Afrika en die SAW bestaan nie. In die bespreking van die Slag van Cuito Cuanavale en die betrokkenheid van die SAW daarby, word dit duidelik dat hierdie slag nie uitsluitlik ’n konflik van die Angolese Burgeroorlog is nie, maar dat dit wel ook deel vorm van die Grensoorlog. Deur nie na die Grensoorlog te verwys en die implikasies van die Grensoorlog op die streek te bespreek nie, word ’n belangrike aspek van Suid-Afrikaanse geskiedenis van die era nie aan die volgende geslagte oorgedra nie. Die konsep van die Grensoorlog word nie direk genoem of verduidelik nie, maar deur aspekte daarvan op die agtergrond te plaas, naamlik die rol van SWAPO, die ANC en Namibiese onafhanklikheid, word daar slegs indirek na die Grensoorlog verwys. Deur na die Grensoorlog te verwys, kan ander stiltes geïdentifiseer word wat direk verband hou met die Grensoorlog en die Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. In die eenheid wat handel oor die Angolese Burgeroorlog word daar verwys na die leierskap van die bevrydingsbewegings (Holden Roberto, Agostinho Neto en Jonas Savimbi), sowel as die leiers van die VSA (Henry Kissinger, President Kennedy, President Ford en President Reagan), Kuba (Fidel Castro) en Sjina (Mao Zedong), maar daar word nie melding gemaak van die leiers van Suid-Afrika of die USSR nie. Kerkleierskap van die destydse Suid-Afrika het ’n beduidende rol gespeel in die bepaling van die aard van Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Angolese



© University of Pretoria

Burgeroorlog, veral in die geval van President PW Botha wat die bevel gegee het om die FAPLA-brigades by die Lomba-rivier te vernietig.

Laastens bestaan daar ’n stilte in die Blou Boek waar die insluiting van eksterne sekondêre historiese bronne ter sprake is. Tussen bladsy 127 en 142 verskyn altesaam 12 sekondêre historiese bronne wat ingesluit word vir die leerder om te analiseer en interpreteer, en waardeur belangrike historiese ondersoek vaardighede aangeleer word. Deur na die verwysings van daardie bronne te kyk, word daar opgelet dat al 12 van daardie bronne deur skrywers van buite Suid-Afrika is. Dus is die stem en die navorsing van Suid-Afrikaners, sowel as ander Afrikane, nie in die Suid-Afrikaans-geproduseerde Blou Boek ingesluit nie. Hierdie stilte vorm ’n perspektief waar die skrywers en navorsers van mense van buite Suid-Afrika hoër geag word in terme van hul historiese kennis soos dit verband hou met die Slag van Cuito Cuanavale.

**4.1.3.1 Samevatting van stiltes in die Blou Boek-narratief**

Die stiltes wat in die narratief van die Blou Boek voorkom, dui op ’n vertolking van die gebeure rondom die Slag van Cuito Cuanavale wat aansluit by die hoofstroom kontemporêre politieke vertolking van die Slag van Cuito Cuanavale. Hierdie vertolking van die gebeure, soos uiteengesit in Hoofstuk 2, het grootliks die doel om die leerder in te lig oor die onafhanklikheid van Angola waar daar doelbewus nie gefokus word op Suid-Afrika se laat Koue Oorlog-konflik, die Grensoorlog, nie.

Die Grensoorlog, ’n sleutelgebeurtenis in die lewe van baie wit en swart Suid-Afrikaners, word doelbewus vermy deur nie melding te maak van terme soos Bosoorlog of Grensoorlog nie. Verder word die rol en doel van beide SWAPO en die ANC, toe in asiel, nie vertolk nie, wat daartoe lei dat Namibiese onafhanklikheid en selfs die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse besetting van Namibië nie aangespreek word nie. Alhoewel daar pertinent verwys word na die opoffering wat die Kubaanse burgers gemaak het vir die stryd om onafhanklikheid in Angola, word die koste van Suid-Afrikaanse en Angolese lewens ook nie aangespreek nie.

Historiese sekondêre bronne wat noodsaaklik is vir die bestudering en interpretasie van sleutel- geskiedkundige gebeurtenisse, vertolk slegs die narratief in die Blou Boek vanuit ’n Globale Noordelike perspektief. Deur Suid-Afrikaanse bronne nie in te sluit nie,



© University of Pretoria

waarvan daar wel bestaan, word dit duidelik dat ’n bepaalde perspektief voorgestaan word ten koste van plaaslike interpretasies van gebeurtenisse waarby ons, Suid-Afrikaners, direk by betrokke was.

Ten slotte demonstreer hierdie stiltes ’n doelbewuste poging om die ervarings en geskiedenis van ’n deel van die Suid-Afrikaanse samelewing te verswyg deur die leerders te mislei en te verwar oor die werklike betrokkenheid van Suid-Afrika aan die Angolese Burgeroorlog.

### 4.1.4 Samevattende argument

In die proses om die stiltes te identifiseer wat in die Blou Boek voorkom, is daar gekyk na die inhoud wat op die voorgrond, sowel as daardie perspektiewe en inhoud wat op die agtergrond geplaas word. In daardie proses is kon die stiltes wat in die narratief van dié handboek voorkom, geïdentifiseer word.

Die inhoud van die Blou Boek wat op die voorgrond geplaas word, het duidelike perspektiewe uitgewys wat gevorm en aangevoer word deur die narratief wat geskep is. Op die voorgrond is daar opgelet hoe sleutel- historiese rolspelers, karakters en gebeure voorgestel word en wat unieke perspektiewe aan die hand van die beide die Angolese Burgeroorlog en die Slag van Cuito Cuanavale gevorm het. Met die Angolese Burgeroorlog in gedagte word daar gesien dat bepaalde perspektiewe gevorm word rondom die bevrydingsbewegings rakende die ontstaan van daardie bewegings, die leierskap van daardie bewegings en ’n beskouing van hul mag, wat aanduidend is van ’n soort voorkeurbeweging. Verder is perspektiewe gevorm rondom die betrokkenheid van buitelandse moondhede soos die VSA, die USSR, Kuba en Suid-Afrika wat die motiewe en aksies van elk van die lande beoordeel het. Vervolgens kon daar gesien word dat ’n pro-Russiese perspektief, wat Kuba ingesluit het, na vore getree het wat teenstellend was teenoor die anti-Westerse perspektief wat gevorm is rondom die VSA en Suid-Afrika.

Die agtergrondperspektiewe het daarop gewys dat daar inhoud is waar geringe verwysings na historiese rolspelers, gebeure en karakters gemaak is wat nie noodwendig die plot van die narratief ondersteun nie, sowel as dat daardie inhoud ook



© University of Pretoria

in ander eenhede in die hoofstuk bespreek word. Verder word daar gesien dat die perspektief wat gevorm word rondom die interne politiek van die apartheidstaat, leiding gegee het tot die ontstaan van perspektiewe rondom Namibiese onafhanklikheid, SWAPO en die ANC. Aspekte van die bevrydingsbewegings, veral UNITA, word ook op die agtergrond geplaas, waar die rol van UNITA beskou word as een wat direk gekoppel word aan daardie beweging se leier, Jonas Savimbi.

Gevolglik kon stiltes, deur afleidings wat gemaak is van die inhoud op die voorgrond en op die agtergrond en die perspektiewe wat daar gevorm is en gevoer word, geïdentifiseer word wat in die teksnarratief van die Blou Boek heers. Die geïdentifiseerde stiltes het daarop gedui dat die aanvaarde hoofstroomperspektief, soos vroeër gemeld, deur die Blou Boek voorgehou word. Stiltes wat in die narratief geïdentifiseer is, het verder gewys dat die inhoud wat uitgesluit was, die leerder gemanipuleer het om die Slag van Cuito Cuanavale nie vanuit ’n plaaslike konteks te beskou nie, maar dat die gebeurtenis deur die lens van ’n Globale Noorde-perspektief beskou moet word.

### 4.2 Analise van die Wit Boek

#### 4.2.1 Historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond geplaas

Die Wit Boek skets ’n narratief, soos die geval met die ander handboeke wat in die studie ter sprake is, met die doel om leerders in te lig oor die inhoud wat bestudeer moet word om die finale Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen te skryf wat deur die KABV-Geskiedenis voorgeskryf word. In die proses om die inhoud aan die leerder aan te bied, maak die handboek keuses om sekere aspekte oor Angolese onafhanklikheid op óf die voorgrond óf die agtergrond te plaas, óf te verswyg. Soos vroeër in die hoofstuk gemeld, word daar gebruik gemaak van metodes soos uiteengesit in die Hoofstuk 3 van die verhandeling, waar, deur middel van kritiese diskoersanalise, inhoud geanaliseer word en dan geklassifiseer word as voorgrond- en agtergrondinhoud. Deur daardie proses te volg, word bepaal watter inhoud uitgelaat word en aan die hand van die konteksraamwerk, soos uiteengesit in Hoofstuk 1 en 2, word bepaal watter stiltes in die narratief heers.



© University of Pretoria

Sleg nege bladsye word in die Wit Boek afgestaan om die gevallestudie van Angolese onafhanklikheid (in Eenheid 4, bl. 122-131) aan te bied. In vergelyking met Eenheid 3 (bl. 52-73), waar ’n soortgelyke gevallestudie oor die Viëtnamese oorlog aangebied word, waaraan 21 bladsye afgestaan word, kan gesien word wat die betrokke handboek as belangrike inhoud ag. ’n Bepaalde perspektief oor die onafhanklikheidstryd van Angola en veral die Angolese Burgeroorlog waarvan die Slag van Cuito Cuanavale deel vorm, word geskets. Dit gebeur deur keuses te maak oor watter inhoud ingesluit en wat nie ingesluit word nie. In die proses is sekere historiese gebeure en rolspelers op die voorgrond geplaas. In die eerste afdeling word daar gekyk na die rolspelers, nasionalistiese bewegings en buitelandse invloed wat deur die diskoerse in die Wit Boek op die voorgrond geplaas is.

#### 4.2.1.1 Nasionalistiese bewegings in Angola

Die bevrydingsbewegings van Angola, naamlik die MPLA, UNITA en die FNLA word beskou as die hoofrolspelers in die Angolese Burgeroorlog. Die Wit Boek se aanbieding van die hoofrolspelers is uniek in die sin dat daar nie hewig gefokus word op die bewegings nie.

##### 4.2.1.1.1 Jonas Savimbi en Agostinho Neto (bl. 124)

Die Wit Boek se inhoud is grootliks verhalend en beskrywend van aard, en bied nie vir die leerder ’n wye verskeidenheid historiese bronne om ’n geheelbeeld van Angola se onafhanklikheid en die gepaardgaande burgeroorlog te verkry nie. Dié handboek bevat ook ’n korter afdeling oor die Angolese onafhanklikheidstryd en burgeroorlog in vergelyking met die ander geanaliseerde handboeke. Daarom is daar minder verwysings na sentrale historiese figure, nasionalistiese bewegings en die betrokkenheid van buitelandse moondhede op die voorgrond. Gevolglik word daar nie noemenswaardige verwysings na Jonas Savimbi (vier direkte verwysings) en Agostinho Neto (ses direkte verwysings) gemaak nie. Verder kan bepaal word deur die insluiting van eksterne bronne wat oor sentrale figure handel, byvoorbeeld Bron C (bl. 128) wat handel oor Jonas Savimbi en die visuele bron, Bron A (bl. 127) wat Agostinho Neto saam met Fidel Castro uitbeeld, dat Jonas Savimbi en Agostinho Neto op die voorgrond geplaas is.



© University of Pretoria

Agostinho Neto se posisie word in die Wit Boek op die voorgrond geplaas deur twee visuele bronne wat die MPLA-leier in die afdeling oor Angola se onafhanklikheid insluit. Oor die nege bladsye wat die Wit Boek aan die onderwerp afstaan, verskyn Neto in twee visuele bronne, een ongemerkte foto (bl. 124) en Bron A (bl. 127). Visuele bronne speel 'n groot rol om betekenis oor te dra en is 'n bepalende faktor in die klassifisering van of 'n historiese figuur op die voorgrond geplaas word. Daar verskyn slegs vyf visuele bronne in hierdie handboek, waarvan Neto in twee van die bronne uitgebeeld word.

Die eerste visuele bron waarin Neto voorkom (bl. 124), is ook die eerste keer waar daar na die drie verskillende nasionalistiese bewegings verwys word en dien as die leerder se eerste ontmoeting met die hoofrolspelers in die Angolese Burgeroorlog.




*Figuur 4.3 Leiers van die bevrydingsbewegings in Angola (bl. 124)*

In die volgende visuele bron verskyn Neto saam met die Kubaanse leier, Fidel Castro (bl. 127).




*Figuur 4.4 Uitbeelding van Agostinho Neto en Fidel Castro (bl. 127)*



© University of Pretoria

Deur ’n visuele bron te kies wat Neto saam met van die ander belangrikste rolspelers in Angola se onafhanklikheid uitbeeld, maak die Wit Boek ’n duidelike stelling dat Agostinho Neto en die organisasie wat hy lei (die MPLA) prominente rolspelers is. Die visuele bron stuur ’n boodskap van mag wat deur Neto en Castro uitgebeeld word. Die bron skets die idee van die triomfantlike Neto van die MPLA wat saam met die Kubane onder leiding van Castro onafhanklikheid vanaf die imperialistiese Weste verower het. Die perspektief van ’n onselfsugtige en nederige ondersteuning van Kuba word hier gevorm.

Daar word, terselfdertyd, ’n perspektief geskep wat die rol van die MPLA as die belangriker bevrydingsbeweging vooropstel. Jonas Savimbi word op dieselfde wyse beklemtoon as ’n belangrike rolspeler in die Angolese Burgeroorlog. Hy verskyn wel slegs in een visuele bron, ongemerkte bron (bl. 124), maar wat Savimbi na die voorgrond bring, is die narratief wat geskets word oor hom in ’n eksterne sekondêre bron wat aangehaal word as Bron C (bl. 128):

> Toe hy gevra is waarom hy met die onderdrukkende en rassistiese, wit Suid-Afrikaanse regering saamwerk, het Savimbi met ’n Afrikagelykenis geantwoord:
>
> Indien jy ’n drenkeling in ’n rivier vol krokodille is en jy so pas vir die derde keer onder die water verdwyn het, bevraagteken jy nie wie jou uittrek totdat jy veilig op wal is nie. (bl. 128)

Waar Neto uitgebeeld word as die triomfantlike leier van Angolese onafhanklikheid, word Savimbi uitgebeeld as ’n sentrale figuur wat verkies om saam met die apartheidstaat te werk. UNITA se samewerking met apartheid Suid-Afrika word hier op die voorgrond geplaas. Met Savimbi as die stigter en leier van UNITA word ’n perspektief gevorm waar Savimbi beskou moet word as iemand wat teen Afrika-onafhanklikheid werk inplaas daarvan om vir ’n onafhanklike Afrika te veg. UNITA as ’n bevrydingsbeweging word verder gekoppel aan die persoonlikheid van Savimbi, waar die beweging nie kan losstaan sonder hom nie. Op daardie wyse word ’n perspektief op die voorgrond geplaas dat Savimbi nie omgegee het saam met wie hy werk nie, maar dat sy ambisies vir Angola eerste gekom het. Savimbi se samewerking met die



© University of Pretoria

apartheidstaat onder die NP, skaad die beeld van Savimbi en beeld hom uit as ’n teenstander van Afrika se stryd teen koloniale onderdrukking en Westerse beheer.

Die twee figure word op die voorgrond geplaas as teenoorgesteldes. Aan die een kant ’n pro-Kommunistiese leier, Agostinho Neto, wat geveg het vir die totale onafhanklikheid van Angola teenoor ’n leier, Jonas Savimbi, wat bereid was om selfs saam met die apartheidsregering te werk, wat aktief ander Afrikane brutaal onderdruk het.

**4.2.1.2 Invloed van buitelandse moondhede**

Buitelandse moondhede het ’n beduidende rol vervul in die Angolese Burgeroorlog wat op twee vlakke plaasgevind het. Eerstens, waar die supermoondhede meegeding het om invloed te verkry oor Angola en tweedens, die moondhede wat namens die supermoondhede geveg het om daardie invloed oor Angola te verkry. In hierdie afdeling sal ek fokus op die rol en motiewe wat die Wit Boek voorstel as perspektiewe oor buitelandse moondhede in die Angolese Burgeroorlog. Die organisasie van hierdie afdeling word anders aangebied as in die analise van die Blou Boek, weens die manier waarop die inhoud in die Wit Boek aan die leerder aangebied word. Die narratief wat aangebied word, is beskrywend met kort beknopte verhalende uiteensettings van die inhoud wat hewig fokus op die Angolese Burgeroorlog as ’n uitbreiding van die Koue Oorlog. Vervolgens word die inhoud gegroepeer in twee kategorieë, die pro-Kommunistiese moondhede en die pro-Westerse moondhede. Die groepering van die moondhede word soos volg bespreek: pro-Westerse moondhede, naamlik die VSA en Suid-Afrika, en die pro-Kommunistiese moondhede, naamlik die USSR en Kuba. Deur die betrokkenheid van die moondhede word die Koue Oorlog dus na Suider-Afrika uitgebrei en is ’n weerspieëling van hoe die inhoud voorgestel word.

*Pro-Westerse magte: Die VSA (bl. 127) en Suid-Afrika (bl. 128)*

Die Wit Boek beklemtoon die rol van die twee Koue Oorlog-invloedsfere, naamlik die Oosblok en die Weste. As deel van die perspektiewe wat die Weste op die voorgrond plaas, word twee buitelandse rolspelers beklemtoon, die VSA en Suid-Afrika. Die handboek plaas ook die Koue Oorlog en die invloed van die konflik op die streek (Suider-Afrika) op die voorgrond deur herhaalde verwysings na die VSA.



© University of Pretoria

Die VSA word uitgebeeld as ’n belangrike Koue Oorlog-rolspeler in die bespreking rondom die Angolese Burgeroorlog. Daar word 32 keer verwys na die VSA en verwante historiese figure/organisasies soos die Amerikaanse intelligensiediens, die CIA, en hoëvlakburokrate soos Henry Kissinger en die Amerikaanse president Gerald Ford (bl. 127). Die perspektief wat geskep word, is dat die VSA beskou word as ’n belangrike rolspeler in die Angolese Burgeroorlog. As sulks word daar verduidelik hoekom die VSA betrokke geraak het in Angola, sowel as hoe hulle in Angola betrokke was:

> Aanvanklik was die VSA nie gretig om ’n rol in die militêre konflik in Angola te speel nie. Hulle het sopas hulle betrokkenheid in Viëtnam, wat hulle reputasie tuis sowel as internasionaal geskaad het, beëindig. Uiteindelik het Kuba se teenwoordigheid Afrika by die binnelandse beleide van die VSA betrek. Die CIA het vir Roberto (FNLA) $300 000 gegee vir gebruik vir politieke aktiwiteite. Een projek het ingesluit die aankoop van ’n televisiestasie en koerante in Luanda. Henry Kissinger het so ver gegaan as om die VSA se Senaat te vra vir $35 miljoen om die anti-kommunistiese magte in Angola te help, maar dit is van die hand gewys. Later is Kissinger gemagtig om in die geheim wapens aan die FNLA en UNITA te voorsien. In 1975 het president Gerald Ford aangekondig dat hy $6 miljoen vir geheime CIA-operasies sou beskikbaar stel (bl. 127).

’n Prominente perspektief kom na vore in die Wit Boek, soos afgelei kan word uit die bron, naamlik die VSA se buitelandse beleid van inperking. Inperking speel ’n beduidende rol in die perspektief van die VSA se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog veral met die Koue Oorlog as die fokus van die handboek. Die VSA se beleid van inperking is in plek gestel met die uitbreiding van Kommunistiese invloed oor Europa en is veral gedurende die Viëtnam-oorlog toegepas. Die VSA se buitelandse beeld is deur die rampspoedige Viëtnam-oorlog geskaad en vervolgens kon die VSA nie grootskaalse betrokkenheid in Angola waag nie. Die VSA se keuse om slegs finansiële steun te gee, word ook in die Wit Boek uiteengesit deur te verklaar dat die VSA nie “’n rol in die militêre konflik in Angola” (bl. 127) wou speel nie. Alhoewel die VSA nie breedvoerige militêre intervensie kon waag nie, het die beleid van inperking bepaal dat hulle groepe moes steun wat teen kommunistiese invloed en die verspreiding van kommunisme veg. Kuba se teenwoordigheid in Angola het daarom die VSA, volgens die handboek, genoodsaak om betrokke te raak by die Angolese Burgeroorlog. Ten spyte



© University of Pretoria

van die strategiese dreigemente wat die VSA ervaar het op die Afrika-kontinent, was dit weens die VSA se Afrika-bondgenote dat steun wel aan UNITA en die FNLA gegee is:

> Die burgeroorlog in Angola het ’n negatiewe impak op die vrede en veiligheid van die gebied gehad. Afrikastate was verdeeld. Dié wat pro-Westers was, het UNITA en die FNLA ondersteun. Dit was in ’n poging om kommunistiese beheer uit die gebied te weer. Mobutu het Zaïrese troepe en pantserkarre aan UNITA en die FNLA voorsien. In werklikheid het Afrika-leiers soos Mobutu en Kaunda van Zambië gehelp om druk op die Verenigde State te plaas om hulp te verleen om die Sowjet-invloed uit Angola te hou. (bl. 129)

Die VSA se rol as ’n supermoondheid word hier weer as ’n perspektief beklemtoon deur daarop te wys dat die VSA nie ’n keuse gehad het as om hul verpligtinge teenoor hul bondgenote na te kom nie. Vervolgens moes die VSA steun bied aan een van die bevrydingsbewegings in Angola en die spanning wat dit veroorsaak het, het gelei tot, waarna die Wit Boek verwys, ’n “surrogaatoorlog” (bl. 126), wat plaasgevind het tussen die pro-Westerse magte van die VSA en Suid-Afrika, ter ondersteuning van UNITA, en die pro-kommunistiese magte van die USSR en Kuba, ter ondersteuning van die MPLA oftewel die Angolese magte.

Daar word ook ’n ander perspektief van die VSA op die voorgrond geplaas. In die afdeling van die Wit Boek wat handel oor die onafhanklikheid van Angola (bl. 123-124), word verduidelik dat die VSA in Angola belanggestel het weens Angola se minerale rykdom, en deur invloed af te staan aan die USSR, sou die VSA toegang verloor het tot veral ryk oliereserwes. Die handboek noem die soort minerale hulpbronne wat Angola tot hul beskikking gehad het, soos “diamante, goud, uraan en koper”, asook ’n groot visnywerheid (bl. 123). Hierdie aspek rakende die VSA se betrokkenheid, wat beskryf kan word as deelname weens hulpbronverkryging as ’n vorm van neo-kolonialisme, word nie beperk tot die VSA nie, en melding word gemaak dat die USSR dieselfde motiverings gehad het as die VSA ten opsigte van hulpbronverkryging. Hierdie perspektief wat gevoer word, gaan egter breër as net ’n gesprek rondom ekonomiese motiewe van die supermoondhede. Dit vorm deel van die breër Koue Oorlog-perspektief wat in die Wit Boek aangevoer word.

Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog word ook in die Wit Boek bespreek en ’n perspektief kom na vore wat Suid-Afrika se betrokkenheid by die



© University of Pretoria

Angolese Burgeroorlog verklaar. Die handboek se narratief lei tot die ontstaan van bepaalde perspektiewe oor Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola, onder andere Koue Oorlog-deelname en die onregmatige gesag van die wit minderheidsregering in Suid-Afrika.

In die nege bladsye wat die Wit Boek aan die Angolese Burgeroorlog afstaan, word daar ’n oorweldigende 37 keer na Suid-Afrika verwys. Die spesifieke verwysings na Suid-Afrika dra by tot die ontstaan van ’n perspektief wat in die bespreking voorkom. Die sluit in: perspektiewe oor ras, ... “apartheidstaat”, “wit troepe”, “Nasionale Party”, “blank regeerde Suid-Afrika” en “SAW”. Hierdie perspektiewe maak dit ook duidelik dat Suid-Afrika se rol in die onafhanklikheidstryd van Afrika, en spesifiek Angola, nie noodwendig opreg was nie.

Die perspektief wat deur die Wit Boek geskep word, gee leiding tot ’n perspektief wat oor Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog handel. Hierdie perspektief wat op die voorgrond geplaas word, het te doen met Suid-Afrika se insluiting by die groepering van pro-Westerse magte. Deur beleide wat die NP-regering in plek gestel het, wat daarop gemik was om die verspreiding van kommunisme naby Suid-Afrika en binne Suid-Afrika te stuit, het die Suid-Afrikaanse regering aan die Weste gedemonstreer dat hulle teen kommunisme kan veg. Vervolgens vorm die perspektief in die Wit Boek deel van die breër Koue Oorlog-perspektief en kan dit gesien word in die beskrywing oor die buitelandse beleid van die NP, wat beskryf word as “sterk anti-kommunisties” (bl. 128). Hierdie beleid van anti-kommunisme is wat die Suid-Afrikaanse regering gelei het om met die “pro-Westerse” magte in Angola saam te werk. Omdat Suid-Afrika “daartoe gedryf [is] om die verspreiding van kommunisme te verhoed”, verduidelik die handboek dat “Suid-Afrika as ’n bondgenoot van die VSA en Brittanje in die Koue Oorlog ingetrek” is (bl. 128). Wat dus op die voorgrond staan oor die betrokkenheid van Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog, is die rol wat die NP-regering vervul het in die breër Koue Oorlog-politiek.

In die verduideliking oor die betrokkenheid van Suid-Afrika in Angola se Burgeroorlog, word ’n perspektief op die voorgrond geplaas oor die interne struwelinge van die apartheidstaat. Hierdie perspektief spruit vanuit die minderheidsregering in Suid-Afrika



© University of Pretoria

se vrees om mag te verloor wat die wit minderheid in Suid-Afrika sou bedreig. Die Wit Boek begin om die perspektief te skets deur Suid-Afrika se posisie in Afrika te beskryf as een wat bedreig word deur nuut onafhanklike state:

> Suid-Afrika het ’n sleutelbelang in lande in Suider-Afrika gehad weens hulle nabyheid aan die lande se grense. Voorheen het die Portugese kolonies as ’n buffer tussen die blanke-regeerde, Suid-Afrika en die nuwe swart-beheerde state gevorm” (bl. 128).

Hierdie nuwe onafhanklike state in Afrika het, volgens die Wit Boek, ’n wesenlike bedreiging vir die wit minderheidsregering in Suid-Afrika ingehou. Die onttrekking van Portugese koloniale magte in Angola en Mosambiek het daartoe gelei dat die buffer wat Suid-Afrika gevorm het tussen Suid-Afrika en die res van Afrika verlore gegaan het. Hierdie verlies van die strategies belangrike buffer het ’n wesenlike dreigement ingehou vir die wit minderheidsregering in Suid-Afrika. Deur die beleide van die NP-regering wat daarop gerig was om die Republiek te beskerm teen beide die Rooigevaar en die Swartgevaar, was daar groot getalle Suid-Afrikaanse vryheidsvegters wat in die buiteland opgelei was en operasies teen die NP-regering geloods het. Die handboek maak ook hiervan melding as ’n belangrike perspektief deur te verwys na die “uitgewekene Suid-Afrikaanse vryheidsvegters” (bl. 128) wat skuiling gevind het in die nuut onafhanklike state in Afrika, soos byvoorbeeld Angola. Hierdie verwysing na die “uitgewekene [...] vryheidsvegters” verwys na die politieke bannelinge van die ANC en die PAC van die Suid-Afrikaanse bevrydingsbeweging wat gedurende die 1960’s en 1970’s in die buiteland was. Hierdie bannelinge (uitgewekenes) het verder ’n bedreiging ingehou vir die NP-regering omdat hulle deur middel van die ondersteuning vanaf die “nuut-bevryde lande aan die Suid-Afrikaanse grense” (bl. 128) basisse kon oprig en opleiding ontvang om die vryheidstryd in Suid-Afrika voort te sit. Dus word ’n perspektief op die voorgrond geplaas waar Suid-Afrika se betrokkenheid nie net gekoppel moet word aan die breër Koue Oorlog-perspektief nie, maar dat daar ook ander motiewe was soos die beskerming van wit minderheidsbeheer van Suid-Afrika.

Die twee perspektiewe wat deur die Wit Boek op die voorgrond geplaas word, naamlik die inperking van kommunisme en die beskerming van minderheidsmag, skets ’n beeld van die Suid-Afrikaanse vrees om mag en bevoordeling te verloor wat gepaard gaan



© University of Pretoria

met die komplekse politieke klimaat van die Koue Oorlog-tydperk. Beide die posisies is relevant vir die bespreking van die perspektiewe wat gevoer word oor die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale.

*Die pro-Kommunistiese magte: Die USSR (bl. 126) en Kuba (bl. 126)*

Die Wit Boek se Koue Oorlog-perspektiewe word verder gevoer deur die bespreking van die twee ander buitelandse moondhede wat hulself deel gemaak het van die Angolese Burgeroorlog, naamlik die USSR en Kuba. Hierdie twee lande word gesien as die kommunistiese sfeer wat op dieselfde wyse as die VSA en Westerse state probeer het om invloed oor Angola te verkry. Soos voorheen gemeld, kom daar ’n breër perspektief in hierdie handboek voor oor die invloed van die Koue Oorlog op Afrika. Hierdie perspektief word verder gesteun deur die bespreking van die redes en motiewe van die USSR en Kuba se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog.

Die USSR word in die Wit Boek op die voorgrond geplaas op twee maniere: eerstens word daar telkens direk na die USSR verwys en tweedens word die USSR se betrokkenheid beskryf as deel van die Koue Oorlog-stryd van die vorige eeu. Die handboek verwys 29 keer na die USSR. Hierdie verwysings maak egter geen spesifieke melding van die USSR nie, behalwe die aard en doel van hul betrokkenheid. Die aantal verwysings na die USSR is ook noemenswaardig omdat dit die kommunistiese moondheid is waarna die meeste verwys word. Weens die prominente posisie wat die USSR in die handboek beklee, word ’n perspektief geskets wat dit duidelik maak dat Koue Oorlog-spanning in Angola bestaan het. Teenoor die intensiewe inperking van kommunisme deur die VSA en Suid-Afrika, word die verspreiding van kommunisme gesien as die hoofrol wat die USSR gespeel het in die Angolese Burgeroorlog. Die narratief wat aangebied word rondom die USSR, gee aanleiding tot die perspektief wat deur die handboek gevoer word oor die verspreiding van kommunisme. Buiten die reeds genoemde ekonomiese motiewe van die USSR, bestaan daar volgens die boek ook “politieke motiewe” vir die betrokkenheid van die USSR in Angola. Die handboek meld dat die USSR se betrokkenheid teruggespoor kan word na hul doel om “‘onderdrukte mense’ te help om hulself van imperiale beheer te bevry” (bl. 126). Hierdie nederige motief wat aan die USSR toegedien word, word verder verklaar as nie die



© University of Pretoria

enigste motief van die USSR se betrokkenheid in Angola nie. Die handboek voer verder aan dat die USSR wel ander politieke en ekonomiese motiewe gehad het, wat beskryf word as: "...die vestiging van ’n pro-Sowjet-regering [wat sou] verseker dat die kommunistiese blok in staat was om sy invloedsfeer in Afrika uit te brei en ’n sterk sosialistiese staat daar te stel" (bl. 126). Die verspreiding van kommunisme word in die Wit Boek beklemtoon as die vernaamste rol wat die USSR in Angola se Burgeroorlog gespeel het. Die handboek verduidelik derhalwe hoe die USSR sy steun aan die Angolese gebied het. In ’n eksterne sekondêre bron, gelys as Bron B (bl. 128), word duidelik melding gemaak van die aard van die USSR se steun aan die MPLA:

> Volgens Kissinger het die USSR sedert Maart reeds meer as $200 miljoen (R280 miljoen) aan militêre hulp aan die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) voorsien. In teenstelling daarmee het die VSA omtrent $35 miljoen (R49 miljoen) in wapens en uitrusting aan twee anti-Sowjet-faksies geallokeer, voordat die Senaat verlede maand besluit het om dit te verban (bl. 128).

Die USSR het dus volgens die publikasie gebruik gemaak van finansiële steun om ’n ‘goedgesinde’ regering in Angola te verseker en wat die USSR toegang kon gee tot minerale hulpbronne, sowel as om die primêre doel van die USSR se betrokkenheid te bereik, die verspreiding van kommunisme. Voorafgenoemde vorm deel van die dominante perspektief oor die USSR wat ook deel uitmaak van die breër perspektief rondom die Koue Oorlog.

Die USSR het nie net hul ideologiese invloed in Angola versprei nie, maar ook grootskaalse steun aan hul bondgenoot, Kuba, verskaf. Kuba speel ’n belangrike rol in die bespreking oor die konflikte wat in Angola plaasgevind het nadat die land onafhanklikheid vanaf Portugal verkry het. Die Wit Boek plaas Kuba gevolglik in ’n prominente voorgrondposisie.

As deel van die Sowjetblok van invloed het die Kubane dus ook, volgens die Wit Boek, ’n hoofrol gespeel in die bevordering van kommunisme op die Afrika-kontinent, sowel as in Angola. Hierdie aspek van Sowjet-invloed word beklemtoon en dit word onderskraag deur die hoeveelheid kere wat daar na Kuba verwys word (27 keer, waarvan agt verwysings na Fidel Castro is), sowel as die feit dat twee visuele bronne ingesluit is



© University of Pretoria

waarin Kubaanse soldate uitgebeeld word en een waar Fidel Castro saam met Agostinho Neto verskyn.

Die Wit Boek skets ’n narratief oor die Kubane waar gefokus word op die doel van die Kubaanse rol in die Angolese Burgeroorlog wat beskryf word as die ondersteuner van “bevrydingstryde in sosialistiese state in Afrika” (bl. 126). Die ander aspek wat van die Kubane beklemtoon word, is die basis waarop hulle betrokke geraak het in die Angolese Burgeroorlog. Anders as die geval van die USSR waar hul ondersteuning beskryf word deur te verwys na die finansiële steun en toerusting wat hulle gegee het, word die Kubane se aksies beskryf deur te verwys na die soldate van Kuba wat aktief in die Burgeroorlog deelgeneem het. Hierdie aspek word pertinent op die voorgrond geplaas deur die visuele bron (bl. 125). Die visuele bron (Figuur 4.5) wys ’n groep Kubaanse soldate in Angola. Die beskrywing onder die foto, “Kubaanse troepe in Angola ontplooi om Suid-Afrikaanse magte te help afweer”, dra ook by tot die konteks waarin die foto geplaas moet word en dit kommunikeer ’n duidelike perspektief oor die Burgeroorlog in Angola. Wat opvallend is van die foto se beskrywing, is die manier waarop dit verwoord word. Deur te verklaar dat die rede hoekom Kubaanse soldate in Angola ontplooi is, was om Suid-Afrikaanse troepe teen te staan, ontneem die nasionalistiese bewegings van agentskap as deel van die stryd en opofferings wat deur hulle gemaak is. ’n Perspektief word dus geskets dat die rol van beide die FNLA en UNITA nie as belangrik geag hoef te word nie, en dat die Angolese Burgeroorlog basies net deur die Kubane en die SAW geveg is.



© University of Pretoria


Kubaanse troepe in Angola ontplooi om Suid-Afrikaanse magte te help afweer

*Figuur 4.5 Uitbeelding van Kubaanse soldate in Angola (bl. 125)*

Hierdie aspek van Kubaanse betrokkenheid dra by tot die perspektief wat van Kuba in die Wit Boek gevoer word. Die perspektief wat dominant voorkom oor Kuba is die idee van Kuba as die bevryders van Afrika deur die sosialistiese rewolusie na Afrika te bring. Verder word die beeld van die Kubane versterk deur klem te lê op die Kubaanse soldate wat hul lewens opgeoffer het vir die verspreiding van sosialisme in Afrika, in teenstelling met die beklemtoning van die ander soorte hulp wat die USSR aan die Angolese verskaf het.

Die laaste aspek oor die pro-kommunistiese magte is die insluiting van ’n bespreking rondom die invloed en rol wat die Chinese in die Angolese Burgeroorlog gespeel het. China as ’n buitelandse moondheid word in die Wit Boek op die voorgrond geplaas, terwyl die ander geanaliseerde handboeke China nie as ’n hoofrolspeler van die Angolese Burgeroorlog beskou nie. As daar in ag geneem word dat die Chinese nie ’n beduidende rol in die Angolese Burgeroorlog gespeel het nie, is dit egter noemenswaardig dat China selfs genoem word as ’n rolspeler in die konflik. China word ingesluit in die afdeling weens die finansiële steun wat hulle aan die FNLA van Holden Roberto verskaf het. As deel van die aard van hul betrokkenheid word ’n ander perspektief geskets as met die USSR en Kuba. Die handboek fokus op China as ’n stryder teen imperialisme en verduidelik dat “China ook [toegewy was] aan die anti-imperialistiese stryd” en dat dit deur “die Sowjetunie ondersteun” (bl. 127) is. Die Wit



© University of Pretoria

Boek plaas die klem op die verhouding tussen die Chinese en die USSR en verwys daarna as "toenemende spanning". Hierdie spanning lei dan daartoe dat China toegewy was aan die beperking van die "uitbreiding van Sowjet-invloed" (bl. 127). Hierdie perspektief rakende die verhouding tussen China en die USSR word verder gevoer en verklaar hoekom China nie ten gunste was van Sowjet-invloed in Afrika nie. Die Chinese deelname in die Angolese Burgeroorlog skep 'n perspektief waar die Chinese uitgebeeld word as 'n tweede opsie om van imperialistiese beheer te ontsnap:

> Dit het na die bevrydingstryd van Afrika verwys as een teen 'blanke buitestanders', en dit het die USSR ingesluit, wat China geglo het daarop uitwas om Afrika uit te buit. China het geglo dat hulle rewolusie die beste model vir Afrika was om te volg aangesien hulle 'n gedeelde geskiedenis van onderdrukking deur Westerse magte gehad het. As gevolg daarvan het China hulp aan Angola gebied (bl. 127).

Met slegs tien verwysings na die Chinese in die Wit Boek word die Chinese wel op die voorgrond geplaas. China word gesien as 'n ander opsie in vergelyking met die soort rewolusie wat die USSR na Afrika wou bring. Die Chinese word nie op die voorgrond geplaas vir die soort hulp wat hulle aan die Angolese gebied het nie, maar eerder omdat hulle 'n ideologiese alternatief was vir die Sowjet-invloed wat na die kontinent uitgebrei het.

**4.2.1.3 Breër perspektiewe op die voorgrond**

Buiten vir die bepaalde perspektiewe oor die deelname van buitelandse invloed wat hierbo bespreek word, is daar ook 'n breër of meer algemene perspektief wat regdeur die Wit Boek voorkom. Die perspektief wat op die voorgrond geplaas word, is een wat sentreer rondom die Koue Oorlog en die invloed van die Koue Oorlog op Angola.

Regdeur die Wit Boek word daar na die Koue Oorlog verwys deur middel van verwante konsepte en terme soos 'invloedsfeer' en 'kompeterende ideologieë'. Daar word 30 keer na die Koue Oorlog en verwante politiek verwys, wat die perspektief nie net noemenswaardig maak nie, maar dit aanbied as die dominante perspektief. Die idee dat die Koue Oorlog en die rol daarvan die dominante diskoers is, begin reeds op die eerste bladsy (bl. 122) van die afdeling oor die Onafhanklikheid van Angola. Die inleidende opskrif vir die eenheid (bl. 122) skep die eerste indruk oor die perspektief wat geskets



© University of Pretoria

gaan word: “Afrika gedurende die Koue Oorlog: USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika Gevallestudie: Angola” (bl. 122). Hierdie inleidende opskrif plaas nie die klem van die afdeling op Angola nie, maar eerder die Koue Oorlog-politiek wat in Angola gaan afspeel.

In die inleiding tot die afdeling op die volgende bladsy (bl. 123) verskyn die eerste subopskrif van die eenheid, naamlik “Hoe Afrika by die Koue Oorlog betrek is”. In die inleidende paragrawe word die konteks van die kapitalisme tenoor kommunisme beskryf, en redes word verskaf oor hoekom Afrika, en Angola, by die Koue Oorlog betrek is deur te verduidelik dat “aangesien die dekolonisasieproses tydens die Koue Oorlog-era plaasgevind het, het dit ook die ideale geleentheid geskep vir die verspreiding van die kompeterende ideologieë ...” (bl. 123). Hierdie perspektief word verder geneem onder die volgende subopskrif: “Kompeterende invloedsfere” waar verduidelik word hoekom Angola vir die supermoondhede so ’n aanloklike gebied in Afrika was. Angola word beskryf as ’n “begeerlike kolonie” weens die minerale rykdom wat Angola besit het. Dit het tot gevolg gehad dat Angola deur die supermoondhede beskou is as ’n streek wat voordele ingehou het in terme van ’n bondgenoot in die streek, sowel as vir toegang tot Angola se minerale rykdom. Die Wit Boek voer die perspektief oor die invloed van die Koue Oorlog voort deur die langdurige Angolese Burgeroorlog toe te skryf aan die invloed en betrokkenheid van buitelandse magte in Angola. Weens die kompeterende ideologieë van die supermoondhede was Angola die middelpunt van die stryd tussen die USSR en die VSA, wat daartoe gelei het dat die Angolese Burgeroorlog verleng is.

Hierdie perspektief word verder ondersteun deur die Koue Oorlog verwante perspektiewe wat oor die USSR, Kuba, die VSA en Suid-Afrika gevoer word, soos hierbo bespreek word. Die Wit Boek plaas geweldig klem op die rol en die invloed van die Koue Oorlog en bevorder die perspektief dat Angola betrek is by die Koue Oorlog weens kompeterende ideologieë. Wat hierdeur bereik word, is dat Angola se onafhanklikheidstryd gereduseer word tot slegs nog ’n Koue Oorlog-konflik en ontneem die bevrydingsmagte van hul rol, sowel as om die anti-koloniale stryd op die agtergrond te plaas.



© University of Pretoria

#### 4.2.1.4 Die Slag van Cuito Cuanavale op die voorgrond (bl. 129)

Die fokus van die perspektief oor die Slag van Cuito Cuanavale wat deur die Wit Boek geskep word, is nie op die veldslag as ’n gebeurtenis nie, maar fokus eerder daarop om te verklaar hoekom die Slag van Cuito Cuanavale belangrik is. Vervolgens word ’n perspektief geskep wat nie te doen het met die gang van die klimatiese gebeurtenis van die Burgeroorlog nie, maar eerder met die impak wat dit gehad het op die Suider-Afrikaanse streek.

Die opskrif vir die afdeling wat handel oor die Slag van Cuito Cuanavale, “Die belangrikheid van die slag van Cuito Cuanavale 1987 en 1988”, soos wat dit deur die KABV-Geskiedenis uiteengesit word, laat toe dat handboeksamestellers keuses maak oor hoe om die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale aan te bied. Binne die keuse wat die Wit Boek gemaak het, is dit duidelik dat daar gefokus word op die impak wat die Slag van Cuito Cuanavale vir Suid-Afrika ingehou het, in plaas van die impak wat dit op die Angolese gehad het. Die bespreking oor die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale begin deur die agtergrond te skets oor hoekom Suid-Afrika die gebied van SWA (Namibië) besit het. Hierdie verduideliking verskuif die aandag weg van die Angolese Burgeroorlog en plaas die interne struwelinge van Suid-Afrika op die voorgrond:

> Angola het aan SWAPO basisse aangebied van waar hulle aanvalle op die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in Namibië kon loods. Dit het die beheer van die Suide van Angola van strategiese belang vir die Suid-Afrikaanse regering gemaak aangesien dit hulle sou help om SWAPO daarvan te weerhou om Namibië aan te val (bl. 129).

Deur die SAW se motiewe voorop te stel, word die rol van Suid-Afrika sterk beklemtoon. Hierdie beklemtoning word verder voortgesit deur die “klein, maar strategiese dorp, Cuito Cuanavale” te verbind tot die anti-apartheidstryd in Suid-Afrika. Die Wit Boek verduidelik dat Cuito Cuanavale “’n kritieke rol in die toekoms van Suider-Afrika speel en, soos Nelson Mandela dit gestel het, het dit geblyk ‘’n keerpunt vir die bevryding van ons vasteland en my mense te wees’” (bl. 130). Hierdie narratief skep ’n perspektief waar die Slag van Cuito Cuanavale nie ’n oorwinning vir Sowjet-invloed was nie, maar



© University of Pretoria

eerder dat dit ’n oorwinning vir die ANC en die anti-apartheidsbeweging in Suid-Afrika was. Dit word verder versterk deur te meld dat “indien die SAW in staat sou gewees het om verby Cuito Cuanavale te beweeg, sou hulle ’n noemenswaardige voordeel in Angola verkry het”. Hierdie vorm dan deel van die perspektief wat aandui dat dit die SAW se strategiese doelwit was om Cuito Cuanavale oor te neem. Dus word daar aangevoer dat daar ’n totale oorwinning in Angola was vir die pro-Kommunistiese magte. Hierdie perspektief word verder gestaaf deur melding te maak oor die Slag van Cuito Cuanavale, waar dit baie duidelik voorkom asof die veldslag slegs tussen Kuba, FAPLA en Suid-Afrika plaasgevind het:

> Na ’n tien maande-lange beleg het die SAW op 23 Maart 1988 sy laaste groot aanval geloods. Die Angolese leër (FAPLA) was, met behulp van ’n groot Kubaanse mag, daartoe in staat om die aanval “tot ’n stadige, maar besliste stilstand” te bring. (bl.130)

Die SAW en UNITA se offensief teen die MPLA-regering in Angola word verder gereduseer tot die impak wat dit op die streek gehad het. Die Wit Boek sluit sy eie narratief af deur die Slag van Cuito Cuanavale te verklaar as ’n gebeurtenis wat “tot noemenswaardige veranderinge in Suider-Afrika gelei” het (bl. 130).

Die Wit Boek kies dan om die noemenswaardige veranderinge in die streek nie te verduidelik nie, maar eerder te noem dat twee eksterne bronne die veranderinge kan verklaar. Die eerste bron om die narratief te verduidelik, is van die Suid-Afrikaanse parlement se tydskrif wat in 2008 die twintigste herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale gevier het, naamlik *Commemorating the 20th anniversary of the Battle of Cuito Cuanavale* (Bron D)*.* Die tweede bron wat ingesluit word, is ’n *Mail and Guardian*-artikel wat in 2007 verskyn het (Bron E) en wat deur Piero Gleijeses geskryf is, “Cuito Cuanavale revisited” (bl. 130). Hierdie bronne is beide voorbeelde van die hoofstroomnarratief wat in Hoofstuk 2 verklaar en uiteengesit is. Dit dui ook daarop dat die samestellers van die Wit Boek nie multiperspektiwiteit in gedagte gehou het nie, en laat die leerder, die bedoelde gebruiker van die teks, nie toe om hul eie historiese denke rondom die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale te ontwikkel nie. Die



© University of Pretoria

perspektiewe wat dan gevoer word, kan dus beskou word as amptelik en onuitdaagbaar.

**4.2.1.5 Samevatting van historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond**

Die Wit Boek plaas doelbewus inhoud op die voorgrond wat beskou word as belangrik vir die leerder om te bestudeer aan die hand van die riglyne wat deur die KABV vir Geskiedenis voorgeskryf word. Die inhoud wat op die voorgrond geplaas word, stel ook duidelike perspektiewe oor die Angolese Burgeroorlog op die voorgrond, naamlik bevrydingsbewegings, die invloed en rol van buitelandse moondhede en ’n breër Koue Oorlog-perspektief.

Aspekte van die bevrydingsbewegings wat op die voorgrond geplaas word en waaroor ’n perspektief gevorm word, hou verband met die rol van die twee prominente figure van die bevrydingsbeweging. Agostinho Neto en Jonas Savimbi word as kontrasterende figure voorgehou en ’n perspektief word geskep waar Neto se beweging, die MPLA, beskou moet word as die belangrikste van die twee. Savimbi word op sy beurt uitgebeeld as ’n figuur wat nie vertrou moet word nie, weens sy bereidwilligheid om saam met die apartheidsregering te werk vir beheer oor Angola.

Die rol en invloed van die buitelandse moondhede beklee ’n meer prominente plek op die voorgrond in die Wit Boek se narratief as die bevrydingsbewegings in Angola se Burgeroorlog. Die perspektiewe wat gevorm word, is teenstellend waar die motiewe van die pro-Westerse moondhede teenoor die motiewe van die pro-Kommunistiese moondhede op die voorgrond geplaas word. Die VSA en Suid-Afrika se rol word verduidelik as dat dit vir hul eie voordeel is, terwyl die USSR en Kuba se rol meer positief ten gunste van Angolese onafhanklikheid beskryf word. Die rol van buitelandse moondhede in die Angolese Burgeroorlog word sterk beklemtoon en vorm deel van die breër perspektiewe wat op die voorgrond geplaas word.

Buiten vir Jonas Savimbi, Agostinho Neto en die rol wat die buitelandse moondhede in die Angolese Burgeroorlog vervul het, word ’n perspektief deurgaans op die voorgrond geplaas rakende die Koue Oorlog. Deur die Wit Boek te analiseer, het dit duidelik geword dat die Wit Boek herhaaldelik verwysings na Koue Oorlog-verwante begrippe en gevolge gedurende die Angolese Burgeroorlog gemaak het. Daarom is dit duidelik dat



© University of Pretoria

die samestellers meer klem geplaas het op die Angolese Burgeroorlog as ’n uitbreiding van die Koue Oorlog, en daardeur is ’n perspektief gevorm waar die onafhanklikheid van Angola minder belangrik was as die uitwerking wat die Koue Oorlog op die streek gehad het.

Die Slag van Cuito Cuanavale as ’n klimatiese veldslag gedurende die Angolese Burgeroorlog en die Suid-Afrikaanse Grensoorlog, vorm nie die hoof fokus van die Wit Boek se narratief nie. Dié handboek kies om fokus te plaas op ’n verduideliking van die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale in terme van die gevolge daarvan en verklaar dan wat die effek daarvan op die Suider-Afrikaanse streek was. Die hoofstroomnarratief word aangevoer om ’n perspektief te vorm wat daarop dui dat die SAW en apartheid Suid-Afrika se oorlog en intensies in Angola ’n volslae mislukking was. Deur die perspektief op die voorgrond te plaas, word dit duidelik dat die Slag van Cuito Cuanavale niks meer as ’n gebeurtenis was wat gelei het tot die begin van die einde van apartheid nie. Die Wit Boek laat ook nie toe dat die leerders hul eie denke oor die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale ontwikkel nie, en steun hul perspektief deur twee eksterne bronne in te sluit, waarvan een van hulle, Bron D, direk vanuit die parlementêre tydskrif geneem is.

Die perspektiewe wat deur die inhoud van die Wit Boek op die voorgrond gevorm word, is aanduidend van ’n handboek wat gekies het om die fokus te verskuif van die proses van Angolese onafhanklikheid na ’n internasionale perspektief waar die Koue Oorlog op die voorgrond geplaas word. Die volgende afdeling bespreek die inhoud wat die Wit Boek op die agtergrond plaas.

### 4.2.2 Die agtergrond in die Wit Boek-narratief

Soos wat perspektiewe geskep word oor die Angolese Burgeroorlog en wat lei tot die klimaks van die Angolese Burgeroorlog, die Slag van Cuito Cuanavale, het die Wit Boek keuses gemaak oor die spesifieke inhoud wat uitgesluit moet word. In daardie proses van herkontekstualisering word inhoud op een van twee plekke geplaas in die handboekgenre, naamlik die voorgrond en die agtergrond. Die agtergrond, wat die fokus is van hierdie afdeling, kan verklaar word as inhoud wat in ’n mindere of versteekte posisie in die handboek voorkom, of stiltes is, met ander woorde inhoud wat



© University of Pretoria

eenvoudig net uitgelaat is. Wanneer ’n algehele beeld nie getekstualiseer word nie, lei dit daartoe dat minder perspektiewe in die teks teenwoordig is en lei dan uiteindelik tot kontroversie.

#### 4.2.2.1 Die einde van kolonialisme in Angola

Die Wit Boek plaas sekere aspekte oor die geskiedenis van die Angolese Burgeroorlog op die voorgrond, soos hierbo uiteengesit. Net so moes die handboeksamestellers besluite neem oor die inhoud wat op die agtergrond geplaas word deur beperkte inhoud oor ’n sekere onderwerp in te sluit. Die einde van kolonialisme in Angola is ’n onderwerp wat die samestellers nie in totaliteit uitgelaat het nie, maar eerder waaroor daar beperkte inhoud ingesluit is.

In die Wit Boek se narratief wat oor Angola se onafhanklikheid geskep is, , word daar slegs nege keer na Portugal as die koloniale moondheid verwys. Die rol van die nasionalistiese bewegings in Angola word ook daardeur gereduseer om plek te maak vir die Koue Oorlog-perspektief wat oorweldig heers in dié handboek. Deur nie uit te brei oor die invloed en belangrikheid van die Portugese koloniale moondheid nie, word probleme geskep in die algehele verstaan oor die konflikte wat in Angola plaasgevind het. Onder die opskrif “Angola: Kolonialisme en onafhanklikheid” (bl. 123) word die volgende gemeld:

> Angola was ’n Portugese kolonie, geleë in ’n strategiese gebied van Afrika wat uitkyk oor die Suid-Atlantiese Oseaan. Dit het aan Zaïre (vandag die Demokratiese Republiek van die Kongo) en Suidwes-Afrika (vandag Namibië) gegrens, wat albei waardevolle minerale gehad het. Gedurende die laat 1950’s het weerstand teen die Portugese beheer begin met die ontstaan van drie bewegings. (bl. 123)

en

> Teen die middel van die 1970’s het Portugal uiteindelik onafhanklikheid aan Angola verleen. (bl. 123)

Daar word verder in die Wit Boek geen melding van die Portugese as koloniale moondheid gemaak nie en die invloed van die Portugese op die Angolese Burgeroorlog word ook nie bespreek nie. Die keuse wat hier gemaak word, is om die posisie van Angola te beskryf en wat Angola aan die buitelandse moondhede kon bied, eerder as



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om agtergrond te skets oor die ontstaan van die burgeroorlog in Angola wat byna dertig jaar geduur het. Wanneer die dominante perspektief op die voorgrond in ag geneem word (die Koue Oorlog soos hierbo bespreek), is dit moontlik dat daardie perspektief net meer belangrik geag word as kolonialisme. Wat hierdie handboek effektief kommunikeer, is ’n geskiedenis waar die invloed van die supermoondhede en die skep van invloedsfere ’n belangriker aspek is in die verstaan van Angolese onafhanklikheid as ’n antikoloniale perspektief.

#### 4.2.2.2 Nasionalistiese bewegings binne Angola

Alhoewel sleutelrolspelers soos Jonas Savimbi en Agostinho Neto ’n tuiste op die voorgrond van die Wit Boek geniet, word die aspekte rondom die bevrydingsbewegings wat hulle verteenwoordig, sowel as die FNLA, op die agtergrond geplaas. Daar word eerder klem gelê op die invloed van buitelandse moondhede wat betrokke geraak het by die Angolese Burgeroorlog, as wat daar klem geplaas word op die rol en ontstaan van die drie nasionalistiese bewegings in Angola. Die Wit Boek stel die leerder aanvanklik voor aan die drie bewegings, soos in Tabel 4.1 hieronder (bl. 124):

*Tabel 4.1 Uiteensetting van bevrydingsbewegings in Angola*

| Weerstandsbeweging | Leier | Lande wat die beweging steun om onafhanklikheid te verkry | Lande wat die beweging steun na onafhanklikheid |
|---|---|---|---|
| MPLA: Algemene Beweging vir die Bevryding van Angola, in 1956 gestig | Agostinho Neto; na 1979, Jose Eduardo dos Santos | Sowjetunie | Sowjetunie en Kuba |
| FNLA: Nasionale Front vir die Bevryding van Angola, in 1962 gestig | Holden Roberto | China | VSA en die Kongo |
| UNITA: Nasionale Unie vir die Algehele Bevryding van Angola, in 1966 gestig | Jonas Savimbi | China | VSA en Suid-Afrika |

Tabel 4.1 verskaf slegs basiese inligting oor die nasionalistiese bewegings in Angola en verskaf geen inligting oor die ontstaan van die bewegings nie, en verklaar ook nie die bewegings se ondersteunersbasis nie. In ’n gesprek oor konflik en beheer oor sleutelstreke binne Angola sou dit sin maak om te meld waar elke groep hulself



© University of Pretoria

gevestig het en waar hulle binnelandse ondersteuning vandaan gekom het. Daar word slegs gemeld dat “die MPLA die mag oorgeneem [het] en omdat hulle die setels van die regering en die hoofbron van inkomste beheer het, is hulle as die wettige regering van Angola erken” (bl. 124). Die fyner besonderhede oor waar die “setels” geleë is of wat dit spesifiek is, word nie genoem nie. Hierdie dui daarop dat nie net die verduideliking van die nasionalistiese bewegings ontbreek nie, maar dat die magstryd na onafhanklikheid nie as baie belangrik geag word nie. Dus word ’n perspektief gevoer waar die rol en motiewe van die buitelandse moondhede belangriker is as die redes vir en proses rondom Angolese onafhanklikheid.

Verder word daar nie eksplisiet gemeld watter ideologie die groepe volg nie, en word daar slegs verwys na “lande wat die beweging steun om onafhanklikheid te verkry” en “lande wat die beweging steun na onafhanklikheid” (bl. 124). Hier word dan op die leerder se voorkennis gesteun om die afleidings te maak oor of ’n beweging ’n kapitalistiese of kommunistiese beweging is. Daar is ook teenstrydighede waar die inligting in die tabel nie ooreenstem met die historiese inhoud van die Wit Boek nie. Daar word verwys na China as ’n ondersteuner van beide die FNLA en UNITA, maar daar word nie melding daarvan in die bespreking gemaak nie. Wat wel genoem word, is die rol wat die VSA gespeel het in die befondsing van UNITA en die FNLA gedurende die burgeroorlog.

Die interne struwelinge na mag en die stryd om oorlewing van die nasionalistiese bewegings in Angola word nie deeglik behandel nie. Hierdie lei daartoe dat die klem weereens geplaas word op die rol en impak van buitelandse magte op die Afrika-kontinent en ontneem Afrikane se rol in hul eie onafhanklikheidstryd. Deur die ontstaan, impak en rol van die nasionalistiese bewegings op die agtergrond te plaas, word ’n perspektief geskep dat die Koue Oorlog-spanning en invloed van die supermoondhede belangriker geag moet word.

#### 4.2.2.3 Samevatting van die agtergrond in die Wit Boek-narratief

Deur die uitlating of selfs vermindering in prominensie van inhoud rakende die kolonialisme en die bevrydingsbewegings plaas die Wit Boek aspekte rondom die Angolese Burgeroorlog op die agtergrond van die narratief. Die beknopte afdeling wat



© University of Pretoria

handel oor die gevallestudie oor Angolese onafhanklikheid het oorweldig klem geplaas op die rol en die motiewe van die buitelandse moondhede en die persoonlikhede van Jonas Savimbi en Agostinho Neto, asook 'n algehele perspektief gevorm wat sentreer rondom die Koue Oorlog en die impak daarvan op die streek. Hierdie aspekte wat reeds bespreek is as voorgrondinhoud, het grootliks die ruimte in die Wit Boek gevul. In hierdie afdeling is uitgewys watter aspekte van die inhoud duidelik 'n agtergrondposisie beklee, en vervolgens is perspektiewe gevorm deur daardie inhoud op die agtergrond te plaas.

Kolonialisme, die effek daarvan en die rol van die koloniale moondheid Portugal, word duidelik deur die Wit Boek op die agtergrond geplaas. Die narratief is saamgestel om 'n perspektief voor te hou waarin gefokus word op die effek van die Koue Oorlog en die rol en impak van buitelandse moondhede wat die Angolese Burgeroorlog deel gemaak het van die uitbreiding van die Koue Oorlog. Daarom kon gesien word dat die impak en die rol van die Portugese koloniale owerheid op die agtergrond geplaas word. Kolonialisme en die einde daarvan in Angola, het gelei tot die ontstaan van die Angolese Burgeroorlog, maar die Wit Boek se narratief fokus eerder op die aspekte wat Angola 'n aantreklike neo-koloniale kolonie gemaak het en waardeur daar verduidelik word hoekom die supermoondhede betrokke wou raak in die Burgeroorlog. Die perspektief wat voorgehou word, is dat die gebeure wat gelei het tot die ontstaan van die Burgeroorlog nie belangrik is nie.

Verder is dit duidelik dat nie net die rol van kolonialisme en die einde daarvan nie breedvoerig bespreek word nie, maar ook dat die ontstaan en die rol van die bevrydingsbewegings, waaroor die hoofstuk behoort te handel, nie breedvoerig vir die leerders uiteengesit is nie. Die Wit Boek se keuse om sterk te fokus op die Koue Oorlog en die rol van die buitelandse moondhede, het daartoe gelei dat die bevrydingsbewegings van Angola oppervlakkig deur middel van 'n tabel aangebied word. Deur daardie keuse te maak, word 'n perspektief voorgehou van die rol van die Koue Oorlog en die rol van die buitelandse moondhede ten koste van Angolese onafhanklikheid en bevryding. Dus word die eersgenoemde gesien as belangriker as die Angolese burgers se eie stryd.



© University of Pretoria

Die agtergrond wat in die Wit Boek-narratief vervat word, wys daarop dat die internasionale perspektief groter belangrikheid verdien as die geskiedenis van die Angolese Burgeroorlog as ’n interne en antikoloniale stryd. Die agtergrond- en die voorgrondinhoud gee dan aanleiding tot die uiteensetting van die stiltes wat in dié handboek se narratief heers, en word in die volgende afdeling bespreek.

### 4.2.3 Stiltes in die Wit Boek

Die derde aspek van die Wit Boek wat ook gemeld moet word, is dit wat glad nie genoem word nie, naamlik die stiltes. In die bespreking wat gaan volg oor die stiltes in hierdie is dit belangrik om te meld dat alhoewel daar ’n breë kennisraamwerk is oor die inhoud wat hier ter sprake is, kan nie al die inhoud in die handboek ingesluit word nie.

Volgens Velthuizen (2009), is daar drie fases waarin die Slag van Cuito Cuanavale verdeel kan word, naamlik (1) die Angolese/FAPLA-offensief en die Suid-Afrikaanse intervensie as gevolg daarvan; (2) die eskalering van die konflik by Cuito Cuanavale deur die SAW en die daaropvolgende eskalering van Kuba; en laastens (3), die strategiese dooiepunt wat die weg gebaan het vir vrede in die Suider-Afrika-streek. Wanneer die Slag van Cuito Cuanavale in die Wit geskiedenishandboek bespreek word, word klem geplaas op die “belangrikheid” van die Slag van Cuito Cuanavale. In die bespreking poog die boek om te verklaar wat die Slag van Cuito Cuanavale belangrik maak om te bestudeer. Die handboek maak dan ’n keuse ten opsigte van die fokus met betrekking tot aspekte van die Slag van Cuito Cuanavale om sodoende die doel wat in die KABV-Geskiedenis uiteengesit is, te bereik, naamlik die “belangrikheid van die slag van Cuito Cuanavale.” Dit is hier waar die oorheersende stiltes voorkom en die fokus van hierdie afdeling geleë is.

In die bespreking oor aspekte van die Slag van Cuito Cuanavale wat op die voorgrond geplaas word in die Wit Boek, word beperkte historiese inhoud aan die leerder gebied oor die uiteindelik Slag van Cuito Cuanavale. Gevolglik lei dit daartoe dat ’n kritiese belangrike konteks ontbreek wat die uiteindelike gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale moontlik onduidelik maak en wanpersepsies kan veroorsaak. Dit is weens die ontbrekende konteks wat tot stiltes in die Wit Boek lei.



© University of Pretoria

Om die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale te begryp, is dit nodig dat die leerder blootgestel word aan die drie fases van die Slag van Cuito Cuanavale, naamlik die FAPLA-offensief teen UNITA se basis in Jamba wat in die suide van Angola geleë was, die gesamentlike UNITA en SAW-teenoffensief (Operasie Modulêr) met die doel om FAPLA-brigades te verhoed om weer 'n offensief te loods en die uiteindelike Slag van Cuito Cuanavale (Operasies Hooper en Packer). Die Wit Boek kies egter om nie op een van daardie drie fases te fokus nie, en plaas eerder fokus op die uitkoms van die veldslag as 'n politieke oorwinning vir die bevrydingsmagte van Suider-Afrika:

> Die SAW, gehelp deur UNITA- en FNLA-magte, wou beheer oor die sleutelgebiede in Angola en in besonder, die hoofstad Luanda, oorneem. 'n Klein, maar strategiese dorp, Cuito Cuanavale, sou 'n kritieke rol in die toekoms van Suider-Afrika speel, en soos Nelson Mandela dit gestel het, het dit geblyk ''n keerpunt vir die bevryding van ons vasteland en my mense te wees.' Indien die SAW in staat sou gewees het om verby Cuito Cuanavale te beweeg, sou hulle 'n noemenswaardige voordeel in Angola verkry het en sou dit in effek die land in twee verdeel het. Na 'n tien maande-lange beleg het die SAW op 23 Maart 1988 sy laaste groot aanval geloods. Die Angolese leër (FAPLA) was, met behulp van 'n groot Kubaanse mag, daartoe in staat om die aanval 'tot 'n stadige, maar besliste stilstand' te bring.
>
> Hierdie slag het tot noemenswaardige veranderinge in Suider-Afrika gelei. (bl. 130)

Die Slag van Cuito Cuanavale lei tot uiteenlopende perspektiewe oor die uiteindelike uitkoms van die internasionale betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog. Hierdie perspektiewe word gegrond op 'n reeks gebeure gedurende die jare 1987 tot 1989. In die konteks van hierdie verhandeling moet daar terugverwys word na die konteks wat reeds in die vorige hoofstukke (Hoofstuk 1 en 2) behandel is. Ek beskou hierdie gebeure as die kritiese konteks om oordeel te vorm wat ook aanleiding gee tot die verkose perspektief van die persoon wat die gebeurtenis navors. Kortweg herinner ek die leser aan die volgende gebeure wat ek beskou as kritiese agtergrond en wat deel vorm van die drie fases van die Slag van Cuito Cuanavale, soos uiteengesit in Velthuizen (2009):

1. Die FAPLA-offensief, Operação Saludando Octubre, wat in Augustus 1987 begin het. Dit is belangrik om die rol van die USSR hier te noem, naamlik dat die USSR verantwoordelik was vir die beplanning van hierdie offensief. Die



© University of Pretoria

offensief word dan deur die Angolese leër uitgevoer (FAPLA 59 en 47 Brigades). Hierdie offensief het UNITA genoodsaak om bystand aan te vra vanaf die SAW wat Operasie Modulêr van stapel gestuur het om UNITA by te staan.

2. Die reaksie van die SAW het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse president, P.W. Botha, die opdrag gegee het dat die SAW FAPLA moet verhoed om ’n nuwe offensief te loods in die volgende jaar (1988) wat gelei het tot die vernietiging van FAPLA se 47 Brigade.
3. FAPLA se onvermoë om die SAW teen te staan vanaf hulle nuwe posisie in die dorp van Cuito Cuanavale. Dit het gelei tot ’n uitgebreide deelname van Kubaanse magte om die posisie te verdedig.
4. Die SAW se opvolgende operasies om die Angolese weermag oor die brug na die dorp Cuito Cuanavale te dryf en ’n daaropvolgende offensief te verhoed.
5. Die vredesonderhandeling wat plaasgevind het gedurende die gevegte net buite Cuito Cuanavale en die impak wat dit op die streek gehad het. Hierdie onderhandelinge het gelei tot die ondertekening van die vredesoorkoms in New York in 1989 en die kondisies rondom die vredesooreenkoms wat bereik moes word, soos die oorhandiging van SWA aan die mense van Namibië en die onttrekking van Kubaanse soldate uit Angola.

Hierdie bogenoemde vyf aspekte oor die Slag van Cuito Cuanavale, stel ek voor as kritiese agtergrondkennis vir enige persoon wat hierdie historiese gebeurtenis bestudeer, hetsy in die akademie of in die klaskamer. Deur hierdie aspekte te beskou, behoort dit duidelik te word dat dit jou perspektief gaan beïnvloed oor hoe jy na die uitkoms(te) van die veldslag kyk.

Binne die konteks van die Wit Boek en dit wat die samestellers van die Wit Boek besluit het nodig is vir die leerder om te leer, kan gesien word dat daar duidelike stiltes is en dat die vyf aspekte soos hierbo gelys, nie genoem word nie óf slegs aangeraak word. Deur net te fokus op die laaste poging van die SAW en dit voor te stel as die algehele



© University of Pretoria

veldslag by Cuito Cuanavale, is dit duidelik dat hier ’n voorbeeld van manipulerende stiltes na vore kom.

Soos in die bespreking oor die historiese kennis rondom die Slag van Cuito Cuanavale wat op die voorgrond geplaas word, is dit duidelik dat die Wit Boek ’n narratief skep waar die Slag van Cuito Cuanavale nie as ’n Angolese oorwinning of gebeurtenis wat Angola as ’n staat gevorm het onthou moet word nie, maar eerder as ’n gebeurtenis wat die doel het om by te dra tot die einde van apartheid en die oorgang na demokrasie. Hierdie narratief word geskep deur die fokus te plaas op die voorgestelde doelwitte van die SAW, naamlik dat die SAW “sleutelgebiede” in Angola wou bekom, soos die hoofstad Luanda (bl. 129). Hierdie narratief word verder gevoer deur slegs twee bronne te gebruik om die bespreking oor die belangrikheid van Cuito Cuanavale af te sluit. Hierdie twee bronne, Bron E en D (bl. 130), word geklassifiseer as perspektiewe van dieselfde kamp soos in Hoofstuk 2 uiteengelê is, naamlik die hoofstroomperspektief (wat voorstel dat die NP-regering se oorlog en ambisies in Angola ’n totale mislukking was). Deur Bron D en Bron E (bl. 130) te beskou, kan gesien word dat slegs gefokus word op die hoofstroomperspektief. Hierdie bronne word aangehaal vanuit die Parlementêre tydskrif *In Session* se uitgawe van 2008 waarin die Slag van Cuito Cuanavale deur die Parlement herdenk is en die tweede bron deur Piero Gleijeses wat geskryf is in 2007 vir die *Mail and Guardian.* Die gevolg is stiltes in terme van verskillende perspektiewe wat bestaan.

Buiten die stiltes wat geskep word rakende die Slag van Cuito Cuanavale, word die Angolese Burgeroorlog vanaf die Suid-Afrikaanse perspektief nie genoem nie, en dus word ’n stilte gevorm oor die Grensoorlog. Grensoorlog-verwante stiltes sluit in geen melding van aspekte rondom leiersfigure van die Suid-Afrikaanse regering, soos P.W. Botha, sowel as geen melding van SAW-offisiere nie. Die Wit Boek skep ook stiltes rakende die impak wat die Grensoorlog op die bevolkings van Suid-Afrika en SWA gehad het rakende die implementering van diensplig en daardie mense, hetsy van wit Suid-Afrika of die bevrydingstryd, wat hul lewens verloor het in die Angolese Burgeroorlog. Om plek te maak vir die Koue Oorlog-diskoers, word kontekstuele



© University of Pretoria

gegewens van die Suid-Afrikaanse perspektief totaal uitgelaat, wat bydra tot die hoofstroomperspektief deur middel van die stiltes wat geskep word.

Die Wit Boek skep gevolglik ’n perspektief wat in lyn is met die hoofstroomperspektief, waar algemeen aanvaar word dat die SAW-operasie tussen 1987 en 1988 ’n totale mislukking was, deur die leerder nie ’n geleentheid te gun om self oordeel te vorm oor die uitkomste van die Slag van Cuito Cuanavale aan die hande van uiteenlopende bewysstukke nie. Die boek noem slegs een van die aspekte soos hierbo gelys en fokus op wat die Slag van Cuito Cuanavale vir Suid-Afrika ingehou het, eerder as om te fokus op die effek wat dit op die streek gehad het. Die handboek slaag dus nie daarin om aan die doelwit van multiperspektiwiteit te voldoen soos in die KABV-Geskiedenis vervat nie. Deur hierdie aspek nie te behandel nie, word dan ook ’n perspektief geskep waar dit voorkom of daar ’n algehele oorwinning van Angolese magte was, en ’n behoorlike verstaan oor die uitwerking van die Angolese Burgeroorlog op die streek word uitgelaat. Konteks wat op die agtergrond geplaas word deur middel van uitlating voldoen aan die verstaan van manipulerende stiltes, en voldoen ook nie aan die vereistes van die KABV om ’n ruimte te skep vir multiperspektiwiteit nie.

#### 4.2.3.1 Samevatting van die stiltes in die Wit Boek-narratief

Stiltes, soos in die vorige afdeling uiteengesit, in die Wit Boek sentreer rondom die uitlating van historiese kernagtergrond en konteks wat nodig is vir ’n deeglike en holistiese verstaan oor nie net die Slag van Cuito Cuanavale nie, maar ook oor die Angolese Burgeroorlog en die Grensoorlog (vanuit ’n Suid-Afrikaanse perspektief).

Die stiltes wat in die Wit Boek gevorm word deur die uitlating van die inhoud soos hierbo bespreek, dra by tot ’n perspektief oor die Angolese Burgeroorlog en die Slag van Cuito Cuanavale wat bydra tot die dominante hoofstroomperspektief. Die hoofstroomperspektief word gebruik om ’n diskoers te skep oor die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale wat verder lei tot ’n perspektief wat bepaal dat die Slag van Cuito Cuanavale gesien moet word as ’n gebeurtenis wat daartoe gelei het dat die apartheidsregering se konflik in Angola misluk het, en as gevolg daarvan, geforseer was om die onderhandelingsproses in Suid-Afrika te begin.



© University of Pretoria

Ander aspekte rondom die Suid-Afrikaanse perspektief word ook uitgesluit, soos die impak wat die Grensoorlog op dienspligtiges gehad het en die Wit Boek vermy totaal en al die debat rondom die nalatenskap van die Slag van Cuito Cuanavale in die kontemporêre konteks. Die narratief is dus selektief en skep perspektiewe rondom die Slag van Cuito Cuanavale deur die uitlating van kritieke inhoud.

### 4.2.4 Samevattende slot oor die Wit Boek

Deur 'n deeglike bespreking van die inhoud wat op beide die voorgrond en agtergrond geplaas word in die Wit Boek se narratief, kon vasgestel word watter aspekte van die inhoud uitgelaat is en wat as stiltes geklassifiseer kan word.

Op die voorgrond van die Wit Boek-narratief is die fokus geplaas op 'n internasionale perspektief eerder as op 'n Angolese of Suid-Afrikaanse perspektief. Baie ruimte word afgestaan aan die rol en invloed van buitelandse moondhede en die breër Koue Oorlog-perspektief, as aan die Angolese bevrydingsbewegings.

Inhoud wat op die agtergrond geplaas word, soos die verduideliking van kolonialisme en die bevrydingsbewegings, versterk die argument rondom die besluit om fokus op die buitelandse moondhede en die Koue Oorlog te plaas. In die bespreking hiervan is opgelet dat 'n perspektief gevorm word waar die verhaal van Angolese onafhanklikheid geag word as minder belangrik en op die agtergrond geplaas word ten koste van die eersgenoemde.

Die Wit Boek se bespreking oor die Slag van Cuito Cuanavale, die Grensoorlog en die uitwerking daarvan op die streek, word slegs binne nege bladsye bespreek en fokus op die gebeurtenis as 'n Koue Oorlog-gebeurtenis, en plaas perspektiewe op die voorgrond wat deel vorm van die hoofstroomdiskoers van algehele en onvoorwaardelike oorwinning van die Angolese magte en hul bondgenote.

Die indruk van die Wit Boek, hoewel dit deur die onderwysdepartement aanvaar is vir gebruik in die klaskamer, is dat die afdeling wat handel oor die onafhanklikheid van Angola onvoldoende en misleidend is. Dié handboek skep nie 'n ruimte om 'n redelike begrip te vorm oor die komplekse gebeure in Angola vanaf onafhanklikheid tot die uiteindelike onttrekking van die SAW en Kubaanse magte nie. Daar word meer klem



© University of Pretoria

geplaas op die invloed van buitelandse magte soos Suid-Afrika, Kuba, die USSR en die VSA, eerder as om te fokus op die rol wat die Angolese gespeel het in die Burgeroorlog. Die komplekse postkoloniale era word oppervlakkig bespreek en die redes vir die ontstaan vir die Angolese Burgeroorlog word glad nie bespreek nie.

### 4.3 Analise van die Grys Boek

’n Handboek is ’n produk wat ’n beperking het op die totale inligting wat dit kan bevat. Dit is ook onredelik om te verwag dat ’n handboek ’n indiepte-bespreking oor alle historiese gebeurtenisse bevat. Dit is egter redelik om van ’n handboek, binne die konteks van KABV-Geskiedenis, te verwag dat daar ’n gebalanseerde historiese weergawe gelewer word en dat dit alle aspekte moet dek wat nodig is vir die leerder om die Angolese Burgeroorlog te verstaan. Deur klem te plaas op hoofstroomperspektiewe, slaag die Grys Boek daarin om ’n eensydige en subjektiewe aanbieding oor die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale aan te bied.

Die Grys Boek se analise is uniek in die sin dat dit die handboek is waarvan ek gebruik gemaak het toe ek in 2014 gematrikuleer het. Dit is ook die handboek wat ek in die Geskiedenisklaskamer gebruik.

#### 4.3.1 Historiese rolspelers en gebeure op die voorgrond

Die Grys Boek maak keuses, net soos enige ander handboek, oor die inhoud wat ingesluit word en die manier waarop dit aangebied word. My eerste indruk oor die boek is om te noem dat dit gemaklik lees en die uitleg daarvan maak logies sin. Met dit in gedagte fokus die afdeling op die inhoud wat op die voorgrond geplaas is. Hierdie handboek begin met ’n duidelike uiteensetting van en hervatting oor die Koue Oorlog wat ’n sentrale tema is in die graad 12-KABV-Geskiedeniskurrikulum. Die Grys Boek gee dan ook ’n uiteensetting van die drie opponerende bevrydingsbewegings in Angola, sowel as ’n uiteensetting oor die doel en aard van buitelandse betrokkenheid in die konflikte wat in Angola plaasgevind het, naamlik die bevrydingstryd, die Angolese Burgeroorlog en die Slag van Cuito Cuanavale.



© University of Pretoria

#### 4.3.1.1 Uitbreiding van die Koue Oorlog

Die Koue Oorlog kom voor as ’n belangrike politieke en ekonomiese konflik wat breedvoerig bespreek word in al drie die handboeke wat in die studie geanaliseer word. Die Grys Boek is geen uitsondering nie en fokus sterk op die uitbreiding van die Koue Oorlog na die Afrika-vasteland.

Die eerste aspek waarop ek wil fokus wat sterk op die voorgrond teenwoordig is in die Grys Boek, is die negatiewe uitwerking wat die Koue Oorlog op Afrika gehad het. Alhoewel daar gefokus word op wat die Koue Oorlog aan Afrika gedoen het, word daar wel genoem dat nie alle Afrika-regerings negatief beïnvloed is deur die Koue Oorlog nie (bl. 104). In dié verband word gemeld dat “nie alle Afrika-regerings strooipoppe van die supermoondhede gedurende die Koue Oorlog [was] nie” (bl. 104). Dit gaan verder om te verduidelik dat sommige Afrika-lande hulp van beide supermoondhede ontvang het sonder om hulself te verbind tot die beleide van die betrokke moondhede. Hierdie is belangrik binne die konteks van die onverbonde beweging wat populêr was onder die sogenaamde Derdewêreldlande. Die handboek maak dit egter duidelik dat daar twee lande in Afrika is wat erg deur die Koue Oorlog beïnvloed is, naamlik Angola en die Kongo.

Wanneer die onderwerp aanvanklik aan die leerder voorgestel word, word dit duidelik gemaak dat die uitbreiding van die Koue Oorlog ’n negatiewe uitwerking op die vasteland gehad het. Daar word op verskeie plekke verduidelik hoe elke land wat betrokke geraak het by die konflik in Angola ’n uitwerking op daardie land gehad het. Daar word egter meer gefokus op die negatiewe uitwerking wat die Weste op Angola gehad het, terwyl die Oosblok as ’n tipe beskermer van die onderdruktes in Afrika, en meer spesifiek Angola, voorgehou word. Daar word ook gefokus op die sekondêre magte wat as gevolmagtigdes van die supermoondhede deelgeneem het. Dit is buiten vir die Kubane wie se betrokkenheid beskryf word as selfgedrewe. Die Weste oftewel die VSA se betrokkenheid word beskryf as “om die burgeroorlog uit te rek” (bl. 109), terwyl die betrokkenheid van die USSR se uitwerking nie eksplisiet genoem word nie. Ook word beskryf dat Suid-Afrika “se betrokkenheid was om die burgeroorlog uit te rek en om op ’n massiewe skaal tot die vernietiging van die Angolese ekonomie en die



© University of Pretoria

lewensverlies van Angolese burgers by te dra" (bl. 110). Daarenteen word die Kubaanse betrokkenheid beskryf as tot die voordeel van Angola soos om die "MPLA-regering te help om aan bewind te bly" en wat "bygedra [het] tot 'n skikking oor Namibië" (bl. 109).

Wat duidelik hier uitstaan, is 'n perspektief waar die Weste beskou word as lande met neokoloniale ambisies en wat Afrika wil uitbuit. Hierdie perspektief word verder versterk wanneer in ag geneem word dat Suid-Afrika op daardie tydstip deel was van die Westerse groepering, en die spesifieke woorde wat gebruik word om na die invloed van Suid-Afrika se betrokkenheid te kyk, is betrokkenheid op 'n "massiewe skaal" asook "vernietiging" (bl. 109). Die sterk emotiewe taalgebruik stel die handboek se beskouing van die Weste, en veral die beskouing van Suid-Afrika, bloot, en maak dit duidelik watter kant van die debat die handboek inneem.

Die Grys Boek stel ook die redes vir buitelandse betrokkenheid op die voorgrond deur te verduidelik dat die betrokkenheid van verskeie lande in Angola te danke is aan "beleidsrigtings van die Koue Oorlog era" (bl. 109). 'n Ander rede wat deur die handboek voorgehou word, is die koloniale aspek van natuurlike hulpbronne waar daar verduidelik word dat "een rede vir die belangstelling van buite was Angola se natuurlike hulpbronne, veral diamante en olie" (bl. 108). Beide hierdie aspekte kan breedvoerig verduidelik hoekom daar soveel belangstelling tydens die era in Angola was. Wat dit doen, is om te verklaar dat die konflik in Angola nie in 'n vakuum plaasgevind het nie, maar eerder dat die gebeure nou verbind behoort te word aan die internasionale politieke klimaat van die tyd, en die manier waarop die supermoondhede te werk gegaan het om gesag en mag oor die wêreld uit te brei.

#### 4.3.1.2 Invloed van buitelandse moondhede

Die rol wat die supermoondhede in Afrika gespeel het, kan nie tot 'n enkele aanhaling of twee gereduseer word nie, en daarby word daar ook bepaalde perspektiewe oor die supermoondhede op die voorgrond geplaas wat nie in die vorige afdeling bespreek is nie. Dus moet daar verstaan word dat alhoewel daar oor die algemeen in die Grys Boek gefokus word op die Koue Oorlog, word daar meer spesifiek aandag gegee aan die redes vir die betrokkenheid van elk van die supermoondhede.



© University of Pretoria

*Die Supermoondhede: Die VSA (bl. 109) en die USSR (bl. 108)*

Die eerste supermoondheid waaraan aandag gegee word, is die USSR. Die Grys Boek plaas die USSR nie net op die voorgrond weens die Koue Oorlog-diskoers wat gevoer word en waaroor daar 'n perspektief gevorm is nie, maar ook deur altesaam 42 keer na die land te verwys. Vanaf die begin, word die USSR meer positief voorgehou as dit vergelyk word met die VSA. Waartoe dit lei, is dat die USSR se betrokkenheid beskou word as nederig met goeie bedoelings: "Die USSR het sy rol in Afrika gesien as een om te help om koloniale regerings omvêr te werp, hulp aan nasionalistiese bevrydingsbewegings te verleen en om anti-Westerse regerings te ondersteun" (bl. 102). Hierdie beskouing van die USSR lei daartoe dat geen ander motiewe voorgehou kan word vir hul betrokkenheid by die Angolese konflikte nie. Verder word daar beklemtoon dat die Sowjet-betrokkenheid in Angola was om Westerse invloed op die vasteland teen te werk, wat deel vorm van die perspektief oor die Angolese konflikte as deel van die breër Koue Oorlog-konflik wat plaasgevind het:

> Die belangrikste redes vir die Sowjet-besluit om groot hoeveelhede wapens en tegniese adviseurs na Angola te stuur, was die Amerikaanse ondersteuning van die ander twee groepe [nl. die FNLA en UNITA] en Suid-Afrika se inval in Angola toe dit gelyk het of die MPLA verslaan sou word." (bl. 108)

Wat hierdie beskrywing van die USSR doen, is om 'n perspektief te vorm waar die USSR se motiewe slegs as edel beskryf kan word. Geen ander motiewe word voorgestel nie en dit kom voor asof die USSR dan nie sal baat uit die betrokkenheid in Angola nie. Hierdie perspektief word versterk wanneer die volgende in ag geneem word: "Nadat hulle aan bewind gekom het, het die MPLA-regering verklaar dat hy 'n Marxistiese-Leninistiese regime is en toenemend op hulp van die Sowjet-blok staatmaak, hoewel sy beleidsrigtings nooit deur die USSR voorgeskryf is nie" (bl. 108).

Buiten die motiewe van die USSR word daar ook klem gelê op die bydra wat die land gemaak het in die Angolese konflikte. Klem word geplaas op die toerusting en die wapens wat die USSR aan die MPLA verskaf het om die aanslag van die ander nasionalistiese bewegings, sowel as Westerse groeperings, teen te staan. Hierdie vorm



© University of Pretoria

van steun was ook nie beperk tot die Angolese nie, maar was deel van die USSR se aanslag om sy invloed oor Afrika te versterk. Die Grys Boek meld die volgende oor die aard van die USSR se ondersteuning aan Angola en ander lande wat ook deur die Weste geteiken was om die VSA se invloed uit te brei:

> Die USSR was ook gemotiveerd deur Koue Oorlog-bekommernisse in hul hulpverlening aan Afrika. Die USSR het byvoorbeeld hulp aan anti-Westerse regerings in Mosambiek en Angola verleen en wapens aan Somalië en Ethiopië verskaf. Hierdie hulp is dikwels vergesel van Kubaanse, eerder as Sowjet-troepe en -tegnici (bl. 103).

Daar word twee keer spesifiek verwys na die aard van die tegnologie wat die USSR aan Afrika, en veral Angola, gegee het ter ondersteuning van die MPLA, naamlik die beroemde Sowjet-era MiG-23-vegvliegtuie (bl. 107; 112). Dit beklemtoon die vertoning van mag en ondersteuning van die USSR aan die MPLA , volgens die perspektief van die Grys Boek, die nederige en edele pogings om Afrika vry te maak van die koloniale juk.

Die ander supermoondheid waaraan die Grys Boek aandag gee, is die VSA. Daar word altesaam 33 keer na die VSA verwys, op ’n direkte wyse of om te verwys na leiers soos Henry Kissinger. Die VSA word uitgebeeld deur perspektiewe wat negatief van aard was. Daar word veral klem gelê op die VSA se rol om die uitbreiding van kommunisme te stuit en die impak wat die VSA gehad het in die konflikte in Angola.

Die Grys Boek neem ’n perspektief in waar die VSA beskryf word as ’n land wat ander motiverings gehad het as die edele en nederige motiverings van die USSR. Daar word voorgestel dat die VSA se betrokkenheid gesentreer het rondom kapitalistiese ambisies om hulpbronne te verkry en die beskerming van koloniale beleggings. Die VSA se motiewe word dus as volg opgesom: “Die VSA en ander Westerse magte het in Afrika betrokke geraak om handelsbande te beskerm en om pro-Westerse regerings te ondersteun, soos Zaïre” (bl. 104). Hierdie perspektief van kapitalistiese uitbreiding en die bevordering van koloniale handelsooreenkomste wat beskerm moet word, word verder soos volg beskryf:

> “Afrika as ’n bron van minerale was ook uiters belangrik vir die VSA, veral vir nywerheidsdiamante, uraan, mangaan, kobalt en chroom. Die kapitalistiese



© University of Pretoria

> myn en handelsmaatskappye wat onder koloniale bewind opgerig is, is bedreig deur die kommunistiese siening van baie bevrydingsgroepe en het na die VSA gekyk om hul belange te beskerm." (bl. 102; 103)

'n Duidelike perspektief kom na vore waar die VSA gesien moet word as 'n land wat nie noodwendig teen die uitbreiding van kommunisme gewerk het nie, maar eerder dat die VSA belanggestel het in die uitbreiding van hul imperiale ryk. Hierdie perspektief oor die VSA wek die indruk dat die USSR glad nie ambisies gehad het om enige voordeel uit hul betrokkenheid in Afrika te kry nie en dat slegs die VSA daarop uit was om hul belange te bevorder.

Die Grys Boek meld dan ook dat die VSA nie slegs gefokus was op die kapitalistiese en imperiale ambisies nie. Daar word dus klem geplaas op die VSA se doel – om die verspreiding van kommunisme te verhoed, wat neerkom op die VSA se buitelandse beleid van inperking. Deur eerste te fokus op die negatiewe aspekte oor die VSA se betrokkenheid, word daar duidelik voorkeur gegee aan daardie perspektief. Hier moet in gedagte gehou word dat die samestellers van die handboek hul eie keuse maak oor hoe die inhoud georganiseer gaan word, en waar plasing van inhoud net so 'n groot rol speel as wat stiltes doen. Nietemin word die VSA se ander motiewe ook genoem: "die hoofdoel van die VSA se buitelandse beleid in Afrika was om Sowjet-invloed teen te werk waar dit te voorskyn gekom het" (bl. 102), insluitende kommunisme in Angola (bl. 109).

Die VSA se betrokkenheid word verder gemeet aan die uitwerking van die mislukte militêre operasie in Viëtnam wat die VSA se beeld in die res van die wêreld geskaad het. Die Grys Boek maak hiervan melding en dit word genoem as die rede waarom daar nie meer steun aan die FNLA en UNITA gegee is nie.

Beide die VSA en die USSR word op die voorgrond geplaas as belangrike rolspelers van die Koue Oorlog-era wat probeer om hul invloed te versterk oor die Afrika-vasteland. Soos hierbo bespreek, kom daar duidelike perspektiewe na vore rakende beide die supermoondhede, onder andere perspektiewe wat handel oor die doel van die supermoondhede se betrokkenheid en die redes vir hul betrokkenheid. Wat na vore kom, is perspektiewe waar die VSA beskou kan word as die teenstanders van 'n vrye Afrika en die USSR beskou kan word as 'n soort redder wat help om teen die



© University of Pretoria

imperialistiese Weste te veg. Buiten die rol en invloed van die supermoondhede, word daar ook aandag gegee aan die rol wat die gevolmagtigdes gespeel het in Angola se burgeroorlog. In die volgende afdeling word veral gekyk na hoe Kuba en die apartheidstaat van Suid-Afrika in die Grys Boek op die voorgrond geplaas word.

*Die gevolmagtigdes: Kuba (bl. 109) en Suid-Afrika (bl. 110)*

Die eenvoudigste manier om die Koue Oorlog te beskou, is om te verstaan dat beide die VSA en die USSR nooit direk teen mekaar geveg het nie, maar eerder gebruik gemaak het van gevolmagtigdes om namens die supermoondhede te veg. Daardeur kan die USSR en die VSA se fondse en toerusting gebruik word om invloed te verkry oor die ander in die Derde Wêreld. Die Angolese Burgeroorlog is volgens die Grys Boek geen uitsondering nie; aan die kant van die VSA, oftewel onder Westerse invloed, neem Suid-Afrika (met hul eie motiewe ook) deel aan die konflik, terwyl die Kubane deelneem aan die kant van die USSR onder die invloed van die Sowjetblok.

In die 12 bladsye in die afdeling van die Grys Boek wat handel oor Angola, word daar 50 keer na Kuba verwys. Hierdie getal verwysings is merkwaardig as daar in ag geneem word dat daar minder na die USSR (42 verwysings) verwys word. Wat ook merkwaardig is, is dat uit al die groot buitelandse rolspelers slegs na die leiers van Kuba (Fidel Castro) en China (Mao Tse-Toeng) direk verwys word. Dit is duidelik dat daar baie gefokus word op die rol en invloed van die Kubane en dat hulle op die voorgrond geplaas word as ’n belangrike rolspeler in die Angolese Burgeroorlog.

Kuba se rol en invloed in die Angolese Burgeroorlog word nie net deur die aantal verwysings op die voorgrond geplaas nie, maar word ook op ander verskeie maniere. Die Grys Boek maak dit duidelik dat die Kubane en die USSR ’n spesiale vennootskap gehad het wat die omvang van die Sowjet-blok se ondersteuning aan Afrika verklaar het. Terwyl die USSR gefokus was op die uitbreiding van hul invloed oor Afrika-lande deur middel van finansiële steun, word daar gefokus op die direkte militêre steun wat Kuba aan Afrika-lande gebied het. Daar word duidelik genoem wat die aard van Kubaanse militêre steun behels het, naamlik “Sowjet-wapens en Kubaanse troepe” en dat “FAPLA ondersteun [is] deur die weermag van Kuba” (bl. 106). Kuba se posisie



© University of Pretoria

word dan beskryf as een waar fisiese steun gegee is en die USSR se rol ondersteunend was.

Die verhouding tussen Kuba en die USSR word ook verduidelik deur te verklaar dat die ondersteunende posisie van Kuba as deel van die Oosblok, nie noodwendig deur die USSR verwag was nie, maar eerder dat Kuba die inisiatief geneem het om by te dra tot hul eie motiewe vir die betrokkenheid by Afrika se onafhanklikheidstryde. In die verband, gebruik die handboek 'n eksterne bron wat 'n onderhoud is tussen David Deutschmann en Jorge Risquet in *Changing the History of Africa* (1989):

> Deutschmann: Daar word gesê dat die Kubaanse teenwoordigheid in Angola uitbreidingsdoelwitte gehad het en dat Kuba as 'n marionet van die Sowjet Unie opgetree het. Wat is u reaksie hierop?
>
> Risquet: Dit sou nie vir ons, 'n klein landjie, enige sin maak om daaraan te dink om na Angola uit te brei nie. Dit is absurd. Bewys hiervan is dat ons sal onttrek sodra ons teenwoordigheid nie meer nodig is nie. Wat materiële belange betref, die enigste ding wat ons van Angola geneem het, was die oorskot van ons soldate wat daar gesterf het. Ons wil niks van Angola se rykdom hê nie. Daardie rykdom is vir die mense van Angola om vir hulle ontwikkeling te gebruik, om vir daardie heldhaftige mense vir wie ons so lief is 'n aangename lewe te gee, die mense vir wie ons ons bloed vergiet het, en langs wie ons vir soveel jare geveg het.
>
> Die bewering dat ons Angola toe is in opdrag van Moskou is absurd. Dit was 'n onafhanklike besluit wat geneem is in reaksie op 'n versoek van Agostinho Neto vir hulp. Nie net was dit ons besluit nie, ons het nie eens die Sowjet-Unie geraadpleeg nie. Daar was 'n kommunikasie met die Sowjet-Unie nadat ons troepe reeds op pad was. Ons het die Sowjet-Unie vir logistieke hulp vir die troepe gevra. Ons soldate het hulle eie wapens saamgeneem, maar hulle het ammunisie nodig gehad. Hulle het ook meer wapens nodig gekry soos die oorlog uitgebrei het. Ons het uitgebreide samerking [sic] van die Sowjet-Unie versoek en dit gekry. Die USS, soos Kuba, is in solidariteit met Angola. Dit is aan die kant van die mense wat teen rassisme en kolonialisme veg en dit ondersteun die kwessie van hulle onafhanklikheid. (bl. 110).

Hierdie onderhoud beklemtoon die rol wat die Kubane gespeel het in Angola waar Kuba gesien moet word as 'n onafhanklike deelnemer wat nie onder Sowjet-leiding optree nie, maar dat Kuba deur die ondersteuning van die Sowjet-blok optree as die bevryders teen "rassisme en kolonialisme". Wat die insluiting van die bron vermag, is om die leerders te konfronteer met verskillende perspektiewe. Die aanvanklike vraag van die onderhoudvoerder stel die toon van die gesprek waar die Kubane se motiewe



© University of Pretoria

bevraagteken of selfs uitgedaag word, wat daartoe lei dat die leerder self ook hierdie aspekte moontlik kan bevraagteken. Tweedens stel die reaksie van Risquet die motiewe van die Kubane ten toon en beskryf wat Kuba se rede is vir hul betrokkenheid in Afrika. Kuba se motiewe word deur die eksterne bron beskryf as 'n deelname waar Kuba nie noodwendig voordeel daaruit wil verkry nie, maar eerder waar Kuba hulp aan Angola verleen omdat Agostino Neto daarvoor gevra het. Die eksterne bron skep 'n perspektief waar Kuba optree as 'n onafhanklike deelnemer wat slegs gebruik gemaak het van Sowjet- wapens en -ammunisie. Dit word ook duidelik gemaak dat Kuba nie opdrag gegee is vanaf die USSR nie en dat hulle slegs die USSR in kennis gestel het van hul aksies teen die tyd wat Kubaanse soldate op pad was Angola toe. Hierdie aspek is belangrik omdat dit nie noodwendig Kuba van die USSR as 'n rolspeler distansieer nie, maar dit laat Kuba voorkom as 'n mag van sy eie wat nie net as 'n Koue Oorlog-gevolmagtigde optree nie.

Kuba se deelname aan die burgeroorlog word ook op 'n bepaalde wyse deur die Grys Boek beskryf om die impak van Kubaanse betrokkenheid duidelik te maak. Die teks, sowel as die eksterne bronne in die teks, beklemtoon dat Kuba, net soos die USSR, 'n edele en nederige rol gespeel het in die oorlog. Hierdie motiewe wat voorgehou word, het die uitwerking gehad dat Kuba daarin geslaag het om "die MPLA-regering te help om aan bewind te bly." Om hierdie perspektief van Kuba verder te beklemtoon, word daar ook verklaar wat die uitgebreide uitwerking van Kubaanse betrokkenheid was, naamlik dat Kuba "bygedra het tot 'n skikking oor Namibië" wat deur middel van "Kubaanse mag die Suid-Afrikaanse regering gedwing het om sy beleidsrigtings in Suider-Afrika te heroorweeg" (bl. 109). Wat hierdie narratief doen, is om Kuba voor te stel as 'n ondersteuner van Afrika en 'n vyand van kolonialisme. Dit dra by tot die oorweldigende perspektief dat Kuba se betrokkenheid slegs positief was.

Die positiewe aard van Kubaanse betrokkenheid by Angola se burgeroorlog word verder voortgesit deur te fokus op die opofferings wat deur die Kubaanse soldate gemaak is in Suider-Afrika. Hierdie aspek waaraan die Grys Boek raak, vorm ook deel van die kerngesprek wat in die dissertasie gevoer word rakende die nalatenskap van die Slag van Cuito Cuanavale en die Grensoorlog. Anders as enige van die ander



© University of Pretoria

handboeke wat in die studie geanaliseer word, fokus die Grys Boek oorweldigend op die fisiese opofferings van Kuba en laat die narratief toe om die inhoud meer kontekstueel te maak. Die opofferings van Kubaanse soldate word beskryf deur te noem dat “die name van 2070 Kubaanse soldate wat tussen 1975 en 1988 in Angola dood is, op ’n gedenkteken by Vryheidspark buite Pretoria [verskyn], saam met die name van die Suid-Afrikaners wat in die bevrydingstryd dood is” (bl. 109).

Hierdie kontroversiële besluit wat deur die Grys Boek genoem word, word nie juis bespreek nie en die aard van die besluit, sowel as die konteks rondom die besluit om Kubaanse name op die Suid-Afrikaanse gedenkmuur by Vryheidspark te plaas, het in die verlede gelei tot hewige debatte en gesprekke rondom die besluit wat nie deur die handboek gemeld word nie. Dit slaag egter daarin om die Kubane se rol belangrik te maak vir die bevrydings van nie net Namibië nie, maar ook vir die bevrydingstryde in Suid-Afrika. Hierdie aspek beklemtoon ook die opofferings wat die Kubane gemaak het en waarvoor die burgers van Suid-Afrika dankbaar moet wees.

Kuba se rol in die Angolese Burgeroorlog, en die beskrywing daarvan in die teks, bring ’n perspektief na vore waar Kuba beskou moet word as ’n nederige deelnemer, ’n land wat nie enige voordeel vanuit die konflik gekry het nie en wat vir hul opofferinge geëer behoort te word. Die belangrikheid van Kuba word sterk beklemtoon en hierdie belangrikheid word duideliker wanneer daar veral gefokus word op die Slag van Cuito Cuanavale.

Die ander gevolmagtigde waaraan daar aandag gegee word binne die konteks van Angola se burgeroorlog, is die Suid-Afrikaanse apartheidstaat. Dit is weereens belangrik om hier te noem dat die nalatenskap van die NP en apartheid gelei het tot ongelykheid en twis onder die mense van Suid-Afrika. Die NP se beleid kan nooit in ’n positiewe lig gestel word nie, weens die impak wat dit gehad het op die mense wat daardeur geleef het, sowel as op die nuwe Suid-Afrika en die uitdagings waarin ons onsself vandag bevind. Wanneer daar gekyk word na dit wat deur die Grys Boek op die voorgrond geplaas word rakende Suid-Afrika, moet dit binne hierdie bepaalde konteks beskou word.



© University of Pretoria

Net soos wat daar beskryf word wat die doel en impak was vir die deelname van die USSR, VSA en Kuba, word op dieselfde wyse na die doel en impak gekyk wat Suid-Afrika gehad het binne die konteks van die Angolese Burgeroorlog. Daar word 55 keer direk na Suid-Afrika verwys en daarbinne word daar ook verwysings gemaak na die apartheidstaat sowel as die SAW en SAW-leierskap. Die eerste belangrike perspektief wat deur die Grys Boek op die voorgrond geplaas word, is die rol wat Suid-Afrika gespeel het as ’n bondgenoot van die Weste. Hierdie aspek word deur die Grys Boek beskryf as iets wat die doelwitte van Westerse inperking van kommunisme gehinder het, vanweë die interne beleid van apartheid in Suid-Afrika. Die handboek verklaar dit as een van die redes hoekom nuut onafhanklike Afrika-state nie saam met die VSA wou werk of hul aksies in Afrika wou ondersteun nie; “deels [...] omdat hulle met kolonialisme verbind was en ook omdat hulle ekonomiese bande met apartheid Suid-Afrika gehad het” (bl. 102). Hier word daar ’n perspektief gevorm waar Suid-Afrika se betrokkenheid skadelik was vir die pogings van die Weste om meer invloed oor Afrika te kry.

Suid-Afrika se deelname word verder op die voorgrond geplaas as die van ’n problematiese deelnemer in die Angolese Burgeroorlog. Weens interne politieke struwelinge en die doelwitte van die NP-regering om aan bewind te bly in Suid-Afrika, word daar in die Grys Boek beskryf waarom Suid-Afrika uiteindelik betrokke geraak het. Dit word duidelik gemaak dat Suid-Afrika betrokke geraak het as gevolg van moontlike kommunistiese uitbreiding van die MPLA in Angola, wat kon lei tot die ondergang van die NP in Suid-Afrika. Wat wit Suid-Afrika op dié stadium die meeste gevrees het, was ’n kommunistiese teenwoordigheid naby die grense van die Republiek. Indien die MPLA aan bewind sou kom, kon dit daartoe lei dat “’n MPLA-regering ondersteuning en basisse aan die verbanne African National Congress in ballingskap sou gee” en dat dit “SWAPO-guerillas sou toelaat om uit Angola te opereer” (bl.110). Waarin hierdie narratief slaag, is om die gesprek te verskuif van een waar kommunisme gevrees word na een waar die NP-regering daaraan gewerk het om die opposisie buite die land se grense te onderdruk. Verder word gesien dat dit ’n perspektief oor Suid-Afrika vorm, waar hulle enigste rede vir betrokkenheid in Angola verklaar word as ’n manier om mag te toon en om die opposisie teen apartheid uit die weg te ruim. Suid-Afrika se motiewe rakende die deelname aan die burgeroorlog is dan nie slegs om te wys dat hulle ’n



© University of Pretoria

"nuttige anti-kommunistiese bondgenoot in die Koue Oorlog was ..." nie, maar eerder dat hulle motiewe meer strategies was.

Hierdie perspektief word verder geneem wanneer die Grys Boek die impak van Suid-Afrika se betrokkenheid op stabiliteit in die streek bespreek. Hier word daar 'n perspektief geskep waar die interne belange van Suid-Afrika bevorder is deur betrokke te raak in Angola. Vanaf die einde van Portugese bewind kon Suid-Afrika nie meer "op Portugese teenwoordigheid in Angola en Mosambiek staatmaak as 'n buffer tussen hulle en die res van Afrika nie" (bl. 111). Hierdie verwikkeling maak die doelwitte van Suid-Afrika meer strategies as ideologies van aard. Wat die verlies van die buffer ook tot gevolg gehad het, was "dat bevrydingsbewegings soos die ANC basisse nader aan die huis kon vestig ..." (bl. 111). Hierdie stryd om oorlewing aan die kant van die NP en die stryd om bevryding aan die kant van die ANC en ander groepe binne Suid-Afrika, het daartoe gelei dat die Angolese Burgeroorlog moontlik erger was as wat dit kon gewees het. Die handboek verduidelik dat "die toename in die gewapende stryd teen apartheid, sowel as Suid-Afrikaanse aanvalle op ANC-basisse, tot die geweld en onstabiliteit in die streek bygedra [het]" (bl. 111). Dit is egter nie moontlik om die geweld in die streek slegs voor die deur van Suid-Afrika te plaas nie, maar die perspektief wat voorgestel word, maak dit duidelik dat die invloed van Suid-Afrika nie die streek 'n beter plek gemaak het nie.

Kuba en Suid-Afrika as buitelandse deelnemers aan die Angolese Burgeroorlog het beide 'n rol gespeel in die stabiliteit van die streek. Die VSA en die USSR word nie hier uitgesluit nie, omdat hulle op indirekte wyses deelgeneem het aan die Angolese Burgeroorlog. Wat die Grys Boek op die voorgrond plaas, is die perspektief dat beide Suid-Afrika en Kuba "'n destabiliserende uitwerking op die streek gehad het" (bl. 111).

Die onttrekking van Portugal uit Afrika het daartoe gelei dat die Koue Oorlog na Suider-Afrika gebring is. Die deelname van die supermoondhede en die aksies van die gevolmagtigdes het 'n direkte invloed gehad op die streek, ongeag die motiverings en doelwitte van enige van die buitelandse deelnemers. Die Grys Boek plaas verskeie perspektiewe op die voorgrond, maar dit lei almal daartoe dat die verlies aan lewens en die vlugtelinge in die streek bewyse is dat die Koue Oorlog 'n verwoestende effek gehad



© University of Pretoria

het op Suider-Afrika, maar dat die konflik ook uiteindelik daartoe gelei het dat Suider-Afrika sonder die invloed van die Weste en apartheid Suid-Afrika self keuses kon maak oor die toekoms.

#### 4.3.1.3 Nasionalistiese bewegings van Angola

Die nasionalistiese bewegings, naamlik die FNLA, die MPLA en UNITA word deur die Grys Boek op die voorgrond geplaas. Hierdie posisie van die drie nasionalistiese bewegings kan toegeskryf word aan die feit dat hulle deel maak van die hoofrolspelers in die Angolese Burgeroorlog. Daar word altesaam 35 keer direk na die MPLA verwys, 13 keer na die FNLA en 26 keer na UNITA. Dit is egter wat van die drie groepe gesê word wat die perspektiewe van die samestellers blootstel. Tussen die drie nasionalistiese bewegings word daar meer aandag gegee aan die twee suksesvolste nasionalistiese bewegings wat die Angolese Burgeroorlog tot die vroeë 2000's toe laat voortsleep het (MPLA en UNITA). Wat die Grys Boek duidelik maak, is dat daar drie nasionalistiese bewegings was wat aanspraak gemaak het op die beheer van Angola omdat al drie "daarop aanspraak gemaak het dat hulle die Angolese mense verteenwoordig" (bl. 105). Hierdie aanspraak van verteenwoordiging het dit moeilik gemaak vir die drie groepe om ooreen te kom op die toekoms van Angola en het uiteindelik daartoe gelei dat 'n burgeroorlog uitbreek. Die handboek skep afsonderlike perspektiewe oor elke nasionalistiese beweging wat teruggetrek kan word tot die oorhoofse perspektief van die Koue Oorlog-struweling soos in die vorige afdeling uiteengesit is. Vervolgens dui ek aan dat die FNLA wel op die voorgrond verskyn, maar weens die belangrikheid van die beweging wat gekwyn het nadat die MPLA beheer oor Luanda geneem het, word daar nie noemenswaardige besonderhede gegee buiten dit wat reeds genoem is in die vorige handboeke wat geanaliseer was nie.

In die vorige afdeling is daar hewig gefokus op die oorhoofse perspektief.

##### 4.3.1.3.1 Die MPLA (bl. 105) en UNITA (bl. 105)

Die MPLA speel 'n kernrol in Angola se geskiedenis sowel as in die hedendaagse politiek, en as gevolg daarvan, kan gesien word dat meer aandag aan die MPLA en die MPLA se nalatenskap in Angola gegee word. Dit is binne die nalatenskap van die MPLA waar prominente perspektiewe oor die bevrydingsbeweging bestaan.



© University of Pretoria

Twee perspektiewe oor die MPLA word in die Grys Boek voorgestel. Die eerste perspektief handel oor die ondersteuning wat die MPLA vanaf die USSR en Kuba ontvang het, wat bygedra het tot ’n oorwinning vir die MPLA. Waarop ek in die afdeling wil fokus, is die impak wat die MPLA en die burgeroorlog gehad het op die mense van Angola. Wat belangrik is, is dat alhoewel die MPLA se beleide hier te sprake is, wat die algemene Angolese burger negatief beïnvloed het, kan die probleme wat Angola ervaar, volgens die Grys Boek, nie net voor die deur van die MPLA geplaas word nie. Daar moet ewe veel blaam op UNITA en die verskeie buitelandse magte geplaas word.

Die Grys Boek plaas ’n bespreking oor die uitwerking van die Angolese Burgeroorlog aan die einde ,wat dit laat voorkom asof dit nie baie belangrik is nie. Nadat dieper gekyk is na die afdeling, is dit egter duidelik dat die handboek dit nie net oppervlakkig aanbied nie, maar dat ’n eksterne bron, Bron B (bl. 107), gebruik word om hierdie situasie aan die leerder te verduidelik. Dus maak die handboek nie net gebruik van ’n teksnarratief om die uitwerking van die burgeroorlog op die Angolese burger te verduidelik nie, maar ook van ’n eksterne bron wat meer aandag aan die onderwerp skenk en die gesprek meer gesaghebbend maak. Die bron waarna daar verwys word, word soos volg beskryf: “Hierdie uittreksel beskryf die wedywerende magte in die burgeroorlog, die beleidsrigtings wat deur die MPLA-regering uitgevoer is en die uitwerking van die oorlog op die mense” en kom vanuit *Africana: The Encyclopedia of the African and African American Experience:*

> Die Suid-Afrikaanse inval, Kubaanse ingryping, en Sowjet- en Amerikaanse hulp het die Angola-konflik geïnternasionaliseer. Hoewel die FNLA in 1976 opgehou bestaan het, het UNITA – wat voordeel getrek het uit omvattende Suid-Afrikaanse militêre hulp sowel as hulp van die Verenigde State en ’n betalende diamantsmokkelbedryf – ’n gedugte gevegsmag van ongeveer 40 000 soldate opbou. Vir bykans twee dekades het ’n burgeroorlog tussen UNITA-guerrillas en die MPLA-regering gewoed en meer as 1.1 miljoen burgerlikes doodgemaak, meestal in die landelike gebiede waar meer as 80 persent van die bevolking woon.
>
> Die MPLA, ’n Marxistiese-Leninistiese party sedert 1977, het onderwysgeleenthede en die gesondheidsorgstelsel uitgebrei en nywerhede wat deur die Portugese setlaars en buitelandse korporasies agtergelaat is, genasionaliseer. Die staatsbeheerde plase en ondoeltreffende burokrasieë het die lewe op die platteland egter nog moeiliker gemaak, waar paaie



© University of Pretoria

> agteruitgegaan het en kleinboere sonder toegang na markte of landbou-insette gelaat is. President Neto en Jose Eduardo dos Santos; wat Neto in 1979 opgevolg het, het pragmatiese ekonomiese beleidsrigtings gevolg, private eienaarskap toegelaat asook samewerking met Westerse oliemaatskappye om Angola se ryk reserwes langs die kus van Cabinda te plunder. Die enklawe het een van die grootste olieproduserende streke in Afrika geword en Cabinda-separatiste gaan voort om teen die Angolese regering te veg vir hul onafhanklikheid. Baie – indien die alles nie – van die $400 miljoen jaarlikse olie-inkomste is aan die oorlogspoging bestee, met verdediging wat 40 persent van die jaarlikse regeringsbesteding uitgemaak het. (bl. 107)

Wat uitstaan in die bron, is die koste van die oorlog wat betaal is deur die verlies van lewens van Angolese burgers, sowel as die uitwerking van die Marxistiese-Leninistiese beleide van die MPLA. Hierdie aspekte wys daarop dat die regering van Angola nie daarin kon slaag om die uitbuiting van Angolese burgers stop te sit na die val van die Portugese koloniale bewind nie. In plaas daarvan dat die MPLA-regering die "$400 miljoen jaarlikse olie-inkomste" (bl. 107) aan staatsinstellings en infrastruktuur bestee het, het die regering eerder besluit om die geld vir die burgeroorlog aan te wend. Die gevegte teen UNITA en die SAW het hierdie saak verder vererger en daartoe gelei dat "1.1 miljoen burgerlikes doodgemaak" is (bl. 107).

Die perspektief wat hier deur die Grys Boek oor UNITA en die MPLA geskets word, is dat die burgeroorlog wat oor die beheer van Angola gewoed het, daartoe gelei het dat meer geld bestee is op die burgeroorlog in plaas van op die vooruitgang van Angola. Hierdie besteding van geld aan die burgeroorlog het dan nie net 'n uitwerking gehad op die onmiddellike era waarin dit plaasgevind het nie, maar ook op die huidige situasie van Angola, waar die meeste mense steeds nog agtergeblewenes is in landelike gebiede waar daar tydens die oorlog "meer as 80 persent" (bl. 107) van die bevolking gewoon het. Oorlog het altyd 'n negatiewe uitwerkings op die populasies wat deelneem. Tussen lewensverlies en die langtermyn- ekonomiese impak wat dit dien, kan gesien word dat die Angolese Burgeroorlog, wat in die konteks van die Koue Oorlog plaasgevind het, daartoe gelei het dat Angolese die meeste van hul welvaart spandeer het om teen mekaar te veg. Hierdie welvaart is verder verswelg deur die



© University of Pretoria

langtermyneffekte van landmyne wat vandag nog baie skade aanrig onder die landelike bevolking van Angola.

Die Grys Boek plaas UNITA in dieselfde lig as dié van die MPLA, wanneer gekyk word na wie die blaam vir die skade aan Angola verdien. In die literatuur rakende die Slag van Cuito Cuanavale vind baie debatte plaas oor wie die oorlog gewen het by Cuito Cuanavale. Wat egter voorkom in die breër literatuur, is wie die blaam behoort te dra vir die negatiewe uitwerking van die burgeroorlog. Die Grys Boek maak dit duidelik dat blaam nie slegs voor die deur van die MPLA en UNITA geplaas moet word nie, maar dat die mededinging tussen die bevrydingsgroepe meer intens gemaak is deur die toetrede van buitelandse magte (bl. 105).

**4.3.1.4 Die Slag van Cuito Cuanavale op die voorgrond (bl. 112)**

Soos enige van die handboeke wat geanaliseer is, het die Grys Boek ook sy eie metode om na die gebeure by die dorp van Cuito Cuanavale te kyk, en te verklaar hoekom die Slag van Cuito Cuanavale gesien moet word as belangrik binne die konteks van wat uiteengesit is deur die KABV-Geskiedenis. Die afdeling handel oor wat die handboek ag as belangrik om ’n perspektief oor te vorm oor die slag as deel van die Angolese Burgeroorlog.

Binne die raamwerk van die KABV-Geskiedenis, word daar vereis dat in die afdeling wat handel oor die onafhanklikheid van Angola, die “belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale 1987 en 1988” (KABV, 2011:27) bespreek moet word. Hierdie afdeling word geïnterpreteer en die inhoud wat verskyn, verskil van een handboek na die volgende. In die Grys Boek sien ons twee ander historiese aanslae, in vergelyking met die ander twee geanaliseerde handboeke. Die eerste handel oor hoe die afdeling aangebied word, deur ’n teksnarratief wat kortweg die oorlogsveld en die omstandighede beskryf. Hierdie beskrywing is nie volledig nie, en maak ruimte vir stiltes indien dit nie op die tweede manier ook aangebied was nie. Die tweede manier hoe die Grys Boek die afdeling aanbied, is deur gebruik te maak van ’n eksterne bron (Bron I) van die gewilde *South African History Online* webwerf wat “die hoofargumente oor die Slag van Cuito Cuanavale op[som]” (bl. 112). Uit die drie handboeke wat deel vorm van



© University of Pretoria

die steekproef vir die studie, is hierdie die eerste handboek wat daarin poog om deel te neem aan die debat oor wie die Slag van Cuito Cuanavale gewen het.

Die teksnarratief neem ’n konvensionele benadering deur kortliks ’n opsomming te bied oor die gebeure en die uitkomste (sonder om die ‘wenner’ duidelik te verklaar) van die veldslag. Hierdie narratief plaas egter die bydraes van beide die USSR en Kuba op die voorgrond en skryf die MPLA-regering se gewensde uitkoms toe aan die militêre toerusting wat die USSR verskaf het in die vorm van MiG-23-vegvliegtuie en die Kubaanse soldate wat saam met die MPLA se leër geveg het.

Die narratief stel dan die aggressors en verdedigers voor – “Suid-Afrikaanse troepe, ter ondersteuning van UNITA, het die dorp aangeval, wat deur Angolese regeringsmagte verdedig is, ondersteun deur Kubaanse vlieëniers in MiG 23 Sowjet-vliegtuie” (bl. 112). Hierdie beskrywing van die gebeure by Cuito Cuanavale aan die begin van die veldslag plaas die SAW en UNITA op die voorgrond as die aggressors, en wys daarop dat die Angolese weermag steun ontvang het vanaf die Kubane en USSR om aan die dorp vas te hou. Hier word die perspektief, in die stiltes van die teks, geskep dat die SAW daarop uit was om Cuito Cuanavale te verower en verder deur Angola te marsjeer totdat UNITA in beheer was van Luanda. Verder word die SAW se mislukking by Cuito Cuanavale dan ook toegeskryf aan die SAW se onvermoë om oorheersing van die oorlog in die lug “aan die Kubane af [te] staan” (bl. 112).

Die handboek kyk ook na die belangrikheid en uitwerking wat die veldslag in die Suider-Afrika streek gehad het. Hier word daar veral gefokus op die uiteindelike uitwerking van die Slag van Cuito Cuanavale en die gevolge vir die streek. Die handboek lys ’n reeks gevolge wat die Slag van Cuito Cuanavale gehad het. Eerstens word gefokus op die effek wat dit in Namibië en in Angola gehad het, naamlik dat “dit die oorlog tot ’n einde gebring en tot vredesonderhandelinge gelei [het]. Dit het gelei tot die onttrekking van Suid-Afrikaanse en Kubaanse magte uit Angola en die onafhanklikheid van Namibië” (bl. 112). Hier word gefokus op die bedoelings van Kuba se deelname aan die onafhanklikheidstryde in Afrika en klem word daarop gelê dat Kuba daarin geslaag het om ’n einde te bring aan die meerderheidsbeheer in Suider-Afrika. Daar word verder genoem dat Suid-Afrika se militêre mag bewys is as ’n mite: “Die onttrekking van Suid-



© University of Pretoria

Afrikaanse magte het die mite van Suid-Afrika se superieure militêre mag beëindig en die [NP-] regering gedwing om die situasie te heroorweeg" (bl. 112). As daar in ag geneem word dat daar verskillende menings is oor die bedoelings van die SAW in hierdie tyd, kan die uitkomste van die SAW se operasie nie alleenlik beskryf word as 'n mislukking sonder om aan die breër gesprek deel te neem nie. Dit dra egter by tot die perspektief, soos hierbo genoem, dat die SAW se doel was om die dorp oor te neem. Die verlies van Suidwes-Afrika, oftewel Namibië, wys volgens die handboek, eerder daarop dat die SAW nie hul strategiese doelwitte bereik het nie.

Die teks neem dan self ook deel aan die debat en openbaar die Grys Boek se posisie oor wie die wenners by die Slag van Cuito Cuanavale was:

> Hoewel sekere lede van die Suid-Afrikaanse regering en die weermag beweer het dat dit 'n strategiese onttrekking was en nie 'n nederlaag nie, glo die meeste geskiedkundiges dat dit die Suid-Afrikaanse regering gedwing het om sy militêre mag te heroorweeg en 'n skikking oor Namibië te onderhandel. (bl. 112)

In die debat oor die wenners van die Slag van Cuito Cuanavale, verklaar die Grys Boek dat die debat afgehandel is en dat die doelwitte soos deur die SAW uitgewys, slegs bewerings is. Hier word daar nie in ag geneem dat die sienings van ander kante van die debat ook moontlik net bewerings is nie. Verder word die strategiese onttrekking van die SAW by Cuito Cuanavale net gesien as 'n storie wat deur die verloorders geoffer word om nie sleg te lyk nie. Ongeag van die feite dat die Grys Boek daarin slaag om beide kante van die debat in 'n eksterne bron voor te stel, maak die boek sy posisie duidelik deur die manier waarop hulle die onttrekking van die SAW verduidelik. Die gesag van die handboek neem hier oor en laat die leerder nie toe om deur middel van die feite rondom die konflik (wat stil voorkom in die teks) aan die debat deel te neem.

Daar word dan ook genoem dat die "meeste geskiedkundiges" hierdie siening ondersteun. Hierdie uitdrukking slaag daarin om daarop te dui dat geskiedkundiges wat nie die mening deel nie, op die grense van die debat is en dat hulle siening nie ernstig oorweeg behoort te word nie. Dit laat ook die vraag ontstaan oor wie die Grys Boek ag as die gesaghebbende geskiedkundiges. As daar gekyk word na die tweede eksterne bron, Bron J (bl. 113), wat die Grys Boek gekies het om in te sluit, kan daar duidelik



© University of Pretoria

gesien word dat die geskiedkundiges waarna hulle verwys in dieselfde kamp sit as dié van Piero Gleijeses. Die Grys Boek posisioneer homself duidelik in die kamp saam met geskiedkundiges en politici soos Ronnie Kasrils en skep die idee dat ander menings nie in ag geneem moet word nie.

Eksterne bronne wat deur die handboek ingesluit word, verteenwoordig die multiperspektiewelike siening van die aard van geskiedenis en laat die leerder toe om die bronmateriaal te bestudeer en histories te dink oor die interpretasie van gebeure. Hierdie eksterne bronne moet in die handboeke ingesluit word om soms ’n ander perspektief te bied wat die teksnarratief nie doen nie. Aan die ander kant, staaf die eksterne bronne die narratief wat in die teks voorkom, alhoewel dit ’n ander perspektief of siening kan voorstel. In die konteks van die Grys Boek, en veral met betrekking tot die Slag van Cuito Cuanavale, kan gesien word dat die bron wat ingesluit is om die debat rondom ‘wenners’ uiteen te sit, beide kante van die debat voorstel.

Die eksterne bron, Bron I (bl. 112), (’n uittreksel vanaf *South African History Online: Towards a People’s History*) “som die hoofargumente oor die Slag van Cuito Cuanavale op” (bl. 112). Die bron word in twee dele uiteengesit, naamlik “Die Kubaanse magte: denkrigting oor die bedoelings en die uitkomste van die veldslag” en “Die SA weermag: denkskool oor die bedoelings van die veldslag”. Ek wil eerstens fokus op die benaming van die twee verskillende denkskole wat deur die bron voorgestel word. Daar word verklaar dat die denkskole in twee dele gedeel word, wat verwys na eksterne deelnemende lande in die konflik. Deur te verwys na ’n “Kubaanse” denkskool, word die bydraes van die MPLA-regeringsmagte doelbewus uitgesluit en word die rol van die Angolese deelname aan hul eie burgeroorlog verminder. Dit stel ook voor dat slegs die SAW en Kuba betrokke was by die oorlog wat tussen Angolese burgers plaasgevind het. Tweedens wil ek fokus op die manier waarop die denkskole uiteengesit is. In afdeling 2.4 van Hoofstuk 2 van die studie (bl. 44) het ek voorgestel dat daar drie denkskole bestaan rondom die ‘wenners’ by die Slag van Cuito Cuanavale. Hierdie drie denkskole word verklaar as die hoofstroomperspektief, die totale oorwinning-perspektief en die akademiese perspektief. *South African History Online* verklaar egter dat daar slegs twee denkskole is en fokus op die Kubaanse denkskool (hoofstroomperspektief)



© University of Pretoria

en die SAW-denkskool (totale oorwinning-perspektief). In die konteks van die kurrikulum se vereistes en binne die beperkings van skoolgeskiedenis, is dit billik om die debat op so ’n wyse aan te bied.

Die debat word deur die handboek tussen die Kubaanse denkskool en die SAW-denkskool gevoer en word hewig deur die teksnarratief beïnvloed; dit dien vir die leerder as ’n riglyn waarop daar besluit gaan word watter kant van die debat hulle gaan ‘kies’. Die eerste denkskool (Kubaanse denkskool) stel voor dat die denkskool ondersteun word deur “die ANC, Kuba, ander bevrydingsbewegings en verskeie geskiedkundiges” (bl. 112). Teen die einde van die perspektief wat hulle voorstel, wat sentreer rondom die feit dat die SAW doelbewuste pogings aangewend het om die dorp van Cuito Cuanavale oor te neem, word genoem wie spesifiek die siening ondersteun deur ’n lys name voor te stel. Dit is egter onduidelik of hierdie persone deel maak van die geskiedkundiges of ’n kombinasie is van Kubaanse, ANC en geskiedkundiges is wat die perspektief ondersteun. Die persone wat gelys word, is “Horace Campbell, Hasu Patel, Piero Gleijeses en Ronnie Kasrils ...” (bl. 112).

Die tweede perspektief wat op die voorgrond geplaas word as deel van die debat, is die SAW-denkskool wat verwys na die totale oorwinnings-perspektief. Die SAW-denkskool, en die manier waarop daar verklaar word wat hulle perspektief is, word op so ’n mate aangebied dat dit van die begin af nie as ’n ernstige perspektief beskou hoef te word nie. Die inleidende sin gebruik woordeskat wat twyfel oor die denkskool laat ontstaan: “Die tweede denkskool beweer dat die SA weermag slegs beperkte doelwitte gehad het ...” Deur die denkskool se perspektief te beskryf as ’n “bewering” word van die begin af ’n idee geskep dat die denkskool nie ernstig opgeneem moet word nie. Ongeag die inleidende sin wat die geloofwaardigheid van die SAW-denkskool bevraagteken. word die SAW-perspektief verder histories akkuraat voorgestel en verklaar dat die SAW (volgens die denkskool) slegs “die oorname van Mavinga [wou] keer en daardeur aanvalle op Jamba te voorkom”.

Die Grys Boek lewer ’n bydrae wat deur twee elemente voorgestel word, naamlik ’n narratief wat deur die handboeksamestellers geskryf is sowel as ’n eksterne bron wat van buite die handboekruimte afkomstig is. Dit lei daartoe dat die Grys Boek ’n goeie



© University of Pretoria

poging aanwend om multiperspektiwiteit voor te stel en daarin slaag om die leerders te wys dat daar verskillende perspektiewe bestaan waarop na ’n enkele gebeurtenis gekyk kan word. Wat die samestellers van die handboek egter ook doen, is om hul eie perspektief te bevorder deur gebruik te maak van die teksnarratief wat stiltes laat voorkom en die algehele beeld van die veldslag verminder na net ’n gesprek rondom die uitkomste van die veldslag en ’n debat oor ‘wenners’ by Cuito Cuanavale.

### 4.3.2 Samevatting van die historiese rolspelers en figure op die voorgrond

Ter samevattend van die perspektiewe wat die Grys Boek op die voorgrond plaas, kom daar verskeie perspektiewe na vore. Inhoud wat sterk op die voorgrond staan rakende die historiese rolspelers en gebeure in die Grys Boek, sluit in perspektiewe wat handel oor die uitbreiding van die Koue Oorlog as ’n politiese en ekonomiese stryd om invloed oor nie net die Afrika-vasteland nie, maar veral in Angola. Verder kan daar gesien word dat perspektiewe op die voorgrond geplaas word, wat spruit vanuit die breë Koue Oorlog-perspektief rakende die invloed, motiewe en rol van die buitelandse moondhede. Perspektiewe word nie slegs gevorm rondom ’n internasionale perspektief nie, maar die bevrydingsbewegings word ook op die voorgrond geplaas. Deur die bevrydingsbewegings op die voorgrond te plaas, kom daar ook bepaalde perspektiewe na vore rakende die rol en invloed van twee van die bewegings, die MPLA en UNITA. Laastens word daar waargeneem dat bepaalde perspektiewe rakende die hooffokus van hierdie verhandeling, die Slag van Cuito Cuanavale, voorkom wat deur die Grys Boek op die voorgrond geplaas is.

Die breër Koue Oorlog-diskoers wat op die voorgrond van die Grys Boek bespreek word, lei tot die ontstaan van ’n perspektief waar die Slag van Cuito Cuanavale en die Angolese Burgeroorlog beskou word as ’n uitbreiding van die Koue Oorlog. Hierdie het ook implikasies vir die betrokkenheid van die supermoondhede, naamlik die VSA en die USSR by die gebeure. Westerse inmenging en pogings om invloed oor Angola te verkry, word uitgebeeld as nog ’n poging deur die Weste om gewone Afrikane uit te buit na ’n lang geskiedenis van koloniale uitbuiting. Die USSR word nie noodwendig in die perspektief uitgelaat nie en hul motiewe word ook beskou vanuit ’n Koue Oorlog-



© University of Pretoria

perspektief van invloedverkryging met die doel om toegang tot Angola se minerale hulpbronne te verkry.

Die Koue Oorlog-perspektief wat gevoer word in die breë diskoers rakende die motiewe van die supermoondhede word verder bespreek in die afdeling wat handel oor die invloed van buitelandse moondhede. In daardie afdeling word ’n pro-Westerse en pro-Kommunistiese perspektief geskep waar die VSA en die USSR saam met hul bondgenote bespreek word. Die teenstellende perspektiewe wat gevorm word in die Grys Boek, wys daarop dat die twee supermoondhede nie op dieselfde wyse beskou word nie. ’n Meer positiewe beeld van die USSR word gevorm, wat daartoe lei dat die perspektief gevorm word deur die aksies en dade van die USSR te beskou as edel en selfs nederig ten gunste van Afrika-onafhanklikheid en die einde van Westerse imperialisme. ’n Perspektief rondom die VSA word gevorm wat handel oor die beskerming van koloniale handelsooreenkomste wat die VSA se motiewe en rol negatief beoordeel. Dus kon daar gesien word dat die perspektief rakende die VSA bepaald negatief is en dat die VSA beskou moet word as teenstanders van Afrika-lande se onafhanklikheid. Anders gestel, die VSA word beskou as die teenstander van al die aspekte wat die USSR in Afrika bevorder.

Perspektiewe wat oor die twee supermoondhede gevorm word, sluit ook hul bondgenote in. Die bondgenoot van die VSA, naamlik Suid-Afrika en dié van die USSR, naamlik Kuba, word bespreek in die konteks van gevolmagtigdes waar Suid-Afrika en Kuba, in samewerking met die MPLA en UNITA, in ’n oorlog betrokke was namens die VSA en die USSR. Op dieselfde wyse as die perspektief wat oor die USSR gevoer word, word die Kubane ook beskou as ’n moondheid wat ten gunste van Afrikane geveg het. Dus word daar ’n positiewe perspektief oor Kuba gevorm waar Kuba dieselfde motiewe het as die USSR, maar dat Kuba, anders as die USSR, daardie doelwitte bereik deur Kubaanse lewens te offer vir Angola se onafhanklikheid. Teenstellend word Suid-Afrika op die voorgrond geplaas en perspektiewe word gevorm waar Suid-Afrika se betrokkenheid beoordeel word as vir hul eie aanwins. Suid-Afrika se motiewe om mag te toon aan Afrika en die onderdrukking van politieke bannelinge in die buiteland,



© University of Pretoria

word sterk op die voorgrond geplaas en vorm die basis van die perspektief wat oor Suid-Afrika geskep word.

Die bevrydingsbewegings van Angola, veral die MPLA en UNITA, word op die voorgrond geplaas deur, weereens, ’n teenstellende diskoers te voer wat aanleiding gee tot die perspektief wat oor beide gevorm word. Buiten vir perspektiewe wat in die ander handboeke voorgekom het, was daar ’n ‘nuwe’ perspektief oor beide die MPLA en UNITA, die menslike aspek. Die Grys Boek is oorwegend opgestel met die gewone mens in gedagte en daar word ’n perspektief gevoer waar die uitwerking van die Angolese Burgeroorlog rampspoedig was vir die gewone Angolese burger. Daar word in die perspektief kritiek uitgespreek op die geld wat deur die MPLA én UNITA bestee is op oorlog ten koste van die burgers van Angola.

Die Slag van Cuito Cuanavale wat beskou moet word as die klimatiese veldslag van die Angolese Burgeroorlog en die Grensoorlog, word op ’n ander manier aangebied as die ander handboeke wat in hierdie verhandeling geanaliseer is. Die bespreking word op twee vlakke aangebied, naamlik die teksnarratief en die bronnarratief wat beide die Slag van Cuito Cuanavale op ’n multiperspektiewelike wyse aanbied. In die teksnarratief kan gesien word dat die hoofstroomperspektief van ’n totale Suid-Afrikaanse mislukking voorkom. Die SAW se doelwitte word veral in die teksnarratief bespreek en daar word verklaar dat die SAW se doel wel was om die dorp van Cuito Cuanavale te beset. Verder word deur die bespreking van die bronnarratief gesien dat die hoofstroomperspektief gevoer word, maar daar word ook ’n ander perspektief voorgestel. Dit is die totale oorwinning van die SAW-perspektief soos uiteengesit en bespreek in Hoofstuk 2. Hierdie perspektief word egter nie voorgehou as die perspektief wat deur die Grys Boek gevoer word nie; dit word eerder aangebied as ’n alternatiewe perspektief. Die aanbieding van die alternatiewe perspektief word in so ’n mate gedoen dat dit slegs beskou moet word as ’n bewering.

In die volgende afdeling word die inhoud wat op die agtergrond geplaas word, bespreek.



© University of Pretoria

### 4.3.3 Die agtergrond in die Grys Boek-narratief

In enige handboek wat geskryf word, word dit aanvaar dat nie alle relevante inhoud oor ’n sekere onderwerp die finale produk gaan haal nie (Bertram, 2016). Agtergrondaspekte behoort nie slegs beskou te word as negatief of misleidend nie en word soms bloot gedoen omdat die samestellers voel die leerders nie daarvan kennis hoef te neem nie, of selfs dat dit nie belangrik genoeg is vir ’n deeglike verstaan oor ’n onderwerp soos vervat in die KABV-Geskiedenis nie. In die geval van die Grys Boek is daar sulke aspekte waar inhoud en relevante kennis op die agtergrond geplaas word. In die lig van hierdie beskrywing, wil ek aandag skenk aan die Grys Boek se hantering van die koloniale geskiedenis van Angola met betrekking tot die onttrekking van die Portugese koloniale owerheid net voor Angolese onafhanklikheid. Ek voel hierdie aspek moet eerder op die agtergrond wees as ’n stilte omdat die kennis wat hier oorgedra moet word, wel oorgedra word, maar op ’n beperkte wyse. Hierdie agtergrondkennis wat wel oorgedra word, word op ’n mindere mate aangebied, wat moontlik daarop kan dui dat ruimte geskep word vir ’n groter of dalk belangriker perspektief wat deur die handboek voorgestel word.

Kolonialisme het ’n lang geskiedenis van uitbuiting van hulpbronne sowel as uitbuiting van die mense van die betrokke lande. Wat kolonialisme ook tot gevolg gehad het, was die wanfunksionering van nuut onafhanklike staatsinstellings en politieke stelsels (Asafa, 2015). Hierdie aspek van kolonialisme word in die Grys Boek op die agtergrond geplaas, wat daartoe lei dat die chaos van oorgang van Portugese bewind na burgerlike bewind nie baie deeglik uitgetrap word nie.

Die Grys Boek bied wel ’n beskrywing aan deur die koloniale oorgang voor te stel met behulp van ’n agtergrondkonteks oor die aanvang van die onafhanklikheidstryd in Angola, wat gelei het tot die ontstaan van drie prominente bevrydingsgroepe. Wat aanleiding tot die ontstaan van die bevrydingsbewegings in Angola gegee het, was die Portugese se besluit om nie onafhanklikheid aan hul Afrika-kolonies toe te staan nie. Die verspreiding van nuus tussen Afrika-kolonies en die sentimente van Afrika-nasionalisme in daardie tyd sou verseker dat die Portugese die besluit berou. Daar word gemeld dat “teen die 1970’s hierdie koloniale oorloë amper die helfte van die



© University of Pretoria

Portugese begroting uitgemaak [het] en al hoe meer soldate betrek [is]" (bl. 104). Op dieselfde manier as wat die apartheidstaat van Suid-Afrika probeer vashou het aan 'n tyd en era wat verbygegaan het, so ook het Portugal probeer vasklou aan hul eie imperiale ryk. Die haalbaarheid van die behoud van die Portugese kolonies het nie meer sin gemaak vir Portugal nie, en die tyd het aangebreek vir 'n nuwe era in Angola en ander Portugese kolonies soos Mosambiek.

Wat egter daartoe gelei het dat Portugal uit Angola onttrek het, was 'n staatsgreep wat die outokratiese bewind van Antonio Salazar beëindig het. Wat interessant is van die staatsgreep in Portugal, is die verwagting van die Weste dat Afrika die beginsels van demokrasie moet nastreef, terwyl daar Westerse lande is wat nie ten volle demokraties is nie (soos die geval van Portugal gedurende die regering van Antonio Salazar). Hierdie ironie word ook gemeld in die Grys Boek. Die haastige onttrekking van Portugal uit Angola word in die handboek gemeld en dien as die rede vir die ontstaan van die Angolese Burgeroorlog. Hierdie haastige onttrekking uit Portugal word nie eksplisiet bespreek nie, maar wat die Grys Boek wel doen, is om duidelik aan die leerders te beskryf wat die skielike besluit voorstel.

Die begin van Portugal se onttrekking uit Angola ontstaan vanuit die staatsgreep waar "in 1974 weermagoffisiere in Portugal, wat vasbeslote was om hierdie sinnelose oorloë stop te sit, die regering van die Portugese diktator, Antonio Salazar, omvêrgewerp [het] en aangekondig [het] dat Portugal se Afrika-kolonies so gou as moontlik onafhanklik sou word" (bl. 105), en "Die oorlog vir bevryding van Portugal het 'n bittere magstryd geword. Dit was nog nie duidelik watter faksie in beheer van 'n onafhanklike Angola sou wees toe die Portugese die land in November verlaat het nie" (bl. 105). Die beskrywing wat ingesluit word oor die onttrekking van Portugese koloniale beheer uit Angola wys daarop dat dit nie deur die samestellers beklemtoon is nie en kan daar gesien word dat aspekte van Portugese koloniale onttrekking op die agtergrond geplaas word. Hierdie aspekte word nie in die Grys Boek bespreek nie, en veroorsaak as sodanig 'n leemte van die verstaan van koloniale beheer. 'n Perspektief wat egter hier na vore kan kom, is dat die samestellers hierdie aspekte nie as baie belangrik beskou nie, of die beginsels hiervan word dalk op 'n ander plek vroeër in die hoofstuk uiteengelê.



© University of Pretoria

Op die agtergrond van die narratief wat deur die Grys Boek aangebied word, kan gesien word dat die Grys Boek kolonialisme en die Portugese onttrekking vanuit Angola, wel op die agtergrond plaas.

#### 4.3.4 Stiltes

Die doel van hierdie studie is om die perspektiewe in verskillende handboeke oor die Slag van Cuito Cuanavale te analiseer. Verskeie stiltes kom in die Grys Boek voor, maar daar gaan in die afdeling gefokus word op die stiltes met betrekking tot die Slag van Cuito Cuanavale. In hierdie afdeling word gefokus op die manier waarop die Slag van Cuito Cuanavale aangebied word. Geen aandag word aan stiltes soos dienspllig en die rol van leierskap gegee nie, omdat daardie aspekte van die stiltes herhalend is en grootliks in al drie handboeke voorkom.

Die Grys Boek se stiltes wat handel oor uitlatings in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale is egter uniek in dié opsig dat deelgeneem kan word aan die debat oor wie eintlik die Slag van Cuito Cuanavale gewen het. Hierdie deelname aan die debat skep ’n duidelik perspektief oor die posisie wat die handboek inneem en maak die stiltes wat voorkom, meer duidelik. Die Grys Boek is egter ook minder uniek ten opsigte van die Slag van Cuito Cuanavale, waar daar nie ’n duidelike konteks geskets word waar die leerder meer effektief kan deelneem aan die debat wat deur die handboek gevoer word nie. Om hierdie konteks te verstaan, is dit weereens nodig om hier te meld dat, volgens Velthuizen (2009), daar drie fases is waarin die Slag van Cuito Cuanavale verdeel kan word. Eerstens, die Angolese/FAPLA-offensief en die Suid-Afrikaanse intervensie as gevolg daarvan; tweedens, die eskalering van die konflik by Cuito Cuanavale deur die SAW en die daaropvolgende eskalering van Kuba se deelname; en laastens die strategiese dooie punt wat die weg gebaan het vir vrede in die Suider-Afrika-streek. Wat die Grys Boek egter doen, is om die drie fases van die veldslag soos volg te verduidelik:

> In November 1987 het ’n veldslag by Cuito Cuanavale, ’n dorp in suidoos-Angola ontwikkel. Suid-Afrikaanse troepe, ter ondersteuning van UNITA het die dorp aangeval, wat deur Angolese regeringsmagte verdedig is, ondersteun deur Kubaanse vlieëniers in MiG 23 Sowjet vliegtuie. Dit was die grootste veldslag in Afrika sedert die Tweede Wêreldoorlog. Die Suid-Afrikaners het hul oorheersing in die lug aan die Kubane afgestaan en na ’n



© University of Pretoria

> mislukte poging om die dorp oor te neem, was hulle verplig om te onttrek. (bl. 112)

Bostaande beskrywing van die veldslag is al wat die Grys Boek sê en wys dat die debat waaraan die handboek deelneem, eensydig aangebied word deur nie ’n duidelike agtergrond aan die leerders te verskaf nie. As daar in ag geneem word dat daar drie fases in die veldslag is wat die verstaan van die gebeurtenis beter uiteensit, kan gesien word dat die handboek self die leerders wil lei om gevolgtrekkings te maak sonder om al die nodige konteks te verskaf. Die sleutel tot die interpretasie van die Grys Boek se posisie is die laaste sin in die beskrywing van die Slag van Cuito Cuanavale: “na ’n mislukte poging om die dorp oor te neem, was hulle verplig om te onttrek” (bl. 112).

Die konteks wat nie hier genoem word nie (stilte), kan soos volg opgesom word en word ook in die bespreking van die vorige handboek (Wit Boek) uiteengesit: Daar word nie melding gemaak van die aanvanklike aggressors van die veldslag, naamlik die FAPLA-offensief, wat in Augustus 1987 begin het nie. Enige deeglike verstaan van die Slag van Cuito Cuanavale blyk om te begin by die FAPLA-offensief, Operação Saludando Octubre (Gleijeses, 2013b; Scholtz, 2017; Velthuizen, 2009). Wat die Grys Boek wel doen, is om seker te maak dat die leerders verstaan dat die konflik by Cuito Cuanavale deur die SAW van stapel gestuur is en ondersteuning vanaf die USSR ontvang het, maar meld ook nie dat die aanvanklike FAPLA-offensief deur die USSR beplan was nie. Omdat die aanvanklike offensief deur die Angolese weermag van stapel gestuur is, het dit daartoe gelei dat UNITA genoodsaak was om bystand vanaf die SAW aan te vra wat Operasie Modulêr geïmplementeer het om UNITA by te staan. Hierdie aspek word glad nie genoem nie, en kom duidelik voor as ’n manipulerende stilte omdat die Grys Boek se beskrywing eers by November 1987 begin.

Die Grys Boek gaan verder deur te meld dat die Slag van Cuito Cuanavale “die grootste veldslag in Afrika [was] sedert die Tweede Wêreldoorlog.” Hierdie aspek kan nie betwyfel word nie, en dit word ook deur ander soos Gleijeses en Scholtz gemeld, maar wat dit egter binne die konteks van die Grys Boek se bespreking doen, is om te wys dat die Slag van Cuito Cuanavale ’n enkele gebeurtenis was wat nie eerstens die konteks van die gevegte rondom die Lomba-rivier in ag neem nie en ook nie duidelikheid verskaf dat die konflik net buite Cuito Cuanavale in verskeie fases plaasgevind het nie. Na die



© University of Pretoria

aanvanklike oorwinnings van ’n gesamentlike UNITA en SAW wat die FAPLA- offensief kon stuit, was daar verskeie pogings en aanvalle deur die SAW om President P.W. Botha se opdrag uit te voer, naamlik dat die SAW FAPLA moet verhoed om ’n nuwe offensief te loods in die volgende jaar (1988) en wat gelei het tot die vernietiging van FAPLA se 47 Brigade. Hierdie aspek spreek tot die motiewe en die uiteindelike doel van die SAW se betrokkenheid in die streek gedurende die 1980’s. Verder word daar glad nie gemeld dat die Angolese regeringsmagte nie daartoe in staat was om die teenaanval te weerstaan nie, en dat dit daartoe gelei het dat die Angolese regering Kubaanse ondersteuning nodig gehad het . Deur nie hierdie te noem nie, word’n indruk geskep dat FAPLA in beheer was van die veldslag en dat die Kubane slegs in ’n ondersteunende kapasiteit deelgeneem het. Wat egter gebeur het, is dat, volgens die Grys Boek, die Kubane namens die Angolese regering geveg het. Dit is die Kubaanse grootskaalse deelname wat daartoe gelei het dat die SAW en UNITA nie daartoe in staat sou wees om Cuito Cuanavale oor te neem nie, indien dit die doel van die SAW in daardie streek was.

Deur die manipulerende stiltes in ag te neem rakende die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale en die verloop van die veldslag soos dit in die Grys Boek vervat is, kan daar gesien word dat genoemde handboek kante kies in die debat wat aansluit by die hoofstroomperspektief oor die Slag van Cuito Cuanavale. Die Grys Boek se stiltes word geïntensiveer deur die gebruik van die artikel uit *South African History Online*, wat die debatte oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale saamvat. Dit wek die indruk dat die ander perspektiewe wat nie deur die hoofstroomperspektief ondersteun word nie, totaal verkeerd is en dat die leerders slegs daardie perspektief as die historiese waarheid moet aanvaar.

Soos in die geval van die ander handboek besprekings wat voor hierdie een plaasgevind het, bevat die Grys Boek bepaalde stiltes oor die Slag van Cuito Cuanavale en daardie stiltes vorm ’n bepaalde perspektief wat deur die Grys Boek gevoer word. Deur die gebruik van kritiese diskoersanalitiese metodes is die voorgrond en die agtergrond geanaliseer om daardie perspektiewe te analiseer. Dit het vervolgens gelei tot die identifisering van stiltes spesifiek oor die Slag van Cuito Cuanavale.



© University of Pretoria

Die stiltes wat in die Grys Boek voorkom, is nie uniek nie en daar word in die geval weer nie ’n duidelike konteks van die gebeure rondom die Slag van Cuito Cuanavale aangebied nie. Deur die uitlating van kritieke agtergrondinligting en konteks word die indruk geskep dat die Slag van Cuito Cuanavale ’n enkele gebeurtenis was en daardeur word die belangrikheid van die veldslag verminder. Verder lei die stiltes in die Grys Boek rakende die Slag van Cuito Cuanavale daartoe dat die sogenaamde hoofstroomperspektief ten sterkste gevoer word. Die hoofstroomperspektief kom sterker voor in die Grys Boek as enige van die ander weens die aard van die aanbieding daarvan, wat op ’n soort multiperspektiewelike wyse aangebied is. Deur die skep van ’n bron- en ’n teksnarratief, kon die Grys Boek daarin slaag om die hoofstroomperspektief nie net voor te stel nie, maar dit as die enigste aanvaarbare perspektief aan te bied.

#### 4.3.5 Samevattende slot oor die Grys Boek

Die Grys Boek skep ’n duidelike perspektief oor die ontstaan van die Slag van Cuito Cuanavale en verduidelik die Angolese betrekking tot die Koue Oorlog op redelike en soms multiperspektiewelike wyse. Daar word baie bladsyruimte bestee aan konteks wat Angola binne die uitgebreide Koue Oorlog plaas en skets die narratief op ’n gemaklike en verstaanbare wyse. Die Grys Boek maak wel gebruik van opsommings van die gebeure en maak staat daarop dat die onderwyser sal uitbrei op die beknopte verduidelikings wat deur die boek gemaak word. Dit is in die beknopte verduidelikings waar daar ook ’n perspektief voorkom waar die handboek nie alleen verantwoordelik is vir die oorvertelling van historiese gebeure nie. Alhoewel die onderwyser ’n kritiese rol speel in die proses om die gebeure te vertolk, moet daar wel in ag geneem word dat alle onderwysers nie geskiedenis as ’n hoofvak geneem het nie, en verder is daar ook leemtes in die kennis van onderwerpe soos die Angolese Burgeroorlog wat daartoe lei dat die handboek die enigste bron is vir die meerderheid onderwysers en leerders. Deur gebruik te maak van ’n gemaklike en eenvoudige skryfstyl, maak die handboek hul inhoud toeganklik vir die meeste leerders.

Die Grys Boek is tot ’n groot mate ’n gebalanseerde handboek wat daarin slaag om grootliks ’n volledige narratief te skep wat Angola se onafhanklikheidstryd uitbeeld.



© University of Pretoria

## 4.4 Slot

Alhoewel die drie geanaliseerde handboeke vanuit dieselfde riglyne werk soos wat deur die Onderwysdepartement in die KABV voorgeskryf word, vertolk die drie handboeke die gebeure rakende Angolese onafhanklikheid, die Angolese Burgeroorlog en die Slag van Cuito Cuanavale elk op hul eie manier. Die uitgewers en die samestellers van die inhoud van die handboek maak duidelike keuses oor die perspektief(we) wat vooropgestel word, en is nie noodwendig uniek op die wyse waarop daar keuses gemaak word oor die uitlating of plasing van die inhoud op die agtergrond nie. Daar kan veral gesien word dat die drie handboeke byna dieselfde agtergrondkonteks aanbied (ontstaan van bevrydingsbewegings, uitbreking van burgeroorlog en die aanloop tot die Slag van Cuito Cuanavale) en selfs dieselfde sleutelgebeure uitlaat, soos die gevegte rondom die Lomba-rivier, wat ek beskou as krities vir die verstaan van die Slag van Cuito Cuanavale. Wat die geanaliseerde handboeke wel gewys het, is dat daar verskillende maniere is om dieselfde inhoud aan te bied en die klem kan redelik maklik verskuif word om die aanvaarde perspektief voorop te stel.

In die volgende finale hoofstuk van hierdie studie gaan ek die analise wat hier aangebied word, bespreek en finale bevindings maak wat belyn is met die fokus en doel van die studie, sowel as die navorsingsvrae wat in Hoofstuk 1 voorgestel is.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5
# BESPREKING EN SLOT

## 5.1 Inleiding

In Hoofstuk 4 is die analise van drie voorgeskrewe graad 12- Geskiedenishandboeke aangebied waar die fokus was om die perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale te analiseer. Die finale hoofstuk bied ’n algehele oorsig van die studie, sowel as ’n bespreking en finale gevolgtrekkings oor die perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale soos dit in drie Afrikaanse graad 12-Geskiedenishandboeke aangebied word. Dit is belangrik om die leser te herinner aan die fokus en die doel van hierdie studie soos dit in Hoofstuk 1 uiteengesit is. Ter herinnering is daar verklaar dat die fokus van die studie gegrond is op ’n analise van voorgeskrewe graad 12-Geskiedenishandboeke wat handel oor die Slag van Cuito Cuanavale waar dit deel vorm van die Angolese Onafhanklikheidstryd en Burgeroorlog soos vervat in die KABV-Geskiedenis. Die doel van die studie is om die perspektief(we) wat in die gekose voorgeskrewe graad 12-Geskiedenishandboeke oor die Slag van Cuito Cuanavale voorkom, te analiseer.

Hierdie finale hoofstuk se doel is om ’n bespreking aan te bied oor die analise wat in die vorige hoofstuk aangebied is deur die bevindinge in gesprek te bring met die literatuur en teorie soos vroeër uiteengesit. Die uiteindelike doel is om moontlike antwoorde op die navorsingsvrae voor te stel.

Die hoofstuk is georganiseer deur ’n oorsig aan te bied van die studie; ’n bespreking van die bevindinge uit die vorige hoofstuk; die bydraes wat my studie maak tot die veld van handboekanalise sowel as ons verstaan van die Grensoorlog as ’n geheel; aanbevelings oor daardie bevindings wat vanuit die bespreking spruit; ’n persoonlike refleksie oor die studie en; laastens, die samevatting van hierdie verhandeling.

## 5.2 Oorsig van die studie

Hierdie studie het ten doel gehad om ’n analise aan te bied oor die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale. Om so ’n analise aan te bied, moes daar eers besin word oor die onderwerp as ’n historiese gebeurtenis waaroor daar kontroversie bestaan in die



© University of Pretoria

breër samelewing, wat dan tot kontroversiële gesprekke in die geskiedenisklaskamer kan lei. Daarom was dit nodig om in Hoofstuk 1 nie net die leser aan die onderwerp voor te stel nie, maar ook om ’n duidelike agtergrond en konteks tot hierdie historiese gebeurtenis te skep. Die konteks wat geskep is, moes breedvoerig wees en moes die nodige agtergrond verskaf om ’n analise aan te bied oor die verskillende perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in die graad 12-handboeke bestaan. Verder het Hoofstuk 1 ’n bespreking van my rasionaal en motivering bevat wat belangrik was om my positionaliteit te verklaar sodat my subjektiwiteit aan die leser blootgestel kon word. Die lens waardeur ek die wêreld beskou, moes verklaar word om die verhandeling geloofwaardig te maak. Verder is ’n uiteensetting gegee van die fokus en doel van die studie wat aanleiding gegee het tot die spesifieke navorsingsvrae wat ek sou poog om te beantwoord. Hoofstuk 1 bevat ook ’n verklaring van die kernkonsepte wat in die verhandeling bespreek sou word, sowel as ’n oorsig van die studie as ’n geheel. Om die perspektiewe te kon identifiseer waarna daar in Hoofstuk 1 se fokus en doel verwys is, , was dit nie net nodig om ’n konteks oor die historiese gebeurtenis te verskaf nie, maar was dit ook nodig om spesifiek te gaan kyk na die bestaande perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale aan die hand van literatuur wat deur amateur-, professionele en akademiese geskiedskrywers saamgestel is.

In Hoofstuk 2 is die literatuurstudie-oorsig aangebied waar besin moes word oor die bestaande perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale aan die hand van literatuur. Dit is in dié hoofstuk waar die verskillende perspektiewe oor die veldslag vervat moes word en waar daar gesien kan word dat die verskillende perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale in drie verskillende kategorieë geplaas kan word, naamlik (1) die hoofstroomperspektief wat aanvaar dat die SAW ’n beslissende nederlaag gely het en dat die mite van SAW-superioriteit vernietig is; (2) die SAW as ‘wenners’-perspektief van daardie in bevel en van die Suid-Afrikaanse politieke elite van die tyd, sowel as die soldate op voetsoolvlak wat aanvaar het dat die SAW alle operasionele doelwitte bereik het wat daartoe gelei het dat die SAW as ‘wenners’ verklaar word; en (3) die historiese perspektief wat gegrond is op die geskiedkundige beskouing van die gebeurtenis. Hierdie verskillende posisies het dit moontlik gemaak om die perspektiewe wat die handboeke voorgestel is, te identifiseer en te klassifiseer. Die konteks wat in Hoofstuk 1



© University of Pretoria

geskep is, het ook bygedra tot die konseptualisering en vaslegging van die konseptuele raamwerk in Hoofstuk 2. Deur gebruik te maak van die driebeenbenadering, naamlik die idee rondom kontroversiële onderwerpe, herkontekstualisering van akademiese of selfs breë kennis tot die handboekvlak en perspektiewe wat op die voorgrond en agtergrond geplaas is, asook waar daar stiltes was. Daar kan nie oor enige van die drie elemente van die konseptuele raamwerk gereflekteer word sonder om die historiese kennis en agtergrond rondom die Slag van Cuito Cuanavale te verstaan nie. Indien die konteks nie geskep word nie sou daar nie gesien kon word hoekom die onderwerp as kontroversieel beskou word nie. Voorgrond en stiltes is dus 'n sleutelaspek in terme van kontroversie. Om die stiltes te kon identifiseer, moes twee dinge gebeur:'n deeglike konteks moes geskep word om die kennisraamwerk saam te stel, en daar moes besin word oor die gebruik van 'n geskikte navorsingsmetodologie.

Hoofstuk 3 bevat 'n uiteensetting bevat van die navorsingsontwerp en metodologie waarop gesteun is om die analise in Hoofstuk 4 aan te bied. Die sleutelaspek was die gebruik van kritiese diskoersanalise wat deur die praktiese riglyne wat ontwerp is, inhoud kon identifiseer wat op die voorgrond en agtergrond geplaas is en wat die stiltes, en spesifiek tekstuele stiltes, was. Huckin (2002) verduidelik die konsep van tekstuele stiltes deur gebruik te maak van 'n spesifieke analisemetode, naamlik kritiese diskoersanalise. Hoofstuk 3 moes daarom geformuleer word binne die raamwerk van die kritiese diskoersanalise wat deel vorm van teksanalise as 'n geheel. Om tot by hierdie spesifieke metodologie te kom, moes daar ook besin word oor twee belangrike aspekte wat sou lei tot die gekose metodologie, naamlik die benadering wat in die studie geneem word en om te besin oor die soort studie wat aangepak moes word. Omdat daar breedvoerig met tekste in die vorm van graad 12-Geskiedenishandboek omgegaan is, het dit daartoe gelei dat die studie 'n kwalitatiewe benadering sou volg. Om verskillende interpretasies toe te laat wat bydra tot multiperspektiwiteit, is gevolglik besluit om gebruik te maak van 'n interpretivistiese paradigma. Die toepassing van interpretivisme kan gesien word regdeur die verskillende hoofstukke, soos byvoorbeeld in Hoofstuk 1 waar my indrukke oor nie net die studie uiteengesit word nie, maar ook my eie beskouing van die gebeure.



© University of Pretoria

Die konseptuele raamwerk soos vervat in Hoofstuk 2 was ’n bydraende faktor tot die uiteindelike analiseproses en het daartoe gelei dat die vrae wat in Hoofstuk 1 gestel is, beantwoord kon word. In Hoofstuk 1 is drie vrae gestel wat die studie gepoog het te beantwoord. Die vrae is geformuleer aan die hand van die konseptuele raamwerk: (1) watter perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale is teenwoordig in die voorgeskrewe graad 12-Geskiedenishandboeke; (2) waarom bestaan daardie perspektiewe; en (3) watter stiltes heers rakende die perspektiewe in die geanaliseerde voorgeskrewe graad 12-Geskiedenishandboeke. Die eerste navorsingsvraag is breedvoerig in Hoofstuk 4 beantwoord waar die perspektiewe oor die Slag van Cuito Cuanavale aan die hand van kritiese diskoersanalise uiteengesit is. Daar is op drie vlakke daarna gekyk –perspektiewe wat op die voorgrond en agtergrond geplaas is, en na die perspektiewe wat ontbreek om sodoende die stiltes te identifiseer. Wat duidelik hier uitstaan, is dat die drie navorsingsvrae op mekaar bou. Sonder om die eerste twee vrae te hanteer, kon die stiltes nie geïdentifiseer word nie, en die dominante perspektiewe rakende die Slag van Cuito Cuanavale sou nie uitgelig kon word nie.

In Hoofstuk 4 is ’n deeglike analise aangebied oor drie gekose graad 12-Geskiedenishandboeke wat voldoen het aan die vereistes soos uiteengesit deur die KABV vir Geskiedenis en wat in Afrikaans gepubliseer is. Daar is aanvaar dat die goedgekeurde handboeke dieselfde inhoud sou aanbied, maar omdat die gekose handboeke deur verskillende maatskappye saamgestel en gepubliseer word, sou daardie aanbieding nie noodwendig identies wees nie. Die analise is toe aangebied deur die inhoud te identifiseer wat op die voorgrond en agtergrond van elke handboek afsonderlik verskyn, en te verklaar wat die perspektiewe is wat daardie inhoud voer. Daardeur kon die stiltes in die Blou Boek, Wit Boek en Grys Boek afsonderlik geïdentifiseer word en kon daar vasgestel word watter perspektiewe deur die stiltes gevoer word.

Vervolgens fokus ek op die bevindings van die analise wat in Hoofstuk 4 aangebied word, en bied ek antwoorde vir die vooropgestelde navorsingsvrae.



© University of Pretoria

## 5.3 Perspektiewe tot diskoerse: Bespreking van die analise van die perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale

Die perspektiewe soos geïdentifiseer in die vorige hoofstuk verteenwoordig die basis waarop individue die gebeure, historiese rolspelers en karakters beskou (die lens waardeur hulle na die gebeure kyk), wat aanleiding gee tot die interpretasie van daardie gebeure of aksies van persone en rolspelers. Daardie perspektiewe verteenwoordig nie net die manier waarop, veral die Slag van Cuito Cuanavale en die Angolese Burgeroorlog beskou en geïnterpreteer word nie, maar dit vorm die algehele diskoers, oftewel die gesprek, wat in die breër samelewing plaasvind. Die diskoerse wat gevoer word oor ’n bepaalde gebeurtenis, word dan beskou as die amptelike vertolking van daardie gebeurtenis. Dus vorm die geïdentifiseerde perspektiewe deel van die diskoers wat in die handboek ingesluit is en wat aan die leerder oorgedra word.

Die diskoerse wat deur die handboeke gevoer word, lei dan daartoe dat kontroversie voorkom deur middel van veral stiltes in die teks. Hierdie afdeling word dus aangebied deur die diskoers wat deur die betrokke handboeke op die voorgrond en agtergrond geplaas is, sowel as die stiltes wat daaruit voortspruit, te bespreek. Verder ook sal die diskoerse bespreek word ten opsigte van die kontroversie wat dit kan veroorsaak, sowel as die gebrek aan multiperspektiwiteit, al dan nie. Vanaf die konseptualisering van hierdie studie is daar aanvaar dat kontroversiële onderwerpe in enige skoolvak bestaan, maar veral in Geskiedenis. Daarom het kontroversie deel gevorm van die konseptuele raamwerk omdat die Slag van Cuito Cuanavale, en verwante gebeure soos in die verhandeling uiteengesit is, veral beskou kan word as ’n onderwerp waaroor daar kontroversie bestaan en waaroor die diskoerse gereeld gebaseer word op eensydige vertolkings.

### 5.3.1 Diskoerse op die voorgrond

Na afloop van die analise van die gekose Geskiedenishandboeke kom daar duidelike perspektiewe na vore wat ooreenstem in die drie handboeke. Op dieselfde wyse is daar ook opgelet dat sekere perspektiewe wat deur een handboek duidelik op die voorgrond geplaas word, nie noodwendig deur een van die ander op die voorgrond geplaas word nie. Voorgrondperspektiewe wat wel regdeur die drie handboeke ooreenstem, is die rol



© University of Pretoria

en die invloed van die Koue Oorlog en die sogenaamde supermoondhede soos waarna daar verwys word in die Grys Boek. Al drie die handboeke bestee baie tyd daaraan om vir die leerder die Koue Oorlog te kontekstualiseer, en te verduidelik hoe die USSR en die VSA deelgeneem het aan die burgeroorlog wat in Angola plaasgevind het. Deur Angola op die voorgrond te plaas as ’n Koue Oorlog-slagveld, ontstaan bepaalde perspektiewe oor die doel en impak van die supermoondhede sowel as hul surrogate, Kuba en Suid-Afrika. Perspektiewe wat ook sterk op die voorgrond geplaas word, het te doen met die perspektiewe rondom die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale, waar daar klein verskille in die vertolking voorkom, maar die perspektiewe in al die handboeke stem in die algemeen ooreen.

#### 5.3.1.1 Diskoerse sterk op die voorgrond

Nadat gekyk is na die perspektiewe wat in al drie handboeke voorkom, is die analise in die vorige hoofstuk aangebied deur te kyk na perspektiewe wat in al drie handboeke voorkom. Ek het tot die slotsom gekom dat bepaalde diskoerse ‘sterk’ op die voorgrond verskyn (d.w.s. diskoerse wat teenwoordig was in al drie van die handboeke) en word vervolgens bespreek.

***Die Koue Oorlog en buitelandse moondhede***

Die geanaliseerde handboeke stem ooreen met betrekking tot ’n diskoers oor die uitbreiding van die Koue Oorlog. Die handboeke stem ook ooreen ten opsigte van hul uitbeelding dat die oorsprong van die burgeroorlog wat in Angola vanaf die vroeë 1970’s tot en met 1989 plaasgevind het, teruggespoor kan word na die uitbreiding van die Koue Oorlog. Binne die diskoers wat geskep word, word  sekere aannames gemaak oor die doel en aard van betrokkenheid van die supermoondhede (die VSA en die USSR) wat bepalend is oor die manier waarop die Oosblok en die Weste gesien word. In die meerderheid opsigte is dit egter duidelik dat die Weste negatief deur al drie die gekose handboeke uitgebeeld word. Die gekose handboeke maak dit ook duidelik dat die burgeroorlog, en die verlies van lewens onder die Angolese mense, regstreeks beïnvloed is deur die Koue Oorlog stryd wat uitgebrei het na Angola en veroorsaak is deur die keuses wat beide die MPLA en UNITA gemaak het om die burgeroorlog te laat voortsleep.



© University of Pretoria

Die drie geanaliseerde handboeke verskaf ’n duidelike en deeglike konteks rondom die Koue Oorlog wat, programmaties, regdeur die graad 12-KABV-Geskiedeniskurrikulum gesien kan word. Die konteks wat hierdie handboeke verskaf oor die aard van die Koue Oorlog met betrekking tot die Angolese Burgeroorlog, is om ’n perspektief te skep wat deur die literatuur (Baines, 2003; Breytenbach, 1997; Eidelberg, 2015; Shubin, 2008) ondersteun word dat die Angolese Burgeroorlog nie in ’n vakuum plaasgevind het nie, maar eerder dat dit beskou moet word as ’n uitbreiding van die Koue Oorlog. Op hul eie manier verskaf die drie handboeke ’n deeglike konteks om die verhouding tussen die MPLA en die USSR te skep wat hierdie konflik plaas binne die konteks van die USSR se beleid van die verspreiding van kommunisme en die anti-imperialistiese stryd (Shubin, 2008; Shubin & Shubin, 2015). Die Sowjet-betrokkenheid in Angola en in ander dele van die wêreld, het tot gevolg gehad dat die VSA ook betrokke raak, wat sou verhoed dat die USSR voordeel sou trek uit ’n spesifieke streek van die wêreld.

Deel van die Koue Oorlog-konteks wat sentraal staan binne die drie geanaliseerde handboeke is ’n diskoers oor die uitbeelding van die USSR as die natuurlike bondgenoot van onderdrukte Afrika weens eersgenoemde se anti-imperialistiese stryd teenoor en kontrasterend met die VSA, wat op sy beurt weer beskou word as ’n moondheid wat hul invloed wil uitbrei om toegang te verkry tot Angola se natuurlike hulpbronne. Wat die handboeke verder doen, is om die leerder te wys wat die aard van Sowjet-betrokkenheid was en plaas klem op die motiewe van die USSR in Angola, wat nie net beskryf kan word as ’n geval van onvoorwaardelike ondersteuning wat die doel het om Afrika-lande nie uit te buit nie, maar ook om steun te bied aan bevrydingsbewegings wat veg teen imperialisme en kolonialisme. Hierdie taak is in die meerderheid gevalle voltooi deur grootskaalse finansiële steun, asook deur tegniese toerusting en adviseurs (Shubin & Shubin, 2015). Alhoewel soms melding gemaak word dat die USSR en Kuba nie voordeel sou geniet het uit die interaksies nie, word daar ook melding gemaak dat die USSR strategiese toegang tot natuurlike hulpbronne sou verkry. Die literatuur wys egter dat die USSR baat sou vind met hul betrokkenheid in Angola en maak melding van strategiese militêre basisse (Shubin & Shubin, 2015: 91), wat gelei het daartoe dat die VSA en die Weste se ideologie verhoed was om pos te vat in Angola. Net soos wat die USSR gesien word as ’n bondgenoot wat nooit



© University of Pretoria

deelgeneem het aan kolonialisme en die uitbuiting van die Afrika-vasteland nie, word die Kubane ook gunstig uitgebeeld. Kuba se rol in Afrika word meer idealisties beskryf as dié van die USSR wat steeds ’n moontlike motief nastreef om toegang te verkry tot die hulpbronne van Angola. Kuba se rol word baie positief beskryf en die Grys Boek wys spesifiek uit dat Kuba se betrokkenheid gekenmerk word deur die skenking van lewens in die geveg vir ’n onafhanklike en imperialistiese vrye Angola. Hierdie siening word in die handboeke versterk deur breedvoerig te verduidelik dat alhoewel die USSR tegniese adviseurs, finansiële steun en toerusting geskenk het, die Kubane verder gegaan het deur soldate te stuur om aan die kant van die MPLA te veg. Die Grys Boek maak hierdie punt duideliker deur ’n eksterne bron te gebruik waarin David Deutschmann ’n onderhoud met Jorge Risquet gevoer het met betrekking tot Kubaanse betrokkenheid in Angola, waarin die doel en aard van Kuba se betrokkenheid verklaar word. ’n Perspektief word geskep dat Kuba nie opgetree het onder instruksie van die USSR nie, maar eerder dat hulle gevoel het dis hulle plig om bystand te bied aan die onderdruktes in Afrika.

Wat wel uitstaan in die voorgestelde diskoerse in al drie die geanaliseerde handboeke, is die diskoers wat deur die Grys Boek gevoer word. Die boek voer bykans dieselfde diskoers rakende die Koue Oorlog en die betrokkenheid van die buitelandse moondhede as die Wit en Blou Boeke, maar voer ook ’n diskoers waar die betrokkenheid van al die buitelandse moondhede ’n negatiewe uitwerking gehad het op die mense van Angola. Hierdie diskoers word gebou deur melding te maak van die rol wat elk van die moondhede gespeel het in die Angolese Burgeroorlog deur eksplisiet te noem dat die aksies van die VSA en apartheid Suid-Afrika daartoe gelei het dat die burgeroorlog verleng moes word. Hierdie uitspraak van die Grys Boek is die samestellers se analise, wat gestaaf kan word deur te kyk na die impak van die plant van landmyne waarmee Angola vandag nog sukkel, sowel as die ekonomiese impak wat die oorlog op Angola gehad het. Daar word nie eksplisiet genoem wat die impak van Sowjet-betrokkenheid was nie, maar daar word gestaaf dat die aksies van Kuba en die USSR daartoe gelei het die MPLA ’n oorwinning kon behaal teenoor die ander bevrydingsbewegings (FNLA en UNITA). Dit is egter die wyse waarop die diskoers saamgestel word dat daar ’n duidelike mening na vore kom wat die uitbreiding van die



© University of Pretoria

Koue Oorlog na Angola beskou as iets wat nie welvaart na Angola gebring het nie, maar eerder verwoestende gevolge gehad het vir die mense van Angola. Die ander handboeke se narratiewe word nie op dieselfde manier saamgestel nie, en die diskoers wat deur hulle gevoer word, is eerder een waar die aksies van die Weste gekritiseer word en die aksies van die Oos-blok geprys word.

Die VSA se aksies word beskou as deel van die Weste se poging om Afrika verder uit te buit na die einde van koloniale heerskappy. Hierdie perspektief van die VSA/Weste se aksies word grootliks deur al drie die geanaliseerde handboeke gevoer wat daarop dui dat'n anti-Westerse diskoers gevoer word. Wat verder uitstaan, is dat die VSA rol en motiewe in Angola verklaar is as 'n poging om die verspreiding van kommunisme te verhoed. Daardie perspektief sluit aan by die breër diskoers wat in al drie die handboeke gevoer word waar die Angolese Burgeroorlog beskou moet word as 'n uitbreiding van die Koue Oorlog.

Die drie handboeke skep 'n diskoers rondom die ontstaan van buitelandse betrokkenheid in Angola, sowel as die manier waarop veral die Oosblok-lande beskou moet word wat gevestig is binne die konteks van die Koue Oorlog. Hierdie diskoers word grotendeels gesteun deur die manier waarop die Angolese Burgeroorlog voorgestel word as 'n Koue Oorlog-konflik wat te doen het met kompeterende invloedsfere. Die uitspraak wat gemaak word waar die USSR gesien word as 'n voorkeur bondgenoot, spruit vanuit die idee dat die USSR 'n anti-imperialistiese stryd gevoer het binne die konteks van die onafhanklikwording van Afrika.

***Die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale***

Op die voorgrond van die gesprek oor die diskoerse wat gevoer word oor die Slag van Cuito Cuanavale, wat beskou word as 'n uitbreiding van die Koue Oorlog en die Angolese Burgeroorlog soos vervat in die KABV-Geskiedenis, bestaan daar uniformiteit oor die manier waarop die drie handboeke die Slag van Cuito Cuanavale aanbied. Alhoewel die invalshoek verskil van die een na die ander is die diskoers wat gekommunikeer word in beginsel dieselfde. Omdat dieselfde diskoers in al drie die handboeke gevoer word, dui dit daarop dat daardie diskoers deel vorm van die



© University of Pretoria

amptelike beskouing van die veldslag, en sluit dit aan by die amptelike of hoofstroomdiskoers soos uiteengesit in Hoofstuk 2.

Wat duidelik uitstaan oor die diskoers wat voorkom in die geanaliseerde handboeke, is die neiging om te hou by die hoofstroomdiskoers soos wat dit vertolk word deur Gleijeses (2013b) en Kasrils (2013). Hierdie diskoers het te doen met die totale oorwinning van die MPLA en die Kubaanse magte in Angola na afloop van die onttrekking van die SAW-magte vanuit die Tumpo-streek in 1989. Alhoewel die Blou Boek deur die proses gaan om die agtergrond te verduidelik soos wat ek hierbo gemeld het, word die diskoers steeds voortgesit waarin die SAW se rol as ’n totale mislukking beskou moet word. Die Wit Boek sluit geheel aan by die Blou Boek se diskoers. Die diskoers soos vertolk in die Wit Boek vind plaas sonder om enige konteks te skep en lê bloot die diskoers voor aan die leerder. Die Grys Boek is egter, soos reeds genoem, uniek in hulle benadering. Die Grys Boek sluit ’n interessante eksterne bron in vanuit die populêre webtuiste *South African History Online.* Hierdie bron vertolk die debat wat heers rondom die ‘wenners’ by Cuito Cuanavale en verduidelik dat daar grootliks twee diskoerse is rakende die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. Hierdie bron is nie op sigself ’n valse vertolking nie en steun grootliks op die werk van Gleijeses (2002a) en Kasrils (2013) wat behoort aan die hoofstroomdiskoers; dit bied leerders ook ’n geleentheid om deel te neem aan die debat. Maar die Grys Boek verskaf die bron sonder om enige van die nodige konteks vir die veldslag aan die leerder bekend te maak. Deur nie daardie konteks te verskaf nie, kom die hoofstroomdiskoers voor as die enigste aanvaarbare diskoers, wat kan lei tot die ontstaan van kontroversiële gesprekke of selfs dat die onderwerp totaal vermy word.

Ongeag die klein verskille in die manier waarop die drie geanaliseerde handboeke die inhoud oor die Slag van Cuito Cuanavale aanbied, kan daar gesien word dat die hoofstroomdiskoers heersend is en dat dit doelbewus die amptelike diskoers aan die leerders voorhou. Deur die drie handboeke te analiseer, kon daar duidelik gesien word dat die hoofstroomdiskoers gelykstaande is aan die amptelike perspektief wanneer in ag geneem word dat Suid-Afrika se amptelike voorgeskrewe handboek goedgekeur moet wees voordat dit gepubliseer word.



© University of Pretoria

#### 5.3.1.2 Diskoerse swak op die voorgrond

Nadat die analise in die vorige hoofstuk aangebied is, is bepaal, deur die diskoerse wat in al drie handboeke voorkom te vergelyk, dat bepaalde diskoerse ‘swak’ op die voorgrond verskyn. Dit word vervolgens bespreek.

***Nasionalistiese bewegings: Jonas Savimbi en Agostinho Neto***

Elk van die geanaliseerde handboeke plaas die bevrydingsbewegings van Angola op die voorgrond , maar daar word op verskillende aspekte van die drie bewegings gefokus, in plaas daarvan om op alle aspekte van die betrokke bevrydingsbewegings te fokus, wat daartoe lei dat nie ’n enkele diskoers voorgestel word nie. Die bewegings se belangrikheid in terme van die Slag van Cuito Cuanavale word ook beperk tot die rol wat slegs twee nasionalistiese bewegings gespeel het, naamlik die MPLA en UNITA.

Oor die algemeen bevat elk van die drie handboeke ’n beskrywing van die drie bewegings en verskaf basiese agtergrond waardeur hulle (die MPLA, UNITA en FNLA) aan die leerder voorgestel word. Hierdie beskrywings van die drie groepe is nie buitengewoon nie, en kan maklik raakgesien word in die inleiding en agtergrond tot enige bespreking van beide die Angolese Burgeroorlog en die Slag van Cuito Cuanavale. Wat die handboeke wel doen, is om te fokus op sekere aspekte van die drie bevrydingsbewegings waardeur hulle ’n soort voorkeur kommunikeer vir die een groep (MPLA) bo ’n ander (UNITA). Hierdie kan raakgesien word in die Wit Boek waar hewig uitgebrei word oor die nalatenskap van Jonas Savimbi, veral met betrekking tot sy samewerking met die apartheidstaat. Die oordeel wat uitgespreek word oor Savimbi is nie ongegrond nie, veral omdat Savimbi se samewerking met die apartheidstaat goed gedokumenteer is en breedvoerig bespreek is (Beck, 2018; Gleijeses, 2002a; Scholtz, 2020). Dieselfde oordeel kom nie net voor in die Wit Boek nie, maar ook in die Blou Boek, waar dieselfde eksterne bronne gebruik is om die nalatenskap van Savimbi uit te beeld.

’n Ander diskoers wat sterk deurgekom het in al drie handboeke, maar nie baie aandag en verduideliking geniet het nie, is die idee dat die MPLA die superieure beweging was. Hierdie aanname word gemaak aan die hand van hul posisie as die regerende party van Angola sedert middel tot laat 1970’s. Die diskoers wat gevoer word, veral in die



© University of Pretoria

Blou en Grys Boeke, is dat die MPLA se gewapende vleuel, FAPLA, die Slag van Cuito Cuanavale teen die SAW wat net buite Cuito Cuanavale geposisioneer was, gewen het. Die taalgebruik is vaag in beide handboeke oor wie die oorwinning by Cuito Cuanavale behaal het, maar die vae taalgebruik lei daartoe dat dit moet voorkom as ’n Angolese (MPLA) oorwinning. Die diskoers dat die MPLA oftewel die Angolese ’n oorwinning daar behaal het word deur Scholtz (Scholtz, 2009; Scholtz, 2010; Scholtz, 2018) betwis, waarin hy dit duidelik maak dat die MPLA-regering ’n beslissende nederlaag ervaar het veral met betrekking tot die eerste fases van die Slag van Cuito Cuanavale rondom die Lomba-rivier.

Die vertolking oor die ‘wenners’ by Cuito Cuanavale behoort nie juis te handel oor wie ‘gewen’ het tussen die MPLA en die SAW nie, maar eerder oor wie ‘gewen’ het tussen die SAW en Kuba. Die nasionalistiese bewegings in Angola het staatgemaak op hul bondgenote om tot hul redding te kom, en die vertolking van die MPLA as wenners kan moontlik verder bydra tot kontroversie weens die interafhanklikheid tussen die Kubane en die MPLA asook tussen die SAW en UNITA.

Hierdie onderafdelings wys watter diskoerse deur die geanaliseerde handboeke voorgehou word en watter boodskap(pe) die handboeke aan die leerders wil kommunikeer. Opsommend kan daar gesien word dat die Angolese Burgeroorlog nie geskei kan word van die Slag van Cuito Cuanavale nie, en dat dit dien as belangrike konteks om te verstaan hoekom Cuito Cuanavale ’n ‘last stand’-oomblik tussen die MPLA en UNITA was, asook tussen die verteenwoordigers van die Weste (Suid-Afrika) en die Oosblok (Kuba). Daar moet in gedagte gehou word dat konflikte van die vorige eeu nie in ’n vakuum plaasgevind het nie, en dat die Koue Oorlog ’n beduidende rol in die Angolese Burgeroorlog gespeel het. Daarom is daar ook gekyk na die manier waarop die geanaliseerde handboek hierdie uitbreiding van die Koue Oorlog na Afrika hanteer het. Verder is daar nie ’n Slag van Cuito Cuanavale sonder die Angolese bevrydingsbewegings wat meegeding het vir mag oor Angola nie. Die handboeke moet die drie bewegings bekendstel en verklaar hoekom hulle saam met spesifieke lande gewerk het om hul doel te bereik om beheer van Angola te verkry. Hierdie laaste kernaspek word wel op die voorgrond geplaas, maar dit staan nie prominent uit in al



© University of Pretoria

drie die handboeke nie, en word anders deur elke handboek behandel. Hierdie drie kernelemente is krities tot die verstaan van nie net die Slag van Cuito Cuanavale nie, maar ook hoekom daar spesifieke perspektiewe bestaan. Weens die MPLA se keuse om saam met die USSR en Kuba te werk, het dit regstreeks gelei tot die betrokkenheid van die VSA. Die VSA wat op daardie stadium kort voor die begin van die burgeroorlog vanuit Viëtnam onttrek het, was op soek na 'n bondgenoot in die streek wat gelei het die betrokkenheid van Suid-Afrika wat self sy eie strategiese doelwitte in die streek gehad het. Weens die samekoms van al die faktore het die Slag van Cuito Cuanavale plaasgevind en 'n einde gebring aan die Koue Oorlog in Afrika, nasionale bevryding in Suidwes-Afrika (Namibië) en selfs binne Suid-Afrika met die oorgang na 'n nuwe demokratiese bestel.

### 5.3.2 Diskoerse op die agtergrond

Die Geskiedenishandboek as 'n genre het die doel om 'n verhaal, oftewel 'n narratief, te skep wat die doel het om die nodige kennis oor die verlede (geskiedenis) aan die leerder oor te dra soos wat dit deur die samesteller van die handboek bepaal word (Klerides, 2010). Die handboek het ook die doel om leerders sekere vaardighede soos historiese ondersoek te leer soos deur die KABV (2011) uiteengesit. As 'n genre, soos enige ander genres (Huckin, 1997), kan die Geskiedenishandboek redelik maklik gemanipuleer word om inhoud te versteek en uit te laat (stiltes). Hierdie afdeling fokus op wat die gekose handboeke gekies het om op die agtergrond te plaas deur die inhoud te beperk, waar die redes daarvoor uiteenlopend kan wees, sowel as die stiltes (uitlatings) in die narratief, wat op manipulasie van die leser kan dui (Huckin, 1997). Beide hierdie genoemde elemente vorm deel van dit wat op die agtergrond geplaas word en word apart bespreek.

Binne die konteks van hierdie studie en die identifisering van stiltes rakende die Slag van Cuito Cuanavale om heersende perspektiewe te ontleed, moes daar aandag geskenk word aan twee aspekte voordat stiltes geïdentifiseer kon word. Ten opsigte van diskoerse en perspektiewe op die agtergrond, word daar gekyk na die inhoud wat wel genoem word, maar wat nie prominent is nie of selfs nie op uitgebrei word nie. Deur die drie gekose handboeke te analiseer, is daar gevalle waar inhoud op die agtergrond



© University of Pretoria

geplaas is. Redes hiervoor kan moontlik spruit vanuit die beperking op ruimte in handboeke en die beperkings wat geplaas word op die samestellers.

Die doel en die aard van handboeke as ’n politieke en kommersiële produk (Apple & Christian-Smith, 2017) is om die amptelike kennis te vertolk wat belanghebbendes van die produk aan die samelewing, oftewel die leerders, wil oordra. Binne hierdie raamwerk moet ook in ag geneem word dat nie alles ’n politiese of verskuilde agenda bevat nie, en dat uitsluitings of selfs in die geval van die agtergrond, te doen kan hê met beperkings in ruimte in die handboek. Die drie geanaliseerde handboeke handhaaf nie ’n uniforme aantal bladsye wat toegewy word aan die onderwerp nie (die Blou Boek maak gebruik van 15 bladsye teenoor die Grys Boek se 11 bladsye en die Wit Boek se tien bladsye) en kan ’n aanduiding wees ten opsigte van hoeveel ruimte die samestellers gehad het om te voldoen aan die minimum kurrikulumstandaarde soos in die KABV-Geskiedenis uiteengesit. Buiten die ruimte en koste-argument, moet belangrikheid ook in ag geneem word wanneer gekyk word na die versteekte inhoud, al dan nie, op die agtergrond én die stiltes in die handboek. Samestellers moet die moeilike en kontroversiële taak verrig om kennis vanuit ander diskoerse soos die vakdissipline van Geskiedenis te herkontekstualiseer (Klerides, 2010) om sodoende ’n narratief te skep rondom die onderwerp waar daar beslis moet word oor die belangrikheid van sekere aspekte van die inhoud wat geskep word.

***Kolonialisme en die onttrekking van Portugese koloniale beheer***

Kolonialisme en die invloed van die Portugese koloniale heerskappy speel ’n belangrike rol in die verhaal van Angola se onafhanklikheid, en dit het gelei tot die ontstaan van die Angolese bevrydingsbeweging wat uiteindelik die Angolese Burgeroorlog tot gevolg gehad het. In twee van die geanaliseerde handboeke word die aspek rondom Portugal se koloniale betrokkenheid in Angola tot ’n beperkte mate bespreek. In die Wit Boek en Grys Boek word slegs beperkte inligting verskaf oor die impak van kolonialisme, sowel as die onttrekking van Portugal uit Angola en die redes daarvoor. Hierdie staan in kontras met die Blou Boek wat ’n deeglike beskrywing aanbied van die impak wat Portugal gehad het op die inheemse bevolking van Angola, sowel as die redes wat daartoe gelei het dat Portugal uit Angola onttrek het. Hierdie beperkte agtergrond van



© University of Pretoria

kolonialisme in Angola word selfs anders deur die Wit en Grys Boeke behandel. Die Wit Boek sluit min tot geen inhoud in oor die onttrekking van Portugal vanuit Angola, terwyl die Grys Boek slegs ’n verwysings daarna gee en noem dat Portugal haastig uit Angola onttrek het. Wat hier uitstaan, is die feit dat die verskillende handboeke nie oorstem met hoe die koloniale verlede van Angola hanteer moet word nie, en in die geval van die Wit Boek wil dit voorkom asof die klem elders geplaas word. Die verskillende maniere waarop die kwessie aangespreek word, dui nie daarop dat daar ’n doelbewuste manipulering voorkom nie, maar eerder dat keuses gemaak moes word oor waarop die handboek moet fokus. Dus kan daar voorgestel word dat die diskoers wat oor die algemeen gevoer word met betrekking tot die koloniale geskiedenis van Angola, soos dit verband het met die uitbreking van die burgeroorlog, een is waar kolonialisme en die uitwerking daarvan nie belangrik is nie.

Die Portugese onttrekking vanuit Angola het verder ’n probleem veroorsaak in die verhaal van Angola se onafhanklikheid waar dit gelei het tot die ontstaan van opponerende bevrydingsbewegings wat elk meegeding het om beheer van die mineraalryke land te verkry.

***Nasionalistiese bewegings van Angola***

Die drie geanaliseerde handboeke bied die inhoud oor die drie prominente bevrydingsbewegings op verskillende maniere aan en dit kom voor asof daar, weereens, verskille ontstaan oor die belangrikheid en die aanbieding van die ontstaan, vorming en ondersteuningsbasis van die bevrydingsbewegings. Die Blou Boek bied ’n deeglike aanbieding aan oor die bevrydingsbewegings wat in kontras staan teenoor die Wit en Grys boeke se aanbieding. Die Wit Boek het besluit om ’n beknopte verduideliking aan te bied oor die bevrydingsbewegings deur ’n tabel te verskaf wat die nodigste inligting insluit oor die drie bewegings. Die tabel waarna verwys word, noem selfs nie eksplisiet watter ideologie enige van die bewegings aanvoer nie, en meld slegs die lande waarvan hulle ondersteuning ontvang het. As daar in ag geneem word dat assesserings dikwels die leerders se kennis toets oor die bewegings en die ideologie wat hulle voorstaan, is dit nodig om sulke inligting in te sluit. Die Grys Boek bevat wel ’n beskrywing waar die fokus nie op die groepe is nie, maar eerder op die verhouding



© University of Pretoria

tussen die beweging en die lande wat hulle ondersteun. Hier kan weereens geargumenteer word dat dit neerkom op ’n kwessie van belangrikheid eerder as ’n kwessie van verskuiling en manipulering.

Daar is ook opgelet dat die drie handboeke soms meer klem op die persoonlikheid van een of twee van die bevrydingsbeweging plaas eerder as op die beweging self. Hierdie kan gesien word in veral die Blou en Wit Boeke waar Jonas Savimbi op die voorgrond geplaas word deur visuele en eksterne bronne oor Savimbi in te sluit. Deur te fokus op die persoonlikheid eerder as die beweging, kan gesien word as ’n soort ‘groot man’-vertolking van geskiedenis wat die rol en impak van die gewone mense op die agtergrond plaas.

Die inhoud wat die drie geanaliseerde handboeke duidelik op die agtergrond plaas, is uiteenlopend, dus word die inhoud wat ‘versteek’ is of selfs net ’n kleiner deel maak van die totale inhoud, nie dieselfde in al drie die handboeke behandel nie. Die feit dat gestandaardiseerde handboeke, wat deur ’n deeglike keuringsproses moet gaan, verskillende idees het rakende die manier waarop hulle die voorgeskrewe inhoud aanbied, dui daarop dat daardie inhoud wat op die agtergrond geplaas word, nie juis as belangrik beskou word nie of selfs dat daar ’n aanduiding is van multiperspektiwiteit omdat daar op ander aspekte gefokus word waarop die ander handboeke nie fokus nie. Hierdie kan gesien word as ’n problematiese aspek wanneer handboeke op so ’n manier saamgestel word. Aan die een kant is daar ’n aanduiding van onafhanklikheid vanaf die komitee aan handboekuitgewers, maar aan die ander kant lei dit daartoe dat eksamenopstellers vanuit ’n sekere handboek die nasionale eksamens opstel wat sommige leerders nie gebruik nie. Sonder ’n gestandaardiseerde inhoudsraamwerk kan dit daartoe lei dat leerders benadeel word in die nasionale eksamen aan die einde van die leerder se matriekjaar.

### 5.3.3 Geïdentifiseerde stiltes

Stiltes soos deur Huckin (2002) uiteengesit, bepaal dat dit eerstens inligting oftewel diskoerse in die teks is wat deur middel van uitlating nie in die teks verskyn nie. Huckin stel verder voor dat die stiltes geklassifiseer kan word volgens die rede(s) hoekom daardie stiltes voorkom. Daardie stiltes word soos volg geklassifiseer: spraakhandeling-



© University of Pretoria

stiltes, voorveronderstellende stiltes, diskrete stiltes, genregebaseerde stiltes en manipulerende stiltes (Huckin, 2002). Vir die doeleindes van hierdie studie is besluit om te fokus op slegs twee stiltes, naamlik manipulerende stiltes en genregebaseerde stiltes. In die geanaliseerde handboeke kom daar stiltes voor wat as manipulerende stiltes geklassifiseer kan word. Ter herinnering kan manipulerende stiltes gedefinieer word as relevante inligting wat met opset versteek word ten koste van die gebruiker van die handboek, en wat die samesteller van die teks bevoordeel (in dié geval kan die samesteller van die teks gesien word as beide die uitgewer of die entiteit wat die opdrag gegee het om die teks saam te stel, soos die Onderwysdepartement) (Huckin, 2002).

In al die geanaliseerde handboeke word dieselfde inligting op een of ander manier in die handboek se diskoers versteek hetsy met opset (manipulerend) of bloot net gekies word om nie kante te kies nie. ’n Aantal prominente stiltes met betrekking tot die hooffokus van hierdie studie, naamlik die Slag van Cuito Cuanavale, is opgelet. Die Blou Boek het die breedvoerigste diskoers gevoer in vergelyking met die ander twee handboeke (Wit Boek en Grys Boek). Die Blou Boek het daarin geslaag om ’n beknopte, maar relevante, agtergrond tot die aanloop van die Slag van Cuito Cuanavale aan te bied, wat verband hou met die aanloop tot die Slag van Cuito Cuanavale soos wat Velthuizen (2009) voorgestel het, naamlik (1) die Angolese/FAPLA-offensief en die Suid-Afrikaanse intervensie as gevolg daarvan; (2) die eskalering van die konflik by Cuito Cuanavale deur die SAW en die daaropvolgende eskalering van Kuba; en laastens (3) die strategiese dooiepunt wat die weg gebaan het vir vrede in die Suider-Afrika-streek. Deur hierdie konteks te verskaf, al is dit nie breedvoerig gedoen nie, neem die handboek deel aan die gesprek rondom wie die wenners van die Slag van Cuito Cuanavale was en laat die leerder toe om haar/sy eie opinie te vorm oor die uitkoms daarvan. Deur nie hierdie konteks aan te bied nie, soos in die geval van die Wit Boek en Grys Boek, word daardie geleentheid nie aan die leerder gegee nie, wat daartoe lei dat die hoofstroomdiskoers na vore kom en dit word dan deur die teks versterk. Dus kan hierdie stilte geklassifiseer word as ’n manipulerende stilte waar die inhoud nie net versteek word nie, maar ’n teenstellende perspektief ook versteek word.



© University of Pretoria

Verder spreek die Grys Boek ’n interessante aspek oor die Slag van Cuito Cuanavale aan waar daar aktief deelgeneem word aan die debat oor die uitkoms van die veldslag. In hierdie debat distansieer die handboek hom daarvan om eksplisiet ’n uitspraak te maak en maak gebruik van die genre om die oordeel te maak. Geskiedenishandboeke in Suid-Afrika word saamgestel deur gebruik te maak van eksterne sekondêre of, voorbeelde van, primêre bronne om die leerder bloot te stel daaraan, sowel as om ’n ander perspektief oor die inhoud aan te bied (multiperspektiwiteit). Die eksterne bron van *South African History Online* gee twee verduidelikings vir die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. Die eksterne bron bied ’n spesifieke perspektief aan oor die uitkoms van die slag en om daardie perspektief voor te hou as die enigste aanvaarbare perspektief, voer die Grys Boek ’n diskoers wat aansluit by die hoofstroomdiskoers. Deur nie die konteks te verskaf nie, en die leser toe te laat om te glo dat enige ander perspektief nie geldig is nie, dui daarop dat die uitlating van die kritiese agtergrondkonteks as manipulerende stilte voorkom.

Die Wit Boek voer die hoofstroomdiskoers rakende die Slag van Cuito Cuanavale op ’n ander manier aan waar daar glad nie aan enige debat deelgeneem word nie, en die hoofstroomdiskoers is die enigste diskoers wat gevoer word in die teks. Die Wit Boek se aanbieding oor die Slag van Cuito Cuanavale fokus daarop om te verduidelik wat die gevolge daarvan was, en verduidelik glad nie hoe die slag verloop het nie, en bied ook nie ’n bespreking aan oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale nie. Aannames word gemaak rondom die strategiese doelwitte van die SAW en neem aan dat die SAW daarop uit was om die strategiese dorp oor te neem. Hierdie aannames maak dit duidelik dat’n voorkeurdiskoers voorgestel word en deur nie konteks aan te bied oor die opbou tot die veldslag nie, word die diskoers wat aangevoer word, naamlik die hoofstroomdiskoers die enigste logiese vertolking. Die uitlating van die konteks dui daarop dat die samestellers nie die leerders wil toelaat om van ’n ander perspektief kennis te neem nie. Die Wit Boek verduidelik nie konteks nie en neem nie aan die debat deel en daarom is dit duidelik dat die Wit Boek se uitlatings van konteks en bespreking op manipulasie dui.



© University of Pretoria

Buiten die agtergrondkonteks wat daartoe lei dat die leerder nie aan ander perspektiewe blootgestel word nie, is daar ook breër stiltes wat in al drie die geanaliseerde handboeke voorkom. Die rol en impak van die gewone mense wat aan die kant van die SAW geveg het, sowel as die leierskap van die SAW, word totaal uitgelaat en geen bespreking daaroor kom voor in enige van die handboeke nie. Die Grys Boek maak in ’n stadium melding van die gedenkmuur by Vryheidspark in Pretoria waar die name van Kubaanse soldate, wat hul lewe neergelê het vir die stryd teen imperialisme in Angola, verskyn. Daar word egter nie daarop uitgebrei nie en dit word slegs genoem. Hierdie aspek het onlangs tot groot ongelukkigheid in Suid-Afrika gelei omdat nie werklik erkenning gegee is aan die soldate wat aan die SAW se kant hul lewe neergelê het nie. Hierdie aspek is selfs ’n kontroversie waar gevoel word dat die soldate van die SAW nie geveg het vir die vryheid van ’n inklusiewe Suid-Afrika nie, maar eerder vir die behoud van apartheid Suid-Afrika (Baines, 2009). Verder word ook gesien dat die Slag van Cuito Cuanavale binne die konteks van die Angolese Burgeroorlog bespreek word wat die Grensoorlog as ’n gebeurtenis ignoreer. Die uitsluiting van inhoud rakende die SAW-soldate en offisiere wat deelgeneem het aan die Slag van Cuito Cuanavale, die kwessie rondom diensplig en die uitsluiting van Grensoorlog as ’n konsep en gebeurtenis, kom voor as ’n duidelike poging om daardie deel van die geskiedenis te versteek, wat dui op ’n manipulerende stilte.

In die gesprek oor die Slag van Cuito Cuanavale in die drie geanaliseerde handboeke kan gesien word dat prominente politici en joernaliste ’n dominante hoofstroomdiskoers aanvaar wat voorkom as nie net die hoofstroomdiskoers nie, maar eerder as die enigste manier waarop daardie deel van ons verlede beskou kan word. Hierdie diskoers is nie noodwendig verkeerd nie, maar die vraag ontstaan of dit regverdig is in terme van multiperspektiwiteit. In die konteks van apartheid en die bevryding van Afrikane, maak dit sin dat die aksies van die SAW ten sterkste veroordeel word en dat die gebeurtenis deur die oorwinnaars van nasionale bevryding herdenk word. Hierdie manipulerende stiltes vorm deel van die nasionale diskoers en die manier waarop daar gekies word om ons verlede aan te bied, en enige aanspraak daarop om ’n ander perspektief voor te stel, kan beskou word as ’n verdediging van apartheid en die onderdrukking van swart Suid-Afrikaners. Ongeag wie die wenners was en die dominante diskoers wat



© University of Pretoria

aangevoer word, bly dit steeds nodig om vir die leerders ’n algehele narratief aan te bied sodat hulle deur die algehele historiese konteks hul eie aannames kan maak en selfs tot dieselfde slotsom te kom as wat deur die hoofstroom aangevoer word. Deur gebruik te maak van manipulerende stiltes en die gebeure op so ’n manier aan te bied, word die leerder se oordeel uit die proses weggeneem.

### 5.3.4 Kontroversie en multiperspektiwiteit

Na aanleiding van die bespreking wat hierbo plaasgevind het rakende die diskoerse wat óf sterk óf swak op die voorgrond en agtergrond geplaas word of waaroor stiltes bestaan, moet daar, volgens die konseptuele raamwerk, ook ’n bespreking plaasvind wat beskou kan word as kontroversieel, en daar waar multiperspektiwiteit nie teenwoordig is nie. Ter herinnering word kontroversiële onderwerpe in geskiedenis kontroversieel beskou omdat daardie gebeurtenis ’n wye spektrum van perspektiewe behels. Wanneer daar weens sosioëkonomiese of polities redes verskillende interpretasies bestaan oor ’n onderwerp, gaan die nie-amptelike kurrikulum teenoor die amptelike kurrikulum verteenwoordig word, en dit kan lei tot gesprekke waar leerders en hul onderwysers in konflik kan kom.

*Die Slag van Cuito Cuanavale*

Die bespreking wat vervat word in die geanaliseerde handboeke en waaroor daar ’n dominante hoofstroomdiskoers gevoer word met betrekking tot die Slag van Cuito Cuanavale, kan beskou word as kontroversieel weens die stiltes wat daaroor voorkom en die feit dat geen ander perspektiewe toegelaat word nie.

Die Slag van Cuito Cuanavale is veral kontroversieel wanneer daar in rekening gehou word dat die dominante diskoers wat gevoer word die potensiaal het om tot kontroversiële gesprekke in die klaskamer te lei, veral in daardie gevalle waar wit leerders aan die onderwerp voorgestel word. Hierdie groep leerders gaan veral die onderwerp as kontroversieel beskou wanneer hulle hul eie voorkennis en perspektiewe van hul families se ervarings na die klaskamer bring. Kontroversie gaan ontstaan rondom die benoeming van die konflik (Angolese Burgeroorlog teenoor Grensoorlog), sowel as die vertolking van die gebeure rondom die Slag van Cuito Cuanavale, waar die ervarings van die dienspligtiges nie in rekening gebring word nie.



© University of Pretoria

Verder is die vertolking van hierdie klimatiese gebeurtenis ook nie gebaseer op beginsels van multiperspektiwiteit nie. Die aanbieding van die Slag van Cuito Cuanavale is van so aard dat slegs een perspektief voorgestel word wat daartoe lei dat die hoofstroomdiskoers voorgehou word as die enigste aanvaarbare diskoers. Alhoewel die Grys Boek gepoog het om die opponerende diskoers aan te bied, het die boek dit egter duidelik gemaak dat daardie diskoers nie beskou moet word as ’n aanvaarbare een nie.

As daar in ag geneem word dat kontroversie verwys na gebeure waaroor verskillende perspektiewe bestaan, soos die Slag van Cuito Cuanavale, kan daar gewys word dat die Slag van Cuito Cuanavale kontroversieel is weens die stiltes rakende die veldslag, maar dat dit ook nie voldoen aan die vereistes van multiperspektiwiteit soos deur die KABV-Geskiedenis uiteengesit nie.

*Die uitbreiding van die Koue Oorlog en die onafhanklikheid van Angola*

Die uitbreiding van die Koue Oorlog word algeheel op die voorgrond geplaas en ’n diskoers word gevoer waar die Angolese Burgeroorlog beskou moet word as slegs ’n uitbreiding van die Koue Oorlog. Hierdie diskoers verklaar die rol van die buitelandse moondhede as ’n stryd om mag en invloed oor Afrika en die Weste gesien word as teenstanders van die onafhanklikheid van Afrika, teenoor die Ooste wat dit aktief dryf.

Hierdie diskoers kan wel voorkom as ’n kontroversiële een, veral wanneer in ag geneem word dat die diskoers ten gunste van ’n dekoloniseringsdiskoers gevoer word. Deur die Koue Oorlog-diskoers te voer, kom die proses van onafhanklikheid in Angola voor as net nog ’n voorbeeld van internasionale uitbuiting in Afrika teenoor die onafhanklikheidstryd wat in Angola gevoer is.

In die meerderheid van die geanaliseerde handboeke word daar wel verwys na die rol van kolonialisme en daar kan dus gesien word dat die Angolese Burgeroorlog gesien word as ’n uitbreiding van die Koue Oorlog, sowel as ’n onafhanklikheidstryd teen kolonialisme en imperialisme. Daarom is daar ’n mate van multiperspektiwiteit in die diskoers oor die Koue Oorlog en onafhanklikheidstryd van Angola teenwoordig.



© University of Pretoria

*Die nasionalistiese bewegings van Angola*

Die nasionalistiese bewegings van Angola word voorgestel as teenstellende bewegings veral wanneer die MPLA en UNITA bespreek word. Dit lei daartoe dat ’n diskoers gevoer word met die MPLA as nie net die voorkeurbeweging nie, maar as die beweging wat geregtelik aan die stuur van Angola hoort. Dit word gestel teenoor Savimbi se UNITA wat weens sy alliansie met die Weste en veral die apartheidstaat van Suid-Afrika, beskou word as ’n Afrika-leier wat teen die ideale van Afrika-onafhanklikheid gewerk het.

Hierdie diskoers kan nie juis beskou word as kontroversieel nie, veral as daar in gedagte gehou word dat UNITA op die lange duur verantwoordelik is vir die burgeroorlog wat eers in die vroeë 2000’s geëindig het. Wat wel hier duidelik is, is dat daar nie ’n groot mate van multiperspektiwiteit teenwoordig is nie. Al drie die handboeke het dieselfde diskoers rakende Jonas Savimbi en Agostinho Neto gevoer, en soortgelyke bronne in ingesluit om die diskoers te bevorder.

Alhoewel Savimbi se dade nie geregverdig kan word nie, word daar nie ’n ander perspektief rakende hom en sy beweging in die drie handboeke gebied nie, en dus word die diskoers beskou as ’n eensydige diskoers.

**5.4 Bevindings van analise**

Uit die bespreking hierbo, is bevind dat die drie geanaliseerde handboeke 'n duidelike hoofstroomdiskoers aanvoer wat aansluit by die populêre diskoers in die samelewing, wat bepaal word deur daardie mense wat direk beïnvloed is deur die stryd om bevryding in Suider-Afrika.

Die heersende perspektiewe wat voorgekom het rakende die Slag van Cuito Cuanavale en wat in die handboek gevind is, het doen met die aanvaarde vertolking van die veldslag en word deur die regerende party en mense in die samelewing bepaal wat gesien kan word as die oorwinnaars van die stryd om nasionale bevryding. Hierdie perspektief kan beskryf word as die hoofstroomperspektief en dit stel voor dat die SAW ’n beslissende verlies gely het by die dorp van Cuito Cuanavale, en dit het die idee van SAW-superioriteit verwyder wat uiteindelik bygedra het tot die einde van apartheid in



© University of Pretoria

Suid-Afrika, bevryding van Namibië en die einde van imperialisme en ’n wit minderheidsregering in Suider-Afrika.

Hierdie perspektief is teenwoordig in die graad 12-Geskiedenishandboeke omdat dit die aanvaarde vertolking is van die verlede, dit wil sê dat dit die manier is waarop die verlede gesien moet word vir die doeleindes om ’n Afrosentriese nasionale geskiedenis te vorm. Hierdie vertolking is daarom amptelik en deel van die programmatiese kurrikulum. Daar is ook ’n element binne hierdie vertolking wat aandui hoe die regering wil hê die aspek van verlede onthou moet word en dui daarop aan hoe ons die gewelddadige verlede bestudeer in ons handboeke. Net soos wat die Grieke probeer sin maak het van hulle eie nasionale ontstaan deur te kyk na die interne politiek van die land gedurende die Eerste Wêreldoorlog (Vacharoglou, 2018), so ook kan die slag gesien word as ’n manier om oor ons verlede te besin en te wonder oor die ontstaan van nuwe Suid-Afrika en die rigting waarin ons as ’n land beweeg. Dit kan opgesom word soos volg: dat die oorwinning van die magte van bevryding daartoe gelei het dat die meerderheid van ons samelewing uiteindelik ’n kans gestaan het om teen die apartheidsregering op te staan en selfs die apartheidsregering te verslaan.

Deur te kyk na die stiltes wat teenwoordig is in die handboek, soos hierbo bespreek, kan gesien word dat daardie stiltes, alhoewel manipulerend, bydra tot die nasionale diskoers en dat dit probeer wys dat die magte wat gebruik was om te onderdruk (hoewel hulle en hul leiers verswyg word), ook verslaan kon word. Hierdie debat het met meer te doen as slegs wie die veldslag gewen en wie verloor het. Op die einde van die dag en wanneer die gebeure wat daarna plaasgevind het in ag geneem word, maak dit nie meer saak wat die operasionele doelwitte van die SAW was nie. Ongeag of die SAW wel gewen het, kon die apartheidsregering nie daarin slaag om die winde van verandering teen te staan nie, en die lewens van daardie wat nie gekies het om te gaan veg nie, is prysgegee vir ’n nasionale projek wat waarskynlik nooit sou slaag nie.

### 5.4 Persoonlike en professionele refleksie

In Hoofstuk 1 was die doel van die rasionaal en motivering om te verklaar hoekom ek hierdie navorsing aangepak het en om my subjektiewe waarheid op die voorgrond te



© University of Pretoria

plaas voordat die navorsing aangepak word. Die rasionaal en motivering was dus vooruitskouend terwyl hierdie persoonlike en professionele refleksie terugskouend is.

Hierdie verhandeling was uiters uitdagend vir my en het vir my gewys wat dit verg om navorsing te doen. Navorsing en die skryf daarvan het baie persoonlike en professionele opofferings van my verwag wat ek nie altyd bereid was om te maak nie. As ’n voltydse opvoeder by ’n Hoërskool aan die Johannesburgse Wesrand, was dit veral uitdagend om tyd en aandag aan die verhandeling te gee ten koste van klasvoorbereiding en algemene administrasie. Op ’n persoonlike vlak het ek altyd geglo dat die tyd reg is vir my om nagraadse studies aan te pak omdat ek nie ander verpligtinge buiten my professionele verpligtinge het nie. Terugskouend het ek besef daar was tye waar ek bitter graag wou opskop en nie die verhandeling voltooi nie. Daardie gevoelens is elke keer weggeredeneer en einde ten laaste, ten spyte van opofferings op ’n persoonlike en professionele vlak, kon ek die verhandeling voltooi. Deur te reflekteer oor die gebeure van die laaste drie jaar, is daar egter nie net negatiewe aspekte waarop ek wil fokus nie.

Die navorsingsproses, sowel as die skryfproses oor die algemeen, wat ek by my bekwame studieleiers aangeleer het, het my nuwe insigte gegee oor hoe om leerders voor te berei vir hul eksamens en navorsingsprojekte. Ek het besef dit kom neer op duidelik en kritiese terugvoer wat nie die doel het om afbrekend en vernederend te wees nie, maar eerder iets wat konstruktief die leerders en myself, opbou en lei tot beter denke en insigte.

Die navorsingsproses as ’n geheel het bygedra tot my kennis oor vakinhoud wat betrekking het tot nie net die Slag van Cuito Cuanavale nie, maar ook tot die Angolese onafhanklikheidstryd, die Koue Oorlog in Afrika en die Grensoorlog. Buiten vir nuwe vakkennis en insigte oor die kurrikulum wat ek aanbied, het ek ook geleer om konseptueel meer te begin dink oor die rol van handboeke in my praktyk as nie net ’n opvoedkundige bron nie, maar eerder as ’n produk wat mag besit en die historiese opvoeding van ’n leerder bepaal. Op ’n professionele vlak was hierdie ontdekking krities vir my praktyk gewees omdat die konsep van multiperspektiwiteit vir my net as ’n



© University of Pretoria

gonswoord voorgekom het. Deur hierdie te besef, het ek my praktyk aangepas om ’n breër perspektief aan te bied en te koester in my leerders.

Hierdie studie wat ek aangepak het, was ook nie maklik vir my persoonlike lewe nie en dit het opofferinge genoodsaak. Gedurende die proses om die geskikte paradigmatiese belyning van hierdie studie te vind, het ek ontdek hoe ek die wêreld beskou, en dit het my uitkyk oor gewone interaksies in die wêreld en die gemeenskap waarin ek is beïnvloed. Hierdie meestersverhandeling het my op ’n reis van ontdekking geneem rakende my eie persoonlike persepsies van my kulturele erfenis, sowel as in my praktyk as ’n Geskiedenisonderwyser in die demokratiese Suid-Afrika. As ’n navorser het die studie my blootgestel aan nie net die historiese kennis van die Koue Oorlog-tydperk in Suid-Afrika nie, maar dit het my toegelaat om te struwel met metodologiese en teoretiese konsepte wat nodig was vir die analiseproses. Konsepte soos kontroversiële kwessie, stiltes en herkontekstualisering het my toegelaat om nie net persoonlik anders te kyk na my verlede nie, maar dit het ook bygedra tot ’n nuwe manier van hoe om inhoud in my praktyk as ’n Geskiedenisonderwyser te beskou. Die stemme en opinies van ander is belangrik en dit behoort gekoester en nie onderdruk te word nie. Metodologies het kritiese diskoersanalise en die manier waarop dit aangepak word om stiltes te identifiseer, my bewus gemaak van die krag van woorde en die bedoelde betekenis wat agter ’n mens se uitlatings geïnterpreteer kan word. Ek is vandag versigtiger vir my woorde en ek beskou die manier waarop mense praat en skryf, anders as voor ek die studie aangepak het. Daarom kan die studie vir my beskou word as ’n groeiproses op verskillende aspekte van my lewe.

### 5.7 Slot

Hierdie verhandelinganalise oor die perspektiewe van die Slag van Cuito Cuanavale as deel van die uitbreiding van die Koue Oorlog en die Angolese Burgeroorlog, het gewys dat daar uiteenlopende perspektiewe bestaan oor nie net die Slag van Cuito Cuanavale nie, maar ook oor die Grensoorlog /Angolese Burgeroorlog. Die perspektiewe en die diskoerse wat vervolgens gevorm is as gevolg van daardie perspektiewe, het daarop gedui dat daar in die algemeen slegs een dominante diskoers in die graad 12-Geskiedenishandboeke heers wat aangevoer word deur huidige prominente lede van



© University of Pretoria

die publiek soos politici, joernaliste en akademici. Daardie hoofstroomdiskoers word voorgehou as die enigste aanvaarbare diskoers deur die graad 12-Geskiedenishandboeke en daar word veral nie ruimte geskep vir ander perspektiewe en interpretasies van die Slag van Cuito Cuanavale nie.

Dus kan daar verklaar word dat, ongeag van wie die Slag van Cuito Cuanavale gewen het, daar nie ruimte geskep word vir leerders om hul eie interpretasies te vorm wanneer dit by uiterste kontroversiële onderwerpe soos die Slag van Cuito Cuanavale kom nie. Gevolglik as daar in ag geneem word dat hierdie geanaliseerde handboeke goedgekeur en aanvaar is deur ’n paneel van die Onderwysdepartement vir die publisering daarvan, kan daar gesê word dat die beginsels van multiperspektiwiteit geïgnoreer word wanneer die diskoers teenstrydig is met die ideologie en diskoers wat die regerende party wil voer.

Die Slag van Cuito Cuanavale as deel van die Grensoorlog gedurende die Koue Oorlog en die Angolese Burgeroorlog, is ’n uiterste komplekse historiese gebeurtenis wat plaasgevind het in die gewelddadigste tydperk van Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die diskoerse wat gevoer word, is kontroversieel en krap soms ou wonde oop onder die gesinne, families, gemeenskappe en deelnemers van die veldslag. Ongeag die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale en die gevolge daarvan, moet die verhaal van prominente persone nie ten koste van die gewone mense op die voorgrond geplaas word nie.



© University of Pretoria

## BRONNELYS

Anderson, C. 2008. International conscience, the Cold War, and Apartheid: The NAACP's alliance with the Reverend Michael Scott for South West Africa's Liberation, 1946-1951. *Journal of World History*, 19(3): 297-325.

Angier, K.L., Horner, E.A., Maraschin, J.L., Hobbs, J., Mhlaba, N. & Mowatt, R.L. 2017. *Viva Geskiedenis Graad 12 Leerderboek.* Johannesburg: Vivlia.

Apple, M. & Christian-Smith, L. 2017. The politics of the textbook. 1st ed. London: Taylor and Francis. Beskikbaar by: https://www.taylorfrancis.com/books/e/9781315021089

Asafa, J. 2015. The triple causes of African underdevelopment: Colonial capitalism, state terrorism and racism. *International Journal of Sociology and Anthropology,* 7(3): 75-91

Bai, L. 2018. The impact of the 1894–95 Sino-Japanese War on Japanese and Chinese textbooks: A comparative analysis. In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: Historical and multinational perspectives*. Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Baines, G. 2003. 'South Africa's Vietnam'? Literary history and cultural memory of the Border War. *South African Historical Journal,* 49(1): 172-192.

Baines, G. 2009. Site of struggle: the Freedom Park fracas and the divisive legacy of South Africa's Border War/Liberation Struggle. *Social Dynamics,* 35(2): 330-344.

Baines, G. 2014. *South Africa's 'Border War': Contested narratives and conflicting memories*. London: Bloomsbury Academic.

Beard, M.T. 2000. Concept clarification for knowledge development. *Journal of Theory Construction & Testing*, 4(2): 28.



© University of Pretoria

Beck, S.J. 2018. *Contested historical interpretations and the narrative of the Angolan-South African War 1987-1988 – A military outcome?* Stellenbosch: University of Stellenbosch.

Bentrovato, D. 2017. History textbook writing in postconflict societies: from battlefield to site and means of conflict transformation. In: Psaltis, C., Carretero, M. & Čehajić-Clancy, S. (eds.). History education and conflict transformation: Social psychological theories, history teaching and reconciliation. Springe Nature [Toegang: 29 Maart 2022].

Bentrovato, D. & Rath, I. 2018. A "matter of whites"? Contemporary textbook portrayals of former African colonies in WWI. In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: Historical and multinational perspectives*. Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Bentrovato, D. & Wassermann, J. 2018. Mediating transitional justice: South Africa's TRC in history textbooks and the implications for peace. *Global Change, Peace & Security*, 30(3): 335-351.

Bertram, C. 2016. Recontextualising principles for the selection, sequencing and progression of history knowledge in four school curricula. *Journal of Education,* (6): 27-54.

Bottaro, J., Visser, P. & Worden, N. 2013. *Op soek na geskiedenis graad 12.* 4de uitg. Kaapstad: Oxford University Press.

Breytenbach, W. 1997. Cuito Cuanavale revisited: Same outcomes different consequences. *Africa Insigth,* 27(1): 54-62.

Bridgland, F. 2020. *Cuito Cuanavale 12 months of war that transformed a continent*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Brink, E., Nobrega, C.D., Malinga, M., Verner, J. & Willemse, M. 2013. *Almal verstaan Geskiedenis Graad 12.* Northlands: Macmillan Suid-Afrika.

Callister, G. 2007. *Compliance, compulsion and contest; aspects of military conscription in South Africa, 1952-1992*. Stellenbosch: University of Stellenbosch.



© University of Pretoria

Caroli, D. 2018. The Representation of Wars in History Textbooks for Secondary Schools in the Soviet Union (1940–50). In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: historical and multinational perspectives.* Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Chisholm, L. & Fig, D. 2022. What school textbooks in South Africa say about the Cold War – and why it matters. *The Conversation*. Beskikbaar by: https://theconversation.com/what-school-textbooks-in-south-africa-say-about-the-cold-war-and-why-it-matters-180817 [Toegang: 28 Mei 2022].

Creswell, J.W. & Creswell, J.D. 2018. *Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches.* 5th ed. Thousand Oaks, California: SAGE Publications.

Curthoys, A. & Docker, J. 2013. The SAGE Handbook of Historical Theory. London: SAGE Publications Ltd. Beskikbaar by: https://methods.sagepub.com/book/sage-handbook-of-historical-theory [Toegang: 5 November 2023]

Dados, N. & Connell, R. 2012. The global South. *Contexts*, 11(1): 12-13.

De Jager, L. 2011. *Grensoorlog.* 4 videodiscs (620 min.) : sound, color with black and white seq. ; 624 623/624 in. Beskikbaar by: https://www.multichoicestudios.com/show/die-grensoorlog [Toegang: 7 November 2023]

De Lange, J. 2021. Kuba se 'dienste' kos SA R1,6 mjd. *Rapport*, 23 Mei 2021. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/kuba-se-dienste-kos-sa-r16-mjd-20210523 [Toegang: 12 Julie 2021].

Delgado, M.G. & Lorenzo, M.F. 2018. The school uses of history: The tangled portrayal of the Spanish Civil War in history textbooks (1970–98). In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: historical and multinational perspectives.* Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].



© University of Pretoria

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2018. *The Sage handbook of qualitative research.* 5th ed. Los Angeles: Sage.

Department of Basic Education (DBE). 2013. *National LTSM Catalogue: Grade 12.* Beskikbaar by: https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Publications/2015 LTSM Catalogue Grade 12.pdf?ver=2015-06-11-151801-310 [Toegang: 17 Julie 2020].

De Vries, I. 2017. *Suid-Afrika se Grensoorlog 1966–1989 deur Willem Steenkamp: 'n resensie.* Beskikbaar by: https://www.litnet.co.za/suid-afrika-se-grensoorlog-1966-1989-deur-willem-steenkamp/ [Toegang: 18 Julie 2020].

Dieronitou, I. 2014. The ontological and epistemological foundations of qualitative and quantitative approaches to research. *International Journal of Economics, Commerce and Management,* 2(10): 1-17.

Dladla, N. 2018. The liberation of history and the end of South Africa: some notes towards an Azanian historiography in Africa, South. *South African Journal on Human Rights,* 34(3): 415-440.

Du Bruyn, D. & Wessels, A. 2008. Vrees as faktor in die regse blanke politiek in Suid-Afrika tydens die tweede dekade van die apartheidsera, 1958-1969. *Journal for Contemporary History,* 33(1): 1-16.

Du Pisani, K. 2012. Shifting sexual morality? Changing views on homosexuality in Afrikaner society during the 1960s. *Historia,* 57(2): 182-221.

Du Plessis, T., Van der Westhuizen, G. & Liebenberg, I. 2012. The willing and the not so willing: conscription and resistance to compulsory military service in South Africa, 1968-1989. *Journal for Contemporary History,* 37(2): 143-164.

Du Toit, P. 2008. 'Viering van Cuito-sege belaglik'. *BEELD*, 2008/01/12. Beskikbaar by: https://discover-sabinet-co-za.uplib.idm.oclc.org/document/6312739 [Toegang: 18 Mei 2020]

Durdella, N. 2019. Qualitative dissertation methodology: a guide for research design and methods. Thousand Oaks, California: SAGE Publications. Beskikbaar by:



© University of Pretoria

https://methods.sagepub.com/book/qualitative-dissertation-methodology [Toegang: 11 April 2023]

Eidelberg, P. 2015. Tempest in a teacup? The Angolan War as Cold War template, 1975-1989. In: Liebenberg, I., Risquet, J. & Shubin, V. (eds.). *A far-away war: Angola 1975-1989*. Stellenbosch, SOUTH AFRICA: African Sun Media. Beskikbaar by: http://ebookcentral.proquest.com/lib/pretoria-ebooks/detail.action?docID=6321094 [Toegang: 30 Januarie 2022].

Fairclough, N. 1992. *Discourse and social change.* Cambridge, UK: Polity Press.

Fairclough, N. 2003. *Analysing discourse: textual analysis for social research.* London: Routledge.

Fernandez, M., McMahon, M.J.S.P.P. & Wills, Y.S.L. 2013. *Verken Geskiedenis graad 12.* Kaapstad: Pearson Suid-Afrika.

Fine-Meyer, R. 2018. In the "spirit of courage and sacrifice": shaping collective memories in school history textbooks in Ontario, Canada (1921–2001). In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: historical and multinational perspectives*. Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Foster, S. & Nicholls, J. 2005. America in World War II: an analysis of history textbooks from England, Japan, Sweden, and the United States. *Journal of Curriculum & Supervision,* 20(3): 214-233.

Fulda, D. 2014. Historiographic narration. In: Hühn, P., Meister, J.C., Pier, J., Schmid, W. & Hühn, P. (eds.). *Handbook of narratology*. Berlin/Boston: De Gruyter, Inc. Beskikbaar by: http://ebookcentral.proquest.com/lib/pretoria-ebooks/detail.action?docID=1317870 [Toegang: 18 Julie 2021]

Gee, J.P. 2011. *An introduction to discourse analysis: theory and method.* 3rd ed. Milton Park, Abingdon: Routledge.



© University of Pretoria

Geldenhuys, J. 2011. *Ons was daar: wenners van die oorlog om Suider-Afrika.* 2de uitg. Pretoria: Kraal Uitgewers.

Giliomee, H. 2012. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Given, L. 2008. The SAGE Encyclopedia of Qualitative Research Methods. Thousand Oaks, California: SAGE Publications. Beskikbaar by: https://methods.sagepub.com/reference/sage-encyc-qualitative-research-methods [Toegang: 16 April 2023]

Gleijeses, P. 2002a. *Conflicting missions: Havana, Washington, and Africa, 1959-1976.* Chapel Hill: University of North Carolina Press.

Gleijeses, P. 2002b. *South Africa's friends. Conflicting missions: Havana, Washington, and Africa, 1959-1976*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.

Gleijeses, P. 2007. Cuito Cuanavale revisited. *Mail & Guardian.* Beskikbaar by: https://www-pressreader-com.uplib.idm.oclc.org/south-africa/mail-guardian/20070706/page/29 [Toegang: 18 Mei 2020].

Gleijeses, P. 2013a. The New York agreements. *Visions of Freedom: Havana, Washington, Pretoria, and the Struggle for Southern Africa, 1976-1991.* Chapel Hill: University of North Carolina Press.

Gleijeses, P. 2013b. *Visions of Freedom: Havana, Washington, Pretoria, and the Struggle for Southern Africa, 1976-1991.* Chapel Hill: University of North Carolina Press.

Grant, C. & Osanloo, A. 2014. Understanding, selecting and integrating a theoretical framework in dissertation research: Creating the blueprint for your "house". *Administrative Issues Journal: Connecting Education, Practice and Research*, 4(2): 12-26.

Harari, Y.N. 2007. The concept of "decisive battles" in world history. *Journal of World History,* 18(3): 251-266.

Harris, D.J. 2020. Literature review and research design: a guide to effective research practice. London: Routledge, Taylor & Francis Group. Beskikbaar by:



© University of Pretoria

https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5984798 [Toegang: 12 Februarie 2022].

Hill, A. 2021. Review essay: "We carried out our [international] duty!": The Soviet Union, Cuito Cuanavale, and wars of national liberation in Southern Africa. *The Journal of Slavic Military Studies,* 34(1): 139-158.

Huckin, T. 1997. Critical discourse analysis. In: Miller, T.E. (ed.). *Functional approaches to written text: Classroom applications*. Washington, DC: United States Information Agency.

Huckin, T. 2002. Textual silence and the discourse of homelessness. *Discourse and Society,* 13(3): 347-372.

Issitt, J. 2004. Reflections on the study of textbooks. *History of Education,* 33(6): 683-696.

Johnstone, B. 2018. *Discourse analysis.* 3rd ed. Hoboken, NJ: John Wiley & Sons.

KABV. 2011. *Nasionale kurrikulum- en assesseringsbeleidverklaring: Geskiedenis (VOO).* Beskikbaar by: https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/National%20Curriculum%20Statements%20and%20Vocational/CAPS%20FET%20%20AFRIKAANS%20%20GESKIEDENIS%20GR%2010-12%20%20WEB.pdf?ver=2015-01-27-154711-153 [Toegang: 12 Julie 2020].

Kasrils, R. 2013. Cuito Cuanavale, Angola 25th anniversary of a historic African battle. *Monthly Review: An Independent Socialist Magazine*, 64(11): 44-51.

Klerides, E. 2010. Imagining the textbook: Textbooks as discourse and genre. *Journal of Educational Media, Memory & Society,* 2(1): 31-54.

Kivunja, C. & Kuyini, A.B. 2017. Understanding and applying research paradigms in educational contexts. *International Journal of Higher Education,* 6(5): 26-41.

Labuschagne, B. 2009. *South Africa's intervention in Angola: Before Cuito Cuanavale and thereafter.* Stellenbosch: Stellenbosch University.



© University of Pretoria

Lambert, J. 2009. 'An unknown people': Reconstructing British South African identity. *The Journal of Imperial and Commonwealth History,* 37(4): 599-617.

Lamola, M.J. 2018. The de-Africanisation of the African National Congress, Afrophobia in South Africa and the Limpopo River fever. *Filosofia Theoretica: Journal of African Philosophy, Culture and Religions,* 7(3): 72-93.

Lange, J.D. 2021. Kuba se 'dienste' kos SA R1,6 mjd. *Rapport*, 23 Mei 2021. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/kuba-se-dienste-kos-sa-r16-mjd-20210523 [Toegang: 12 Julie 2021].

Leffler, M.P. & Westad, O.A. 2010. *The Cambridge history of the Cold War.* Cambridge: Cambridge University Press.

Levander, C. & Mignolo, W. 2011. Introduction: The Global South and World Dis/Order. *The Global South,* 5(1): 1-11.

Lilliedahl, J. 2015. The recontextualisation of knowledge: Towards a social realist approach to curriculum and didactics. *Nordic Journal of Studies in Educational Policy,* 2015(1): 27008.

Locke, T. 2004a. *Critical discourse analysis.* London: Bloomsbury Publishing Plc.

Locke, T. 2004b. *Critical discourse analysis: Critical discourse analysis as research methodology.* London: Bloomsbury Publishing.

Lorenz, C. 2008. Drawing the line: 'Scientific' history between myth-making and myth-breaking. In: Berger, S., Eriksonas, L. & Mycock, A. (eds.). *Narrating the nation: Representations in history, media and the arts*. New York: Berghahn Books Incorporated.

Maqhina, M. 2021. *De Lille says employment of Cubans due to challenges of attracting and retaining technical skills*. Beskikbaar by: https://www.iol.co.za/news/politics/de-lille-says-employment-of-cubans-due-to-challenges-of-attracting-and-retaining-technical-skills-b05461b4-515b-4943-8164-49f18a783b84 [Toegang: 12 Julie 2021].



© University of Pretoria

Marc, T. 2012. *The Cold War and after: History, theory, and the logic of international politics.* Princeton: Princeton University Press.

Mazzone, N. 2021. *Government pays R1.4bn and counting on Cuban employment agreements*. Beskikbaar by: https://www.da.org.za/2021/07/government-pays-r1-4bn-and-counting-on-cuban-employment-agreements?fbclid=IwAR2tSaIr4ViFcK9jF0r9RPPXvWaq4fFh7cfBPweQjL4jcXbz8ZvaCZ4wZuQ [Toegang: 12 Julie].

McFarlane, N. 2022. Across the border : surviving the secret war in Angola. First edition. ed. Cape Town: Tafelberg.

Megret, F. 2011. War and the vanishing battlefield. *Loy. U. Chi. Int'l L. Rev.,* 9: 131.

Merriam, S.B. & Tisdell, E.J. 2015. *Qualitative research: A guide to design and implementation.* Newark: John Wiley & Sons, Incorporated.

Mlambo, A.S. 1998. Building a white man's country: Aspects of white immigration into Rhodesia up to World War II. *Zambezia,* 25(2): 123-146.

Morgan, K. & Henning, E. 2013. Designing a tool for history textbook analysis. *Forum Qualitative Sozialforschung,* 14.

Mugovhani, G. & Seda, O. 2018. *The strategic repositioning of arts, culture and heritage in the 21st century.* Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Nieuwenhuis, J. 2017a. Analysing qualitative data. In: Maree, K. (ed.). *First steps in research*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.

Nieuwenhuis, J. 2017b. Introducing qualitive research. In: Maree, K. (ed.). *First steps in research*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik,

Olwagen, Christiaan. Kanarie. Marche Media, kykNET, 2018.

Oosthuizen, G.J.J. 2017. Operasie Packer, Maart-April 1988, Suidoos- Angola: Tumpo, Tumpo en nogmaals Tumpo!!! / Operation Packer, March-April 1988, South Eastern Angola: Tumpo, Tumpo and once more Tumpo!!! *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 57(3): 756-771.



© University of Pretoria

Otto, A. 2014. Sosiolinguistiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (eds.). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Pace, J.L. 2019. Contained risk-taking: Preparing preservice teachers to teach controversial issues in three countries. *Theory & Research in Social Education,* 47(2): 228-260.

Partner, N. & Foot, S. 2013. The SAGE Handbook of Historical Theory. London: SAGE Publications, Ltd. Beskikbaar by: https://methods.sagepub.com/book/sage-handbook-of-historical-theory [Toegang: 5 November 2023]

Pearcy, M. 2019. "We are not enemies": An analysis of textbook depictions of Fort Sumter and the beginning of the Civil War. *History Teacher,* 52(4): 595-614.

Prince, L. 2022. Weermag se medisyne uit Kuba nou op pad terug soontoe. *Beeld*. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/covid-19/weermag-se-medisyne-uit-kuba-nou-op-pad-terug-soontoe-20220126 [Toegang: 17 Februarie 2023].

Rewhorn, S. 2018. Writing your successful literature review. *Journal of Geography in Higher Education,* 42(1): 143-147.

Rigney, A. 2013. History as text: Narrative theory and history. In: Foot, N.P.S. (ed.). *The SAGE Handbook of Historical Theory*. London: SAGE Publications, Ltd. Beskikbaar by: https://methods.sagepub.com/book/sage-handbook-of-historical-theory [Toegang: 5 November 2023]

Ross, R. 2008. *A concise history of South Africa.* 2nd ed. Cape Town: Cambridge University Press.

Rothstein, H.R. & Hopewell, S. 2009. Grey literature. *The handbook of research synthesis and meta-analysis,* 2: 103-125.

Scheepers, M. 2013. *32 Battalion: Onderhoud met Koos Kruger (2013): Operasie Askari.* YouTube: Beskikbaar by: https://youtu.be/pxkuyneWGss?si=RshV6sWpAqzvWGUG [Toegang: 7 November 2023]



© University of Pretoria

Schoeman, R. 2015. *Weermagstories: dienspligtiges verbreek die stilte.* Kaapstad: Lux Verbi.

Scholtz, L. 2008. Keer dat ANC weer die geskiedenis kaap. *Burger*, 2008/01/18. Beskikbaar by: https://discover-sabinet-co-za.uplib.idm.oclc.org/document/6836023 [Toegang: 18 Mei 2020].

Scholtz, L. 2009. ’n Strategiese en operasionele beoordeling van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se oorgrens-operasies in Angola, 1978-1988. *Journal for Contemporary History,* 34(1): 57-80.

Scholtz, L. 2010. The South African strategic and operational objectives in Angola, 1987-88. *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies,* 38(1): 68-98.

Scholtz, L. 2011. The standard of research on the Battle of Cuito Cuanavale, 1987-1988: research review article. *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies,* 39(1): 115-137.

Scholtz, L. 2012. Suid-Afrika se strategiese posisie en die “Slag van Cuito Cuanavale”, 1987-1988. *Journal for Contemporary History,* 37(2): 165-190.

Scholtz, L. 2013. *Die SAW in die Grensoorlog, 1966-1989.* Roggebaai: Tafelberg.

Scholtz, L. 2017. The battle of the Lomba, 3 October 1987: A tactical and operational analysis. *Journal for Contemporary History,* 42(2): 48-73.

Scholtz, L. 2018. Die Slag van die Chambinga, 9 en 11 November 1987: ’n Taktiese en operasionele ontleding. *LitNet Akademies,* 15(3): 351-381.

Scholtz, L. 2020. *Die SAW en Cuito Cuanavale: ‘n Taktiese en strategiese analise.* Johannesburg: Delta Boeke.

Scotland, J. 2012. Exploring the philosophical underpinnings of research: Relating ontology and epistemology to the methodology and methods of the scientific, interpretive, and critical research paradigms. *English Language Teaching,* 5(9): 9-16.



© University of Pretoria

Seery, B. 2008. Truth is always the first casualty. *Saturday Star*, 2008/01/19. Beskikbaar by: https://discover-sabinet-co-za.uplib.idm.oclc.org/document/4374019 [Toegang: 18 Mei 2020].

Sefotho, M.M. & Du Plessis, A.H. 2018. Paradigms, theoretical frameworks and conceptual frameworks in educational research. In: Sefotho, M.M. (ed.). *Philosophy in education and research*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Senekal. B.A. 2014. An ark without a flood: white South Africans' preparations for the end of white-ruled South Africa. *Journal for Contemporary History,* 39(2): 177-195.

Shubin, V. 2008. *The hot 'Cold War': The USSR in Southern Africa.* London: Pluto Press.

Shubin, V. & Shubin, G. 2015. The Soviet Involvement In: Liebenberg, I. (ed.). A Far-Away War: Angola 1975-1989. Stellenbosch, SOUTH AFRICA: African Sun Media.

Shubin, G.V. & Tokarev, A.A. 2011. *Bush War: the road to Cuito Cuanavale: Soviet soldiers' accounts of the Angolan war.* Auckland Park: Jacana Media.

Siebörger, R. 2015. The dilemmas of textbook selection – the Department of Education's 2007 screening of Grade 12 History textbooks – A case study. *Yesterday and Today*, 14: 41-57. Beskikbaar by: http://0-dx.doi.org.innopac.up.ac.za/10.17159/2223-0386/2015/nl4a2 [10 November 2023]

Stadler, K. 2015. *Recce: Kleinspan-operasies agter vyandelike linies.* Kaapstad: Tafelberg.

Steenkamp, W. 1990. *Suid-Afrika se grensoorlog: 1966-1989.* Rivonia: Ashanti.

Stephanie, T. 2013. *What is discourse analysis?* London: Bloomsbury Academic.

Stephenson, C.-A., Mbansini, T., Frank, F., Pillay, R. & Hlongwane, J. 2013. *Nuwe Generasie Geskiedenis leerderboek graad 12.* Durban: Nuwe Generasie uitgewers.

Stolten, H.E. 2007. History in the new South Africa:Aan introduction. In: Stolten, H.E. (ed.). *History making and present-day politics: the meaning of collective memory in South Africa*. Uppsala: Nordiska Afrikainstitutet.



© University of Pretoria

Strauss, P.J. 2022. Apartheid: 'n Verkiesingsvaandel in Suid-Afrika in 1948. DF Malan en die Nasionale Party in histories-etiese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 62(2): 276-290.

Thanh, N.C. & Thanh, T.T.L. 2015. The interconnection between interpretivist paradigm and qualitative methods in education. *American Journal of Educational Science,* 1(2): 24-27.

Tomlinson, B.R. 2003. What was the third world? *Journal of Contemporary History,* 38(2): 307-321.

Trotta, D. 2021. *Emboldened by protests, Cuban opposition websites pique government*. Beskikbaar by: https://www.reuters.com/world/americas/emboldened-by-protests-cuban-opposition-websites-pique-government-2021-07-19/ [Toegang: 19 Julie].

Unterhalter, E. 2007. Truth rather than justice? Historical narratives, gender, and public education in South Africa. In: Stolten, H.E. (ed.). *History making and present- day politics: the meaning of collective memory in South Africa*. Uppsala: Nordiska Afrikainstitutet.

Vacharoglou, E. 2018. The teaching of the First World War through history textbooks for Secondary Education in Greece (1960–2010): Aims and priorities. In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: historical and multinational perspectives*. Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Van der Walt, J.L. 2020. Interpretivism-constructivism as a research method in the Humanities and Social Sciences – More to it than meets the eye. *International Journal of Philosophy and Theology,* 8(1): 59-68.

Van der Walt, S. 2008. DIT GAAN OOR MEER AS NET CUITO CUANAVALE. *BEELD*, 2008/01/16. Beskikbaar by: https://discover-sabinet-co-za.uplib.idm.oclc.org/document/6313101 [Toegang: 18 Mei 2020].



© University of Pretoria

Van der Walt, S. 2021. *Kubane kry R1 Miljard om weermag se toerusting te versien*. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/kubane-kry-r1-miljard-om-weermag-se-toerusting-te-versien-20210521 [Toegang: 12 Julie].

Van der Westhuizen, G. 2023. SA 'besig om guns van VSA te verloor' weens standpunt oor Rusland. Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/sa-besig-om-guns-van-vsa-te-verloor-weens-standpunt-oor-rusland-20230215 [Toegang: 17 Februarie 2023].

Van Dijk, T.A. 2010. *Discourse and context: a socio-cognitive approach.* Cambridge: Cambridge University Press.

Van Dijk, T.A. 2011. *Discourse as structure and process.* Reprinted ed. London: Sage.

Van Heerden, D. 2008. 'Groot propaganda-leuen'. *Rapport,* 2008/01/13. Beskikbaar by: https://discover-sabinet-co-za.uplib.idm.oclc.org/document/4738447 [Toegang: 18 Mei 2020].

Van Niekerk, A. & Olivier, J. 2014. Pragmatiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (eds.). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Van Wiele, J. 2018. The representation of war and peace under the government of King Leopold I (1831–65) in Belgian textbooks for national history for secondary education (1910–60). In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: historical and multinational perspectives.* Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Velthuizen, A. 2009. The significance of the battle for Cuito Cuanavale: Long-term foresight of the current strategic landscape. *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies,* 37(2): 103 - 107.

Venter, A. 2009. Mededingende politieke paradigmas oor die Grensoorlog 1966-1989. *Journal for Contemporary History,* 34(1): 36-56.

Vera, E.R. 2018. The US-Mexican War (1846–48) in School Textbooks: Mexico and the United States in the second half of the nineteenth century. In: Vera, E.R. & Fuchs, E.



© University of Pretoria

(eds.). *Textbooks and war: historical and multinational perspectives*. Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Vera, E.R. & Fuchs, E. 2018. Introduction: Historical and multinational perspectives on textbooks and wars. In: Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). *Textbooks and war: historical and multinational perspectives*. Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Vera, E.R. & Fuchs, E. (eds.). 2018. *Textbooks and war: historical and multinational perspectives*. Cham: Palgrave Macmillan. Beskikbaar by: https://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=5540874 [Toegang: 28 Maart 2022].

Victor, L.T., William, A.L. & John, J.G. 2012. *Historical Dictionary of Namibia.* Lanham: Scarecrow Press.

Visser, W. 2004a. The production of literature on the “Red Peril” and “Total Onslaught” in twentieth-century South Africa. *Historia,* 49(2): 105-128.

Visser, W. 2004b. *Trends in South African historiography and the present state of historical research*. Paper presented at Nordic Africa Institute, Uppsala, Sweden, 23 September 2004 Beskikbaar by: https://www.academia.edu/2874752/trends_in_south_african_Historiography_and_the_present_state_of_Historical_research [Toegang: 19 Oktober 2021].

Visser, W. 2007. Afrikaner anti-communist history production in South African historiography. In: Stolten, H.E. (ed.). *History making and present-day politics: the meaning of collective memory in South Africa*. Uppsala: Nordiska Afrikainstitutet.

Wahyuni, D. 2012. The research design maze: Understanding paradigms, cases, methods and methodologies. *Journal of Applied Management Accounting Research,* 10(1): 69-80.



© University of Pretoria

Watts, C.P. 2021. The Commonwealth and Rhodesia, 1965-1980. *The Round Table,* 110(6): 663-680.

Warwick, R. 2019. The SADF and the militarisation of white South African society. In: Van der Waag, I. & Grundlingh, A. (eds.). *In different times: The war for Southern Africa 1966-1989*. Stellenbosch: African Sun Media.

Yanow, D. 2013. Thinking interpretively: Philosophical presuppositions and the Human Sciences. *Interpretation and Method: Empirical Research Methods and the Interpretive Turn*. Armonk: Taylor & Francis Group.

Zajda, J. & Zajda, R. 2003. The politics of rewriting history: New History Textbooks and Curriculum Materials in Russia. *International Review of Education / Internationale Zeitschrift für Erziehungswissenschaft,* 49(3/4): 363.



© University of Pretoria

# ADDENDUM A – TURNITIN-VERSLAG

2 December 2023

To whom it may concern,

Kindly find the TII Report for Mr. Ivan Meyer, student number u15170625.







With much appreciation.

Yours's sincerely

Johan Wassermann



Dr. Linette van der Merwe

(Co-supervisor)



© University of Pretoria

## ADDENDUM B – LYS VAN VISUELE BRONNE

| **Visuele bronne in die Blou Boek** | |
|---|---|
| Bl. 127 | Bron E: Kaart van Afrika |
| Bl. 127 | Uitbeelding van Antonio Salazar |
| Bl. 128 | Uitbeelding van Agostinho Neto |
| Bl. 128 | Uitbeelding van Holden Roberto |
| Bl. 128 | Uitbeelding van Jonas Savimbi |
| Bl. 129 | Bron G: Spotprent deur Trog “Produk van Portugal” |
| Bl. 130 | Uitbeelding van MPLA-soldate in Luanda (1974) |
| Bl. 130 | Uitbeelding van FNLA en Portugese huursoldate |
| Bl. 131 | Bron H: Kaart wat ligging van Luanda toon |
| Bl. 131 | MPLA en Kubaanse soldate wat opgelei word in die Angolese bos |
| Bl. 132 | Uitbeelding van SAW-soldate in Angola |
| Bl. 135 | Uitbeelding van Russiese offisiere, MPLA en Kubaanse soldate |
| Bl. 136 | Uitbeelding van Henry Kissinger |
| Bl. 136 | Uitbeelding van Ronald Reagan saam met Jonas Savimbi |
| Bl. 137 | Bron P: Plakkaat van Agostinho Neto en Fidel Castro |
| Bl. 137 | Bron Q: Chinese propagandaplakkaat |
| Bl. 139 | Uitbeelding van UNITA-kindersoldate |
| Bl. 140 | Bron U: Onbekende slagoffer van landmyne in Angola (1995) |
| Bl. 140 | Uitbeelding van landmynwaarskuwings in Angola (1997) |
| Bl. 141 | Kaart van Angola wat SAW en Angolese posisies en bewegings toon |
| Bl. 141 | Uitbeelding van Kubaanse gyselaars in UNITA-hoofkwartier |
| Bl. 142 | Bron V: SAW-troepe wat onttrek vanuit Angola |
| Bl. 142 | Bron W: Afgevaardigdes van die VSA, Kuba, Suid-Afrika en die Angolese wat die New York Accords onderteken |

| **Visuele Bronne in die Wit Boek** | |
|---|---|
| Bl. 122 | Kaart wat posisie van Angola aandui |
| Bl. 124 | Uitbeelding van die drie “hoofrebellegroepe” se leiers |
| Bl. 125 | Uitbeelding van Kubaanse troepe in Angola |
| Bl. 126 | Buiteblad van die tydskrif *Time* (Junie 1978) |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Bl. 127 | Bron A: Omslag van ’n dokumentêr oor Kuba se betrokkenheid in Angola wat Fidel Castro en Agostinho Neto uitbeeld |

| **Visuele Bronne in die Grys Boek** | |
|---|---|
| Bl. 102 | Uitbeelding van mense in die Horing van Afrika wat militêre toerusting leer gebruik |
| Bl. 103 | Uitbeelding van kinders in Ethiopië met Sowjet-era T-hemde aan |
| Bl. 104 | Uitbeelding van Chinese onderwysers in Afrika |
| Bl. 105 | Kaart van Angola wat sleutelgebiede en militêre bewegings aandui |
| Bl. 105 | Uitbeelding van kinders wat speel op ’n koloniale era-standbeeld in Angola |
| Bl. 106 | Bron A: Uitbeelding van UNITA-soldate voor ’n UNITA-banier (1975) |
| Bl. 107 | Bron C: Uitbeelding van ’n slagoffer van landmynontploffings in Angola (1989) |
| Bl. 108 | Uitbeelding van kommunistiese simbole in Angola |
| Bl. 112 | Bron H: Uitbeelding van ’n kindersoldaat voor ’n plakkaat van Agostinho Neto (1976) |



© University of Pretoria